# DIE GESINDHEID VAN DIE TSWANA-MATRIKULANT TEENOOR SY TRADISIONELE KULTUUR

deur

Justus Ludolph Immelmann

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

VOLKEKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT vir CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. Dr. H. van der Wateren

Potchefstroom
Junie 1982

Ten geleide:

By die voltooiing van die studie word dit aangevoel dat die volgende persone en instansies my opregte dank verdien:

1. Die Onderwysdepartement van Bophuthatswana vir vriendelike vergunning om die ondersoek in skole wat onder hul beheer is te onderneem. In die besonder kan die skoolhoofde, onderwysers en leerlinge/studente van die volgende skole genoem word:

1.1 Hebron Senior Secondary School and Training College for Teachers - Hebron.

1.2 Lerothodi Senior Secondary School - Bethanie.

1.3 Malatse Motsepe Senior Secondary School - De Wildt.

1.4 Mogale Senior Secondary School - Wolhuterskop.

1.5 Mothotlung Senior Secondary School - Mothotlung.

1.6 Toloane Senior Secondary School - Jericho.

1.7 Tsogo Senior Secondary School - De Wildt.

2. Die verskillende amptenare van die Departement van Buite= landse Sake van die Republiek van Bophuthatswana.

3. Die Departement van Samewerking en Ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika vir die verlening van finansiële hulp ten einde sekere kostes verbonde aan die ondersoek te dek. Die menings en gevolgtrekkings in dié verhandeling moet egter beskou word as geheel en al onafhanklik van dié van die genoemde departement.

4. My studieleier, Professor H. van der Wateren, vir leiding wat ongeag 'n eie druk werksprogram, altyd beskikbaar was. U weldeurdagte menings en vormende gesprekke is 'n toerus=ting wat ek op my lewenspad altyd met vrug sal kan gebruik.

5. My eggenote, Yvonne, vir voorlopige en finale tikwerk asook vir die morele ondersteuning wat ek van haar en ons kinders ontvang het.

6. Professor D.P. Wissing vir taalkundige versorging wat met die uiterste nougesetheid gedoen is.

7. My suster, Marie, wat in haar gestremdheid vir my 'n aan=sporing was. Graag wil ek dan ook dié werk, in alle nederigheid aan 'n Allerhoogste, aan haar opdra.

## INHOUDSOPGAWE


| | pagina |
|---|---|
| INLEIDING | i |
| 1. Voorlopige opmerkings | i |
| 2. Die doel van die studie | i |
| 3. Keuse van die onderwerp | iii |
| 4. Metode van ondersoek | vi |
| 5. Struktuur van die verhandeling | xiii |
| 6. Waardering van die studie, metodes en probleme | xv |
| 7. Dokumentasie | xvi |
| HOOFSTUK 1 | |
| BEGRIPSFORMULERING EN TEORETIESE ORIËNTERING | 1 |
| 1. Kultuur | 1 |
| 1.1 Enkele filosofiese beklemtonings | 1 |
| 1.1.1 Die realiste | 1 |
| 1.1.2 Die idealiste | 2 |
| 1.2 Sekere beklemtonings in die begrip 'kultuur' | 2 |
| 2. Kultuurverandering | 5 |
| 2.1 Interne faktore | 6 |
| 2.1.1 Verandering in bestaanswyse en bevolking | 6 |
| 2.1.2 Modeveranderings | 7 |
| 2.1.3 Die veranderbaarheid van ekonomiese bestaans=bronne | 7 |
| 2.1.4 Kulturele moegheid | 7 |
| 2.1.5 Kulturele agterstand | 8 |
| 2.1.6 Weerstand teen verandering | 9 |
| 2.1.7 Die rol wat onafhanklike uitvinding in die veranderende aard van kultuur speel | 10 |
| 2.1.8 Enkulturasie en tradisie | 13 |
| 2.2 Eksterne faktore en verwante prosesse | 15 |

pagina

2.2.1 Diffusie 16
2.2.2 Akkulturasie 16
2.2.3 Kontak 17
2.2.4 Gesindheid 18
2.2.5 Geleide akkulturasie en gedwonge akkulturasie 19
2.2.6 Funksionele en intensionele gegewens 21
2.2.7 Akkommodasie 23
2.2.8 Assimilasie 24

2.3 Die rol van etnisiteit in kultuurverandering 27
2.4 Die rol van die jeug in die kultuurveranderings= proses 29
2.4.1 Die aandrang vanuit eie kultuur 30
2.4.2 Die aanrakende kultuur 33

3. Terugskouing 43

HOOFSTUK 2

DIE TRADISIONELE KULTUUR 44

1. Sosiale geborgenheid 47
1.1 Die gesin 47
1.2 Die familiegroep (lesika) 49
1.3 Die kgoro 53
1.4 Die stam (morafe of setshaba) 58
1.5 Ouderdomsgroepe (mephatò) 68
1.6 Onderskeiding wat gebaseer is op geslag en ouderdom 69
1.7 Totemgroepe 71

2. Die lewensiklus van die Tswana 73
2.1 Geboorte en kinderleeftyd 73
2.2 Inisiasie 78
2.3 Die huwelik 82

pagina

2.4 Dood en begrafnis 97
2.5 Erf en opvolging 100

3. Godsdiensvorm 105

4. Die ekonomiese geborgenheid 116
4.1 Bedryfslewe 116
4.2 Besit en verdeling van grond 125
4.3 Woningbou en gebruiksvoorwerpe 127
4.4 Die gebruik van alkoholiese dranke 133

5. Samevatting 136

HOOFSTUK 3

VOORSTELLING VAN DIE STUDIEGEBIED MET VERWYSING NA FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE HUIDIGE KULTUURVERANDERENDE SITUASIE 140

* Kaart van studiegebied 141
1. Geografiese voorstelling 142
1.1 Infrastruktuur en algemene opmerkings 142
1.2 Omstandighede ten opsigte van kommunikasie binne studiegebied 143
1.3 Topografiese beskrywing 144

2. Historiese agtergrond ter beligting van die huidige situasie in die studiegebied 145
2.1 Vroeë stambewegings 146
2.2 Die tydperk kort voor die <u>Difaqana</u> 149
2.3 Die <u>Difaqana</u> 151
2.3.1 Mzilikaze 154
2.4 Die koms van die Blankes 162
2.4.1 Vroeë kontak met sekere materiële aspekte van die Blankes se kultuur 163

pagina

2.4.2 Vroeë reisigers 164
2.4.3 Die Voortrekkers 165
2.4.4 Die beskikbare gegewens oor die betrokke stamme na die koms van die Blankes 167

3. Instellings van 'n Westers-kulturele aard wat 'n invloed op die Tswanas uitgeoefen het 171
3.1 Die vestiging van 'n Westerse gesagstruktuur (voogbestuur vir die inheemse bevolking) 171
3.1.1 Die tydperk 1837 - 1877 171
3.1.2 Die tydperk 1877 - 1899 177
3.1.3 Die tydperk 1902 - 1910 181
3.1.4 Die tydperk 1910 - 1948 184
3.1.5 Die tydperk 1948 - 1977 - 1981 191
3.2 Die sendingaksie 202
3.2.1 Die tydperk voor 1857 203
3.2.2 Die tydperk 1857 - 1981 204
3.3 Betrekking by 'n Westerse ekonomiese stelsel 217
3.3.1 Die tydperk 1837 - 1869 217
3.3.2 Die tydperk 1869 - 1954 218
3.3.3 Die tydperk 1954 - 1981 220
3.4 Die onderwys 225
3.4.1 Die tydperk 1866 - 1904 226
3.4.2 Die tydperk 1904 - 1953 229
3.4.3 Die tydperk 1953 - 1977 - 1981 232

4. Samevatting 244

HOOFSTUK 4

DIE GESINDHEID VAN DIE JEUG TEENOOR DIE TRADISIONELE KULTUUR IN DIE GEBIED WAARIN DIE ONDERSOEK GEDOEN IS 245

1. Sosiale geborgenheid 246
1.1 Die gesin 246

| | | pagina |
|---|---|---|
| 1.2 | Die familiegroep (<u>lesika</u>) | 251 |
| 1.3 | Die <u>kgoro</u> | 257 |
| 1.4 | Die stam (<u>morafe</u>) | 262 |
| 1.5 | Ouderdomsgroepe (<u>mephatò</u>) | 274 |
| 1.6 | Onderskeidings wat gebaseer is op geslag en ouderdom | 276 |
| 1.7 | Totemgroepe | 278 |
| 2. | Gebruike wat saamhang met die lewensiklus | 282 |
| 2.1 | Geboorte en kinderleeftyd | 282 |
| 2.2 | Inisiasie | 287 |
| 2.3 | Die huwelik | 292 |
| 2.4 | Dood en begrafnis | 309 |
| 2.5 | Erf en opvolging | 313 |
| 3. | Godsdiensvorm | 318 |
| 3.1 | Voorouerverering | 319 |
| 3.2 | Demigode | 321 |
| 3.3 | Die opperwesebegrip | 321 |
| 3.4 | Totemisme | 322 |
| 3.5 | Magie | 323 |
| 3.5.1 | Die magiër | 323 |
| 3.6 | Godsdienstige seremonies | 325 |
| 4. | Ekonomiese geborgenheid | 328 |
| 4.1 | Die bedryfslewe | 329 |
| 4.2 | Verdeling van grond | 337 |
| 4.3 | Woningbou en gebruiksvoorwerpe | 339 |
| 4.4 | Die gebruik van alkoholiese drank | 346 |
| 4.5 | Algemene opmerkings | 349 |
| 5. | Waarnemings in die algemeen | 350 |
| 6. | Samevattende afleiding met enkele raakpunte ter verheldering uit die Opvoedkunde as wetenskap | 351 |

HOOFSTUK 5


pagina

GEVOLGTREKKING EN WAARDERING VAN ONDERSOEK 358

1. Toepassing van die terminologiese toerusting 358

2. Gevolgtrekking ten opsigte van die invloed van die aanrakende kultuur op die studiegroep 371

2.1 Die gesagstruktuur 371

2.2 Die invloed van die Westerse godsdiensvorm 375

2.3 Die betrekking van die Tswanas by Westerse bestaansbedrywe 376

2.4 Die vestiging van 'n Westerse onderwysstelsel in die gebied 379

3. Samevattende hooftrekke oor die gesindheid van die jeug teenoor die tradisionele kultuur 383

'Abstract' 385

1. Aim 385

2. Method 386

3. Findings 387

3.1 Internal factors 387

3.2 External factors 389

Conclusion 394

Bylaag: Vraelys rakende die kennis van matrikulante en hul gesindheid teenoor die tradisionele kultuur 395

Bronnelys 432

* Kaart 141

INLEIDING

1. Voorlopige opmerkings

Kultuur is ŉ skepping van die mens. Dit maak die mens ŉ fokuspunt in die studie van kultuur. As gevolg van die mens se betrokkenheid by kultuur is kultuur ook onderhewig aan verandering. Die mens is gedurig in ŉ interaksie met sy omgewing betrokke, wat meebring dat aanpassings in die kultuuruitdrukking gemaak moet word. Die jeug vorm in dié opsig ŉ deel van die totaliteit van kultuurdraers van ŉ gegewe kultuur, wat as die op= komende generasie in ŉ besondere posisie geplaas word. Nie alleen moet die kultuur van die eie ouer generasie geëvalueer word nie, maar die kultuur van aanrakende vreemde groepe moet ook geëvalueer word ten opsigte van die waarde daarvan vir ŉ eie geborgenheid in ŉ gegewe milieu. Die gesindheid van die jeug teenoor die eie kultuur sowel as die aanrakende vreemde kultuur (en kultuurdraers) bepaal in groot mate hoe geselekteer sal word. Indien die gesindheid teenoor die eie kultuur ŉ drastiese afwysing daarvan tot gevolg het, is daar min sprake van ŉ voortsetting van die etniese groep (etnos) waarvan dié kultuur ŉ kenmerkende uitdrukking is.

2. Die doel van die studie

Die betrokke studie is ingestel om die gesindheid van die Tswana-matrikulant teenoor sy tradisionele kultuur vas te stel. Ten einde dié doel te bereik is van die volgende benaderings gebruik gemaak:

- ŉ Terminologiese oriëntering

  Die algemene opmerking 'die mens moet gedurig beslis wat hy sal word' (P.U. vir C.H.O., 1975, p.10) is tiperend van die mens as kultuurskeppende wese. Die Tswana-jongeling is ook in die verband ŉ kultuur= skepper. Dit is nodig om vas te stel volgens watter

prosesse en faktore daar geskep word. Gevolglik is daar ꞌn oriëntering nodig oor wat die term 'kultuur' behels. Indien die term ondersoek word, sal dit opval dat kultuur nooit staties is nie, dus is kultuur=verandering ꞌn gevolg van die aanpassing wat die jeug in hul kultuur maak. Die veranderende aard van kultuur is onderhewig aan sekere faktore wat aan dié verande=ring ꞌn eiesoortige aard verleen. Die aard en wese van die herkenbare prosesse in dié faktore verg dus nadere ondersoek, ten einde die gesindheid van die studie=groep (wat onderliggend aan die kultuurverandering is) in perspektief te plaas.

- ꞌn Tipering van wat die kultuur van die Tswanas behels voordat die akkulturasieproses ꞌn aanvang geneem het, is nodig as een van die vertrekpunte om die doel van die studie te bereik. Teen dié agtergrond kan veran=dering geprojekteer word en deur ꞌn vergelyking van die stand van die huidige kultuuruitdrukking met die tradi=sionele kultuur kan daar reeds ver gevorder word in die aanduiding van gesindhede.

- Die Tswanas is betrek by sekere aspekte soos die vesti=ging van ꞌn Westerse* gesagstruktuur in die vorm van voogbestuur, die doelbewuste oordrag van ꞌn Westerse godsdiensvorm, die interaksie op ekonomiese gebied en die aanbieding van onderwys.

  Dit is van belang om dié aspekte in berekening te bring by die vasstelling van die jeug se gesindheid teenoor die tradisionele kultuur. Dié aspekte veronderstel die milieu waarin aanraking tussen die Tswanas en die Blankes plaasgevind het.

* Dié term sal deurgaans gebruik word om die kultuuruitdrukking van kultuurdraers, wat uit Europese etniese groepe afstam of afkomstig is aan te dui.

In samehang met die genoemde benaderingsvlakke is die ondersoek aangepak om die gesindheid van die jeug vas te stel. Na aanleiding van die gesindheid wat die jeug teenoor 'n eie kultuur openbaar, kan aangedui word of daar 'n neiging bestaan wat dui op die aanpassing van die eie kultuur, sodat dit steeds as uitdrukking dien vir 'n gegewe etniese groep.

3. Keuse van die onderwerp

Die vasstelling van die jeug se gesindheid teenoor die tradisionele kultuur kan wel tot die formulering van die volgende moontlikhede of neigings aanleiding gee:

- Indien die gesindheid teenoor die tradisionele kultuur positief is, kan gestel word dat die kultuur van die opkomende generasie moontlik as van Westerse aard aangedui word, maar met sodanige tradisionele kultuurinslag dat dit as 'n uitdrukking dien van 'n duidelik waarneembare etniese eenheid.

- Indien die gesindheid teenoor die tradisionele kultuur negatief is, kan gestel word dat die neiging tot verwestersing van sodanige aard is dat tradisionele kenmerke gaandeweg sal verdwyn, totdat die kultuur wat beoefen word geen aanduiding is van 'n gegewe etniese groep wat teenswoordig nog onderskei kan word nie.

Die Tswanas het voor aanraking met die Blanke die gesagstruktuur van die stam as politieke bedeling geken. Vir 'n aansienlike periode is die Tswanas in samehang met ander Swart groepe aan 'n voogbestuurstelsel onderwerp wat nie veel klem geplaas het op die groepsidentiteit van die Tswanas nie. Ontwikkeling oor die afgelope paar dekades het weer die betrokke partye genoop om aandag te skenk aan die groepe waarmee die enkeling homself in staatkundige verband kan identifiseer. Die Tswana-stammegroep het ver=

volgens politieke onafhanklikheid gekry as 'n groep stamme wat op grond van onteenseglike ooreenkomste in kultuur=uiting die potensiaal het tot volksgroei. Dit beteken nie dat 'n volk op 'n sekere dag tot stand kom nie, want 'n volk is steeds wordend. Dit kan wel gebeur dat daar in die volk sekere neigings in die kulturele verandering bestaan wat uiteindelik tot groter eenheid òf verbreking van die eenheid aanleiding sal gee. Die neiging wat daar by die jeug bestaan om positiewe waarde aan die tradisionele kultuur toe te ken, is dus belangrik. Dit beteken nie 'n halsstarrige vasklou aan uitgediende kultuurkomponente nie, maar eerder 'n neiging om nuwe kultuurkomponente so aan te pas dat dit duidelik spreek van 'n eie identiteit wat in die kultuur van die eie etniese groep na vore kom.

- Afbakening van die onderwerp

  Die onderwerp is afgebaken om te handel oor die gesind=heid van die Tswana-jeug. Dit bring mee dat daar besin moet word oor 'n ingesteldheid teenoor 'n gegewe vorm van kultuur of die waarde wat aan die kultuur toegeken word in die aanpassing by 'n eiesoortige milieu.

- Afbakening van die groep waarop die ondersoek toegespits word

  Die mens is deurgaans betrokke by 'n aanpassingsproses rakende sy kultuur. Dié aanpassing kom nie op 'n gegewe ouderdom of stadium in die lewensiklus tot stilstand nie. Die besluit om op die jeug vir die vasstelling van 'n gesindheid teenoor die tradisionele kultuur te konsen=treer, het nie as oorsprong 'n gedagte dat die jeug die enigste groep in die geledere van 'n etniese groep is wat in 'n proses van aanpassing verkeer nie. Dit is wel die geval dat die jeug 'n generasie van kultuurdraers veronderstel wat in die volgende dekades 'n merkbare invloed op die neiging van kultuurverandering in die kultuur van 'n etniese groep kan uitoefen. In die geval

van die Tswana-jeug verteenwoordig hulle ŉ groep wat in hul wordingsjare die effek van politieke ontvoogding en dus vergestalting van ŉ gesagstruktuur op etniese groeps=vlak ervaar het.

Dit is ook van waarde om dié deel van die jeug uit te sonder wat ŉ leierselement ten opsigte van kultuur=verandering vir die volgende paar dekades verteenwoordig. Daar is uit hoofde van voorgenoemde besluit om die onder=soek te fokus op jong Tswanas wat aan die einde staan van ŉ Westerse gefundeerde skoolloopbaan. In die volgende paar dekades is dit dié deel van die Tswana etniese groep wat in noue aanraking sal kom met kultuurdraers van die aanrakende Westerse kulture. Dit is moontlik dat die jong Tswanas met ŉ skooleindsertifikaat op so ŉ wyse betrek sal word by die staatsadministrasie, professionele dienste en nywerhede van die nuutgestigte staat, dat hulle as die leiers beskou sal word ten opsigte van kultuur=verandering. Indien die jong onderwyser, klerk of mediese dokter in sy kultuuruiting ŉ gegewe positiewe, of negatiewe, ingesteldheid teenoor die tradisionele kultuur toon, kan dit as toonaangewend deur meeste van die etniese groeps=lede aanvaar word.

- Afbakening van die gebied waarin die studie onderneem is (studiegebied). **(Vergelyk Kaart, Afdeling 1, Hoofstuk 3, p.141)**

Die gebied waarop die studie gekonsentreer is, toon die volgende kenmerke:

- Dit vorm deel van die teenswoordige polities-onafhanklike staat Bophuthatswana.

- Stedelike gebiede soos Pretoria en Johannesburg kan binne twee ure per motor of per spoor bereik word.*

* Word slegs op twee ure by benadering gestel.

- Persone binne die studiegebied kan vanuit eie tuiste werksgeleenthede in die grensnywerhede te Brits en Rosslyn benut.

- Die stamhoofnedersettings van drie Tswana-stamme is binne die gebied geleë: die hoofnedersetting van die baKwêna ba Mogôpa te Bethanie, die hoofnedersetting van die baPô ba Mogale naby Reddingshoop (Wolhuterskop) en die hoofnedersetting van die baKgatla ba Mmakau naby De Wildt. Anders gestel: drie stamgebiede word deur die studiegebied geraak.

Die inwoners van die studiegebied is enersyds nie tipeer=baar as 'verstedeliktes' nie en andersyds kan hulle ook nie getipeer word as 'stamgebondes' wat in isolasie* leef van moderne ontwikkelings nie. Die stamgebiede wat hier ter sprake is, verteenwoordig ook die stamgebiede in Bophuthatswana wat die naaste aan stedelike gebiede is.

4. Metode van ondersoek

Die metode van ondersoek het uit die volgende bestaan:

- Die nodige bronne is vergelyk ten einde die agtergrond daar te stel vir die opstel van 'n vraelys. Dié vraelys is ingestel om eerstens die kennis van die respondent rakende die tradisionele kultuur te toets, en om tweedens die ingesteldheid van die respondent teenoor die tradi=sionele kultuur te toets.

- Nadat die vraelys versprei is en die respons daarop verwerk is, is die tradisionele kultuur as onderwerp in die nodige komponente verdeel. Dié komponente is as agtergrond vir intensiewe onderhoudvoering geneem.

Daar is getrag om deur gebruik te maak van beide voorge=noemde metodes die nodige kennis van die huidige kultuur=uitdrukking te versamel. Alhoewel dit nie die primêre doel van die ondersoek is nie, kan veel van die gesindheid

* Word ter verduideliking gebruik, totale isolasie is nie moontlik nie.

jeens die tradisionele kultuur bepaal word deur die huidige kultuuruitdrukking met die tradisionele kultuur te vergelyk.

- Gebiedsbepaling

  Daar is by die Departement van Onderwys van die Repub= liek van Bophuthatswana vasgestel presies hoeveel skole en hoeveel leerlinge daar in die afgebakende studie= gebied voorgekom het. Meer besonderhede aangaande dié skole is die volgende:

  - Aantal skole

    Daar is sewe senior sekondêre skole in die gebied geleë waarin leerlinge tot standerd tien-vlak kan vorder. Vir verwysingsdoeleindes sal na dié leer= linge as matrikulante verwys word.

  - Ligging van skole

    Vier van dié skole is in die hoofnedersettings van stamme geleë. Van die orige drie skole is een in ŉ nedersetting van die baKwêna ba Mogôpa geleë, wat ten opsigte van verspreiding in die studiegebied die mees verafgeleë van nywerheidsentra is. Een van dié drie bestaan uit ŉ senior sekondêre skool wat gekom= bineer is met ŉ opleidingskollege vir onderwysers. Die laaste een van die drie is nie in ŉ stamgebied geleë nie maar wel binne die grondgebied van Bophu= thatswana. Dié drie skole is ingesluit ten einde as kontrolering vir die meer stamgebonde skole te dien.

  - Aantal leerlinge en die persentasie wat as respon= dente betrek is

    Volgens inligting vervat in ŉ skrywe van die Departe= ment van Onderwys van Bophuthatswana (Department of Education, 1981) is daar 565 ingeskrewe matrikulante verbonde aan die betrokke sewe skole. Die aantal

leerlinge wat betrek is ten opsigte van vraelyste, beloop 15,4% van die totaal. Nadat onderhoude gevoer is, het die ondersoek in totaal 21,5% van die matrikulante in die gebied betrek.

- Die opstel van vraelyste

Die kriterium wat by die opstelling van die vraelys ter sake was, is watter tipe inligting verlang word. Dit is aangevoel dat die wyse waarop die vrae gestel word, uiteraard kan lei tot antwoorde wat in een van die volgende kategorieë val:

- ꞌn Blote weerspieëling van die respondent se kennis van die tradisionele kultuur, sonder dat hy of sy enige standpunt daaroor hoef in te neem.

- Die skepping van ꞌn 'klimaat' wat die respondente se kennis van die tradisionele kultuur toets, sonder dat hy of sy enige standpunt daaroor hoef in te neem.

- Die skepping van ꞌn 'klimaat' wat die respondent noop om antwoorde te verskaf wat hy of sy dink die navorser van hom of haar verwag.

- ꞌn Weldeurdagte respons wat in aansluiting by die doel van die studie werklik die houding jeens die eie kultuur weerspieël.

Dit is vanselfsprekend dat laasgenoemde die ideaal sou wees. Dit is moeilik om in die geval response wat in eersgenoemde twee kategorieë val, heeltemal uit te skakel. Ten einde die probleem op te los, is die volgende metodes gevolg:

- Die kennis van die respondent rakende die spesifieke kultuurkomponent is in inleidende vrae getoets. So byvoorbeeld is daar aan die respondent gevra of ŉ stam uit ŉ aantal dikgoro bestaan. Die antwoord hierop behoort vir enige moTswana relatief eenvoudig te wees. Dié vraag is opgevolg met meer ingewikkelde vrae, wat nie slegs kennis toets nie maar uiteindelik afgesluit word met ŉ vraag wat uitsluitlik ingesluit is om gesindheid te toets.

- Daar is gepoog om kontrolevrae in die vraelys in te werk. So word byvoorbeeld aan die begin van die vraelys aan respondente gevra om die naam van die eie kgoro-hoof(kgosana) te verskaf. Indien ŉ respon= dent die naam verskaf maar in die afdeling oor 'kgoro's' (dikgoro) lidmaatskap van ŉ kgoro ontken, kon die rede vir die teenstrydige respons in onder= houde opgevolg word.

- Die taalmedium

Die gebruik van respondente se moedertaal, is as ŉ vereiste geneem by die opstel van ŉ vraelys.

Die vraelys is in Engels opgestel en daarna aan twee onafhanklike instansies vir vertaling voorgelê. Hierna is dié vertalings aan Tswana-sprekendes voorgelê ten einde die mees toepasbare van die twee vertalings te gebruik. Proefpersone het deurgaans aangetoon dat die vertalings min verskil.

- Kontrole oor die beantwoording van die vraelys

Die vraelys is aan ŉ aantal persone voorgelê ten einde enige onduidelikheid uit te skakel. Hulle kommentaar het daarop neergekom dat sekere vrae anders gestel kan word, maar dat dit in geheel duidelik verstaanbaar is.

- Afneem van vraelyste

  Daar is in eie persoon toesig gehou terwyl die respon= dente die vraelyste voltooi het. Dié reëling is deuren= tyd gehandhaaf omdat:

  - dit as belangrik aangevoel is dat absolute neutra= liteit deur die toesighouer gehandhaaf moes word;

  - daar geen kommunikasie tussen respondente moes wees tydens beantwoording van die vraelys nie.

  Sodoende is sover moontlik verseker dat respondente hul eie mening weergee in die beantwoording van die vraelys.

- Vrae wat vir onderhoude gereserveer is

  Sekere komponente van die tradisionele kultuur is gereserveer vir bespreking tydens onderhoude. Dit behels die volgende:

  - Kindergeboorte

    Omdat 35% van die totale aantal respondente vroulik was, is besluit om vrae oor kindergeboorte uit die vraelys te laat, omdat die dieper kennis van vroulike respondente 'n skewe beeld aan die respons (soos uitgedruk in 'n persentasie) kan gee.

  - Dood en begrafnis

    Dié komponent van die tradisionele kultuur is vir onderhoude gereserveer, omdat die menings van ouer persone in die studiegebied verkry moes word om as agtergrond vir bespreking met die respondente te dien.

Geen probleme is in verband met bogenoemde reëlings onder= vind nie.

- Onderhoude

  Die tradisionele kultuur is in komponente verdeel. Die nodige tyd is aan onderhoudvoering oor een komponent bestee alvorens daar na ꞑ volgende kompo= nent beweeg is. Onderhoude het die volgende aard vertoon:

  - ꞑ Tolk is deurentyd gebruik.

  - Alle skole in die studiegebied is by dié afdeling van die ondersoekmetode betrek.

  - Afgesien van matrikulante wat alreeds die vraelys voltooi het, is matrikulante wat nie die vraelys voltooi het nie ook by onderhoudvoering betrek.

  - Onderhoude is op individuele basis sowel as op groepsbasis gevoer.

  - Onderhoude is met persone gevoer wat betrokke is by die opvoedingsproses van die jeug. Dit het skoolhoofde, onderwysers, ouers en ampsdraers van kerke ingesluit.

- Gesprekke

  Groot baat is gevind by gesprekvoering met persone wat ꞑ wye spektrum van instansies verteenwoordig het. Slegs die mees verteenwoordigende kan genoem word:

  - Die bestuurder van die Bantoesake-administrasieraad se kantore te Brits.

  - Die skakelbeampte van die departement wat beheer uitvoer oor Swart onderwys in die Republiek van Suid-Afrika (Departement van Onderwys en Opleiding).

- Die skakelbeampte van die Departement van Buitelandse Sake van die Republiek van Bophuthatswana.

- Verskeie persone op hoër bestuursvlak in die Departement van Onderwys van die Republiek van Bophuthatswana.

- Sendelinge en ampsdraers van verskeie kerkgenootskappe.

Die genoemde persone verteenwoordig kultuurdraers van beide die kulture wat onder bespreking is.

- Kontrole

Die waarde van enige gegewens wat versamel word, is geleë in die juistheid daarvan en die verband wat dit met die doel van die studie hou. Die volgende metodes is gevolg om te verseker dat die gegewens wel aan genoemde eise voldoen:

- Skole is gekies om nie slegs dié in stamhoofnedersettings te verteenwoordig nie. Dit bring mee dat 'n meer gebalanseerde mening van die matrikulante in die studiegebied verkry kon word.

- Kontrolevrae is in die vraelys ingesluit ten einde 'n respons op 'n gegewe vraag te korreleer met die respons op 'n soortgelyke vraag wat in 'n ander afdeling gevra word.

- Vrae wat in 'n onderhoud gevra is, is by alle skole herhaal ten einde 'n gegewe mening te kontroleer.

Kontrolering is deurgevoer om bo alle redelike twyfel 'n neiging rakende die ingesteldheid jeens die onderskeie kultuurkomponente aan te dui.

5. Struktuur van die verhandeling

Die verhandeling is volgens die volgende kriteria in hoofstukke verdeel:

- Dit moet as toeligting dien vir die titel van die ver= handeling.

- Die eerste drie hoofstukke moet as agtergrond dien en is gebaseer op bestaande bronne. Dit beteken dat die laaste twee hoofstukke gegrond is op eie bevindings en gevolgtrekkings.

- Hoofstukke en onderafdelings dien uit hoofde van hul opskrifte as raamwerk vir die hele verhandeling.

Die hoofstukke bestaan kortliks uit die volgende:

Hoofstuk 1:

Begripsformulering en teoretiese oriëntering.

Die begrippe wat verband hou met die aard van die ondersoek soos kultuur, kultuurverandering en akkulturasie, vereis kritiese verkenning ten opsigte van die teoretiese inkle= ding daarvan. Dié oriëntering is noodsaaklik vir die beoordeling van die bevindinge in die studiegebied.

Hoofstuk 2:

Die tradisionele kultuur van die Tswana.

Dié hoofstuk bestaan uit 'n verkenning van die beskikbare bronne oor die tradisionele kultuur. Die gesindheid jeens die tradisionele kultuur kan alleenlik bepaal word as dié kultuur as agtergrond gestel word. Die hoofstuk is in die teenwoordige tyd geskryf, omdat gebruik van die verlede tyd 'n uitgediende konnotasie aan die tradisionele kultuur kan verleen, waarvoor daar geen absolute wetenskaplike bewyse bestaan nie.

Hoofstuk 3:

Voorstelling van die studiegebied en aanduiding van die aard van die Westerse aanraking. Die bevindinge in die gegewe ondersoek kan slegs in perspektief geplaas word as die ligging van die studiegebied en die invloed van die aanrakende kultuur nagegaan word. Vir dié doeleinde is die hoofstuk in onderafdelings verdeel:

- Beskrywing van die studiegebied ten opsigte van geo= grafiese voorkoms, ligging en verbindingsweë met stede= like gebiede.

- Algemene historiese agtergrond waarin die vernaamste gebeure wat 'n invloed op die huidige situasie het, geskets word.

- Die vestiging van 'n Westerse gesagstruktuur deur die draers van dié kultuur en die latere ontvoogding van die Tswanas.

- Die doelbewuste oordrag van die godsdiensvorm van die Westerse kultuur.

- Die betrekking van die Tswanas in die bestaansbedrywe van die Westerse kultuur.

- Die aanbieding van onderwys wat getipeer kan word as 'n kenmerkende kultuurkomponent van die Westerse kulture.

Die invloed van die genoemde aspekte is in 'n historiese verband geskets. 'n Algemene skets van die Westerse kultuur as agtergrond waarteen aanraking getipeer word, sou mank gegaan het aan breë veralgemenings, daarom is die genoemde aspekte uitgesonder in dié studie. Dié hoofstuk is beskry= wend van aard en die gegewens daarin word in perspektief geplaas met die doel van die studie, na oorweging van die bevindinge in Hoofstuk 4.

Hoofstuk 4

Bevindinge rakende die gesindheid van die studiegroep jeens die tradisionele kultuur.

Dié hoofstuk is gebaseer op die resultaat van die ondersoek in die studiegebied. Vir vergelykende doeleindes is dieselfde indeling ten opsigte van onderafdelings as in Hoofstuk Twee, wat handel oor die tradisionele kultuur, gevolg. Die respons op die vraelys is na rekenaarverwerking in die vorm van tabelle in die hoofstuk vervat.

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings en waardering

Die voorgaande hoofstukke is in perspektief geplaas deur elke afdeling saam te vat. Dit is in hierdie betrokke hoofstuk opgevolg deur dié gevolgtrekkings teen die agtergrond van die terminologiese oriëntering en beïnvloeding van die aanrakende kultuur te plaas. Die bevindings word dus in dié hoofstuk vervat om aan te dui wat die gesindheid van die ondersoekgroep jeens die tradisionele kultuur is.

6. Waardering van die studie, metodes en probleme

Die studie is besonder lonend gevind, omdat dit ŉ veld dek wat ŉ wye verskeidenheid faktore behels. Diegene wat betrokke was by die ondersoek het besondere geesdrif openbaar vir die onderwerp en daar is die indruk gekry dat aangeleenthede rakende ŉ eie kultuur die Tswana-jeug na aan die hart lê.

Die ondersoekmetode het geen noemenswaardige probleme opgelewer nie, omdat uitstekende samewerking deur personeel en leerlinge van die betrokke skole verleen is. Daar Engels as medium van onderrig in verskeie vakke by dié skole gebruik word, was kommunikasie nie ŉ probleem nie. Dit is egter vanselfsprekend dat die beheersing van seTswana ŉ voordeel in enige ondersoek wat sprekers van dié taal raak, sal wees.

## 7. Dokumentasie

Die selektering van bronne vir hierdie studie is eiesoortig aan die aard van die gegewens waarmee gewerk word. Tog kan dit gemeld word dat die raadpleging van sekere navorsers wat as 'verouderd' mag beskou word, nie uit verontagsaming is van meer moderne navorsers nie. Dit is wel nodig geag om van die ouer navorsers se werke te raadpleeg waar die tradisionele kultuur ter sprake is (Hoofstuk Twee), ten einde 'n meer historiese perspektief te verkry van sekere gebruike. Dit kan ook genoem word dat die bronne wat ver= samel is ten einde die tradisionele kultuur te beskryf, met uitsondering van die mees belangrike werke, soms slegs 'n enkele stam binne die Tswana etniese groep dek. Daar is egter gepoog om nie gebruike te noem wat slegs vir 'n enkele stam of stamme geld nie, maar om 'n oorkoepelende beeld van 'n kultuur te verskaf wat as eie aan die Tswana etniese groep beskou kan word en onderskeibaar is van die kulture van ander etniese groepe. Waar die gebruik van seTswana-terme nodig geag is, is die spelling soos gebruik in bronne oor die kultuur weergee, met die kontrolering daarvan aan die hand van Brown (1980) se woordeboek.

HOOFSTUK 1

# BEGRIPSFORMULERING EN TEORETIESE ORIËNTERING

Om die inhoud van hierdie studie beter te verstaan is dit nodig om die begrippe wat daarin gebruik word uiteen te sit.

## 1. Kultuur

Aangesien daar in volkekundige literatuur ŉ wye aantal beskouinge is oor kultuur, kan daar slegs die buitelyne van die ontwikkeling van die begrip 'kultuur' aangedui word. Bidney (1953, Hoofstuk 2) onderskei die volgende breë strominge:

### 1.1 Enkele filosofiese beklemtoninge

#### 1.1.1 Die realiste

Die navorsers wat as sodanig deur Bidney geklassifiseer word, beskou kultuur as ŉ aspek van die sosiale werklikheid. Die uitgangspunt is dat kultuur as werklikheid soos dit deur die navorser aangetref word bestudeer moet word en nie as abstrakte entiteit nie. Die klem is op die mens in ŉ sosiale groepsverband en dit skyn of kultuur alleen bestaan as die mens in sy sosiale milieu verkeer. Die definisie van Tylor (1903, p.1) illustreer hierdie benadering die beste:

> "Culture ......... is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom, and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society."

Alhoewel daar by sommige sogenaamde realiste die neiging bestaan om die rol van die individu ook te erken, word die sosiale verband as onontbeerlik genoem. Daar is selfs die meer ekstremistiese navolgers van hierdie

gedagte, soos byvoorbeeld Radcliffe-Brown, wat kultuur as ŉ vae abstraksie beskou en die sosiale in ŉ primêre rol wil plaas ten koste van die begrip 'kultuur'. Die erkenning van die sosiale in die begrip 'kultuur' is nie sonder meer verkeerd nie: die leemte wat aangevoel word, is die beklemtoning van die sosiale werklikheid ten koste van die mens as draer van kultuur.

1.1.2 Die idealiste

Volgens dié navorsers is kultuur eerder te vind in die gedagtes van die mens, dus is dit ŉ aggregaat van ge= dagtes waarvan die werklikheid bloot ŉ uitdrukking is. Die volgende definisie van Osgood (1951, pp. 202 - 214) kan ter illustrasie aangehaal word:

> "Culture consists of all ideas of the manufacture, behaviour, and ideas of the aggregate of human beinge which have been directly observed or commu= nicated to one's mind and of which one is conscious."

Kultuur is dus ŉ abstrakte, konsepsuele begrip wat onderskei word van die konkrete uitdrukking daarvan.

Opsommenderwys kan afgelei word dat dié benaderings bepaal of kultuur in die konkrete uitdrukking van die mens se skeppende werksaamheid bestudeer moet word of as bloudruk van die kultuur soos dit in die psigologiese opset van die mens bestaan.

1.2 Sekere beklemtonings in die begrip 'kultuur'

Dit is moontlik om kultuur as ŉ entiteit <u>sui generis</u> (onafhanklik van ander werklikhede) te bestudeer. Vergelyk Bidney (1953, p.51) se opmerking oor Kroeber:

> "Thus, Kroeber came to regard the abstract mental products of society, which he called culture, or civilization, as a reality _sui generis_, subject to autonomous historical processes of development which were independent of psychological processes and actual social behaviour."

Daarteenoor, is daar sekere navorsers wat kultuur vanuit ŉ psigologiese oogpunt benader. Alhoewel ŉ psigologiese determinisme nie soseer aan die navorsers toegeskryf kan word nie, wil hulle die kultuurproses soos wat dit universeel aangetref word, aan psigologiese determinante toeskryf. Bidney (1953, p.58) merk die volgende oor dié neiging op:

> "Upon closer examination it turns out that these causal, or determining principles of explanation are really psychological, not 'historical' and cultural, although they are expressed in a cultural context."

Daar is ook die gedagterigting waarin kultuur as deel van die sosiale fenomeen verklaar word. Navorsers soos Malinowski en Radcliffe-Brown het onderskeidelik ŉ funksionalisme en ŉ strukturalisme aangehang wat vanuit die sosiale verklaar word. Hierdie gedagtes het eers by Comte en later by Durkheim ontstaan, wat as sosioloë geklassifiseer kan word volgens hul wetenskaplike bydrae. Durkheim (1971, p.422) se uitspraak in dié verband noop Bidney (1953, p.92) om die volgende op te merk:

> "Society is, then, not only a given commu= nity of individuals but also the collec= tive consciousness or representations which they possess. In other words, a society comprises the individuals, as well as their culture."

Die belangrikste vir die begrip 'kultuur' wat in hierdie benaderings geleë is, is die verskillende fasette van kultuur wat daardeur aan die lig gebring word:

- Kultuur kan waargeneem word as manifestasie van die mens - kultuur is ŉ menslike fenomeen en die uitdruk= king van die mens se denke. (Van der Wateren, 1974, p.84). Dit is juis nie volmaak of ŉ getroue uitdruk= king van die mens se ideaalbeeld van sy kultuur nie, omdat die mens in sy gebrokenheid daarby betrokke is.

- As kultuur ŉ blote manifestasie van die geestelike aktiwiteit van die mens is, is dit van betekenis om te aanvaar dat die oordrag van die kultuur hoofsaaklik uit ŉ ideëoordrag bestaan. So is dit nie byvoorbeeld ŉ kruik wat as kultuurkomponent van een generasie na ŉ ander oorgedra word of van een kultuur na ŉ ander nie, maar die gedagte wat as 'bloudruk' vir die ver= vaardiging dien.

- ŉ Beklemtoning van slegs een van die aspekte van kul= tuur (die historiese, sosiale of psigologiese werklik= hede) lei tot ŉ wanopvatting van die begrip 'kultuur'. Die waarde van genoemde lewenswerklikehde kan nie sonder meer oorboord gegooi word in ŉ studie van kul= tuur nie en bied voorwaar waardevolle gegewens. Daar is vir die beklemtoning van een aspek ten koste van ŉ ander geen regverdiging nie.

Vir verdere begripsontleding moet dus in gedagte gehou word dat:

- kultuur 'n menslike attribuut is;
- kultuur in komponente verdeel kan word, alhoewel die ineengevlegtheid daarvan nie uit die oog verloor moet word nie;
- die sosiale, psigologiese, historiese en geografiese werklikhede nie op die agtergrond geskuif kan word nie;
- kultuur as 'n verskeidenheid van lewensgestaltes van etnieë bestaan;
- kultuur oordraagbaar in tyd en ruimte is, wat voor=lopig onderskeidelik met die terme 'enkulturasie' en 'diffusie' aangedui kan word;
- kultuur dinamies is as gevolg van die menslike betrok=kenheid daarby.

2. Kultuurverandering

Die dinamiese aard van kultuur word raak getipeer deur die volgende:

> "In the widest sense of the term, culture change is a permanent factor of human civilization; it goes on everywhere and at all times. It may be induced by factors and forces spontaneously arising within the community, or it may take place through the contact of different cultures." (Malinowski, 1945, p.1)

en:

> "We cannot too often emphasize the fact that no living culture is static."
> (Herskovitz, 1955, p.433)

Dié stellings skyn onaanvegbaar te wees in die lig van wat in die praktyk waargeneem kan word. As daar geen twyfel meer bestaan oor die veranderende aard van kultuur nie, is dit van pas om die faktore en prosesse wat verant= woordelik is vir verandering te ontleed. Die faktore word in twee hoofvorme aangetref:

- Interne faktore, wat binne die grense van 'n bepaalde kultuur aanleiding gee tot verandering.

- Eksterne faktore, wat as 't ware van buite die grense van die eie kultuur inwerk om verandering teweeg te bring.

2.1 Interne faktore

Die vraag ontstaan of kultuur altyd 'n veranderende aard vertoon, selfs al sou die kultuurdraers in totale isola= sie leef. Dit is 'n relatiewe, hipotetiese vraag en nie maklik beantwoordbaar nie, omdat die verkryging van empi= riese data oor 'n totaal geïsoleerde etniese groep bykans onmoontlik is. Tog is sekere faktore onderskeibaar as van 'n meer interne aard:

2.1.1 Verandering in bestaanswyse en bevolking

Dit is bekend dat 'n kombinasie van natuurlike faktore aanleiding kan gee tot die vermindering of vermeerdering van die voedselbronne van 'n gemeenskap. So kan 'n natuur= ramp aanleiding gee tot 'n drastiese vermindering van die voedselvoorraad of selfs van die bevolkingsgetalle. Daarteenoor kan 'n gunstige kombinasie aanleiding gee tot 'n tydperk van voorspoed en bevolkingsaanwas.

Die invloed van geomorfologiese veranderinge op 'n spesifieke kultuur is sekerlik van meer komplekse aard as wat hier uiteengesit kan word. Dit is voldoende om hier aan te stip dat die mens aangewese is op 'n kombinasie van natuurlike faktore vir voedselproduksie en -verkryging, dus kan veranderinge soos byvoorbeeld 'n langdurige droogte 'n invloed op 'n wye front van 'n gegewe kultuur uitoefen.

### 2.1.2 Modeveranderings

Volgens die uiteensetting van Kroeber (1948, p.390) is modeverandering 'n variasie wat 'n kultuurkenmerk toon in 'n tydsverband. Vervolgens is die verandering in nuanse wat argitektuur, kleredrag en ander komponente van tyd tot tyd ondergaan, nie 'n kultuurverandering in sigself nie. Dit kan aanleiding gee tot kultuurverandering, mits dit ook lei tot 'n fundamentele verandering, wat die basiese kenmerke van 'n kultuurkomponent raak.

### 2.1.3 Die veranderbaarheid van ekonomiese bestaansbronne

Dat die redes waarvoor byvoorbeeld diere aangehou word, aan verandering onderhewig is, is nie te betwyfel nie. Die feit dat diere vermeerder, veroorsaak dat 'n fundamentele verandering in die sosiale status van die eienaar kan volg. Die moontlikheid ontstaan dat hierdie diere nou ook vir ander doeleindes aangewend kan word buiten die primêre rol wat dit mag vervul as 'n bron van voedsel.

### 2.1.4 Kulturele moegheid

Dié term, wat 'n skepping van Kroeber (1948, p.403) is veronderstel 'n toestand waarvolgens die dinamiese karakter van 'n kultuur verlore kan gaan. Die draers van die betrokke kultuur neem 'n afwysende houding in teenoor komponente van die kultuur en soms teenoor die kultuur

as geheel. Hulle aanvaar vervolgens in die plek daarvan dit wat hulle as 'beter' beskou. (Van der Wateren, 1974, p.52). Dit wil voorkom of kontak met ander kulture hier ŉ invloed het. Tog is daar gevalle waar gemeenskappe ŉ komponent van hul eie kultuur verwerp het, asof dit geen inhoudelike waarde het nie. As voorbeeld hiervan word dikwels die inboorlinge van Hawaii genoem, wat alreeds voor die koms van Blanke sendelinge hul gods=diensvorm verwerp het en ŉ anders geformuleerde tipe in die plek daarvan aangeneem het.

2.1.5 Kulturele agterstand

Dit gebeur dat een kultuurkomponent verander, terwyl die status quo (onveranderde posisie) in ander nog gehandhaaf word.

Ogburn (1964, p.86) stel dit per definisie soos volg:

> "A cultural lag occurs when one of two parts of culture which are correlated changes before or in greater degree than the other part does, thereby causing less adjustment between the two parts than existed previously."

As voorbeeld word genoem die verskynsel dat die ontwerp van motors só ontwikkel het dat dit as 't ware nie doel=treffend kan funksioneer op die paaie wat vir motors van dertig jaar gelede ontwerp is nie.

Van der Wateren (1974, pp.52 - 53) noem dit dat kultu=rele agterstand sowel as kulturele vermoeidheid kan lei tot ŉ gewelddadige uitbarsting om die balans te herstel. Dit is belangrik dat beide die verskynsels in verband gesien moet word met die gesindheid van die kultuur=draers.

2.1.6 Weerstand teen verandering

Dit word soms aanvaar dat die kultuurdraers van 'n gegewe kultuur, wat weerstand bied teen verandering, beskou moet word as mense wat as 'n remskoen vir vooruitgang dien. Die lede van 'n gemeenskap wat een of ander her=vorming of verandering wil teweegbring, is dus geneig om na die behoudende elemente te verwys as stagnant in hul lewens- en wêreldbeskouing.

Dit skyn nie soseer die geval te wees as die neiging tot konserwatisme en stabiliteit in enige kultuur as deel van die dinamiese proses beskou word nie. Vergelyk Herskovitz (1955, pp.449 - 450) in dié verband:

> "If we accept change as ever present, then conservatism can be thought of as 'resistance to change'. But unless an anthropologist happened to be on the spot when something new was presented .. and he was thus in a position to observe how first one, then another, and another individual would have none of it ...... How otherwise could he witness the force of conservatism at work ..."

en verder:

> "....... let us merely emphasize again that the study of resistance to change, that is, of cultural stability or cultural conservatism, is but a phase of the study of cultural change itself."

Die kenmerk van weerstand is dat dit ꞌn stabiliserende uitwerking het op die wyse waarop nuwighede aanvaar word en die oue verwerp word. Bidney (1953, p.350) stel hierdie gedagte soos volg:

> "The issue between conservatives and radicals is, in many instances, whether the status quo is to be retained or whether the time has come for some basic change, the conservatives deman= ding absolute proof that change is necessary ....."

Dit is ꞌn geval van ingesteldheid teenoor die blote verandering van kultuurkomponente sonder dat ꞌn kritiese evaluering gemaak is, en nie soseer ꞌn halsstarrige vas= klou aan die huidige opset nie.

2.1.7 Die rol wat onafhanklike uitvinding in die veranderende aard van kultuur speel

As die teorieë rakende die aard van kultuur in ꞌn his= toriese verband nagegaan word, skyn dit of die rol van die uitvinder van kultuurkomponente soms ꞌn integrale deel van spesifieke denkrigtings gevorm het:

- Navorsers soos Spencer, Morgan en Tylor beskou kul= tuur as gebonde aan ꞌn evolusieproses. Om die ruim= telike verspreiding van kultuurkomponente te verdui= delik word daar gewys op die psigiese eendersheid van die mens. Mense wat geen kontak met mekaar het nie sal dus tot dieselfde gevolgtrekking kom mits die omstandighede dieselfde is. Hoewel hierdie gedagte van 'parallellisme' nie altyd streng nagevolg is nie, is dit soms gebruik om aan te toon dat die mens in ruimtelike verspreiding dieselfde kultuur= komponente kan uitvind of tot dieselfde slotsom kan geraak.

- Hierteenoor stel die aanhangers van die histories-diffusionistiese skool dat die mens nie geneig is tot onafhanklike uitvinding nie. In 'n opmerking van Lowie (1937, p.178) oor die Engelse en Duitse skole, kom hierdie gedagte na vore:

  > "With the British school, but to a much lesser degree with more mode=rate diffisionists, the Germans share a belief in the uninventive=ness of man."

  Sonder om in detail in te gaan op die teorieë van die genoemde skole, kan kortliks gestel word dat die Engelse diffusioniste die ontstaan van 'n kultuur=komponent aan 'n enkele lokaliteit toeskryf, waarvan=daan dit oor die wêreld versprei het. Hierteenoor onderskei die Duitse diffusioniste 'n aantal kultuur=areas waarvandaan komponente in 'n wyerwordende kring versprei het. Die uitvinding of ontstaan van 'n kultuurkomponent is vir dié navorsers onderworpe aan gegewe omstandighede en daar word nie veel waarde geheg aan die moontlikheid dat dieselfde gedagte in 'n ander wêrelddeel kan ontstaan nie.

- Die aanhangers van die funksionalisme* heg nie veel waarde aan die evolusie- òf die diffusiegedagte as sentrale denkrigting nie. Kultuurkomponente moet dus gesien word in die lig van die funksie wat dit verrig om 'n spesifieke behoefte te bevredig. Tweedens bepleit hulle die bestudering van kultuurkomponente

* Malinowski is van die mees verteenwoordigende eksponente van dié denkrigting.

teen die agtergrond van die res van die gegewe kul=tuur waaraan só 'n komponent behoort. Gevolglik moet die kultuur van 'n etniese groep as 'n integrale geheel bestudeer word. (Lowie, 1937, p.144)

Die afleiding kan gemaak word dat onafhanklike uit=vinding nie as van ondergeskikte betekenis in dié benadering beskou word nie. Vir dié navorsers gaan dit om die funksionele rol wat 'n komponent in die struktuur van die hele kultuur speel. Veel klem op die oorspronklikheid of onoorspronklikheid van die kultuurdraers is nie in hul werke te bespeur nie. Tog impliseer die aanpassings wat die mens in sy kultuur moet maak ten einde die optimum funksiona=liteit te verseker, 'n vermoë tot oorspronklikheid. In latere literatuur raak Bidney* aan hierdie gedagte:

> "Man as compared with other animals compensates for his biological defi=ciencies by his inventive ability ..."

Opsommenderwys kan twee hoofgedagtes uit voorgemelde denkrigtings onderskei word:

- Eerstens is daar diegene wat veronderstel dat enige kultuur kan verander totdat dit dieselfde kenmerke as 'n sogenaamde 'hoër' kultuur toon, omdat die lede van dié kultuur oor dieselfde psigiese vermoëns beskik as die kultuurdraers van die 'hoër' kultuur. Daar=benewens ontken hulle nie die rol van wedersydse kultuurbeïnvloeding in die werklike verandering van kultuur nie maar ken eerder 'n minderwaardige plek daaraan toe.

* Vergelyk genoemde skrywer se kritiek teen Malinowski (1945, pp.44 - 51) se gedagte van 'n bio-psigologiese oorsprong van kultuur. (1953, pp.226 - 227).

- Tweedens is daar diegene wat wedersydse kultuur=beïnvloeding sien as die grootste enkele faktor in die ontwikkeling (verandering tot 'n 'hoër' peil) van kultuur.

Dit is meer aanneemlik dat die verandering of ontwikke=ling van kultuur baie stadig sal geskied as daar alleen staatgemaak moet word op onafhanklike uitvinding. Dit blyk eerder dat die verspreiding van 'n komponent in ruimtelike verband die werklike momentum aan kultuur=verandering gee.* Die rol van onafhanklike uitvinding as interne faktor mag nie onderskat word nie, tog is die invloede wat van buite ervaar word van meer beteke=nis vir die tempo van verandering.

2.1.8 Enkulturasie en tradisie (Vergelyk Van der Wateren, 1979, p.116)

Die begrip enkulturasie word gebruik om die oordrag van kultuur van een generasie na 'n ander aan te dui. Uit hoofde van die feit dat kultuur nooit stagnant is nie, volg dit vanselfsprekend dat die kultuur wat deur gene=rasie A na generasie B oorgedra word, deur laasgenoemde in 'n veranderde vorm na generasie C oorgedra sal word.

* - "A question that has received much attention in anthro=pological theory is that of independent invention versus diffusion. In essence, the matter turns on the inven=tiveness of man; whether, when in distant parts of the world we find similar tools or institutions or concepts, we must assume these to have been invented only once and diffused to the regions where they are to be observed, or whether we may deduce that they had originated inde=pendently in these regions.

As far as most cultures are concerned, there can be little doubt that the elements that have been borrowed predominate, over those that have originated within." (Herskovitz, 1955, p.458).

- "It is and has always been much easier to borrow an idea from one's neighbours than to originate a new idea - (Hatt., 1916, p.246).

Daar word dikwels gepraat van die tradisies van ŉ etniese groep wat aan die jonger generasie geleer moet word. Die gebruik van die woord 'tradisie' het in leketaal die konnotasie gekry van kultuur wat in ŉ stagnante vorm oorgedra word. Dit is soos reeds genoem, nooit die geval nie. Om daarteenoor te beweer dat die kultuur in een generasie onherkenbaar verander, is eweneens vér van die waarheid verwyderd.

Verskeie metodes word vervolgens deur die ouer generasie toegepas om die kultuur wat hulle as suksesvol vir ŉ daaglikse bestaan beskou aan die jeug oor te dra. Slegs die vernaamste metodes word genoem:

- Formele of georganiseerde kultuuroordrag

  Hieronder word verskillende aktiwiteite as deel van ŉ opvoedingsaksie aangepak. Inisiasieplegtighede (of te wete 'stamskole' by primitiewe etnieë) en die skoolloopbaan van die moderne Westerling, is sodanige formele instellings vir die oordrag van die kumulatiewe kennis van vorige generasies.

- Informele kultuuroordrag

  Sekere gedragskodes word deur lede van die ouer generasie nagevolg wanneer daar in noue kontak met die jeug verkeer word. Dié gedrag word as ŉ 'goeie voorbeeld' deur die ouer generasie getipeer en behels in der waarheid die mees aanvaarbare norme vir daardie gemeenskap. Algemene 'lewenswyshede' kom na vore in gesprekke waar die jonger mense ook teenwoordig is. Die geykte uitdrukking 'my pa (of ma) het altyd so en so gesê' word byvoorbeeld onbewustelik gebruik. Die riglyne wat deur dié uitdrukkings aangedui word, is in noue ooreenstemming met die algemene gebruike van die etniese groep waartoe die spreker behoort.

Sake van die dag word in die teenwoordigheid van kinders bespreek. Afhangende van die ouderdomme van die aanwesiges kan die onderwerp wissel van die heersende politieke bedeling tot die huwelikseprobleme van ŉ kennis. Die uitslag van die 'debat' tussen die ouer mense vorm deel van die toerusting waarmee die jongeling later sy of haar probleme sal aanpak.

Enkulturasie vorm ŉ aspek van kultuuroordrag wat on= ontbeerlik is vir die ontwikkeling en voortbestaan van ŉ kultuur. Dit is onmoontlik om kultuurverande= ring te bestudeer indien enkulturasie nie in perspek= tief geplaas word nie. Die ontvangers van kultuur= komponente, wat in dié geval ŉ opvolgende generasie is, staan krities-evaluerend teenoor die kultuur wat aan hulle oorgedra word. Verandering volg hieruit, want die eise wat aan die 'nuwe' generasie gestel word, noop hulle tot die genoemde evaluering en gevolglike aanpassing.

## 2.2 Eksterne faktore en verwante prosesse

Die gedagte van eksterne faktore wat die verandering van kultuur beïnvloed, het voortgevloei uit die waarnemings wat deur vroeëre navorsers gemaak is in die rekonstruksie van die kultuurgeskiedenis van die wêreld. Die navolgers van die sogenaamde diffusionistiese denkrigting staan veral in dié verband, omdat hulle merendeels gekonsentreer het op 'kultuuroordrag' as onderdeel van kultuurverandering. Herskovitz (1955, pp. 461 - 476) noem die rol wat verskil= lende diffusioniste soos Elliot Smith, Graebner en Boas* gespeel het om latere navorsers bewus te maak van dié verskynsel.

* Daar is belangrike verskille tussen die Engelse, Duitse en sogenaamde Amerikaanse diffusionistiese skole, wat nie hier behandel sal word nie. Vergelyk Lowie (1937, pp.128 - 195).

Aanvanklik bestaan daar vaagheid oor die terme wat vir verskillende fases en vorme van kultuuroordrag gebruik word. Namate meer navorsing in dié rigting gedoen is, het meer duidelikheid oor hierdie terme gevolg. Desnie= teenstaande is dit steeds krities te benader.

2.2.1 Diffusie (Vergelyk Herskovitz 1955, p.472)

Die term 'diffusie' verwys na die proses waardeur ele= mente in een stof of materiaal oor 'n grens na 'n ander materiaal beweeg, totdat die twee gelyksoortig is. Dit is opmerklik dat die term in die Volkekunde vir 'n kultuurfenomeen gebruik word wat slegs 'n gedeeltelike ooreenkoms met dié uiteensetting toon. Oor die jare heen het navorsers die term 'diffusie' gebruik vir 'n proses wat aantoon dat 'n kultuurkomponent vanuit 'n ge= gewe kultuur na 'n ander oorgedra is.

2.2.2 Akkulturasie

Akkulturasie word onderskei op grond van die aanwesig= heid van twee of meer kulture wat vanweë die besondere aard van die kontak tussen die draers van dié kulture 'n gevolglike groter eendersheid toon. By wyse van aan= sluiting by dié inleidende verduideliking, wat grootliks gebaseer is op die formulering van Kroeber (1948, p.425), kan die volgende uiteensetting van Herskovitz (1958, p.10) aangehaal word:

> "Acculturation comprehends those phenomena which result when groups of individuals having different cultures come into con= tinuous first-hand contact, with subse= quent changes in the original cultural patterns of either or both groups."

Die algemene riglyne wat deur genoemde navorsers neer= gelê word, is ook in die huidige studie ter sake. Dit raak veral die gesindhede van die kultuurdraers wat ont= staan deur kontak.

### 2.2.3 Kontak

Ten einde enige vorm van kultuur te versprei is kontak tussen die draers van verskillende kulture noodsaaklik. Die aard van die kontak het ŉ uitwerking op die tipe akkulturatiewe situasie wat daaruit sal vloei.

Daar word dikwels ŉ onderskeid tussen eenmalige of geïso= leerde kontak en intieme of langdurige kontak gemaak:

> "Types of contact between peoples dif= fer in many respects. They can occur between entire populations, or substan= tial segments of these populations, or they may arise from contact between smaller groupings or even individuals." (Herskovitz, 1955, p.476).

Dit blyk dat eenmalige kontak, wat byvoorbeeld kan be= staan uit die aanraking tussen handelaars, reisigers en sendelinge aan die een kant, en vreemde kultuurdraers aan die ander kant, meer intieme langdurige kontak voor= afgaan. Dit moet daarenteen nie aangeneem word dat alle kontak lei tot ŉ situasie waar die draers van die twee of meer kulture in ŉ gemeenskaplike geografiese gebied beland waar hulle kulture ŉ wedersydse beïnvloeding ondergaan nie. (Van der Wateren, 1974, p.50)*

* Die oordrag van kultuurelemente as gevolg van sporadiese kontak word meerendeels ingedeel onder die term 'diffusie'.

Die aanvanklike kontak beïnvloed soms die daaropvolgende ingesteldheid van die kultuurdraers teenoor die vreemde kultuur. Ten einde in 'n situasie te verkeer waar van aanhoudendende kontak gepraat kan word, is die migrasie van kultuurdraers nodig tot naby of in die geografiese gebied waarin die kultuurdraers van 'n ander kultuur hul bevind.

2.2.4 Gesindheid

In die bespreking rakende akkulturasie is alreeds van gesindheid melding gemaak. Tog is dit van waarde om die rol van die etno-psigologiese onderbou van die kultuurdraers in 'n akkulturasiesituasie van naderby te beskou:

Dié stelling van Coertze (1968, p.6)* bied insiggewende riglyne:

> "In die kultuurpatroon van 'n volk lê opgesluit, 'n sisteem van waardes wat tot al drie die hoofwaardekategorieë behoort: die logiese, die etniese en die estetiese. Hiervolgens word die persoonlikheidsstrukture van die lede van so 'n volk deur enkulturasie gevorm en dit bied aan hulle die nodige innerlike geestelike rigsnoere vir hulle denke en gedrag."

Die draers van 'n gegewe kultuur is dus gewoonlik inge= stel op die nalewing van 'n kultuurpatroon wat verankerd is in 'n waardesisteem. Dié waardesisteem is in 'n noue verband te lees met die klem wat geplaas word op dit wat as belangrik vir 'n menswaardige bestaan beskou word.

* Vergelyk ook Bidney (1953, p.346).

Die nalewing van ŉ waardesisteem is geensins ŉ negatiewe manifestasie van die etnosfenomeen nie. Dit dui egter op die psigologiese kentering wat oorname van vreemde kultuurkomponente vir die draer of draers van ŉ kultuur inhou.

Dit is nodig om daarop te wys dat kultuurkomponente ŉ wye spektrum dek en die rol wat funksieverandering of aanpassing by die eie waardesisteem by oorname speel. Die draer van ŉ kultuur, wat moontlik as 'primitief' getipeer kan word en wat byvoorbeeld in die woude van Suid-Amerika woonagtig is, kan ŉ materiële kultuurvoor=werp soos ŉ vuurwapen aanvaar, sonder om op daardie stadium ŉ groot aanpassing in sy kulturele waardesisteem te maak. Tog moet gewys word op die uitkringende effek wat so ŉ oorname op die res van sy kultuur kan hê. Teen=oor dié voorbeeld kan veronderstel word dat aanname van die Christelike leerstelling ŉ baie groter aanpassing van die kulturele waardesisteem sal verg.

Gesindhede word dus bepaal deur die aard van die kontak=situasie. Die gesindheid sal bepaal wat oorgeneem word, teen watter tempo en hoe dit aangepas word.

### 2.2.5 Geleide akkulturasie en gedwonge akkulturasie (Vergelyk Van der Wateren, 1979, pp.133 - 134)

In ŉ situasie waar een kultuur as dominerend teenoor ŉ ander beskou word, is daar die moontlikheid dat bewuste pogings aangewend word om die gedomineerde kultuur in ŉ bepaalde rigting te lei. Die motiewe vir die stuur van die kultuurverandering van ŉ aanrakende kultuur is gewoonlik subjektief en hang saam met die waardesisteem van die draers van die dominerende kultuur.

Daar moet onderskei word tussen kulturele dominasie en politieke oorheersing. Dit gaan gewoonlik hand aan hand; tog is daar voorbeelde van draers van 'n sogenaamde dominerende kultuur wat in praktyk deur die draers van die gedomineerde kultuur oorheers word. As voorbeeld kan gedink word aan die Romeinse kultuur wat die botoon gevoer het na die inval van die Germane. In die huidige Zimbabwe is dieselfde situasie waarneembaar.

Die gebruik om die kultuur van 'n groep kultuurdraers in 'n gegewe rigting te stuur, moet nie verwar word met gedwonge akkulturasie wat 'n contradictio in terminis (weerspreking in terme) is nie. Akkulturasie is afhank=lik van die gesindheid van die kultuurdraers wat by die situasie betrokke is. Sou mense dus gedwing word om 'n gegewe kultuurkomponent te aanvaar, is dit uit die aard van noodsaak om dwang uit te voer logies dat 'n negatiewe gesindheid of moontlike weerstand sal ontstaan. Sodra die dwang opgehef word, sal die kultuurdraers die gegewe komponent verwerp, tensy die gesindheid jeens die waarde van die komponent intussen verander het. In die prak=tyk gebeur dit dikwels dat op 'n subtiele wyse dwang uitgevoer word. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat 'n per=soon wat nog nooit Westerse kleredrag gedra het nie, subtiel gedwing word om sodanige drag te aanvaar ten einde in aanmerking te kom vir 'n betrekking in 'n fabriek. Die persoon neem die aangebode komponent geredelik oor, uit hoofde van die feit dat dit vir hom of haar van nut skyn te wees ten einde die eie ekonomiese vermoë te verhoog.

### 2.2.6 Funksionele en intensionele gegewens

Daar moet onderskeid gemaak word ten opsigte van die houding van die kultuurdraers as gevolg van spesifieke komponente wat oorgeneem word. Thurnwald (1932, p.557) raak die probleem aan as hy opmerk:

> "the acceptance of a new article implies a change in the attitudes, social beha= viour, or even in the institutions of the receiving people. Such an altera= tion may be either slight or of great import ......"

Dit blyk verband te hou met die onderskeid wat Mühl= mann (1938) maak ten opsigte van funksionele en inten= sionele gegewens: Die kultuurdraers van ŉ gegewe kul= tuur heg ŉ sekere waarde aan ŉ kultuurkomponent wat saamhang met die gegewe eie kulturele waardesisteem. Dit word die intensionele kriterium genoem, oftewel die wyse waarop ŉ kultuurdraer die komponente van sy eie kultuur beskou. Daarenteen word die funksie van ŉ kultuurkomponent bepaal deur die doel wat dit binne die groter geheel dien. Dié funksionele waarde toon ŉ verband met die behoefte wat die draers van ŉ kultuur ondervind om ŉ sekere kultuurkomponent in die uiting van hul kulturele akitwiteite te herhaal. Dit volg uit voorgenoemde dat die draers van ŉ kultuur by aan= raking geneig is om die funksionele waarde van ŉ kom= ponent in die aanrakende kultuur te beséf, terwyl die intensionele waarde daarvan vir die draer van die bronkultuur nie begryp word nie. Dat dit verband hou met die onderskeie waardesisteme van die onderskeie kulture is nie te betwyfel nie. Dit gebeur dat ŉ kom= ponent ter wille van die funksionele waarde daarvan

oorgeneem word. Gevolglike aanpassing in die ontvang=ende kultuur is dan nodig om dié komponente in die eie waardesisteem en struktureel in die eie kultuur aan te pas:

> "The introduction of European money in Africa, for instance, has provoked an inquisitive bend and a desire for mone=tary gain. This may lead to competi=tion on the one hand, and on the other to a change in the structure of the family in that it shifts the basis for marriage from the concern of two clans or families to the affair of the two contracting persons." (Thurnwald, 1932, p.557).

Die wyer uitkringende invloed wat ŉ aangenome komponent veroorsaak, kan weer aanleiding gee tot ŉ veranderde gesindheid wat verdere oorname kan aanmoedig of ont=moedig.

Dit is bekend dat ŉ kultuurkomponent na oorname ŉ funksieverandering kan ondergaan, om daaraan ŉ inten=sionele waarde binne die eie kultuur toe te ken. So byvoorbeeld word tandeborsels deur inboorlinge in die Suidsee-eilande gebruik as versiersels. ŉ Kultuur=komponent kan ook ŉ vormverandering na oorname onder=gaan wat die funksie daarvan binne die ontvangende kultuur kan bepaal. Die verskynsel hang ook saam met die assosiasie wat deur die ontvangende kultuurdraers aan die bronkultuurdraers gekoppel word. As daar anta=gonisme bestaan, gebeur dit dat instellings van die 'ander' kultuur soms geassosieer word met die draers van die kultuur en as dit oorgeneem word, word dit ver=ander om dit ŉ skyn van die eie waardesisteem te gee.

### 2.2.7 Akkommodasie

Dié term word in sy verskillende betekenisverbande meer volledig omskryf deur Van der Wateren (1979, p.122). Sosioloë soos Park (1950, p.161) en Shibutani en Kwan (1965, pp.119 - 120) het die term aangepas om die volgende te beteken:

ŉ Modus vivendi ( ŉ Onderlinge reëling tussen mense) waarvolgens die optrede van die lede van verskillende groepe teenoor mekaar volgens vaste riglyne bepaal word. Die dominante groep bepaal gewoonlik die rig= lyne.

Dié modus vivendi ontstaan na aanleiding van kompetisie en konflik, wat volg op aanvanklike kontak.

Kortliks veronderstel dit in dié geval ŉ binnedringing van die gebied van een groep deur ŉ ander groep. Uit hoofde van die feit dat die natuurlike hulpbronne van ŉ gebied deur nie-menslike faktore bepaal word, volg kompetisie tussen die lede van die verskillende groepe ten einde toegang daartoe te verkry. Dié kompetisie kan in openlike konflik ontaard, waarna een groep as die bepalers van ŉ akkommodasiepatroon uit die stryd tree. Die gevolg is dat die twee of meer oorspronklike groepe na ŉ tydperk van onderlinge verskil ŉ assimilasie= proses moet betree wat uiteindelik sal veroorsaak dat ŉ homogene gemeenskap weer die gebied bewoon.

Die uiteensetting is nie doelbewus op ŉ simplistiese vlak gehou nie en die verskillende prosesse en empiriese data van skrywers soos Shibutani en Kwan (1965, Deel ii - v), is insiggewend. Tog is die kennisname van akkommodasiepatrone alleenlik van waarde as die volgende in gedagte gehou word:

- Die toepassing van terme, wat sosiale groepe soos die werkersklas en die adelstand se onderlinge ge=sindheid tipeer, op groepe wat verskillende etnieë veronderstel, is nie heeltemal korrek nie.

- Die onderskeiding in ŉ kulturele interaksie en etniese reaksie na aanvanklike kontak moet in gedagte gehou word by die aanduiding van ŉ akkomodasie=patroon.

- Sodra in gedagte gehou word dat kulturele assimilasie nie noodwendig etniese assimilasie veronderstel nie, hou die argument dat akkommodasie uiteindelik sal lei tot volkome assimilasie nie steek nie.

Dit is so dat die dominante groep wel die lede van die ander groep op politieke, sosiale en ekonomiesegebied kan akkommodeer. Dit is soms juis die etniese faktor wat aanleiding gee tot ŉ proses van nie-akkommodering, alhoewel die etnieë hierna moontlik ŉ groter gemeenskap=likheid in hul kulture kan vertoon. Die aanduiding van onomkeerbare prosesse wat gegrond is op die daar=stelling van akkommodasiepatrone regverdig dus meer kwalifisering voordat dit as universeel geldend aanvaar kan word.

2.2.8 Assimilasie

Dié term is deur navorsers soos Shibutani en Kwan (1965, pp.120 - 121) gebruik om aan te toon dat een kultuur as 't ware in ŉ ander opgeneem word. Aan die hand van die uiteensetting van Van der Wateren (1979, p.130) kan dié term op ŉ sinvoller wyse soos volg gekwalifi=seer word:

- Assimilasie veronderstel dat een van die aanrakende kulture in die akkulturasieproses in die beïnvloeding op ander as dominerend waargeneem kan word. Die uit=eindelike gevolg sal die verdwyning van die gedomi=neerde kulture wees. Die enigste kultuur wat dan waargeneem sal word, is die oorspronklike (domine=rende) kultuur. Dit kan geredelik aangeneem word dat dié kultuurentiteit enkele kenmerke van die ge=assimileerde kulture mag vertoon.

- Vir sekere navorsers veronderstel die resultaat van enige akkulturasieproses die reeds beskrewe assimi=lasie van gedomineerde kulture. Dit is nie univer=seel van toepassing nie, omdat daar onderskei moet word tussen die volgende tipes assimilasie:

  - Kulturele assimilasie

    Dit is moontlik dat 'n gedomineerde kultuur in die aanrakende dominante kultuur geassimileer kan word. Dit is onmoontlik om in so 'n geval van twee verskillende etnieë te praat as in ge=dagte gehou word dat 'n gegewe kultuur 'n gegewe etniese groep se uitdrukking van 'n eiesoortige identiteit is. Daarom sal kulturele assimilasie ook assimilasie van die etniese groep wat die beoefenaars van dié kultuur was, veronderstel.

  - Etniese assimilasie

    Uit voorgemelde is dit duidelik dat etniese assimilasie in teorie 'n voorwaarde is vir kultu=rele assimilasie. Dit is byvoorbeeld nie onmoont=lik nie dat 'n minderheidsgroep soos die Italiaanse immigrante in die V.S.A., etnies en kultureel

geassimileer kan word in die etniese groep en die kultuur van die getalsterkere Anglo-Amerikaners. Dit moet in gedagte gehou word dat die Italiaanse immigrante in die V.S.A. 'n groep vorm wat probeer om die groepstrukture en die kultuur van die Italiaanse etniese groep voort te sit in 'n milieu waarin hulle kultureel gedomineer word en ver verwyderd is van die groep van oorsprong. Dit is gevolglik van min waarde om die etniese en kulturele assimilasie wat in dié geval waargeneem kan word as voorbeeld te gebruik vir die aanduiding van onveranderlike prosesse wat geld vir enige akkulturasieproses.

- 'Biologiese' assimilasie

  Dit vorm deel van etniese assimilasie, omdat aanvaarding van lede van 'n vreemde etniese groep in die strukture van die eie etniese groep noodwendig lei tot ondertrouing. Dit is gewoonlik die geval dat 'n etniese groep lede van vreemde etniese groepe aanvaar totdat 'n sekere beperking aangevoel word, omdat 'n perkelose aanvaarding van groot getalle vreemdelinge die identiteit van die eie etniese groep in gevaar sal stel. Dit is normaal dat die getalsterkere Anglo-Amerikaners bereid sal wees om met sekere voorbehoud* minderheidsgroepe soos die Italiaanse immigrante in hul etniese groep te aanvaar. Dié assimilasie van dié groepe hou immers geen gevaar in vir die identiteit van 'n Anglo-Amerikaanse kultuur nie en is eerder 'verrykend'.

* Dié voorbehoud is gewoonlik 'n vereiste dat die vreemdeling alreeds kulturele assimilasie met die Anglo-Amerikaanse kultuur in sy kultuuruiting moet toon.

Dit is opmerklik dat kulturele, etniese en bio= logiese assimilasie onskeibare fases van een pro= ses vorm. Dit is as proses moeilik toepasbaar op 'n situasie waar die kultuurdraers van die dominerende kultuur die minderheidsgroep vorm. Dit is natuurlik dat die kultuurdraers van die dominerende kultuur hul identiteit as etniese groep sal moet prysgee indien die getalsterkere kultuurdraers van die gedomineerde kultuur etnies geassimileer word. Dit word meer onwaarskynlik as ook in gedagte gehou word dat dit dan eerder die dominerende kultuurdraers sal wees wat geas= similieer word in plaas van die gedomineerdes.

## 2.3 Die rol van etnisiteit in kultuurverandering

Vir 'n waardering van wat die begrip 'etniese groep' (etnos) behels, blyk die soeke na sekere kenmerke vir 'n etniese groep nie van veel waarde nie. Dit kan byvoorbeeld ge= stel word dat lede van een etniese groep dieselfde taal praat. Dit is nie toepasbaar op alle etniese groepe nie, want dit sal onhoudbaar wees om dan byvoorbeeld van die Amerikaners en Australiërs as verskillende etniese groepe te praat.

Etniese groepe is vervolgens moeilik definieerbaar, tog is dit 'n werklikheid waarvoor die oë nie gesluit kan word nie. Dit is 'n groep waarmee die individu homself identifiseer en in dié verband onderskryf hy of sy die waardesisteem van die kultuur wat deur die groep beoefen word. Dié groep is nie gelyk te stel met 'n sosiale groep soos die 'werkersklas' en andere nie. Sodra dié verwar= ring intree, volg daar gewoonlik gevolgtrekkings wat die aard van die etniese groep vertroebel en verder weglei

van ŉ sinvolle begrip. Vir die doeleindes van die hui= dige studie is dit van nut om by sekere gesigspunte van Mühlmann (1964, pp.75 - 194) aan te sluit rakende die invloed van etnisiteit op kultuuroordrag:

- Die etnos is ŉ oop en veranderlike eenheid. Aller= lei kragte is aanwesig om tot groter eenheid of ver= breking van die eenheid aanleiding te gee. Interne verskeidenheid veroorsaak dat geen absolute eensel= wigheid aangetref word nie, tog is die verskeidenheid aan perke onderhewig.

- Die etnos is bereid om as groep vreemde toevoegings te ontvang, mits dit nie die wese van die eie iden= titeit in gevaar stel nie.

Etniese eenhede veronderstel geensins isolasie nie. Dit is juis as gevolg van kontak met draers van ander kulture dat daar ŉ intense bewuswording van die eie kultuur en dus die eie etniese groep plaasvind. Dit is onwaarskyn= lik dat mense bewus sal wees van die eie etnisiteit as hulle nog nooit met ander mense in aanraking gekom het nie (indien dit moontlik is). Die groter beweeglikheid van die moderne mens het die etnosfenomeen tot ŉ vlak uitgelig waar dit al meer en meer van aktuele belang word vir navorsers wat kultuur en kultuuroordrag bestu= deer. Die ontwikkeling van ŉ eie Tswana-identiteit kan as voorbeeld dien van ŉ etnisiteit wat sterker na vore getree het juis ná kontak met die Matabeles en later die Afrikaner, wat ander etniese groepe veronderstel het.

Die etniese groep isoleer homself ook nie by aanraking met ander groepe nie, maar vertoon eerder ŉ 'begrensing'. Die 'grens' wat waarneembaar is, is van toepassing op lidmaatskap van die etniese groep sowel as die eie kultuur.

Dit gebeur in die praktyk dat daar gedurig beweging oor die grense heen is van kultuurdraers sowel as van kultuur=komponente. Die begrensing word meer duidelik aangevoel as die lede van ŉ etniese groep weerstand bied teen ŉ klakkelose aanvaarding van vreemde kultuurdraers en -komponente. Daarteenoor is die etniese groep steeds wordend en stagnasie word teëgewerk deur die genoemde afwysing teenoor totale isolasie en ŉ aanvaarding van vreemdelinge en vreemde kultuurkomponente op ŉ selektiewe basis.

## 2.4 Die rol van die jeug in die kultuurveranderingsproses*

Die deelname van ŉ lid van ŉ etniese groep (kultuurdraer) aan al die fasette van die groep se kultuur wissel as gevolg van die relatiewe status van die enkeling binne die groep (Herskovitz, 1955, p.377).

Daar kan ŉ begrensing onderskei word tussen die deelname van mans en vroue aan die kultuur. Dit is ook van toe=passing op mense in verskillende ouderdomsgroepe, dus word sekere rolle vir ouer mense gereserveer. Dié 'be-grensing' veronderstel nie totale uitsluiting nie en weerhou ook nie die enkeling van die vorming van gesind=hede teenoor ŉ gesagstruktuur waaraan hy nog weinig deel=name het nie. Die jeug vorm vir die ouer geslag ŉ be=langrike deel van die bevolking vir sover hulle as die voortdraers van die kultuur beskou word. In die geval van die aanwesigheid van kultuurdraers van ŉ ander kul=tuur ervaar die jeug ŉ aandrang vanuit dié oord tot kultuuroorname wat in samehang gesien moet word met die aandrang wat vanuit die geledere van die ouer generasie kom.

* Gebaseer op Foster (1962), Shibutani en Kwan (1965), Herskovitz (1927; 1937), Van Vuuren (1975) se verband-houdende verwysings.

Die posisie van die jeug van etniese groepe wat in kontak gekom het met Westerse kulture na die ontdekking van die 'Nuwe Wêreld', toon redelike algemene kenmerke en kan soos volg uiteengesit word:

2.4.1 Die aandrang vanuit eie kultuur

Dit is reeds in 'n ander verband (Vergelyk Afdeling 2.1.8 van hierdie hoofstuk) genoem dat elke generasie gekonfronteer word met 'n evaluering van die eie kultuur teen die agtergrond van 'n milieu wat nie meer presies dieselfde is as wat die ouer generasie dit aangetref het nie. Dit veronderstel nie dat daar noodwendig 'n dramatiese reaksie teenoor die eie kultuur aangevoel word nie. Die mens (veral die jongmens) bevind homself gedurigdeur voor onbekende situasies, en dit is natuurlik dat 'n evaluering gemaak word van die kumulatiewe kennis van die vorige generasies.

Die mens is deurgaans betrokke in 'n verhouding tot sy medemens, waardeur sekere sekuriteite verkry word vir 'n bestaansgeborgenheid. Dié geborgenheid vertoon verskillende fasette of dimensies wat vir die doeleindes van hierdie studie onderskeibaar is in 'n sosiale geborgenheid en ekonomiese geborgenheid. In die lewensiklus van die mens is daar soveel gebruike ingeweef dat dié dimensies onskeibaar ineengevleg is:

- Sosiale geborgenheid

  Kenmerkend van meeste tradisionele Afrikakulture, is 'n sosiale organisasie, wat verwantskap as rugsteun het. Reeds vanaf geboorte word daar aan 'n persoon 'n neergelegde posisie binne die verwantskapsgroep toegeken. Die jeugjare is 'n tydperk waarin die enkeling die stelsel van pligte en regte wat

toegeken word aan sy posisie in die verwantskaps=groep aanleer. Dit beteken dat vele van die enke=ling se behoeftes binne 'n verwantskapsgroep, soos die gesin, familiegroep, klan/sibbe, en stam bevre=dig word. Die jeug word betrek by die al groter wordende groepe namate hy of sy in jare vorder, sodat die aanvaarding binne dié groepe met bereiking van die puberteitsjare en die gepaardgaande inisia=sie voltrek word. In ruil vir die beskerming en versorging wat die groep bied, is daar 'n stelsel van streng verpligtinge wat nagekom moet word. Die verwantskapsgroepe maak voorsiening vir 'n gesag=struktuur wat gebaseer is op die geslag van die persoon en sy senioriteit in die afkomslinie. Dis=puut oor leierskap van 'n groep is in teorie tot die minimum beperk en die stelsel maak voorsiening vir 'n streng kontrolering van die gedrag van die lede van die groep. Die jongeling word streng gekontro=leer in sy optrede ten einde 'n opvoedingsproses te voltooi, vóórdat die persoon volwassenheid bereik en die groep skade kan berokken.

- Lewensiklus

Die fases waardeur die tipiese tradisionele Afrika=kultuurdraer gaan, is duidelik afgebaken deur soge=naamde oorgangsritusse. Dié oorgangsritusse is onskeibaar ingeskakel by die eie aard van die sosiale organisasie. Dit bring mee dat die enkeling bewus gemaak word van 'n status-inkleding wat meegebring word deur die voltooiing van so 'n oorgangsritus, terwyl die gemeensakp ook kennis neem van die pligte en regte wat van die persoon verwag kan word. Die geboorte van 'n kind is alreeds só 'n ritus, en alhoe=wel die baba nog nie bewus gemaak kan word van dit

wat van hom of haar verwag word nie, is die gemeen=skap bewus van wat van die kind verwag kan word totdat die inisiasieplegtigheid deurloop word om ŉ nuwe fase in te lui.

- Ekonomiese geborgenheid

ŉ Kenmerk van kulture wat met Westerse kulture in aanraking gekom het, is die agrariese bestaanswyse wat in die pre-kontaktydperk nagevolg is. Dit bete=ken dat daar direk op die natuur staatgemaak is vir ŉ bestaan met min surplusproduksie om ŉ indirekte afhanklikheid mee te bring. Die verwantskapsgroepe vorm deel van die eiesoortige wyse waarop dié ekono=miese stelsel bedryf word. Lidmaatskap van ŉ verwantskapsgroep bring mee dat daar reeds vanaf geboorte aanspraak gemaak kan word op versorging deur die groep in ruil vir die uitvoering van sekere pligte in die ekonomiese bedrywighede. Die moont=like beroepsopsies is uiters beperk en die jongeling word alreeds vanaf vroeë ouderdom betrek by die aan=leer van ŉ bestaanswyse wat dieselfde as dié van die vader of moeder sal wees. As toerusting vir die toekomstige bestaansbedryf ontvang die enkeling dit waarmee die vorige generasie ŉ bestaan gevoer het Dit beteken nie noodwendig stagnasie nie en die aan=leer van reeds bekende bestaansmoontlikhede is geen=sins tot sekere kulture beperk nie. Die klem is eerder op ŉ bestaanswyse wat in ooreenstemming met ŉ sosiale struktuur en organisasie is, wat as arbeids=groep ook die verwantskapsgroep veronderstel.

### 2.4.2 Die aanrakende kultuur

In 'n akkulturasieproses is die jeug in 'n posisie om keuses te maak en dié posisie verskil soms wesentlik van dié waarin ander ouderdomsgroepe is. Dit is nie noodwendig dat 'n keuse tussen 'n kultuurkomponent wat as tipies tradisioneel beskryf kan word en die kompo=nente van die vreemde kultuur gemaak moet word nie. Dit sou 'n oorvereenvoudiging van 'n situasie wees waarin die jeug soms die derde of vierde generasie is wat in kontak is met die aanrakende kultuur. 'n Veelvuldige spektrum van keuses moet deur die jeug gemaak word, wat komponente insluit wat as relatief tradisioneel beskryf kan word tot dié wat relatief heeltemal vreemd is. Tussen hierdie pole is 'n wye verskeidenheid van komponente wat alreeds oorgeneem is en aangepas is by die eiesoortige waardesisteem, en die werklike keuse is eerder geleë in 'n verdere aanpassing van dié kompo=nente. Dit hou in dat 'n evaluering gemaak moet word van die eise wat gestel word in die sosio-ekonomiese milieu. Natuurlikerwys word daar van die bekende na die onbekende beweeg en die jeug staan vervolgens in 'n eiesoortige posisie van gesindhede wat gevorm word op dít wat 'n ouer geslag voorhou aan die een kant en dít wat deur vreemde kultuurdraers voorgehou word aan die ander kant.

Die aanrakende kultuur word gewoonlik vanuit sekere aspekte aangevoel. Dié aspekte vertoon 'n eie aard, afhangende van die besondere verhouding waarin die twee of meer kulture tot mekaar staan. In die geval van kulture wat met 'n Westerse kultuur (kulture) ná die ontdekking van die Nuwe Wêreld in aanraking gekom het, word die Westerse kultuur as dominerend aangevoel. Sekere fasette is in dié geval redelik algemeen te onderskei:

- Politieke oorheersing of voogbestuurstelsels

In die geval van politieke oorheersing word ŉ gesagstruktuur gevestig wat deur die vreemde kultuur=draers as vervangend van die tradisionele stelsel beskou word. Dit vervang selde die tradisionele stelsel tot op die laagste vlak, want in teenstelling met die tipe van oorheersing wat byvoorbeeld deur die Matebele nagevolg is, het Westerse kultuurdraers nie etniese assimilasie van oorlewendes as deel van die oorheersing beskou nie. Op hoër vlak word tradi=sionele leiers ook nie met geweld onthef van hul posisies nie, maar daar is eerder ŉ inkorting van hul funksies as leiers. Die jeug reageer hierteen=oor op ŉ patroon wat soos volg getipeer kan word:

- ŉ Negatiewe gesindheid teenoor die wette van die oorheerser (wat veral deur die ouer geslag aan die jeug oorgedra word ontstaan).

- Die inkorting van die funksies van hul eie leiers mag aanvanklik ŉ gesindheid van verontwaardiging ontketen. Wanneer in aanraking met amptenare van die voogbestuurstelsel gekom word, kan die negatiewe gesindheid versterk word, omdat die amptenare vanuit hul eie kulturele waardesisteem optree.

- Namate die kontakperiode verleng word, kan daar ontgogeling intree teenoor die eie gesagstruktuur wat van mag ontdaan is. ŉ Waardering vir die funksionaliteit van die gesagstruktuur van die aanrakende kultuur mag intree, terwyl daar geen=sins ŉ waardering is vir die vervullers van die gesagsrolle wat in dié geval nog steeds die vreemde kultuurdraers is nie.

- Die oplossing vir die gedomireerde en oorheerste kultuurdraers skyn geleë te wees in die vervan= ging van die vreemde gesagsdraers deur lede van die eie groep. Dié behoefte tot toetrede van die gesagstruktuur word veral aangevoel deur die leierselement onder die jeug, wat ook dáárin nuwe moontlikhede vir 'n bestaansgeborgenheid sien.

- Die jeug begin onbewustelik om die kultuurinkle= ding wat nodig blyk te wees vir die toetrede tot die vreemde gesagstruktuur, na te volg. Die suk= ses op dié pogings tot kulturele assimilasie word nie altyd bekroon met sosiale aanvaarding of et= niese assimilasie deur die oorheersers nie.* Die negatiewe gesindheid van die jeug teenoor die vreemde oorheersers kry 'n momentum wat laasgenoemde noop om die ontvoogding van die oorheerste groep te oorweeg.

- In die ontvoogdingsproses word gewoonlik een van twee rigtings gevolg:

  - Die oorheersers onttrek hulself aan die gebied en oorhandig die Westerse gesagstruktuur aan die voormalige oorheerste groep. Dié patroon is gedurende die sestigerjare relatief algemeen in Afrika aangetref en is grootliks teweegge= bring deur 'n gedagte dat die oorheerste etniese groepe hul onderlinge verskille sou vergeet en

* Vergelyk in die verband Van der Wateren (1979, p.130) se voorbeeld van etniese afstoting - Dit het in die voormalige koloniale ryke gebeur dat persone wat getrag het om kultu= reel met die koloniale heersers, by wyse van verwerwing van hoë akademiese kwalifikasies te assimileer, nie die verwagte sosiale aanvaarding geniet het nie en dié leiers in Afrika geword het wat op revolusionêre wyse van die oorheersers ontslae geraak het.

die onderliggende waardesisteme van Westerse politieke stelsel alreeds oorgeneem het. In samehang daarmee was daar vir dié oorheersers ŉ eie etniese groep waarna teruggekeer kon word in die land van herkoms.

- In die geval van Suidelike Afrika is dit vir die oorheersers moeilik om terug te keer na ŉ etniese groep in ŉ land van herkoms en die keuse is dus meer gekompliseerd. Die gedagte het ontstaan om ŉ deel van die grondgebied af te staan en aan die verskillende etniese groepe ŉ eie gesagstruktuur oor te dra. Dié gesag= struktuur behels nie ŉ oorhandiging van die reeds gevestigde gesagsrolle aan die etniese groepe nie, omdat hulle nie die jurisdiksie oor die hele grondgebied oorneem nie, maar slegs die dele wat deur hul etniese groep be= woon word. Vervolgens is die ontvoogding ge= koppel aan etnisiteit en is daar getrag om die gesagstruktuur op tradisionele strukture as basis te vestig. Dit bring mee dat die jeug voor ŉ evolusieproses te staan gebring word, waarin die tradisionele in samehang (en soms direk teenoorstaande) met ŉ Westerse gesag= struktuur gewaardeer moet word.

- Oordrag van die godsdiensvorme van die dominerende groep

Dit is opvallend dat die verkondiging van die Christe= like leerstelling op groot skaal aangepak is in wêrelddele wat deur ontdekkingsreise vanuit Europa geopen is. Dit gaan gewoonlik gepaard met ŉ oordrag

van die Westerse kultuur aan die nuwe bekeerlinge, wat in historiese perspektief gesien, sonder gelyke is.

In dié verband kan die volgende hoofmomente uitgelig word:

- Die sendeling het 'n kontakmoment verteenwoordig, wat 'n eiesoortige gesindheid teenoor die Westerse kultuur geskep het:

  - Eerstens het die sendeling nie as oorheerser of kompeteerder vir hulpbronne opgetree nie. Die gesindheid teenoor dié enkele kultuur=draer het selde 'n negatiewe element openbaar.

  - Tweedens is die funksionele waarde van veral die materiële kultuurkomponente van die sende=ling gekoppel aan die funksionele waarde van die leerstelling wat hy verkondig het.

  - Dit is veral die jeug wat in die sendeling se kultuur en sy godsdiensvorm moontlikhede vir sekere veranderinge gesien het in die eie kultuur. Die eise wat deur die verwantskap=stelsel gestel is in die vorm van 'n strawwe inisiasieplegtigheid en 'n huwelikstelsel wat min keuse bied ten opsigte van huweliksmaats, kon deur aanname van die nuwe godsdiensvorm ontduik word.

  - Die keuse was selde tussen die eie godsdiens=vorm en 'n nuwe godsdiensvorm. Die Christelike leerstelling het eerder 'n aanpassing teweeg=gebring wat komponente van die eie godsdiens=

vorm, wat ter ondersteuning van 'n eiesoortige sosiale organisasie is, tot 'n ander vlak uitgelig het.

- As een van die beginsels van die Christelike leerstelling is daar gestel dat aanname van dié leerstelling toetrede tot 'n groep mense veronderstel wat oor die grense van alle sosiale groepe, etniese groepe en rassegroepe sny.* Dit het die indruk by sommiges geskep dat aanname van die Christelike geloof die grense tussen etniese groepe sal afbreek en toetrede tot die gesagstruktuur van die oorheersers sal vergemaklik.

- Die bestaansbedryf van die aanrakende kultuur

In historiese perspektief gesien wil dit voorkom of materiële kultuurvoorwerpe van die eerste is wat vanuit die Westerse kulture oorgeneem is. Die verskynsel dat een kultuur as meer gevorderd as 'n ander beskou word, het sekerlik sowel 'n subjektiewe as 'n objektiewe benaderingsmoontlikheid. Die industriële rewolusie en die ontwikkeling van die natuurwetenskappe gee aan die Westerse kulture 'n besliste voorsprong op tegnologiese gebied. Die oorname van materiële kultuurkomponente, soos byvoorbeeld die ploeg in sy Westerse vorm, het 'n uitkringende effek op die tradisionele bestaansbedryf gehad, wat later selfs in die sosiale komponente ook aangevoel is. Die tipe oorname betrek die kultuurdraer van die tradisionele

* Dié beginsel is nie altyd deur sendelinge self uitgeleef nie, soos hul pogings om die gesagstruktuur van hul eie etniese groep te vestig sal getuig (Vergelyk Afdeling 3.2, Hoofstuk 3).

kulture in die bestaansbedryf van die vreemdelinge wat die volgende relatief algemene patroon vertoon:

- Die kultuurdraers van die 'minderwaardige' kul= tuur ondervind 'n behoefte aan meer van die ma= teriële kultuurkomponente van die 'meerder= waardige' kultuur. Dit gee aanleiding tot 'n betrokkenheid by die bestaansbedryf van die 'meerderwaardige' kultuur, want 'n teenprestasie word verwag vir die lewering van kultuurkompo= nente. Dié teenprestasie moet gewoonlik bestaan uit een van die aspekte wat nodig is vir die vervaardiging van die artikels. Aan= vanklik is daar die moontlikheid om 'n grond= stof te lewer, maar die historiese verloop van die kontaksituasie toon dat dit uiters beperk was byvoorbeeld, tot die lewering van ivoor en velle. Die ander moontlikheid is dat arbeid gelewer kan word en dit is met min uitsondering wat gebeur het in die 'Nuwe Wêreld' in die algemeen en Afrika in die besonder. Dat dié lewering van arbeid in die vorm van 'n betaal= middel soos die Westerse geldstelsel beloon word, wat dan weer aangewend word as ruilmiddel vir materiële kultuurkomponente, is nie die belangrikste uitvloeisel van die betrokkenheid nie.

- Die lewering van arbeid bring mee dat die kultuurdraer van die 'minderwaardige' kultuur die gebruike van die vreemde kultuurdraers in die arbeidsituasie moet navolg. Dié arbeid= situasie vorm deel van die waardesisteem van

ŉ kultuur, waarvan die tegnologiese ingesteld=heid van die kultuurdraers sekere benaderings voorskryf. Afgesien van die benadering tot die eiesoortige bedryfslewe, word daar van die vreemde kultuurdraer verwag om die werk=gewer na te volg in kleredrag en verskeie ander kultuurkomponente.

- Die jeug besef dat die bedingingsvermoë vir meer vergoeding saamhang met ŉ vermoë om aan die werkgewer te toon dat die kultuur waarvan laasgenoemde ŉ draer is, alreeds geassimileer is. Dit veroorsaak dat daar gestreef word na die verwerwing van formele Westerse onderwys=kwalifikasies en ŉ algemene nabootsing van dít wat as modern beskou word.

- Die strewe na aanvaarding in die bestaansbe=drywe van die Westerse kulture veroorsaak ŉ proses wat daarop neerkom dat onttrek word van die tradisionele verwantskapsgroepe. Dit kan beskryf word as ŉ individualiseringsproses vir soverre die bestaansgeborgenheid nie meer aan die verwantskapsgroepe gekoppel word nie.

Die jeug is ingestel op dít wat nut sal hê in die toe=komstige bestaansgeborgenheid en maak dienooreenkomstig hulle keuses. Die utiliteitsfaktor is van groot bete=kenis by dié keuses. Dié faktor word soms oordryf in die sin dat die jeug noodwendig die aangebode Westerse kultuurkomponent sal kies, omdat dit van groter waarde sal wees in die geborgenheid wat ŉ klemverskuiwing onder=gaan het. Daar moet in gedagte gehou word dat die mens in die algemeen en die jeug in die besonder die eie nie

sonder evaluering verwerp nie. Die selekteringsproses sluit alle moontlikhede in en dit mag gebeur dat 'n tradisionele komponent behou of aangepas word, omdat dit gaan oor 'n eiesoortige milieu wat nie altyd gehanteer kan word met vreemde kultuurkomponente nie.

- Die opvoedingstelsel (onderwys) van die aanrakende kultuur

  Die wyse waarop die jeug voorberei word vir toetrede tot die volwasse lewe mag van kultuur tot kultuur verskil; tog is dit in ooreenstemming hiermee ingestel om aan die jeug die kultuur van die eie groep oor te dra. Die bywoning van 'n formele opvoedingsprogram, wat ingestel is om aan die kind vanaf 'n vroeë ouderdom die kennis oor te dra wat nodig is vir toetrede tot 'n gespesialiseerde bestaansbedryf, was nie sodanig bekend aan die kulture van die 'Nuwe Wêreld' nie. In dié geval is die skool 'n deel van die Westerse kultuur en is die inhoud van die kurrikulum ook in ooreenstemming met die waardesisteem van dié kultuur. Die bywoning van die Westerse tipe skool deur die jeug van die tradisionele kulture veroorsaak dat die uiteindelike skoolverlater vir 'n groot gedeelte van sy jeugjare onderworpe was aan 'n kultuuroordrag vanuit die Westerse kulture. Die begeerte om dié skole by te woon is nie heeltemal toe te skryf aan die jeug se opvoedingsbegeertes alleen nie. Dit is dikwels die ouer generasie wat alreeds sodanig betrek is by die Westerse ekonomiese stelsel dat hulle in die opvoeding- en onderrigstelsel van dié kultuur 'n beter toekoms vir hul kinders sien. Skoolbywoning kan ook die volgende voordele inhou:

- ŉ Meer onafhanklike posisie rakende die eie bestaansgeborgenheid kan bereik word. Dit ver=onderstel dat die verpligtinge teenoor die tra=disionele verwantskapsgroepe verskraal namate die vermoë om in die Westerse bestaansbedryf opgang te maak, verhoog word deur skoolbywoning.

- Soos reeds genoem in ŉ ander verband, is daar die verskynsel dat lede van die gedomineerde etniese groep in die bywoning van skole die ge=leentheid sien tot aanvaarding in die sosiale en gesagstruktuur van die domineerders.

- Die mees algemeen aanvaarde rede vir skoolbywoning word gekoppel aan die mens se dors na kennis. Daar is by die mens ŉ neiging om sy kennis rakende die wêreld om hom uit te brei. Dit is dus aanvaarbaar dat die jeug van tradisionele kulture ook in die Westerse tipe skool ŉ geleentheid sien om dié ken=nis te bekom wat hom of haar in ŉ posisie sal plaas om die kenwêreld beter te verstaan.

Die Westerse tipe skool toon ŉ verband met die gegewe etniese groep waarbinne die skool is. Dit hang van die onderwysowerhede af of die skool in die tradisionele milieu ŉ streng Westerse oriën=tering sal hê. Dit was merendeels die geval waar skole deur sendinggenootskappe beheer is. Die geleidelike betrekking van die inheemse bevolking by die gesagstruktuur van die onderwysowerhede verleen gewoonlik ŉ element van die eie kultuur aan die tipe milieu waarin die onderwys aangebied word. Dus toon die skool as instelling ŉ eiesoortige aard volgens die kulturele milieu waarbinne dit aangetref word.

3. Terugskouing

Die kultuur wat deur 'n gegewe groep mense geskep, bewaar en tog ook gedurigdeur verander word, is onderworpe aan sowel invloede van 'n interne aard as van 'n eksterne aard. Die mens in die algemeen en die jeug in die besonder in hul vormingsjare, moet 'n keuse maak ten opsigte van dit wat as kulturele toerusting aangebied word. Dit beteken nie dat die mens op 'n vrye, individualistiese keuse kan aanspraak maak nie. Die mens is mens omdat sy medemens deel van sy milieu vorm. Dit is gedurig nodig om die goedkeuring van die medemens te oorweeg in die proses van selektering van dit wat aangebied word.

Gedurende die kinderjare is die jongeling gebore in die kultuur van sy ouers, wat saam met hom 'n gesinsgroep vorm. Die ouers identifiseer hulself met 'n groter groep as die gesin, wat weer aan húlle geborgenheid verskaf, en hulle onderskryf ook die kultuur van die groter groep. Namate die kind vorder in jare, ontwikkel sy kritiese denkvermoë en die kultuur van die ouers word geëvalueer teen die agtergrond van ander kulture waarmee in aanraking gekom word en ook die veranderde omstandighede. Dit is aanvaarbaar dat die jongeling sekere gesindhede vorm in hierdie proses van evaluering. Dié gesindhede bepaal of sekere komponente behoue sal bly, aangepas sal word of heeltemal vervang sal word.

HOOFSTUK 2

## DIE TRADISIONELE KULTUUR

Dit is by enige oorweging van die gesindheid van die jeug teenoor die tradisionele kultuur nodig om te spesifiseer wat met 'tradisionele kultuur' bedoel word. Dit is onmoontlik om die tradisionele kultuur van die Tswana voor te stel as ꞌn kultuur wat geen verandering ondergaan het voor die koms van Europese (Westerse) kultuurdraers na Suidelike Afrika nie. Dit kan aanvaar word dat die kultuur van die Tswanas op geen stadium stagnant was nie. Afgesien van verandering wat moes plaasvind as gevolg van die oordrag van kultuur van een generasie na ꞌn ander, het die Tswanas gereeld in aanraking gekom met draers van ander kulture. Daar kan maar net gedink word aan die noue aanraking tussen die Tswanas en ander groepe soos die Boesmans, in hul trek na die suide vanaf die Groot Meregebied in Sentraal-Oos-Afrika.

Die vraag ontstaan dus wat in gedagte gehou word as tipiese Tswana tradisionele kultuur, indien ꞌn gesindheid daarteenoor getoets wil word. Die enigste moontlikheid in dié geval is om die kulturele uitdrukking van die Tswanas in die vorm waar= in dit die minste beïnvloeding deur die Westerse aanrakende kultuur toon, te ondersoek. Dié gebruike kan dan op rekord gestel word ten einde as agtergrond te dien vir vergelyking met die huidige kulturele uitdrukking. Vanuit dié vergelyking kan die gesindheid van die kultuurdraers en die neiging van verandering onder invloed van die aanrakende kultuur vasgestel word.

Kultuur vorm ꞌn geïntegreerde geheel, wat meebring dat komparte= mentisering afbreuk sal doen aan die rol wat ꞌn kultuurkomponent in die geheel vervul. Vir aanduiding van die rol wat komponente in die geheel vervul, is die kultuur vir die doeleindes van dié studie in drie dimensies verdeel:

- Sosiale geborgenheid

  Die mens is vir ꞌn groot deel van sy behoeftebevrediging op sy medemens aangewese. So is die kind aangewese op die lede van ꞌn gesin om hom te versorg en te beskerm. In die praktyk kan die lede van ꞌn groep nie slegs aanspraak maak op regte nie maar sekere verpligtinge moet nagekom word vir die verkryging van regte. In die geval waar sosiale groepe merendeels gebaseer is op bloedverwantskap en waar dit ook as fokuspunt van die enkeling se kulturele uitdrukking dien, kan die term 'organies-geïntegreerd' gebruik word.

- Gebruike wat nagekom word in die lewensiklus van die enkeling

  Die kulturele uitdrukking van die enkeling kom meestal na vore in die gebruike wat saamhang met gebeure soos kinder= geboorte, kinderleeftyd, die huwelik en begrafnis. Dit toon die wyse waarop geborgenheid verseker word. So sal daar na sekuriteite gesoek word vir die lewe in ꞌn hierna= maals deur sekere godsdienstige gebruike by die begrafnis van ꞌn gestorwene na te kom.

- Ekonomiese geborgenheid

  Die mens is aangewese op ꞌn voortbestaan deur die beskikbare natuurlike hulpbronne op ꞌn sekere wyse te benut. In die gegewe wyse waarop dié bronne benut word, toon die mens in sy kulturele uitdrukking ꞌn strewe na bestaansgeborgen= heid.

Dié dimensies waarin die kultuur verdeel kan word, is op so 'n wyse met mekaar ineengevleg dat dit wel onderskeibaar van mekaar is, maar dit is egter geensins skeibaar nie.

Algemene skets van die tradisionele habitat en taal met enkele opmerkings oor belangrike gebeure.

Die tradisionele habitat van die Tswana strek oor 'n gebied wat soos volg ingedeel kan word:

'n Westelike deel wat strek vanaf die Ngamimeer tot by die Limpoporivier. 'n Oostelike deel wat vanaf die Limpoporivier strek tot by die huidige Pretoria. In die suide word stamme aangetref tot by Thaba Nchu en in die noorde tot by die suid=westelike punt van die huidige Zimbabwe. Hierdie gebied is relatief droog en warm en leen hom tot veeteelt en is meren=deels afhanklik van somerreëns vir akkerbou.

Ten opsigte van taal kan die Tswana as etniese groep duidelik onderskei word van ander groepe. Schapera (1953, p.17) dui aan dat dit op grond van fonetiek, grammatika en semantiek verskil van ander Sothotale.

Die geskiedenis van Suider-Afrikaanse etniese groepe voor aan=raking met die Blankes, is bepaald nie sonder oorloë en selfs die vernietiging van hele stamme nie. Die Tswanas is geen uitsondering nie, en sekere gebeure het 'n fundamentele invloed op hul bestaan gehad. So word die Tswanas se tradisionele ge=bied in 1820 - 1837 deur Mzilikaze in die <u>Difiqana</u>-tydperk* binnegeval. Die Matebeles van Mzilikaze saai verwoesting en die stamme wat nie vlug nie, word onderwerp en ingelyf. (Schapera, 1953, p.15; Van der Wateren, 1974, p.144; Coertze, 1971, p.43). In 1837 word Mzilikaze deur die Boere na die

* Tydperk van onrus onder die inheemse bevolking. Sien verdere verklaring van term op p.149.

teenswoordige Zimbabwe verdryf. Alhoewel dit nie die eerste aanraking met Blankes is nie, kom die Tswanas nou op veel wyer gebied met die Westerse kultuur in aanraking. (Van der Wateren, 1974, p.139). Die verloop van die hieropvolgende geskiedenis gee direk aanleiding tot die huidige kultuurveranderende situasie. (Vergelyk Afdeling 2, Hoofstuk 3).

1. Sosiale geborgenheid

ŉ Kenmerk van Tswana-sosiale organisasie is dat dit verband hou met senioriteit wat bereken word op ŉ verwantskapsbasis. (Van Niekerk, 1966, p.38; Breutz, 1959, p.31; Van der Wateren, 1980, p.14; Schapera, 1953, p.43). Dié kenmerk loop soos ŉ goue draad deur sosiale groepe en moet in samehang met die organies-geïntegreerdheid van dié kultuur gesien word.

1.1 Die gesin

Die kleinste sosiale eenheid is die gesin, alhoewel die belangrikheid daarvan die fondament is vir alle ander strukture.

- Samestelling

ŉ Gesin bestaan uit ŉ man, ŉ vrou, waarmee hy in die eg verbind is, en hulle ongetroude kinders. Die man is geregtig om meer as een vrou te neem en dus kan die gesin bestaan uit ŉ man met meer as een vrou en hulle kinders.* In die praktyk gebeur dit dat van die man of vrou(e) se familielede binne hierdie eenheid woon. (Maritz, 1965, p.69).

* Sommige skrywers deel die groter eenheid in onder die term 'huishouding'.

- Hoof

Uit die aard van die patriargale stelsel van die Tswanas is die man die hoof van die gesin. Niemand sal in dié verband sy gesag oor hierdie eenheid betwyfel nie. Die posisie is erflik in die sin dat die man se oudste seun by sy hoofvrou, hom kan opvolg as hy te sterwe kom. (Vergelyk Afdeling 2.5 van hierdie hoofstuk). Dit is bykans onmoontlik vir 'n vrou om hierdie posisie te beklee, al sou sy die weduwee van die gestorwe hoof wees.

- Woonplek

Die woonplek van die gesin word 'n lapa* genoem. As 'n man in die huwelik tree, word daar vir hom 'n hut gebou met 'n eie lapa,** en enige verdere vroue waarmee hy trou het ook hulle eie lapas. Senioriteit van vroue word bepaal deur die orde waarin hulle as vroue geneem is. (Vermaak, 1966, p.32).

- Politieke en regsposisie

As hoof van die gesin is die man verantwoordelik vir die dissipline van die lede. Tog word die gedrag van die gesinshoof weer gereguleer deur sy familiegroep en as die gesinshoof nie sy huishoudelike sake in orde hou nie, kan hy optrede van die familiegroep verwag.

- Funksie

Voortvloeiende uit die huwelik is die gesin se funksie die voortbrenging van kinders. Die gesin het sy eie landerye en beeste en is relatief selfversorgend. (Schapera, 1953, p.40).

* Lolwapa (Brown, 1980)
** Dit is nie noodwendig dat die aantal lapas korrespondeer met die aantal vrouens nie. (Breutz, 1953b).

- Die verhouding van die jeug tot die gesin

Die rol wat die jeug in die gesin speel, behoef geen beklemtoning nie. Dit is allerweë duidelik dat die huwelik as primêre funksie die voortplanting van die groep het. Die huwelik bied daardie geborgenheid waarin die kind verseker kan wees van versorging en ŉ weerbaarmaking vir die volwasse lewe deur sy ouers. Die man tree op as voorsiener van lewensmiddele en dra die kultuur wat hy as van lewensbelang beskou aan die kinders in die algemeen en die seuns in besonder oor. Die vrou tree as bewerkster van lewensmiddele op en dra op haar beurt die lewensnoodsaaklike kultuur vir voortbestaan aan al die kinders, maar veral die dogters, oor.

In gesinsverband is die kind genoodsaak om op sy of haar beurt die gedragskodes soos neergelê deur die vader en moeder te eerbiedig. Die onderlinge same= werking van die lede van die gesin is noodsaaklik, aangesien dit die voortbestaan van die lede en dus die beskerming wat uit die groep straal kan benadeel wanneer ŉ lid sy of haar eie belang begin nastreef.

1.2 Die familiegroep (lesika)*

- Samestelling

ŉ Groep gesinne waarvan die hoofde in vaderlike linie verwant is, vorm ŉ familiegroep. Dit is nie ŉ geslote eenheid nie en gesinne wat slegs ver verwant is of geensins verwant is nie, kan by ŉ familiegroep aansluit. (Maritz, 1965, p.71). ŉ Lesika of familiegroep kan in meer as een verdeel namate die getalle van die lede vermeerder. (Coertze, 1971, p.129).

* Losika (Brown, 1980)

- Hoof (<u>mogolwane</u>)

  Die hoof van ŉ familiegroep is die senior manlike verwant van die gesinshoofde. Sy posisie is bloot huishoudelik en hy kan nie deur hoër instansies aan=gestel word nie. Die posisie van dié hoof is erflik, tensy hy die stigter van die groep is. (Schapera, 1938, pp.89 - 91).

- Voorregte

  As die 'senior' in die familie is die hoof van dié groep geregtig op respek en gehoorsaamheid van die lede. In belangrike sake wat die hele groep raak, moet hy geraadpleeg word.

- Pligte

  Die primêre funksie van die hoof van die familiegroep is om die familieraad te raadpleeg en bymekaar te roep. Hierdie familieraad bestaan uit hoofde van gesinne binne die familiegroep. Dit is ŉ kenmerk van die familiegroep dat groot waarde geheg word aan die opi=nie van ŉ moedersbroer. Vergaderings vind in die familie-<u>kgotla</u>* plaas. Mense wat oortree het, word in familieverband hier verhoor.

* Die <u>kgotla</u> is tradisioneel die vergaderplek van die Tswanas en is gewoonlik langs die beeskraal.

Sake wat aandag by die hoof en sy raad geniet, sluit die volgende in:

- huweliksonderhandelings;
- die reël van feeste;
- die oordrag van eiendom, en
- die bereddering van boedels.

'n Tweede belangrike funksie van die hoof is dat hy as skakel dien tussen sy groep se lede en die hoof van die <u>kgoro</u>.* Die familiehoof is verantwoordelik vir die dissipline van sy lede en is aanspreeklik as hy nie die nodige prosedure volg om oortreders aan die man te bring nie.

- Woonplek

  Die gesinne waaruit 'n familiegroep bestaan, woon as 'n eenheid bymekaar. Dit is wel moontlik dat lede in ander dele van die stamgebied kan woon. 'n Man woon as 'n reël nie by sy vrou se familie=groep nie. (Maritz, 1965, p.71; Vermaak, 1966, p.36).

- Politieke en regsposisie

  Schapera (1938, p.89) beskryf die familiegroep as die kleinste eenheid met 'n politieke aard. Die gesag van die hoof is afdwingbaar vir soverre die groep konsensus bereik het oor wat binne die juris=diksie van die groep val.

* Die <u>kgoro</u> is die sosiale eenheid wat volg op die familie=groep. As gevolg van die verskillende terme wat deur ver=skillende navorsers vir hierdie eenheid gebruik word, sal die term <u>kgoro</u> deurgaans gebruik word. (Vergelyk afdeling 1.3 van <u>hierdie hoofstuk</u>). Brown (1980) gee die term <u>lekgotla</u> aan vir dié eenheid.

Indien ŉ dispuut ontstaan tussen lede van die groep, kan dit formeel aanhangig gemaak word by die groep=hoof. Dit blyk egter dat hy alleenlik ŉ saak sal oplos as dit van ŉ siviele aard is* en nie die perke van die familiegroep oorskry nie. Sake tussen lede van twee verskillende familiegroepe word ook op ŉ gesamentlike sitting van die twee groepe bespreek. (Schapera, 1938, p.90).

Meer ernstige sake word na die <u>kgoro</u>-hoof verwys. Vergelyk Schapera (1938, p.90) in die verband:

> "The elder has the right to impose corporal or other punishment upon his people for minor offences; but if the matter is a serious one, or he is unable to effect a settlement, he must refer it to his ward head, to whom there is also an appeal from his decisions. In any case his authority, in mat=ters of jurisdiction extends only to petty disputes of a civil nature between members of his own family group."

- Funksie

Die funksie van die familiegroep is geleë in die beginsel van wedersydse hulp. Dit kan aangeneem word dat die familiegroep ontstaan het vir die beskerming en versorging van die lede. Benewens

* Die indeling van siviele en kriminele oortreding in die Westerse sin van die terme is nie noodwendig op die Tswanas van toepassing nie. (Schapera, 1938, p.46).

laasgenoemde dien dit ook as 'n bron vir die verstewiging van die patriargale gesagstruktuur. Sake wat dié groep raak, soos die huwelik, erfreg en dissipline, word ook in belang van die lede gereël en afgedwing.

- Die verhouding van die jeug tot die familiegroep

Uit hoofde van die geborgenheid wat die familiegroep aan die gesinne waaruit dit bestaan, bied, is die jongeling verder verseker van die sekuriteite wat die aanwesigheid van sy ouers se verwante bied.

Die verbrokkeling van die gesin word in groot mate getemper deurdat dispute tussen die vader en moeder dikwels deur die familiegroep ontlont word. Voorts verseker die familiegroep dat die volwasse lede hulself by die kulturele gebruike bepaal en dat dit dus op die kind oorgedra kan word. Wedersydse hulp tussen die lede verseker ook dat daar op groter ekonomiese geborgenheid staatgemaak kan word as wat deur die gesin alleen gebied kan word. Die jong man of jong dogter wat nie aan die vader se teregwysing gehoor wil gee nie, word gewoonlik ook na die familiegroephoof geneem, waar die saak bevredigend opgelos word voordat die 'hardnekkige' die wyer gemeenskap skade kan berokken.

1.3 Die <u>kgoro</u> (<u>lekgotla</u>)

Die <u>kgoro</u> word deur sommige skrywers behandel onder die terme 'wyk', 'seksie', '<u>sub-tribe</u>', '<u>ward</u>' en 'klan'. Om verwarring te vermy, sal vervolgens slegs die term <u>kgoro</u> gebruik word.

- Samestelling

In beginsel berus die samestelling van die onderhawige eenheid op die verwantskap van die hoofde van familie= groepe. Dit is moontlik dat ŉ vreemdelingselement wat by die stam aangesluit het, ŉ kgoro kan vorm, met ŉ hoof wat deur die stamhoof aangewys is. (Schapera, 1938, p.91; Vermaak, 1966, p.38; Van Niekerk, 1966, p.38).

- Die hoof (kgosana)

Die posisie van die hoof is erflik in die vaderlike linie. Dit gebeur selde dat ŉ kgoro-hoof aangewys word deur die stamhoof. Slegs in gevalle waar daar ŉ dispuut bestaan oor wie die regmatige opvolger is of waar daar ŉ nuwe kgoro gevorm word deur vreemdelinge, sal die stamhoof ŉ kgoro-hoof aanstel. ŉ Kgoro-hoof word opgevolg deur sy oudste seun by sy hoofvrou, en indien die seun nog te jonk is, sal sy vader se broer vir hom waarneem.

- Voorregte

Die kgoro-hoof het relatief min voorregte in vergelyking met ŉ stamhoof. Tog kan hy op die respek en eerbied van sy groep se lede staatmaak en is hy ŉ persoon wat ŉ hoë status in die stam geniet.

- Pligte

Dit word van die kgoro-hoof verwag om toe te sien dat die 'stamwette' en reëls wat deur die stamhoof neer= gelê word, nagekom word in sy kgoro. Belastings moet deur hom ingevorder word en die verdeling van bewerk= bare grond vorm van sy vernaamste pligte. Dié hoof

vorm ŉ belangrike skakel tussen die lede van sy groep en die stamowerhede, waar hy sitting as raadsman het.

- Advies en raadgewende liggame

In die uitvoering van sy pligte word die kgoro-hoof bygestaan deur ŉ raad, waarop alle familiehoofde sitting het. Hy kan ook raadsmanne aanwys wat hierdie posisie uit hoofde van hulle vaardigheid (of gewildheid by die kgoro-hoof) verwerf.

- Woonplek

Teoreties woon die lede van een kgoro in ŉ wyk:

> "All members of a ward are expected to live together. This rule does not apply to subject peoples of alien culture (as in the northern Protectorate), but is still commonly observed by the Tswana themselves, ....." (Schapera, 1953, p.46).

Dit kan in die praktyk gebeur dat lede van dieselfde kgoro oor die hele stamgebied versprei woon. (Vermaak, 1966, pp.38 en 42).

Patrilokale woningsreëls geld vir die kgoro en dus kan seuns wat volwasse status bereik, in dieselfde kgoro-nedersetting as hulle vaders ŉ eie lapa aanlê. (Pauw, 1960, p.53).

- Regsposisie

In juridiese opsig is die hoof van die <u>kgoro</u> en sy raadgewers die instelling waarheen ŉ saak verwys kan word nadat die familiegroepraad ŉ voorlopige ondersoek gedoen het. Trouens, dit is ŉ kenmerk van Tswanaregs=pleging dat ŉ saak ten minste op voorlopige verhoor=basis ondersoek moet word voordat dit na ŉ hoër hof verwys word.

Hofprosedure is by alle groepe in die sosiale hiërargie bykans dieselfde en kan soos volg opgesom word:

> Alle persone wat by die saak betrokke is, vergader in die <u>kgotla</u>, waar die hoof en sy raadgewers met hulle gesigte na die par=tye sit. Die klaer en aangeklaagde kan hulle sake stel sonder dat hulle onderbreek word; getuies woon die hele hofsitting by en kan gevra word om verklarings af te lê. Nadat beide partye hulle saak gestel het, kan almal deelneem aan ŉ bespreking van die meriete van die saak. Die finale oor=weging van die feite vind egter tussen die raadgewers van die hoof plaas, en hulle verwys ook na vorige presedente. Hierna som die hoof van die groep die saak op en lewer uitspraak. Sou een van die partye nie tevrede wees nie, kan na ŉ hoër in=stelling in die sosiale hiërargie geappel=leer word. (Schapera, 1953, pp.56 - 57).

- Funksie

Die funksie van die kgoro-verdeling blyk uit die be=langrike politieke en administratiewe eenheid wat dit in die totale opset van die stam vorm. Die lede van 'n kgoro kom ook dikwels bymekaar en ondersteun mekaar in sake van gemeenskaplike belang. As 'n lid in kon=frontasie met 'n lid van 'n ander kgoro kom, sal sy medelede hom ondersteun.

- Die verhouding van die jeug tot die kgoro

Die belangrike kenmerke van die kgoro kom na vore in die tweeledige aard daarvan. Dit is naamlik 'n groep wat enersyds op verwantskap gebaseer is en andersyds 'n belangrike politieke funksie vervul. Tradisioneel is die twee kenmerke onderskeibaar maar tog sódanig vervleg dat skeiding nie moontlik is nie. Die invloed wat die kenmerke op die jeug het, kan kortliks soos volg geskets word:

  - Die meer politieke aard van die kgoro, in vergelyk=ing met die familiegroep, plaas die jongeling in aanraking met lojaliteite wat verder strek as dié teenoor intieme nabyverwante.

  - Binne die kgoro is 'n waarneembare senioriteits=beginsel ten opsigte van die familiegroepe waaruit dit bestaan. In samehang daarmee het 'n gegewe kgoro 'n bepaalde posisie ten opsigte van seniori=teit binne die stam. Reeds van jongs af is dit nodig vir die jongeling om hom uit hoofde van sy lidmaatskap van 'n gegewe groep ten opsigte van ander kgoro-lede en stamlede te oriënteer. Optrede

binne die kgoro asook teenoor lede van ander 'kgoro's' (dikgoro), kan dus ŉ ingewikkelde gedragsoriëntering verg, wat reeds van ŉ vroeë ouderdom aangeleer moet word.

Die ongeïnisieerde het nie enige aandeel aan die besluitnemingsproses binne die sosiale groepe nie. Die verskillende verpligtinge van die gesagdraers word egter reeds van jongs af op dié jongeling wat sodanige posisie sal erf, oorgedra. Die betrekking in die meer afgebakende sosiale gebied van ŉ groep soos die kgoro, is ŉ geleidelike proses wat progres=sief met die vordering in die jeugjare gepaard gaan. So sal die inisiante tydens die inisiasieplegtigheid gegroepeer word volgens die kgoro waaraan hul behoort. Die belangrikheid van die kgoro tree ook na vore in ŉ groep soos die ouderdomsgroepe wat ná die inisia=sie gevorm word. Lede van dieselfde kgoro sal altyd saam optree, selfs al word daar binne die ouderdoms=groep opgetree; ten spyte van die uiters samehorige oriëntering van die ouderdomsgroep. (Vergelyk Afde=ling 1.5 van hierdie hoofstuk).

## 1.4 Die stam (morafe of setshaba)*

Die stam word as die grootste sosiale en politieke enti=teit onder die Tswanas erken. Tradisioneel word ŉ opper=stamhoof nie erken nie. Dit moet nie as aanduiding aan=vaar word dat die lede van ŉ Tswanastam heeltemal geïso=leerd staan van ander stamme nie. As daar na die ontstaan van stamme gekyk word, kan ŉ duidelike beginsel van senior=iteit onderskei word. Vergelyk Schapera in die verband:

* Morahe of seshaba (Brown, 1980).

"Although each of the tribes formed in this way became politically independent, it continued to recognize the seniority in status of the people from whom it had broken away."

Nieteenstaande die erkenning van 'n hiërargie onder stamme, heg die Tswanas nie 'n oordrewe waarde hieraan nie. Vergelyk in dié verband die volgende:

"Bahurutshe!" Ba bolawa ke dihlôgo - Die Bahurutshe, (hulle) ly aan hulle hoofde." (Van Zyl, 1968, p.19).

Met dié gesegde dui die Tswanas aan dat hulle sentimente eerder by hulle eie stam is en dat groot waarde geheg word aan die beginsel dat 'n stam outonoom is.

- Samestelling

'n Stam bestaan uit dié samestellende dele wat in die voorafgaande afdelings behandel is. Dus kan die lede van 'n stam bestaan uit mense wat al verskeie geslagte lank aan die stam verbonde is of as vreemdelinggroepe by die stam aangesluit het. (Schapera, 1953, p.34). 'n Duidelike senioriteitsbeginsel geld binne die stam. Die beginsel is gegrondves op die volgende basiese riglyne:

- 'n Dinastie van stamhoofde en hoofde van die samestellende eenhede wat gegrond is op erflike opvolging.

- Die familie van die stamhoof wat as kern van die stam beskou kan word, omdat die stam gestig is deur 'n voorvader van dié familie. Dus is dit ge=woonlik 'n geval van meerdere of mindere status na gelang van die graad van bloedverwantskap met hier=die kerngroep.

Alhoewel vreemdelinge nie die status het van 'werklike'* stamlede nie, word hulle as 'n integrale deel van die stam se sosiopolitieke opset beskou. Daar is egter ook 'n bediendeklas by sommige stamme. Hierdie bedien=des word nie beskou as stamlede nie en het dikwels nie toegang tot die regsisteem of die reg om besittings te hê nie. Daar is veral afkeur aan 'n stamlid wat in die huwelik wil tree met so 'n bediende. (West, 1976, pp.119 - 120).

- Die stamhoof (<u>kgosi</u>)

Uit die aard van die hoofman se belangrike posisie is dit kenmerkend dat politieke mag om die stamhoof gesen=treer is.

Stamhoofskap is in samehang met ander gesagsposisies erflik in die manlike linie en dus kan hy nie verkies word nie. Vergelyk die Tswana-gesegde in hierdie ver=band:

> "<u>Kgosi ke kgosi ka a tsetswe</u> - A chief is a chief because he is born to it." (Schapera, 1938, p.53).

* Vergelyk die term '<u>proper</u>' wat deur Schapera (1938, p.5) gebruik word.

- Voorregte van 'n stamhoof

Die eiesoortige posisie van die stamhoof word deur Schapera soos volg uiteengesit:

> "The chief as head of the tribe, occupies a position of unique privilege and authority ... His exalted status is reflected in the ceremonial surrounding him and in the obligations of his tribesmen towards him." (Schapera, 1938, p.62).

Die stamhoof is geregtig om uit hoofde van sy amp op te tree as:

- regeerder;
- regter;
- wetgewer;
- trustee van rykdom;
- krygsleier;
- religieuse leier;
- voorganger en leier by enige rituele;

Verder:

- kan hy stamvergaderings belê;
- is hy alleen geregtig om doodvonnisse en verbannings te bekragtig;
- is hy geregtig op 'n deel van die opbrengs van elke jag, oes en veekudde;
- word sekere landerye spesiaal vir hom omgeploeg en bewerk, en
- in tye van oorlog word alle buit na hom gebring.

- Pligte van 'n stamhoof

Die belange van sy stamlede is van die uiterste belang, vergelyk die gesegde wat deur Schapera genoem word:

> "Kgosi ke modisa wa morafe - The chief is the herdsman of the tribe." (Schapera, 1938, p.68).

- Hy moet dus na hulle welvaart omsien en hulle beskerm.
- 'n Stamhoof is bereid om na enige stamlid se probleme te luister en hy is in dié opsig nie so onbereikbaar soos stamhoofde by ander Suider-Afrikaanse etniese groepe nie.
- Die rykdom wat eie is aan sy posisie, moet hy aanwend om gaste op koninklike wyse te onthaal.
- Hy moet mense wat een of ander taak verrig het, ruimskoots vergoed.
- Mense wat behoeftig is, kan op sy hulp staatmaak.
- Dit is sy plig om raadgewende liggame te raadpleeg voordat hy 'n besluit neem, maar hierna is dit ook sy plig om toe te sien dat besluite uitgevoer word.
- Hy moet toesien dat die wet en orde gehandhaaf word en dat lede van ondergeskikte eenhede en hulle hoofde behoorlik funksioneer. Sou een van hierdie hoofde sy plig verwaarloos, moet stappe deur die stamhoof geneem word.
- Die verdeling van landbougronde, weiplek, en boupersele tussen kgoro-hoofde (wat dit weer op hulle beurt verdeel) berus by hom.

- Hy besluit oor wanneer 'n inisiasieplegtigheid sal geskied.
- Die skakeling met ander stamme vorm deel van sy pligte.
- As hy afwesig is, moet hy toesien dat 'n persoon in sy plek waarneem.
- Ten opsigte van die regstelsel is hy die hoof=regter en sekere oortredings moet slegs deur hom en sy raadgewende liggame verhoor word. Nuwe wette moet deur hom bekragtig word en dit moet hier aangestip word <u>dat slegs hý toe=stemming kon gee tot die afskaffing van 'n stamgebruik.</u>* (Schapera, 1938, p.70).

- Raadgewende liggame

  In die uitvoering van sy pligte is daar verskeie lig=game wat die stamhoof bystaan. Sou hy hierdie liggame mieken, kan hy gevaar loop om sy posisie te verloor.

- Die private raad (<u>khuduthamaga</u>)

  Dié raad is 'n informele liggaam en bestaan uit die stamhoof se vader se junior broers en sy eie broers. Die stamhoof se moeder se broer (<u>malome</u>) en sy eie moeder word ook geken in sake waarvoor advies nodig is.

- Die geslote raad of stamraad (<u>lekgotla la dikgosana</u>)

  Dit is 'n formele liggaam wat deur die stamhoof saam=geroep word om in die <u>kgotla</u> bymekaar te kom. Die hoofde van 'kgoro's' (<u>dikgoro</u>) en van hulle eie raads=manne vorm die lede van die stamraad. Geen persoon mag teenwoordig wees by 'n sitting van die stamraad tensy die stamhoof hom ontbied het nie.

* Onderstreping ter beklemtoning.

- Die openbare raad (pitsò* ya morafe)

  Vir sake van algemene belang of wanneer die hoofman ꞌn besluit aan die hele stam bekend wil maak, word alle manlike** lede van die stam na die kgotla ontbied. Drie verskillende tipes stamvergaderings kan onderskei word:

  - Die phutègò, wat ꞌn vergadering is waartydens formele aankondigings gedoen word.

  - Die pitsò, waarop meer formele sake soos belasting, die onderneming van publieke werke, die formasie van ouderdomsgroepe (regimente) en stamdispute bespreek word.

  - Die letsholo,*** wat voorafgegaan word deur ꞌn jagtog. (Schapera, 1938, pp.81 - 82; Breutz, 1959, pp.41 - 45).

- Die verwante van die stamhoof

  Die stamhoof se verwante in die vaderlike linie deel in sy status en prestige. Afgesien van die reg wat sekere van sy verwante het om in aanmerking geneem te word vir advies, deel sy nabyverwante ook in sy rykdom.

* Picò. (Brown, 1980).

** By implikasie word verstaan die senior lede wat alreeds die inisiasieplegtigheid deurloop het.

*** Lecholò. (Brown, 1980). Volgens Breutz (1955, p.84) is dit nie die geval onder die baRolong nie.

- Woonplek en stamgebied

As na die geheelbeeld van Tswana-nedersetting (woonwyse) gekyk word, blyk die klem te val op een groot nederset= ting (West, 1976, p.119) waarvandaan die stamgebied geadministreer word, in plaas van ŉ eweredige verspreiding van inwoners oor die hele stamgebied.* Uit die aard van die eiesoortige administrasie is dit moeilik om nie-bewoonde dele effektief te administreer en dis= puut tussen stamme het dikwels hieruit voortgevloei. (Schapera, 1938, p.195).

Die sametrekking van ŉ stam in groot wooneenhede word deur navorsers (Van der Wateren, 1974, p.175; West, 1976, p.119; Schapera, 1953, p.24) toegeskryf aan die skaarste aan bogrondse water, die gedagte aan 'beter' verdediging, en die aard van die bestaansbedryf.** Afge= sien van die stamhoofkwartier kan daar statte en vee= poste in die stamgebied voorkom. Die uitleg van die stat kan soos volg geïllustreer word:

> As daar na ŉ nuwe perseel beweeg word, inspek= teer die stamhoof dit alvorens goedkeuring ver= leen word. Die plek vir die stam-<u>kgotla</u> en die hoofman se <u>lapa</u> word deur hom aangewys. By die verwydering van bome en bosse is dit sy opvolger se voorreg om die eerste tak af te breek. Die area waarin die stamhoof se hutte is, word ook deur die stam se magiërs gedokter. Laasgenoemde gebruik word ook voortgesit om die hele stat se area te dokter.

* Volgens Breutz (1955, p.84) is dit nie die geval onder die baRolong nie.

** Beeste en ander vee word eerder by ŉ veepos aangehou, wat verskuif na gelang van beskikbare weiding, as om die woon= plek te desentraliseer.

Hierna dui die hoofman elke kgoro-hoof se gebied aan, wat in volgorde van senioriteit verder van die hoofman se kgotla sal wees. Die kgoro-hoof soek ŉ area uit vir sy eie beeskraal, kgotla en hutte en dui op sy beurt vir elke familiegroephoof sy gebied aan. Daar is ook hier ŉ verband tussen senioriteit en afstand tussen ŉ familiegroep se kgotla en dié van ŉ kgoro-hoof. Op sy beurt herhaal die familiegroephoof die proses in die aanduiding van ŉ bouperseel vir elke gesinshoof. Indien ŉ gebied oorbevolk raak, kan ŉ kgoro-hoof by die stamhoof vir ŉ ander area aansoek doen. Beweging is egter onderworpe aan die goedkeuring van die stamhoof. (Schapera, 1938, pp.196 - 197).

- Regsposisie van die stam

Die persoonlike jurisdiksie van die stamhof (wat die stamhoof-in-rade impliseer) sluit alle lede van die stam in, ongeag van die kgoro of distrik waarin hy woon. ŉ Laer hof sal bloot ŉ voorlopige verhoor instel om relevante feite in te samel voordat oortreders van die volgende misstappe na die stamhof geneem word:

- moord;
- aanranding;
- towery;
- verraad;
- verkragting;
- verleiding en
- vrugafdrywing.

Die posisie van die stamhoof is baie belangrik in enige hofprosedure of die verrigtinge self. Hy of sy gemag=tigde waarnemende stamhoof moet teenwoordig wees. Uit=spraak kan slegs deur die stamhoof gegee word.

Geen lid van ŉ Tswana-stam is 'bokant die wet' nie en ŉ stamhoof kan in sy eië <u>kgotla</u> verhoor word. In so ŉ geval sal sy vader se senior broer as voorsittende 'regter' optree.

- Die verhouding van die jeug tot die stam

Die stam vorm tradisioneel ŉ selfstandige eenheid wat as ŉ etniese groep volgens die uiteensetting van Coetzee (1980, p.50) beskryf kan word. Dit bring mee dat die jeug met ŉ stam identifiseer, rakende die eie groepsverwysing.

Vir die stam is die lojaliteit en diensbaarmaking van die jong mense noodsaaklik. Deur die inisiasiepleg=tigheid word die jongeling betrek by die kultuuroor=drag wat deur die stamlede (by wyse van konsensus) nodig geag word vir die voortsetting van die stam as groep.

Die verhouding van die jongeling tot die stam as groep word weer eens gekenmerk deur ŉ reeks pligte en voor=regte. Politieke en militêre deelname waarborg die sekuriteit wat ŉ relatiewe groot groep teen aanslae van vyandelike stamme bied, asook die beskerming van ŉ regsisteem en ŉ maatskaplike welsynsbeginsel.

1.5 Ouderdomsgroepe (mephatò)

Die term wat sommige navorsers vir dié groepe gebruik, is 'regimente'. So ŉ ouderdomsgroep bestaan uit seuns van dieselfde ouderdom wat gelyktydig ŉ inisiasieplegtig= heid (bogwèra) bygewoon het. ŉ Ouderdomsgroep van dogters wat ŉ inisiasieplegtigheid vir dogters uitsluitlik (boyale) bygewoon het, word ook gevorm.

Die algemene kenmerke van ŉ ouderdomsgroep is soos volg:

Elke ouderdomsgroep het sy eie naam en die leier is as ŉ reël een van die hoofman se seuns en in die geval van ŉ vroueregiment een van sy dogters. Lede van so ŉ ouder= domsgroep veg altyd saam en kan as ŉ eenheid gebruik word vir take soos bouwerk, polisiewerk en sekuriteitsdienste. Daar bestaan ŉ kenmerkende samehorigheidsfaktor en sake wat oortredings van die erekode van ŉ ouderdomsgroep raak, word deur ŉ ad hoc-hof verhoor. (Schapera, 1953, pp.38 - 39).

- Die rol van die jeug in die ouderdomsgroep

  As in gedagte gehou word dat kultuur altyd ŉ dinamiese aard vertoon, dan kan aangeneem word dat die kultuur wat aan een ouderdomsgroep by die inisiasieplegtigheid oorgedra word, effens sal verskil van die kultuur wat aan ŉ volgende ouderdomsgroep oorgedra sal word by die volgende inisiasieplegtigheid.

  Alhoewel hierdie verskil tussen die kultuurbeoefening van een ouderdomsgroep en ŉ volgende moontlik skaars merkbaar sal wees, is dit tog opmerklik dat die lid van ŉ ouderdomsgroep hom- of haarself dus geborge kan voel in ŉ groep wat in tydsverband dieselfde kultuur uitleef.

Die ouderdomsgroep bied ook aan die jongeling wat pas die volwasse wêreld betree het, 'n verwysing wat oor die grense van die verwantskapsgroepe binne die stam strek. Weer eens kan staatgemaak word op die hulp van die lede van so 'n groep in ruil vir lojaliteit, wat veral belangrik is in die suksesvolle deelname aan krygsoperasies.

## 1.6 Onderskeiding wat gebaseer is op geslag en ouderdom

Die verskil in gedrag van mans teenoor vroue en andersom kom op verskillende terreine tot uiting. So gebeur dit dat mans en vroue nie saam eet nie en by feeste ook op aparte plekke sit. Ten opsigte van die regspleging en politieke opset word die vrou as 'n ondergeskikte beskou. As 'n reël kan 'n vrou nie sitting hê op 'n raadgewende liggaam nie, en 'n vrou in 'n politieke magsrol is ongehoord. Die enigste uitsondering hier is waar 'n vrou al as regent opgetree het. By godsdienstige seremonies word vroue nie toegelaat om as ampsdraers op te tree nie, en afgesien van 'n paar vroulike magiërs en die koppeling van vroue aan towery (boloi), neem slegs mans godsdiensgeleenthede waar. Verdeling van arbeid geskied ook op 'n geslagsbasis en lede van een geslag is onwillig om werk te aanvaar wat as behorende tot die teenoorgestelde geslag beskou word.*

Ouderdom vorm 'n belangrike basis vir sosiale onderskeiding en Schapera (1953, p.38) se opmerking in die verband is tiperend:

* Die rol van die vrou moet egter nie as minderwaardig gesien word nie. Eerder vorm dit 'n komplimentêre deel van die organiese aard van Tswana sosiale organisasie. In ooreenstemming met enige streng patriargale stelsel, is die pligte en regte van die man en vrou duidelik omlyn.

> "In general people are expected to res=
> pect and obey all those older than them=
> selves, ...."

Kinders word reeds van kleins af geleer om nie parmantig of familiêr met grootmense te wees nie en in die groot= menswêreld sal 'n persoon wat nie die nodige respek teen= oor mense wat ouer as hyself is, betoon nie, onmiddellik daarop gewys word.

- Die invloed van die verdeling in geslag en ouderdom op die jeug

  Reeds vanaf die kind se kleuterjare is daar 'n duide= like onderskeiding rakende die kleredrag en optrede van die verskillende geslagte. Vir die toekomstige rolvervulling binne die verskeie verwantskapsgroepe, is dit noodsaaklik om die kind reeds van jongs af die optrede wat van 'n man of vrou verwag word, te leer.

  Die seun wat as volwassene die kapitale bates van die gesin sal beheer, word reeds van vroeg af ingespan om die belangrikste van hierdie bates, naamlik beeste, pligsgetrou te versorg. By bereiking van pubertiteit word die seun verder voorsien van die kennis en gehard= heid wat nodig is vir sy rol as beskermer deur bywo= ning van die inisiasieplegtigheid vir seuns (bogwèra).

  Die dogter word van jongs af aan moedersknie geleer om huishoudelike take te verrig en vergesel ook die moeder na haar werk op die landerye. Weer eens is die inisiasieplegtigheid vir dogters 'n afsonderlike geleentheid, waar uitsluitlik gekonsentreer word op die oordrag van 'n rolopvatting van die vrou.

Die kind word ongeag van geslag van kleins af geleer om met die nodige agting teenoor mense wat sy of haar senior in jare is, op te tree. Die beklemtoning van die beginsel van wedersydse pligte en voorregte kom dus weer eens tot uiting. In ʼn sosiale organisasie waar verwantskap en wedersydse verpligtinge ʼn groot rol speel, is dit dus nodig om aan die toekomstige volwassene reeds in die jeugjare te leer om onderdanigheid en diensbaarheid teenoor die gesagsdraers van die verskillende groepe te betoon, ten einde op hulp en beskerming te kan staatmaak. Daarteenoor is die volwassene gewoonlik die vervuller van een of ander gesagsposisie, en daar die gedragsreëls teenoor seniors deur hom onderhou word, word dit ook van juniors verwag.

## 1.7 Totemgroepe (Vergelyk Brown, 1926, pp.27 - 33).

Die kenmerk van ʼn totemgroep is die erkenning van ʼn sekere dier (of selfs ʼn mineraal soos yster) as totem. So ʼn totem word as taboe beskou vir eet- of bewerkingsdoeleindes. Dus sal ʼn persoon nie die totemdier van sy groep in ʼn jagtog dood nie. (Vergelyk Afdeling 3 van hierdie hoofstuk). Persone met dieselfde totem reken dat hulle ʼn gemeenskaplike voorvader gehad het. Tog is dit geensins ʼn geval van afkoms wat bereken word met die spesifieke dier as voorvader nie.

- Die verhouding van die jeug tot die totemgroep

Die totemgroep kan beskou word as ʼn verwantskapsgroep in die sin wat die stam ook ʼn verwantskapsfaktor bevat. Lidmaatskap van ʼn stam word dikwels ook verduidelik as verwantskap met ʼn stigtervoorouer, terwyl die totemgroep ook aanspraak maak op afkomsberekening van ʼn gemeenskaplike stigtervoorouer.

Die jong Tswana is bes moontlik in die posisie om die stigtervoorouer van sy stam asook sy totemgroep as dieselfde persoon aan te dui. Dit skyn egter of lede van stamme in die verlede van stamverband verander het maar tog die totemverband behou het. Dus is die jongeling ook in staat om hom- of haarself te beroep op die voordele van lidmaatskap van 'n totemgroep wat soms die grense van stamme oorskry.

Die totemgroep moet ook nie buite die verband van die godsdiensvorm gelees word nie. Die simbool van die totemgroep is soos reeds gemeld 'n dier (of mineraal of natuurverskynsel) wat eerbiedig moet word. Die eerbiediging van die totem is ook 'n gedragsreël wat alreeds by die jongeling op vroeë leeftyd ingeskerp word. Sonder om die godsdiensvorm as simbolies van die sosiale samehorigheidsgevoel voor te stel, kan met veiligheid aangeneem word dat eerbiediging van die totem ook die waarde wat aan die totemgroep geheg word, onderstreep.

Dit is gebruiklik om 'n persoon aan te spreek deur die naam van sy totem te gebruik. Dit kom veral tot uiting as respek ter sprake is, soos by die groet van 'n stam=hoof. 'n Persoon behoort aan die totemgroep van sy vader en alhoewel daar aangeneem kan word dat 'n totem=groep in die verlede groter verband met die stamgroep getoon het, bestaan daar nie só 'n hegte band tussen lede van dieselfde totemgroep nie. (Schapera, 1953, p.35).

## 2. Die lewensiklus van die Tswana

Daar is reeds gedui op die ineengevlegte aard van kultuur en dus is die indeling daarvan in waterdigte komponente onmoontlik. Tog kan die sosiale gebruike wat in die lewen=siklus tot uiting kom verhelder word as dimensie om die jeug se rol daarin na vore te bring.

Die lewe van die Tswana word gekenmerk deur fases, wat 'n gegewe status het en dus sekere gedragsreëls veronderstel. Ten einde van een fase na 'n ander te vorder, is daar oor=gangsritusse en plegtighede, wat in samehang met die sosiale en ekonomiese geborgenheid gelees moet word.

### 2.1 Geboorte en kinderleeftyd

Die geboorte van 'n kind is 'n belangrike gebeurtenis in die kenwêreld van die Tswana, en 'n hele verskeidenheid faktore word hierby betrek:

- Die belangrikheid van kinders

  Die geboorte van 'n kind is vir beide die verwante van die man en die vrou 'n heuglike gebeurtenis. (Brown, 1926, p.64). Onvrugbaarheid is 'n bron van spot en daarom word daar groot waarde geheg aan vrugbaarheid. Die man is ook baie gretig om van 'n nageslag verseker te wees, en veral as hy 'n erflike politieke posisie beklee, wil hy graag 'n opvolger hê.

- Swangerskap

  Die vernaamste kenmerk van swangerskap is die magiese rituele wat nagekom moet word om te verseker dat kwaad=willige persone nie die ongebore kind skade aandoen (toor) nie.

Sekere voedselsoorte soos eiers en lewer word vermy. Taboes ten opsigte van gedagtes, wense en woorde word gehandhaaf en besoeke aan grafte en gebreklike mense word vermy. Daar word van ʼn vrou verwag om met haar normale pligte voort te gaan en haar swangerskap kan nie as rede aangevoer word vir verwaarlosing van pligte nie.

- Die bevalling

Ten tye van die bevalling bevind die vrou haar in die hut van haar moeder. Mans en kinders moet op ʼn vei= lige afstand van die hut af bly. Onmiddellik na die geboorte is kraalmis oor tekens van die geboorte ge= strooi en die plasenta is gedurende die nag op ʼn ge= heime plek begrawe. Die kind se hare word afgeskeer om hom 'beter' te laat groei en hy word nie gewas voordat die naelstring afgeval het nie. Na afloop van die geboorte is die vader en ander familielede in kennis gestel van die geslag van die kind.

- Afsonderingsperiode

ʼn Afsonderingsperiode van ongeveer twee maande volg na die geboorte van ʼn kind. In hierdie tydperk ver= laat die moeder die hut nie bedags nie. Wanneer sy wel na dié tydperk in die openbaar verskyn, gaan dit gepaard met feesvieringe. Dit word vereis dat die hut waarin sy vertoef het, gereinig moet word. Die kind ontvang nou ʼn dravel van sy grootvader en prysliedere word deur lede van die familiegroep gesing.

Die vrou vertrek hierna na haar man se woonplek. Swangerskap word tydens die tydperk wat die kind gespeen word, vermy, omdat dit die kind van moedersmelk sal beroof. (Schüler, 1965, pp.217 - 218).

- Vrugafdrywing en abnormale geboorte

Vrugafdrywing word as ŉ ernstige misdaad beskou en vroue wat hieraan skuldig is, kan die doodstraf opgelê word. (Schüler, 1965, p.222; Schapera, 1938, pp.262 - 263).

As ŉ kind doodgebore word, is dit toegeskryf aan ŉ man wat sy vrou geslaan het,* skok, vrees of veeleisende werk. Dit is ook moontlik dat ŉ kwaadwillige haar kon getoor het. ŉ Doodgebore kind of een wat binne tien dae sterf, word in die geheim en ook gedurende die nag begrawe.

Die gebruik om kinders wat sekere gebreke toon, om die lewe te bring, is ook by die Tswanas bekend. Stamverskille veroorsaak dat dit moeilik is om een tipe gebrek of kenmerk aan te dui, tog is die mees algemene die volgende:-

- Onbekendheid van vaderskap.
- Die sny van tande by geboorte.
- Die geboorte met die voete eerste.

* Tradisioneel kan ŉ vrou lyfstraf toegedien word deur haar eggenoot. Ongeregverdigde lyfstraf sal egter deur sy senior verwante afgekeur word, asook lyfstraf wanneer die vrou swanger is.

- In gevalle van meerlinge waarvan een of meer manlik is, is dié manlike lede gespaar, terwyl daar in gevalle waar die twee of meer kinders aan dieselfde geslag behoort, geleentheid aan die sterkere een gegee word om te leef.

Voorts:

- ʼn Albino is in die veld vir die luiperds gelaat.
- Blindheid by geboorte het gelei tot versmoring met warm as of vet.
- Sou die moeder by geboorte sterf, is die pasgeborene lewendig saam met haar begrawe.

Dié gebruike is enigsins verstaanbaar as in gedagte gehou word dat voortbestaan in die tradisionele omge= wing van die Tswana absolute gesondheid verg.

- Kinderleeftyd (Vergelyk Van der Wateren, 1980, pp.56 - 57)

Tot en met ongeveer die ouderdom van twee tot drie jaar word die kind deur die moeder, grootmoeder, tantes en susters versorg. Hierna word die kind nie op streng formele wyse by ʼn opvoedkundige onderrigprogram betrek nie maar word betrek by ligte takies rakende die be= dryfsaktiwiteite van sy of haar geslag. Dit is opmerk= lik dat die bedryfslewe van die volwassenes in samehang met die groepsgebondenheid gewoonlik ook in speletjies gereflekteer word.

Dit is alreeds op hierdie stadium wat onderskeid gemaak word tussen die kleredrag en optrede van die verskil= lende geslagte. Die seuntjie ontvang ʼn seope as kle= dingstuk en word geleidelik betrek by die melk en die versorging van die beeste. Die dogtertjie ontvang ʼn

makgabe as kledingstuk en begin om hand by te sit in take rakende versorging van babas, die versorging van die hut en die bewerking van landerye. Namate die kinders die ouderdom nader wat die inisiasieplegtigheid voorafgaan, word die gesag van die vader al duideliker gevoel en beteken dit die einde van die eerste fase in die lewensiklus. (Vergelyk Afdeling 4 van hierdie hoofstuk).

- Die kind se verhouding teenoor lede van die gesin

  Die gebruik bestaan om kinders in 'n bepaalde verhouding aan ander kinders binne die gesin te koppel. So sal daar 'n besondere broer of suster aan die kind toegewys word, wat impliseer dat sekere verpligtinge teenoor daardie broer of suster en die se kinders vir die res van die aardse bestaan nagekom sal word. Dié verhouding kom veral tot uiting as daar deur kinders verwys word na hul ouers se aangewese broers en susters. Terme in dié verband kan kortliks uiteengesit word ten einde verdere verwysing te vergemaklik:-

  - Malomè - Ego se moeder se gekoppelde broer.
  - Rrakgadi - Ego se vader se gekoppelde suster.
  - Rramogolo - Ego se vader se ouer gekoppelde broer.
  - Rrangwane - Ego se vader se jonger gekoppelde broer.

- Die verhouding van die jeug tot kindergeboorte en kinderleeftyd

  In tradisionele tye was daar geen gevaar van oorbevolking nie. Die gebrek aan gesofistikeerde mediese dienste, natuurlike gevare en die sporadiese stamoorloë het hiertoe bygedra. Dus was die voortsetting van die

verskillende verwantskapsgroepe 'n relatief onsekere saak. Die voortbrenging van kinders het dus 'n uiters belangrike plek in die lewensiklus van die Tswana ingeneem.

Daar kan reeds wat geboorte betref die afleiding gemaak word dat kinders (oftewel 'n jonger geslag) 'n belangrike deel van die sosiale geborgenheid van die verwantskapsgroep gevorm het. Die ouer geslag kon hierdeur seker maak van 'n nuwe geslag, wat hulle op hul oudag sal beskerm en versorg. Daarom is die kind 'n baie belangrike lid van die groep, hetsy gesin, familiegroep of stam.

## 2.2 Inisiasie

Die terme wat deur die Tswanas vir hierdie instelling gebruik word, is bogwèra (vir seuns) en boyale (vir dogters).

- Doel

Die doel van die inisiasieplegtigheid is om 'n seun of dogter vir die lewe as 'n volwassene voor te berei. Sodra 'n persoon dan ook die plegtigheid deurloop het, word hy/sy as 'n volwassene aanvaar. Vergelyk Language (1943, p.110) in dié verband:

> "'n Persoon wat nog nie geïnisieer was nie, is beskou as 'n minderjarige, onbevoeg om sy eie sake of belange te behartig of om mee te doen om dié van die stam te behartig, ongeag wat sy ouderdom ook al was."

As 'n persoon die stamskool deurloop het, is hy beskou as 'n volwaardige stamlid, met die nodige gedissiplineerdheid, liggaamlike taaiheid en kennis van stamgebruike om sy plek as lid vol te staan.

- Voorbereidings vir die stamskool

Dit is die stamhoof se plig en voorreg om toestemming vir die hou van 'n inisiasieplegtigheid te gee. Die besluit gaan die werklike aanvang gewoonlik met ten minste 'n jaar vooraf. In hierdie tyd word die kandidate voorberei vir die werklike geleentheid. Omdat die werklike chronologiese ouderdom moeilik vasgestel kon word, is die vereiste gestel dat die kandidaat ten minste pubertiteit moes bereik het.

Vir seuns word die kamp buite die stat gebou, dikwels op 'n afgeleë, eensame plek. Die inisiasieplegtigheid vir dogters word in die stat self gehou in hutte wat spesiaal daarvoor opsy gesit word. Gewoonlik word daar bedags uitgegaan in die veld. Die inisiasieplegtigheid vir dogters vind as 'n reël ná dié van die seuns plaas.

- Die besonderhede van die stamskool

Uit die aard van die saak is die bedrywighede binne die stamskool geheim. Language (1943, p.116) stel dat dit vir 'n lid wat die geheime sou laat uitlek die doodstraf kon beteken. Die feite wat wel deur navorsers versamel is, kan soos volg uiteengesit word:

- Die stamhoof open die verrigtinge by die stamskool. Sou daar meer as een kamp wees, vind die opening op verskillende dae plaas, want die stamhoof moet elkeen bywoon.

- Die besnydenis van die seuns vind by die opening plaas en die persoon wat die operasie uitvoer, word spesiaal deur die stamhoof aangestel. 'n Soortgelyke seremonie geld ook vir dogters, waartydens by sekere stamme 'n brandmerk aan die binnekant van die bobeen aangebring word.

- Die opleiding wat hierna volg, bestaan uit die aan=leer van gesegdes en liedere wat die gewoontes* en tradisies van die stam simboliseer.

- Lojaliteit teenoor die stamhoof en die stam word ook by die kandidate ingeskerp. Die geskiedenis van die stam en die name van vorige stamhoofde en regimente word geleer en die algemene beginsel is om 'n 'stamtrots' aan die jongmense te leer.

- Optrede teenoor die teenoorgestelde geslag en die fisiese sy van die huwelik word in die onderrig beklemtoon. Die gedagte is hier om seuns sowel as dogters voor te berei vir die huwelikslewe.

* Schapera (1938, pp.35 - 36) meld dat die wette van die Tswanas vervat is in 'proverbs and kindred sayings', i.p.v. geskrewe vorm. Hy dui ook aan dat die skeidslyn tussen wette en gewoontes baie onduidelik is: "They occur simply as established usages and observances which have developed in the course of time ..., as norms or correct standards of behaviour." Dié kode vir korrekte optrede word aan die kandidate by die stamskool geleer: "At the initiation ceremonies associated with the formation of age regiments, more formal instruction of the same nature is given, certain definite rules of behaviour being firmly impressed upon the minds of the young people concerned."

- ŉ Belangrike faset van die stamskool is die klem wat gelê word op fisiese taaiheid. Die seuns moet groot afstande hardloop en spesiale jagtogte word gereël. Verskeie navorsers maak melding van lyf=straf (en selfs marteling) wat kwistig toegedien is.

- Sluiting van die stamskool

Die besluit oor wanneer ŉ stamskool ten einde kan loop, berus by die stamhoof. Die duur van ŉ stamskool oor=skry selde die tydperk van drie maande. Op die dag voor sluiting word verskillende seremonies gehou.

Die vorming van regimente (ouderdomsgroepe) vind soms eers ŉ paar dae later plaas. Die lid van die regiment wat die naaste bloedverwant van die stamhoof is, is die leier van so ŉ regiment. Dié leier het ook ŉ in=stelling wat soortgelyk is aan die private raad van die stamhoof en dit bestaan uit nabyverwante.

- Die verhouding van die jeug tot die inisiasieplegtigheid

Die inisiasieplegtigheid is die belangrikste gebeurtenis in die lewe van die jongeling. Dié gebeurtenis is die oorgangsritus tussen die fase waarin die individu die status van ŉ kind geniet en die fase waarin die status van ŉ volwassene toegeken word.

Tydens die inisiasieplegtigheid word die jongeling weerbaar gemaak vir sy of haar volwasse lewe deur die gesagsdraers op stamvlak. Om die inisiasieplegtigheid te tipeer as ŉ 'stamskool', is deels verduidelikend en deels verwarrend, want dit is nie gelyk te stel met die formele bywoning van ŉ Westers-georiënteerde skool nie.

Die inisiasieplegtigheid is dus eerstens ŉ beklemtoning van die kultuur in die algemeen en die godsdiensvorm in die besonder. Tweedens is daar sodanige beklemtoning van fisiese weerbaarheid dat sterfgevalle nie onbekend is tydens die strawwe uithouvermoëtoetse nie.

Sou die inisiasieplegtigheid in perspektief geplaas word teen die agtergrond van die kultuur as geheel, skyn dit weer ŉ geval te wees van die versterking van die individu se geborgenheid in die sosiale en ekonomiese milieu, deur hom of haar deeglik daarvoor voor te berei.

## 2.3 Die huwelik

By die Tswana is die huwelik ŉ belangrike instelling waaromheen daar ŉ groot verskeidenheid gebruike geweef is.

- Keuse van ŉ huwelikemaat

  Die tradisionele huwelik tussen ŉ man en sy hoofvrou is ŉ saak wat streng onderworpe is aan die goedkeuring van die betrokke familiegroepe in die besonder, en die res van die stam in die algemeen. (Matthews, 1940, p.7; Schapera, 1938, p.128). Dit is moontlik té sterk gestel om te beweer dat die voorkeure van die man of vrou heeltemal geïgnoreer word. Tog sal die jongman of vrou se voorkeure rakende huweliksmaats so gestuur word in die jeugjare dat die eie keuse slegs by wyse van uitsondering bots met dié van die familiegroep.

  Nie alleen word die seggenskap van die familie sterk gevoel nie, maar daar bestaan ook ŉ duidelike afbakening tussen voorkeur- en ongewenste huwelike:

- Gewenste en ongewenste huwelike

Onder gewenste huwelike is dié tussen ŉ man en sy moeder se gekoppelde broer (malome), se dogter die gewildste. Hiernaas volg die huwelik tussen ŉ man en sy vader se gekoppelde suster se dogter. Die Tswana-gesegde in dié verband lui: Ntsala wa motho ke mogatse - ŉ man se niggie is sy vrou. (Schapera, 1938, p.128). ŉ Huwelik wat plaasvind tussen ŉ man en sy vader se jonger broer se dogter vind ook byval, want dit hou die bogadi in die familie. (Matthews, 1940, p.12).

Huwelike tussen mense wat geensins verwant is nie, vind plaas en is soms verkieslik, omdat politieke of ekonomiese bande hieruit kan volg. Tussen sekere verwante is huwelike ook toelaatbaar, alhoewel dit nie as gewens bestempel kan word nie. Sekere stamme is nie baie geneë om huwelike toe te laat tussen ŉ man en sy moeder se suster se dogter nie; tog kom dit wel voor. (Schapera, 1953, p.41). Brown (1926, p.58) noem ook gevalle waar ŉ man met sy broer se dogter of sy broer se kleindogter kan trou.

Huwelike tussen persone wat in dieselfde jaar geïni=sieer is, word as ongewens beskou. So ook word ŉ huwelik tussen ŉ Tswana en ŉ lid van ŉ vreemde etniese groep deur medestamlede afgekeur. Veral moes ŉ man wat met ŉ lid van ŉ onderworpe groep (soos die Sarwa-Boesmans) getrou het, sy status binne die verwant=skapsgroepe prysgee.

Huwelike wat as verbode beskou word, is dié tussen ŉ persoon en een van sy eie kinders of tussen ŉ broer of suster van dieselfde biologiese moeder en vader. Alhoewel ŉ vrou met haar vader se broer kan trou, word dit nie toegelaat dat ŉ man met sy moeder of vader se susters trou nie. Grootouers mag ook nie met kleinkinders in die direkte verwant=skapslinie trou nie. (Matthews, 1940, p.10).

Gevalle waar ŉ weduwee oorgeneem word deur ŉ seun van die gestorwene se hoofvrou, is nie ŉ huwelik in die ware sin van die woord nie, want bogadi is alreeds vir die vrou gegee. Dit kan ook gemeld word dat die seun slegs geregtig is op vroue wat nie sy biologiese moeder insluit nie.

- Verlowing

Daar bestaan ŉ duidelik onderskeibare tydperk van ver=lowing by die Tswanas, vergelyk Schapera (1938, p.132) in dié verband:

> "Once the betrothal has been confirmed, a considerable time generally elapses before the wedding takes place. Few engagements last less than a year, and the majority last at least two."

- Onderhandelings wat tot die verlowing lei

Die vaders van die betrokke man en vrou bespreek gewoonlik die saak informeel alvorens daar formeel onderhandel word. ŉ Saak van hierdie aard word met verwante bespreek en dit is veral die man se moeder se gekoppelde broer wat geken moet word.

ŉ Formele onderhandelingsprosedure volg tussen die twee betrokke familiegroepe. Eerstens word ŉ afvaar= diging van mans na die vrou se familiegroep gestuur, wat na bereiking van konsensus deur ŉ tweede afvaar= diging van vroue opgevolg word. Dit is dus belangrik om te let op die feit dat bykans alle volwasse lede van die twee familiegroepe by die onderhandelings betrek word. Die onderhandelings is gewoonlik uit= gerek en raak sake van sosio-ekonomiese aard. Kon= sensus is absoluut noodsaaklik voordat enige verdere fase betree sal word.

- Gedurende die verlowingstydperk

Gedurende hierdie tydperk stuur die twee families vir mekaar geskenke en daar word geleentheid aan die twee jong mense gegun om mekaar beter te leer ken. Die vrou tree met groot omsigtigheid op, omdat haar gedrag fyn dopgehou word deur die man se fami= lie. Sy sal haar baie stil en waardig gedra in die geselskap van sy ouer familielede. As die man by haar besoek aflê, kan hy gevra word om sekere werkies vir haar familie te doen. By geleentheid sal hy ŉ geskenk vir die vrou saamneem.

- Kinderverlowing

Die moontlikheid bestaan dat twee familiegroepe kan besluit dat ŉ seun en ŉ dogter vir mekaar geskik is as huweliksmaats. Soms is die wedersydse begeerte tot ŉ verbintenis tussen die betrokke groepe van so ŉ aard dat ŉ ongebore kind aan veral ŉ man ver= loof kan word. In gevalle waar die verloofde ŉ

dogter van vroeë kinderleeftyd is, kan die man intus=sen met 'n ander vrou trou, tog sal die een aan wie hy eerste verloof was, beskou word as sy hoofvrou. Daar mag egter slegs in die huwelik getree word as die inisiasieplegtigheid alreeds deurloop is.

- Verbreking van die verlowing

  As die vrou die skuldige party is, kan enige verlo=wingsgeskenke teruggeëis word. Sou die seun die skuldige wees, kan skadevergoeding geëis word vir die tyd wat hy in beslag geneem het, waarin die vrou 'n ander hofmaker kon gehad het. Enige verskille wat nie deur die twee familiegroepe opgelos kan word nie, kan in die kgoro-hof besleg word. (Coertze, 1971, pp.223 - 224).

- Die huwelikseremonie

As die familielede van die man voel dat die verlowings=tydperk nou lank genoeg uitgerek is,* sal daar weer 'n formele afvaardiging na die familie van die vrou ge=stuur word. Hierdie afvaardigings neem dieselfde vorm aan as dié wat die verlowing voorafgaan, met ander woorde 'n afvaardiging van mans gaan aan 'n afvaardiging van vroue vooraf. Die prosedure wat hierna gevolg word, verskil van stam tot stam en hang soms saam met die bogadi-gebruik. Daar word egter op 'n dag besluit wanneer die eerste fase van die huwelikseremonie 'n aanvang sal neem. Die dag word gekenmerk deur fees=vieringe en danse. Die feesvierings wat op hierdie dag plaasvind, sluit 'n optog deur die stat in ten einde die volgrekking van die huwelik onder die aandag van die stamlede te bring. Dele van die bees wat geslag

word, word aan die stamhoof gestuur ten einde as registrasie van die huwelik te dien. Die vrou vertrek na afloop van die verrigtinge na die man se familiegroep. Hierna het die man die reg om by die vrou in 'n hut te slaap wat spesiaal by die vrou se familie daarvoor ingerig word. Hy keer egter bedags terug na sy eie mense.

Nadat die vrou geboorte geskenk het, as gevolg van die 'saamslaap' - (go ralala) gebruik, sal die gewone onderhandelings weer vir die finale huweliksfees volg. Op die bestemde dag sal die betrokke partye by die vrou se woonplek bymekaarkom.

- Bogadi

  Die gebruik is dikwels in die verlede gesien as 'n aankoopprys vir 'n vrou. Vergelyk Schapera (1938, p.138) in die verband:

  > "This transfer has often been looked upon by missionaries and others as constituting a purchase of the woman, .."

  Dit is egter 'n foutiewe siening van dié gebruik en die rol wat dit in die huwelik speel. Vergelyk daarenteen die volgende wat eerder die waarheid blyk:

  - Eerstens is dit 'n manier om die verwantskap van die kinders wat uit die huwelik gebore word duidelik vas te stel. Vergelyk Swanepoel (1977, p.24) in die verband:

"Die belangrikste funksie van huwe-
likgoedere in die Tswanareg is die vasstelling van die verwantskaps-posisie van die kinders en die oordrag van die baarvermoë van die vrou na die afkomsgroep van die man."

- Tweedens is dit by meeste stamme nie die gebruik om te kibbel oor die hoeveelheid goedere wat as _bogadi_ gelewer word nie:

"There is no bargaining over the number of cattle te be given." (Schapera, 1938, p.138).

Dit kan met redelike veiligheid afgelei word dat _bogadi_ nie verbind kan word met die prys van 'n artikel, waaroor daar wél gekibbel word, nie; dus word die vrou _nie_ gekoop nie.

- Derdens word _bogadi_ beskou as 'n vergoeding vir die moeite wat die vrou se familie gehad het om haar op te voed en die reg op haar dienste wat hulle verloor.

- Vierdens is dit 'n tasbare bewys dat beide families die huwelik goedkeur en die man en vrou verkry beide die reg om op familie (sowel as skoonfamilie) se hulp staat te maak wanneer een van die twee gedragsprobleme openbaar. (Schapera, 1938, p.138).

- Aard en omvang van <u>bogadi</u> (Riekert, 1967, p.107; Schapera, 1938, p.139).

  Die aanvaarde vorm van <u>bogadi</u> is beeste, alhoewel dit moontlik is dat kleinvee of 'n ander vorm van vergoeding gegee kan word in moeilike tye. Die volgende gebruike is ook waarneembaar in die geval van beeste:-

  - 'n Vroulike dier moet ingesluit wees ten einde die moontlikheid van vermeerdering daar te stel.

  - By meeste stamme is 'n bul onaanvaarbaar as deel van die getal beeste, omdat 'n bul 'n vegtersgees simboliseer.

  - Die hoeveelheid beeste wat gegee word, is selde laer as twee of hoër as agt.

    'n Ongelyke getal is ongewens, want dit simboli=seer onenigheid in die huwelik. Soms word 'n ongelyke getal gegee ten einde die skoonvader te dwing om nog een te vra. Dié bees word dan later gelewer ten einde die geselligheid wat oor=handiging meebring te herhaal.

- Mense wat bydra tot die <u>bogadi</u>

  Vir alle vroue behalwe sy hoofvrou moet 'n man self <u>bogadi</u> voorsien. Ten opsigte van die hoofvrou berus die morele verpligting by sy vader om die <u>bogadi</u> bymekaar te maak.

Enige lid van die man se familie kan bydraes maak; dit is egter veral die volgende persone van wie bydraes verwag word: Die vader se jonger broer (rrangwane), sy ouer broer (rramogolo) en sy suster (rrakgadi). Die man se moeder se gekoppelde broer (malome) speel ŉ baie belangrike rol in huweliks=onderhandelinge en hy moet ten minste ŉ vroulike dier verskaf. (Swanepoel, 1977, p.36).

- Aflewering van die bruidsgoedere

Die lewering van bogadi skyn nie aan ŉ spesifieke tyd gekoppel te wees nie. In die praktyk probeer ŉ man om so gou moontlik die bogadi te oorhandig, omdat hy geen 'wetlike' gesag het oor kinders uit ŉ huwelik waarvoor daar nie bogadi gegee is nie. (Swanepoel, 1977, p.34).

Die man se moeder se broer speel ŉ belangrike rol in hierdie oorhandigingseremonie. As ŉ reël vorm die bruidegom nie deel van die party wat die oor=handiging waarneem nie. Sodra die beeste in die kraal van die vrou se vader is, gaan eiendomsreg op hom oor. Die ontvangs is baie gulhartig en al=hoewel die kwaliteit van die goedere ter sprake is, is dit nie die onderwerp van kibbeling nie, omdat die seun se familie nie sal probeer om hulle beeld na buite skade te berokken deur diere van swak ge=halte te lewer nie.

- Verdeling van die bogadi

In normale omstandighede is die vader van die vrou die hoofaanspraakmaker ten opsigte van eiendomsreg. Daar word egter van hom verwag om die huweliksgoedere onder verwante van die vrou te verdeel.

- Gebruike wat saamhang met die <u>bogadi</u>-gebruik en die huwelik in die algemeen

- Onvrugbaarheid by die vrou

  As dit blyk dat ŉ vrou onvrugbaar is, is dit gebruiklik dat die familie van die vrou ŉ plaasvervanger verskaf. Kenmerke hiervan is dat die man geen verdere <u>bogadi</u> hoef te betaal nie en die kinders wat uit die baarvermoë van die plaasvervanger gebore word, word beskou as die kinders van die onvrugbare vrou.

  Dit is gewoonlik die vrou se jonger susters en veral ŉ gekoppelde suster wat as ŉ stutvrou (<u>seantlo</u>) gegee word. As daar nie verwante beskikbaar is nie, kan die man nie <u>bogadi</u> terugeis nie. (Schapera, 1938, p.155). Hy sal egter in so ŉ geval die dienste van ŉ bywyf gebruik en as ŉ reël mag sy vrou nie beswaar daarteen aanteken nie.

- Impotensie by die man

  Swanepoel (1977, p.67) stel die gebruik wat hieruit voortvloei soos volg:

  > "Waar die man nie die baarvermoë van die vrou kan benut nie as gevolg van sy impotensie of steriliteit, het hy die reg om deur ŉ ander persoon vir hom kinders te laat verwek by sy vrou."

  Die persone wat as sodanig gevra kan word, is die man se vriende of sy familielede. Dit is ook bekend dat ŉ vrou die 'geselskap' van ŉ ander man sal opsoek as sy besef dat haar eggenoot steriel is. Dit sal egter beskou word as owerspel as die eggenoot dit uitvind.

- Egskeiding

Tradisioneel is egskeiding by die Tswanas nie ŉ algemene gebruik nie:

> "In die ou Tswana-reg word die gedagte gevind dat die huwelik nooit ontbind word nie." (Swanepoel, 1977, p.69).

Dit is dus duidelik dat egskeiding net volg as daar baie goeie gronde is. Huishoudelike rusies kan besleg word deurdat die man die vrou ŉ goeie pak slae gee. (Schapera, 1938, p.158). Sou sy vol=hou met die aanvanklike provokasie, sal hy haar familie daarvan verwittig, en hulle sal haar ook slaan as die klag geregverdig is. Die vrou kan op haar beurt die man se familie verwittig van swak gedrag aan sy kant. Die optrede wat volg bestaan gewoonlik uit ŉ skrobbering. Sou so ŉ saak versleg, kan dit lei tot ŉ verhoor deur die familiegroephof, waar die vonnis dikwels ŉ deeglike loesing is.*

Dit is slegs as daar volgehoue wangedrag by een van die partye is wat ŉ egskeiding oorweeg sal word. Soos by die huweliksonderhandelinge is dit weer die twee afkomsgroepe wat oor ŉ egskeiding beraadslag.

Die belangrikste uitvloeisel van ŉ egskeiding hou verband met die aan- of afwesigheid van kinders en <u>bogadi</u>. Die volgende punte kan hier uitgelig word:

* Dit is ŉ kenmerk van Tswana-reg dat ŉ persoon altyd in die hof van die groep waartoe hy behoort verhoor word en nie in dié van die aanklaer nie. (Van Niekerk, 1966, p.38).

- Sou die egpaar kinderloos wees ten tye van die egskeiding, kan bogadi teruggeëis word.

- Die eis om teruggawe kan afgeweer word deur die verskaffing van ŉ stutvrou, al is die egpaar alreeds geskei. (Schapera, 1938, p.161).

- As daar wel kinders is, het die man geen skade of nadeel gely nie, al was die vrou die oorsaak van die egskeiding. Hy behou dus volle beheer oor die kinders en is nie regtelik in staat om bogadi terug te eis nie. (Matthews, 1940, p.17). Die man kan aanspraak maak op kinders wat gebore word nadat die vrou alreeds na haar mense teruggekeer het.

- Afsterwe van een van die eggenote

  - Weduweeskap

    Die beginsel by ŉ Tswana-huwelik is die benutting van die baarvermoë van die vrou deur die afkomsgroep van die man.

    Sou ŉ weduwee nog in staat wees om kinders in die lewe te bring, sal die verwante van die gestorwene die leviraatgebruik uitoefen. Dié gebruik is bekend as go tsena motlung - om die hut binne te gaan. Die persone wat hier ter sprake is, is gewoonlik die junior broers van die gestorwene en in sommige gevalle sy suster se seun.* ŉ Ouer broer kan as ŉ reël nie toegang tot die hut verkry nie, omdat hy as die vader van die oorledene beskou word.

* Die gekoppelde jonger broer of gekoppelde suster se seun geniet voorrang.

As die gestorwene meer as een weduwee agterlaat, erf die oudste seun van die hoofvrou alle weduwees behalwe sy eie moeder. Daar is gevalle waar ꞌn vrou die leviraat weier, soos in gevalle waar haar seuns oud genoeg is om haar te versorg. Geen verdere <u>bogadi</u>-goedere is ter sprake nie en die kinders word as dié van die gestorwene gereken.

- Wewenaarskap

  As ꞌn vrou kinderloos te sterwe kom, is haar man geregtig om <u>bogadi</u> terug te eis. Die familie van die oorledene sal gewoonlik enige sodanige eis pro=beer afweer deur ꞌn stutvrou te verskaf.

- Die verhouding van die jeug tot die huwelik

Die verbintenis tussen ꞌn man en vrou lei tot die voort=brenging van kinders. Dié persone bevind hul dan self in ꞌn eenheid wat as die gesin getipeer word. Binne gesinsverband is die kind aangewese op die samehorig=heidsgevoel van die lede van die eenheid vir sy fisiese en geestelike versorging. Sou daar skeuring ontstaan tussen die stigterslede, naamlik die vader en moeder, word die geborgenheid van die kind ernstig daardeur bedreig. Sekere gebruike by die sluiting van die huwe=lik is daarop ingestel om die permanentheid daarvan te verseker. So ook is daar gebruike wat tot die be=skerming van die kind lei indien ꞌn breuk sou ontstaan as gevolg van die nie-nakoming van die reëls deur een van die stigterslede, of die afsterwe van een of albei die stigterslede. Kortliks bestaan die gebruike uit die volgende:

- Die verlowingsonderhandelings openbaar alreeds ŉ beklemtoning van die betrokkenheid van die verwant= skapsgroepe by die sluiting van die huwelik. Die stigterslede word as 't ware deur die twee familie= groepe uitgekies om ŉ huwelik aan te gaan. Dus is dit ŉ verbintenis tussen twee familiegroepe en gee dit daartoe aanleiding dat daar reeds by die ver= lowing ŉ element van binding aanwesig is. Sodra daar konsensus oor die wenslikheid van die huwelik bereik is, kan die verlowing alleenlik verbreek word deur die toestemming van beide verwantskapsgroepe.

- Die gedagte van betrokkenheid van die familiegroepe by die huwelik word verder uitgebrei na die eerste huweliksplegtigheid, waarna sodanige goedkeuring deur dié gemeenskap vir die huwelik bestaan dat ŉ aanvang gemaak kan word met die voortbrenging van kinders.

- Die kind is dus alreeds sodanig geborg in ŉ eenheid wat nie sonder meer kan verbrokkel nie. Die ver= bintenis tussen die man en vrou word verder versterk deur die eenderse kultuuringesteldheid van die huweliksmaats. Sou hulle alleenlik getrou het uit hoofde van ŉ romantiese toegeneentheid teenoor me= kaar, kon dit moontlik na ŉ kort tydjie verbrokkel het onder die aanslae van verskille in gedrag, lewensbenadering en waardesisteme.

- Die oorhandiging van bogadi bring mee dat die vrou nie sonder meer die man sal verlaat nie, want sy voel dat haar verpligtinge nou teenoor die familie= groep van haar man nagekom moet word. Die man sal

ook nie sonder meer die vrou verlaat nie, want dit kan meebring dat sy familiegroep stappe teen hom sal neem, omdat hulle die bogadi gelewer het ten einde die vrou se baarvermoë vir die familiegroep te bekom.

- Sou die skrale moontlikheid van ŉ egskeiding ver=werklik, is die kinders nogtans verseker van eko=nomiese geborgenheid, daar hulle by die man se familiegroep kan aanbly waar hulle verseker is van versorging.

- Sou een van die twee huweliksmaats te sterwe kom, kan ŉ plaasvervanger deur die gestorwene se familie=groep verskaf word. Sodanige persoon, hetsy die jonger suster van ŉ gestorwe vrou of die jonger broer van ŉ gestorwe man, dra uit hoofde van die verwantskapsverband die belange van die kinders op die hart.

- Sou albei ouers te sterwe kom, word die kinders versorg deur die man se familiegroep in wie se loka=liteit hul alreeds woon.

Die familiegroepe is dus intens betrokke by die vereniging van ŉ man en vrou ten einde ŉ gesins=eenheid tot stand te bring. Die familiegroepe se betrokkenheid dui op die beginsel van wedersydse verpligtinge en voorregte, want die pasgetroudes is in ŉ sekere mate moreel verplig om kinders in die wêreld te bring. Die familiegroepe is selfs bereid om plaasvervangers te verskaf ten einde dié lewens=funksie van die vereniging tussen man en vrou te verwerklik. In ruil vir die voortsetting van die afkomslinie is veral die man se familie daarop inge=stel om die kinders se veilige bestaan te borg.

Die jongeling wat in dié veilige sosiale, ekonomiese en geestelike wêreld opgroei, is op sy beurt bereid om homself te onderwerp aan die tipe huwelik ten einde die eie kinders eendag dieselfde geleenthede te bied. Dat die werklikheid rakende die kind se veiligheid sekerlik soms ver verwyderd was van dié ideaal, veral gesien teen die agtergrond van natuur=like teenspoed en stamoorloë, is nie te betwyfel nie. Die afleiding kan egter met veiligheid gemaak word dat die huwelik onlosmaaklik verbind is aan die organies-geïntegreerde sosiale organisasie.

## 2.4 Dood en begrafnis

As gevolg van die organiese aard van Tswana-sosiale orga=nisasie, is die afsterwe van 'n persoon 'n gebeurtenis wat die struktuur in wese raak. Die leemte wat as sodanig ontstaan, kan gevul word deur gebruike soos die opvolging, sororaat of leviraat gebruik. Tog gaan die dood gepaard met rituele wat dui op die ernstige ontwrigting wat die afsterwe van 'n persoon ten opsigte van die geborgenheid van die agtergeblewenes veroorsaak.

- Ten tye van die afsterwe

Sodra daar goeie rede bestaan dat die persoon nie sal herstel nie, word alle jongmense weggestuur, sodat net die oumense teenwoordig is. (Schmidt, 1976, p.17). As die persoon gedurende die nag te sterwe kom, word 'n bees geslag en die gestorwene word in dié bees se vel toegedraai.

- Die begrafnis

Teraardebestelling geskied gewoonlik dieselfde nag van die dood. As die oorledene 'n man was, word die

lyk in ŉ gehurkte posisie in die beeskraal begrawe.*
In die geval van ŉ vrou word die lyk ook in ŉ gehurkte posisie begrawe maar dan in die lapa. Die graf word direk na teraardebestelling so opgevul dat die presiese plek nie deur kwaadwillige towenaars gekry sal word nie. Schapera (1938, p.59) dui die volgende aan ten opsigte van ŉ stamhoof:

> "The grave was then sprinkled with medi= cines. For some time afterwards men slept every night at the kgotla, so that no enemy of the tribe could get at the corpse and use it to bewitch the people; while every evening many cattle were driven into the kraal to tread over the grave and gradually obliterate its exact locality."

Die graf bestaan uit ŉ gat van plus-minus anderhalf= meter diep. Die gebruik bestaan om ŉ nis in die wand te maak, waarin die lyk dan geplaas word. Hier= die nis word dan verseël met klippe en die graf, wat lyk of dit leeg is, word opgevul. Dit is ook gebruik= lik om die artikels wat kenmerkend is van die persoon se bedryfslewe in die graf te plaas.

* Ten opsigte van die baRolong merk Schüler op dat die lyk nooit deur die gewone opening in die lapa-omheining gedra word nie, maar wel deur ŉ opening wat aan die agterkant vir dié doel gemaak word.

- Die agtergeblewenes

Die dood van 'n persoon word gou rugbaar as gevolg van die klaagween* wat deur die vroue aangehef word. (Schüler, 1965, p.265). Mans het as 'n reël na die kgotla gegaan om na te dink oor die gestorwene. (Schmidt, 1976, p.13). Sou 'n persoon na die gestorwene kom verneem, is daar ook aan hom gesê dat die as al bymekaargeskraap is, wat beteken dat die bees wat geslag is, opgeëet is en die afvalstukkies verbrand is. Die bees staan bekend as kgomo ya mogòga en is simbolies geslag as teken van die sterfgeval. Die oorledene word in die vel toege= draai en die vleis moet ongesout deur die aanwesiges geëet word. (Coertze, 1971, p.311).

In gevalle waar die lyk nie dadelik ter aarde bestel word nie, kan 'n nagwaak volg, waarby nabyverwante teenwoordig is. (Schüler, 1965, p.235).

Na 'n sterfgeval is die onmiddellike aanwesiges as on= rein beskou. 'n Magiër word ingeroep en die persone wat aanwesig was, word seremonieel gereinig.

- Die rouperiode

Selfs na die aanvanklike reinigingseremonies word 'n weduwee of wewenaar nog as onrein beskou. So 'n per= soon hou 'n gevaar vir die res van die stam in en as hy of sy in die stat of elders rondbeweeg, is dit gebruiklik om die blare van 'n sekere bol (mogògo) vooruit te strooi. Mans se hare word deur hulle skoonfamilie geskeer en daar word verwag dat mans sowel as vrouens enige geslagtelike omgang gedurende die rouperiode sal vermy.

* 'Klaagween' word as term gebruik om die eiesoortige toon van die tradisionele geweeklaag te omskryf.

Na afloop van die rouperiode, wat volgens Schapera tot 'n jaar kan duur, word die persoon weer seremonieel gereinig. Sou die persoon betrokke raak in 'n geslag=telike verhouding, moet albei die persone 'n seremoniële verbintenis, wat deur 'n magiër uitgevoer word, deurloop.

- Die verhouding van die jeug tot die dood en begrafnis

  Dit is opmerklik dat die jeug weerhou word van deel=name aan die gebruike wat die dood omhul. Enersyds is die gedagte om die jonger geslag te beskerm teen die demoraliserende effek wat die afsterwe van 'n mede=lid van 'n verwantskapsgroep kan hê. Andersyds moet die afsterwe van 'n persoon in die tradisionele kultuur in perspektief met die godsdiensvorm geplaas word:

  - By afsterwe beteken dit nie die einde van 'n persoon se invloed op sy medemens nie. In der waarheid is dit 'n oorgangsritus van die wêreld van die lewendes na dié van die voorouers. Dit beteken dat daar in noue kontak gekom word met die bonatuurlike wêreld. Ongeïnisieerdes word nie toegelaat om aktief aan dié godsdiensuiting deel te neem nie.

  - Persone wat in direkte aanraking met die gestorwene ten tye van die dood was, word as onrein beskou. Sodanige onreinheid hou gevaar in vir die lewendes en dit geld veral vir jong mense wat potensiële ouers kan wees.

## 2.5 Erf en opvolging

Na die dood van 'n persoon tree daar sekere tradisionele reëls ten opsigte van sy nalatenskap in werking. Hierdie nalatenskap kan uit 'n statusposisie of goedere bestaan. 'n Afwyking van die bestaande gedragskode in verband met

erf en opvolging is uitermate gering. ŉ Persoon kan wel in so ŉ geval die stamhoof nader om sake reg te stel. (Schapera, 1938, p.230). Dit gebeur dat ŉ persoon dikwels voor sy dood sy testament bekend maak en ná sy afsterwe behoort sy wense eerbiedig te word. Wat egter duidelik is, is dat nalatenskap saamhang met status, goedere, en die geslag van die gestorwene.

- Die boedel van ŉ getroude man

  Die berekening van afkoms in die manlike linie raak die erf- en opvolgingsreg. Breë riglyne wat hier geld, dui op die oudste seun van ŉ man by sy hoofvrou as hooferfgenaam en opvolger:

  - Opvolging en die erf van goedere

    Elke manspersoon vorm ŉ skakel in die afstammings=linie by geboorte. Dit is egter sy posisie ten opsigte van ander seuns in die hut van sy moeder en sy moeder se posisie ten opsigte van ander vroue in die huis van sy vader wat sy opvolgreg raak:

    > "Naas die oudste seun van die hoof=vrou in die hoofafstammingslyn, is daar ook sy mindere broers uit daar=die huis. Elkeen is die aanvang van ŉ sylinie wat aan die hoofafstammings=lyn gebind is en status het bo die hoofsylinie uit ŉ tweede hut deur die oudste seun in daardie hut. Die min=dere broers in dié hut lewer sylinies van die tweede hut wat aan die hoof=sylinie uit daardie hut gebind is. Die posisie van die oudste seun in elke hut gee hom ŉ posisie van gesag .." (Coertze, 1971, pp.257 - 258).

Dié aanvaarde opvolgingsreëls beteken dat 'n gegewe rol in die verwantskapsgroepstruktuur alreeds by geboorte aan 'n persoon toegeken word. Afgesien van die status wat enige man kan geniet as hoof van die gesin wat hy deur huweliksbetreding skep, kan hy dus deur sy geboortereg die status van familie=groephoof, <u>kgoro</u>-hoof of stamhoof(of al drie) by afsterwe van sy vader ontvang.

By die afsterwe van 'n man erf sy oudste seun uit die hoofhut alle eiendom wat nie toegewys* is nie. Eiendom wat aan 'n hut behoort, word teoreties deur die oudste seun in daardie hut geërf. Solank sy moeder nog leef, het sy volle vruggebruik van die eiendom. As die seuns nog minderjarig is, word die boedel deur die oorledene se jonger broers gead=ministreer. Laasgenoemde beoefen gewoonlik ook die leviraatgebruik en die oorledene se weduwee(s) bly onder die gesag van sy jonger broers, solank sy/hulle by die man se familiegroep aanbly.

Enige huishoudelike benodigdhede binne 'n hut word as die eiendom van die vrou beskou en vorm deel van haar eie nalatenskap by afsterwe. Persoonlike besit=tings van die man, buiten bedryfsgereedskap en wapens, word deur die oorledene se moeder se broer (<u>malome</u>) geërf. Sou hý alreeds oorlede wees, gaan dit na sy senior manlike nasaat.

- Afsterwe van 'n vrou

As 'n getroude vrou te sterwe kom, is haar oudste dogter die hoofaanspraakmaker op goedere wat tradi=sioneel aan 'n vrou se bedryfslewe gekoppel word. Dit sluit meestal die huishoudelike benodigdhede in, en die oudste dogter moet weer voorsiening daaruit maak vir háár jonger susters.

* Elke vrou ontvang beeste en landbougrond van haar eggenoot by huweliksluiting vir die gebruik van haar (en haar hutgenote). Grond wat nie toegewys is nie word vir die gesin as geheel be=werk.

Enige beeste en grond wat gedurende haar leeftyd aan haar hut toegewys is, kom weer onder beheer van haar man. Hy hou dit egter slegs in trust en mag dit nie vervreem of aan ŉ ander vrou toewys nie. Sodra hy te sterwe kom, erf haar kinders dit volgens die reeds beskrewe prosedure.

- Kinderlose persone

In die geval van ŉ man wat sonder nasate sterf, gaan die eiendomsreg van sy boedel op sy jonger broer oor. Laasgenoemde kan die leviraatgebruik by die gestor= wene se weduwee beoefen en die kinders wat uit dié vereniging gebore word, word as die gestorwene se kinders beskou en erf soos reeds beskryf is.

As die oorledene ŉ vrou is, moet die goedere wat sy van haar eie familie gekry het, na hulle terug= gaan. Dit is egter moontlik dat haar man die beeste en grond wat hy aan haar toegewys het, kan terugneem. Sou hy ŉ seantlo van haar familie ontvang, verkry sodanige stutvrou vruggebruik van die toegewese eien= dom. Enige kinders uit so ŉ plaasvervangerooreenkoms erf dan soos reeds beskryf is die goedere van daardie hut.

- Afsterwe van ongetroude persone (Schapera, 1938, p.236).

Alhoewel navorsers waarsku teen veralgemening, kan die volgende algemene riglyne aangedui word:-

As ŉ ongetroude man te sterwe kom, word sy besit= tings, soos beeste en gebruiksartikels, die eiendom van sy vader. Indien sy vader reeds te sterwe gekom het, is sy jonger (gekoppelde) broer die erfgenaam. Gewoonlik kom sy gekoppelde broer in aanmerking as erfgenaam van sy eiendom indien sy vader later sou sterf.

As die oorledene ŉ vrou is, erf haar susters alle huishoudelike benodigdhede. Die moontlikheid be= staan ook dat haar moeder dit kan erf, en na afsterwe van laasgenoemde kan die susters as begunstigdes in aanmerking kom vir hulle gestorwe suster se goe= dere. Enige beeste wat haar vader vir haar gegee het terwyl sy nog geleef het, gaan terug na hom, en by sy afsterwe, na haar gekoppelde broer. As die ongetroude vrou alreeds kinders gehad het, word hulle as uiteindelike erfgename in aanmerking geneem.

- Die verhouding van die jeug tot die erf- en opvolgings= reëls

Die algemene strekking van die erf- en opvolgingsreëls is tot groot mate ŉ weerspieëling van die sosio-ekonomiese organisasie.

Dié organisasie maak tradisioneel nie voorsiening vir ŉ wye spektrum van rolle en keuses ten opsigte van die wyse waarop ŉ bestaan gemaak sal word nie. Alhoewel dit moontlik is om aansien in die gemeenskap te geniet as gevolg van eie bekwaamheid of gunswenning van se= niors, is dit bykans onmoontlik om deur opleiding of 'stemmewerwing' ŉ veel anderse posisie en bestaanswyse as dié van die vader of moeder te bekom.

Die jeug is dus afhanklik vir ŉ toekomstige geborgen= heid van die direkte oordrag van die sosio-ekonomiese organisasie. Tradisioneel word daar dus nie in die= selfde mate as wat dit in die 'moderne' tegnologiese kulture die geval is druk op die jeug rakende ambisie en beroepskeuse geplaas nie.

3. Godsdiensvorm (Vergelyk van der Walt, 1976, Hoofstuk 2)

Die ingesteldheid van die Tswana in sy tradisionele kultuur= milieu teenoor die kragte wat sterker as die mens is, ver= toon sekere kenmerkende eienskappe van Afrikagodsdiensvorme:

- Die sosio-ekonomiese organisasie vind weerklank in die godsdiensvorm.

- Die term 'animisme' is van toepassing op dié godsdiens= vorm. Dus word die voorwerpe in die kenwêreld beskou as begeesterd. (Van der Wateren, 1980, p.98; Van der Walt, 1976, pp.41 - 47).

- Die betekenis wat aan voorouergeeste, demigode en dies meer geheg word, hang saam met die element van animisme.

- Die lewens- en wêreldbeskouing wat onderliggend aan die godsdiensvorm is en as ŉ 'teologie' beskou kan word, kan verrassend diepsinnig wees en by ander tye bloot ŉ bewustheid blyk te wees van die bonatuurlike, wat gegrondves is op vrees.

- Voorouerverering

  Reeds by die begrafnis van ŉ persoon is dit duidelik dat die persoon se voortbestaan in ŉ abstrakte sin nie eindig nie. Vergelyk Brown (1926, p.69) in die verband:

> "While they do not believe in a carnal resurrection, they have an implicit faith in the continuance of the per= sonality of the spirit."

Vir ŉ Tswana gaan die gees van die gestorwene na ŉ wêreld waar hy of sy bloot die aardse bestaan voortsit. Daarom word sekere artikels wat ŉ kenmerk van die oor= ledene se aardse bestaan was, saam in die graf geplaas. ŉ Man gaan om sy grootvader se beeste op te pas, terwyl ŉ vrou voortgaan om landerye te bewerk.

Daar word geglo dat gestorwenes die mag het om die agtergeblewenes te vervloek of te seën. Veral moet die lewendes daarop bedag wees om nie die voorvadergeeste se afkeur te wek nie. Sou dit nie na wense met ŉ per= soon gaan nie, is die eerste gedagte wat by hom opkom dat hy moontlik dit wat die voorvaders as goeie gedrags= reëls beskou, oortree het. Sou dit dus gebeur dat ellende die lotgeval van ŉ Tswana is, sal hy deur middel van offergawes en gebede aan die voorvadergeeste probeer om die verhouding reg te stel.

Dit wil voorkom of die sosiale struktuur in die wêreld van die gestorwenes bly voortbestaan, en dit is ook by die verontagsaming van sosiale gebruike deur die lewendes wat eersgenoemde se argwaan opgewek word. Ten tye van ŉ groot droogte sal die hele stam bymekaarkom om offer= gawes en gebede tot die stamhoof se voorvadergeeste te rig:

> "Formerly the chief's ancestors had an important function in the prayers and the sacrifices for rain and good crops." (Breutz, 1955, p.75).

ŉ Duidelike hiërargie ten opsigte van voorouerverering kan onderskei word. So word dit van die gesinshoof ver= wag om as tussenganger tussen lede van sy gesin en sy voorvaders op te tree. (Van Zyl, 1969, p.151). Die

hiërargie word voortgesit deurdat 'n familiegroephoof vir lede van die familiegroep tussenbeide tree. Dit is dus logies dat die stamhoof, in sake rakende die hele stam se heil, by sy voorvaders as bemiddelaar sal optree.

Brown (1926, p.99) stel dit dat voorouerverering selde die vorm van liefdesdiens aanneem maar eerder 'n geval is van vrees en ontsag. Die vrees vir 'tugtiging' blyk 'n sterk invloed uit te oefen op die instandhouding van tradisies en gewoontes. Dit kan aangeneem word dat dié tradisies en gewoontes as 'n nalatenskap van die gestorwenes beskou word en dat onverskilligheid die gramskap van die voorvadergeeste sal opwek.

- Demigode (Van der Walt, 1975, p.174; Van der Wateren, 1980, p.99).

  Sekere bonatuurlike wesens soos die voorouergeeste en die totemdiere toon 'n eksklusiewe aard, want elke gesin of familiegroep het sy eie voorvaders, terwyl die totem gekoppel word aan 'n afkomslinie. Daar bestaan egter ook wesens wat deur alle Tswanas gehuldig word en dus nie as familiegode of afkomsliniegode beskryf kan word nie. Die term waarmee die Tswanas dié demigode aandui is <u>medimo</u>. Die belang wat aan die demigode geheg word, wissel van skepperfigure, kultuurhelde tot vreesfigure en selfs beskermers teen sekere gevare:

  - Cosa

    Hy bepaal die lotsbestemminge van die mens. Die wese figureer sterk in die inisiasieplegtigheid.

- Loowe*

  Hy is die wese wat dikwels aangetoon word as die oor= spronklike skepper van die Tswanas en die oorspronk= like kultuurgewer. Die mite rakende die spore van diere in die rotse rondom die watergat te Mochudi (in Botswana) gee 'n duidelike inkleding aan dié skeppingsrol van Loowe (Thobega en Matsieng word soms ook aangegee as die skepper). (Breutz, 1953b, p.68).

- Thobega**

  By sekere stamme word dié wese aangedui as die opper= wese, terwyl hy in ander gevalle beskou word as kultuurgewer en reënmaker.

- Tintibane

  Dié wese word ook soms aangedui as opperwese. Min is egter oor hom bekend.

- Matsieng***

  Daar bestaan verwarring by sommige stamme oor die verhouding tussen Matsieng en Loowe. In sommige ge= valle word Matsieng aangedui as die vader van Loowe, wat laasgenoemde uitgestuur het om die skeppingswerk te doen. (Breutz, 1957, p.101).

- Nape

  'n Bewaker van verwagtende vroue.

* Lòwè (Brown, 1980).
** Thobèga a Phacwe (Brown, 1980)
*** Matsieň (Brown, 1980)

- Dingwe*

  ʼn Vreesaanjaende figuur wat vergelykbaar is met die Tikoloshe van die Xhosas. Tradisioneel is Dingwe ʼn wese wat die mens kan beset en aanspoor tot nega= tiewe gedrag. Tog wil dit voorkom of dié inkleding vervang is met die inkleding van ʼn kinderpaaiboelie. (Van der Wateren, 1980, p.99).

  Die inkledings wat aan die wesens toegeken word, wissel van stam tot stam en by sommige bestaan daar selfs geen kennis oor sommige van die wesens nie.

- Die opperwesebegrip

  Afgesien van die geloof in voorvadergeeste en demigode, is daar ʼn opperwesebegrip te onderskei. Die begrip is egter nie te vergelyk met die plek wat aan ʼn opperwese= begrip in ʼn monoteïstiese religieuse uitdrukking gegee word nie. Diens ter verering van die opperwese word selde aangetref.

  Volgens Brown (1926, p.113) word die opperwese (modimo) beskryf in terme wat dui op ʼn alomteenwoordige krag en skepper van die heelal. Dit wil voorkom of modimo op ʼn vlak is waar hy hom nie met onbenulighede bemoei nie. Hy word gewoonlik as die oorspronklike skepper van hemele en aarde voorgestel. Daar word egter terselfdertyd geglo dat hy afgesonderd en ontoeganklik iewers in die uitspan= sel bestaan.

  Dié algemene opmerkings is ook op die tradisionele Tswana-kultuur van toepassing. Die volgende kan ter aanvulling genoem word:

* Diñwe (Brown, 1980)

- Die blote noem van die woord modimo is uiters laster= lik, daarom word daar eerder gebruik gemaak van 'n voornaamwoord.

- As daar kontak met modimo benodig word, sal 'n voor= vinger, wat natgelek is, in die lug gesteek word, in plaas van om die naam aan te roep.

- Dit is egter net in uiterste noodgevalle dat die opperwese geken word. Dit is nie 'n teken van mis= kenning nie, maar die kenmerk van 'n aanwesigheid van ander wesens wat eers genader kan word.

- 'n Bekendheid met modimo kom na vore as verklarings gegee word vir die talente van mense en die manifes= tasie van edel gebare.

- Die woord modimo kom voorts tot uiting in seënwense aan 'n reisiger voor sy vertrek en smekinge of bedan= kings vir genade.

- Stamhoofde en magiërs hef soms prysliedere aan om modimo te vereer.

- Dit is van belang om te let op die aanduiding van 'n groter bekendheid met modimo by die ouer geslagte. (Brown, 1926, pp.113 - 125).

- Totemisme

Die vorm wat totemisme onder die Tswana aanneem, is in die kader van die mitologie te lees. (Van der Wateren, 1980, p.100; Van der Walt, 1975, pp.247 - 268). Die totem vorm die simbool van 'n sosiale groepering wat in teorie die stam (morafe) is. (Van der Walt, 1975).

Tussen die stamlede of totemgroep bestaan daar ʼn mis=tieke band met ʼn dier, gebeurtenis of mineraal wat in die verlede sekere geluk vir die stam of stamstigter meegebring het.

Eerbiediging van die totem kom in rituele danse tot uiting. Die taboebepaling ten opsigte van skadeberokke=ning van ʼn totemdier word streng nagekom. As ʼn persoon besondere respek verdien, word hy op sy groep se totem=naam aangespreek.

- Die magie (Van der Wateren, 1980, p.107; Van der Walt, 1975, pp.175 - 187).

  Die geloof in kragte wat deur die mens gemanipuleer kan word deur spreuke, dolosse en medisyne, vorm deel van die res van die religie, tog is dit duidelik onderskei=baar. Die sosiale element is sterk aanwesig in die magie, daar dit aangewend kan word om die emosionele spanninge tussen lede van dieselfde groep te neutraliseer. Die magie vertoon ʼn goedwillige én ʼn kwaadwillige element. So kan dit aangewend word om ʼn persoon 'skade' te berok=ken, terwyl dit ook aangewend kan word om die skade te verhoed of in samehang met ander fasette van die gods=diens, om voorspoed te bewerkstellig.

  Die Tswana as gewone stamlid besit ʼn relatief goeie kennis van die gebruike wat met magiese rituele saam=hang, tog is die ware kenner van dié gebruike die magiër.* Die magiër (<u>ngaka</u>) word as ʼn spesialis op ʼn sekere gebied van die magie beskou, en stamlede nader hom as sekere 'resultate' begeer word. Kortliks kan die rol van die magiër soos volg beskryf word:

* Dié term word in die betrokke studie gebruik in die plek van die term 'toordokter', wat ʼn misleidende konnotasie bevat.

- Hy (daar is ook die moontlikheid dat dit ŉ vrou kan wees) spesialiseer ten opsigte van die aard van die metodes wat gebruik word, asook in sommige gevalle die 'resultate' wat begeer word. So word magiërs aangetref wat gebeure in die toekoms kan voorspel, siektes met medisyne kan genees, sekere resultate kan bereik met medisyne of die oorsaak van sekere gevolge kan aandui met die interpretasie van dolosse. In samehang met bekendheid vir een of ander metode is daar dan diegene wat spesialiseer in die 'maak' van reën, of wat as die stamhoof (wat self beskou word as ŉ magiër) se 'amptelike' magiër bekend staan.

- Die magiër word genader deur persone wat die onbe= kende trag te beheer en ontvang gewoonlik vergoeding in die vorm van vee, graan en ander lewensmiddele. Tradisioneel is dit een van die min beroepe wat ge= volg kan word. Toelating tot opleiding geskied eg= ter volgens streng vereistes en die gedragskodes van die beroep word streng beheer deur bestaande magiërs. Die rol van die magiër is ŉ belangrike faset van die tradisionele lewe en impliseer ŉ stabiliserende effek. Daarteenoor staan die towenaar (<u>moloi</u>), wat trag om skade te berokken deur die negatiewe inspanning van die voorwerpe waarmee die animistiese kragte beheer word.

Die negatiewe aanwending van bonatuurlike kragte is ŉ verskynsel waarteen elke Tswana moet waak. Die magiër word deurgaans ingespan om towenaars aan die kaak te stel en die straf by skuldigbevinding is ge= woonlik die dood.

- Godsdienstige seremonies

Seremonies wat verband hou met die godsdiensvorme van die Tswana kan verskeie vorms aanneem ten opsigte van die aard en die hoeveelheid persone wat daaraan deel=neem. Die seremonie kan bestaan uit gebede, offerandes en die plasing van medisyne of artikels wat as sodanig 'gedokter' is. Vergelyk Breutz (1955, p.76) ten opsigte van ŉ seremonie waarby die hele stam betrek is en gebede en offerandes deel vorm van die verrigtinge:

> "In ancient times the people gathered at Setlhatlhwe, led by the chief. They brought food for the ancestor spirits and a beast, called <u>kupe</u>. The beast was not slaughtered but left at this place as no man's property. The chief beseeched the spirits for their help in the troubles which had befallen the tribe, such as drought, locusts, epi=demics etc."

Daar word geen melding gemaak van tempels en altare nie, tog is plekke van offerande en gebed as tydelike heilige plekke beskou. Die beeskraal waarin mense begrawe word, word ook gebruik as ŉ plek vir aanbidding.

Verskeie seremonies wat saamhang met magiese reiniging en versterking word uitgevoer en is vervleg met die daaglikse gebeurtenisse:

- Ten tye van geboorte, inisiasie, huweliksluiting en dood word persone gereinig en versterk deur die aan=wending van medisyne wat met of sonder die hulp van ŉ magiër uitgevoer word. So is dit ook vervleg met die bestaanswyse en materiële kultuur.

- Wanneer ŉ nuwe stat aangelê word, is dit gebruiklik om eers medisyne te begrawe. Die bou van ŉ hut kan ook nie plaasvind voordat die nodige versterkende medisyne begrawe is nie.

- Wapens word versterk en die vertrek op ŉ militêre avontuur of jag gaan gepaard met rituele en offer= andes.

- Wanneer daar begin word met die landbouseisoen, moet daar sekere rituele nagekom word en die 'eerste vrugtefees', as die oes gereed is, is ŉ belangrike gebeurtenis.

- Die plek van die jeug in die godsdiensvorme

Die effek van die religieuse inslag van die volwassenes word alreeds deur die pasgebore baba aangevoel. Alhoewel hy nie op daardie stadium sodanig bewus is daarvan nie, word die reinigingseremonies en taboes sodoende reeds van jongs af deel van die latere volwassene. Die kenmerk van die godsdiensvorm wat aan die jeug oorgedra word en ook sterk beklemtoon word, is die vrees vir die bonatuur= like. Deelname aan die praktyke rondom die godsdiensvorm is as ŉ reël nie vir ongeïnisieerdes beskore nie. Dit versterk verder die jongeling se indruk dat die godsdiens ŉ uiters gewigtige saak is. In die volgende gevalle dan, ervaar die jongeling die effek van die godsdienstige be= drywighede:

- By geboorte

  Dit is tydens die tydperk kort na geboorte dat die kind versterk moet word teen enige kwaadwillige towery. Sekere taboes geld tot in die kleuterjare en medisyne word gewoonlik om die nek gedra vir beskerming.

- Tydens kinderleeftyd

In die kinderjare ondergaan die Tswana 'n informele skoling in al die fasette van die godsdiens. Die vertellings van die ouer mense beklemtoon die belang=rike rol van die mitologie. Die karakters en kragte in die legendes, sagas en fabels is gewoonlik bona=tuurlike wesens en die religie word in der waarheid in sy hele spektrum oorgedra. (Van der Walt, 1975, pp.248 - 285). Die volwassenes hou streng toesig oor die nakoming van taboes en die betoning van res=pek teenoor bonatuurlike wesens wanneer daar na laas=genoemde verwys word.

- Die inisiasie

Tydens die inisiasieplegtigheid word die jongeling formeel onderrig in die verskillende vertakkinge van die religie. Die inisiasieplegtigheid vertoon 'n duidelik onderskeibare religieuse karakter, soos die vele taboes, godsdienstige seremonies, prysliedere aan die gode en die rol van die magiër sal getuig.

- Die tydperk vanaf inisiasie

Die voorouers en selfs die magiër sal deur middel van die aangewese senior genader word; tog word die jongman (of vrou, alhoewel die man gewoonlik die religieuse leier is) al meer en meer by die aktiewe deelname aan die religieuse uiting betrek met dat hy ouer word.

Die geïntegreerde aard van die godsdiens met die sosiale en ekonomiese lewe van die Tswanas veroor=saak dat die jongeling ook in sy of haar weerbaar=making deeglik toegerus moet word met die geborgen=heid wat uit die religieuse uiting voortspruit.

## 4. Die ekonomiese geborgenheid

Die mens is as kultuurskepper ingestel op die beheersing van sy natuurlike omgewing ten einde in sy stoflike behoef= tes te kan voorsien. Vanuit hierdie beheersing word die sekuriteit verkry wat nodig is om in geborgenheid aandag te gee aan ander lewensfunksies. Die mens is ook ingestel om nie net aan die eie geborgenheid aandag te gee nie maar ook aan die afhanklikes wat nie oor dieselfde kombinasie van fisiese krag en intellek beskik nie.

Die Tswanas is vir ekonomiese geborgenheid van 'n agrariese bestaan afhanklik, dit wil sê die bestaan word direk op die natuur gegrondves. Die afwesigheid van sekondêre in= dustriële bedrywe noop die individu dus om aangewese te wees op 'n korttermyn oorlewingstryd. Die aard hiervan word vervolgens vollediger uiteengesit:

### 4.1 Bedryfslewe

Die tradisionele bedryfslewe van die Tswanas is gesentreer om 'n bestaansekonomie, wat uitdrukking vind in landbou, jag en veeteelt. Geen ingewikkelde handelskonsep word gevind nie, en 'n gesofistikeerde tegnologie is eweneens afwesig. Daar kan gestel word dat die bedryfslewe teen die agtergrond gesien moet word van die rondtrekkende aard van die Bantoevolke in die algemeen en die Tswanas in die besonder. (Brown, 1926, p.19). Alhoewel die Tswanas nie geklassifiseer kan word as nomade in die sin wat die Touaregs van die Saharawoestyn is nie, het die oorloë tussen stamme en tye van droogte hulle tog genoop om dik= wels te 'verhuis'. Die blote feit dat die moontlikheid bestaan dat daar van woonplek verander sal word, het nood= wendig 'n remmende effek op die uitbreiding van bedrywig= hede gehad.

Daar moet gelet word op die verband tussen die stamorganisasie en die bedryfslewe. Van der Wateren (1974, p.182) se uiteensetting is tiperend:

> "Verder is dit te koppel aan die organiesgeïntegreerde lewe binne die stamverband. Daarom was die bestaansmiddele van almal in die stam, met inagneming van die bestaande sosiale verskille, min of meer dieselfde. Omgekeerd is die stelling eweseer geldig dat, weens die eenvormigheid in die bestaansmiddele of besittings, (behalwe in die geval van die stamhoof en hoofmanne) die bedryfspatroon van al die lede in die gemeenskap min of meer dieselfde was."

Die gesin vorm ꞌn ekonomiese kern in die opsig dat die produksie van voedsel en enige bedryfsartikel om die bestaan van die eenheid wentel. As gevolg van genoemde organiese geïntegreerdheid is die lede van elke eenheid binne die stam altyd gereed om medelede te help. ꞌn Arbeidsverdeling ten opsigte van die bedryfslewe berus op geslagsverskille. So word die man gekoppel aan die veeteelt en jag, terwyl die vrou haar by landbou bepaal.

Enige vorm van bedryf wat afhanklik is van die elemente moet in perspektief daarmee geplaas word. Die habitat van die Tswanas is oorwegend beeswêreld, as gevolg van die grasgewasse wat volop voorkom. Dit is gevoelig vir oorbeweiding en as gevolg van ꞌn kombinasie van droë wintermaande[x] en ꞌn relatief lae reënval, raak dit gou ongeskik

x Gronderosie tree gou in waar die nodige gewasse om die grond te bind ontbreek. Gedurende Augustus/September waai die wind baie van die vrugbare bogrond weg en na die eerste reëns val, word die bogrond ook weggespoel.

vir weiding. Die wisselvallige reënval en die voorkoms van ryp veroorsaak dat landbou op 'n uitgebreide skaal moeilik is. Bogrondse water kom ook nie wydverspreid voor nie, en waar dit wel voorkom, is die tegniek van besproeiing relatief onontwikkeld.

- Veeteelt

  Alhoewel dit nie die enigste bestaansbron is nie, voor= sien vee in 'n groot deel van die Tswanas se daaglikse behoeftes. Hoenders voorsien die huishouding van vleis en eiers, terwyl skape en bokke nie slegs vleis lewer nie maar ook velle wat verwerk kan word.

  Dit is egter beeste wat die oorheersende rol in die veestapel speel. Die waarde van beeste word nie gemeet aan die verskaffing van die stoflike nie maar kom na vore in die rol wat beeste in die sosiale en religieuse lewe speel:

  - Dit vorm die vernaamste betaalmiddel.

  - Dit is die vorm waarin skadevergoeding geëis word.

  - Dit is die vorm waarin <u>bogadi</u> oorgedra word.

  - Die kontinuïteit van bates word van een generasie tot 'n ander daarin uitgedruk.

  - Dit is 'n uitdrukking van sosiale status:

    > "The possession of cattle is itself a source of status; a man's wealth is estimated mainly by the size of his herds, ..." (Schapera, 1953, p.23).

- Die religie is deurvleg met dié belangrikheid wat aan beeste gekoppel word. Die rol van die bees in die godsdiensvorm het al selfs aanleiding gegee tot teorieë wat dit wil hê dat beeste in die verre verlede deur die Tswanas aanbid was (Brown, 1926, p.92). Hoe dit ookal sy, word 'n bees as korrekte offerande by meeste godsdienstige seremonies gevind.

- Verskeie magiese rituele is daarop ingestel om beeste teen veesiektes (wat gewoonlik as die werk van towenaars (<u>baloi</u>) beskou word) te beskerm.

- Vroue word in aansluiting by die religieuse aspek nie toegelaat in die beeskraal nie, omdat hulle vanweë hul baarvermoë 'n 'onreinheid' op die beeste sal oordra. (Schüler, 1965, pp.289 - 299).

- Groot moeite word gedoen om beeste teen veediewe en aanvallers te beskerm. So sal die kraal in die middel van 'n groep hutte gebou word om dié doel te verwesentlik.

- Beeste vorm 'n belangrike motivering vir oorlogvoering en die periodieke stamoorloë was in baie gevalle net op die buitmaak van beeste gemik.*

Vir 'n bestaanswyse wat beeste of enige ander vee insluit, is weiding van groot belang. Enige grond wat as stamgebied beskou word, word deur die stamhoof onder stamdistrikshoofde en <u>kgoro</u>-hoofde verdeel. Die lede van

* Dit moet egter in samehang gelees word met die behoefte om as 'n dominerende stam gereken te word en die waarde van groot getalle beeste as uitdrukking van status.

die kgoro gebruik dan die toegekende veld vir weiding. As die weiding ver van ʼn man se woonplek is, word ʼn veepos opgerig waar hy en sy seuns langdurige tydperke deurbring.

Die verkryging van beeste en die uitbreiding van die kudde is ʼn belangrike strewe by ʼn Tswana. Metodes waarvolgens dit in die hand gewerk kan word, is die volgende:

- Die mafisa*-gebruik, waarvolgens beeste aan ʼn persoon geleen word.

  Die nut daarvan vir die eienaar is dat hy ʼn persoon kry wat van sy beeste vir hom versorg, terwyl die lener weer die beeste kan melk. Hy is egter nie geregtig op die natuurlike aanwas van die beeste nie, alhoewel die eienaar hom moontlik ʼn kalf sal gee as beloning.

- Die erfreg, waarvolgens beeste geërf word volgens sekere riglyne wat alreeds aangedui is.

- Die bogadi-gebruik, waarvolgens die vrou se familie beeste ontvang.

- Beeste kan as geskenke ontvang word of as betaling vir dienste gelewer.

- Ruilhandel is nie onbekend nie, dit is egter te be= twyfel of dit met ʼn winsoogmerk gedoen word.

- In die regstelsel word boetes met beeste betaal en skadevergoeding word gewoonlik in term van beeste bereken.

* Mahisa. (Brown, 1980).

- Beeste vorm een van die belangrikste aansporings vir strooptogte en oorloë.

- Jag

Metodes van jag kan ingedeel word in die individuele onderneming van 'n persoon wat trag om wild vir voedsel vir homself en sy gesin te verkry, en die georganiseerde jagtogte wat deur 'n stamhoof of mindere hoof op groeps=vlak onderneem word.

Ten opsigte van die jag as bedryfsaktiwiteit in die gewone stamlid se bestaan merk Van der Wateren (1974, p.186) die volgende op:

> "Nieteenstaande die redelik maklike bekombaarheid van wild het jag 'n aansienlike deel van die man se be=dryfsaktiwiteite uitgemaak en veel van sy tyd in beslag geneem."

So is die gewone stamlid vir 'n groot deel van sy pro=teïeninname van wildsvleis afhanklik. Velle en pelse van diere is ook belangrik by die vervaardiging van klere en slaapgoed.

Jagtogte word soms op georganiseerde basis aangepak en dan word 'n seremoniële kleur by geleentheid daaraan ook verleen. So kan die inisiante net voor die eindi=ging van die <u>bogwêra</u> op so 'n jagtog geneem word om hulle vaardigheid te bewys. (Schapera, 1938, p.106). Dit gebeur ook dat 'n roofdier skade onder die vee van die stam aanrig en besonder ontwykend blyk te wees. In so 'n geval sal die stamhoof 'n jag organiseer.

Die vernaamste wapen wat vir jagdoeleindes gebruik word is die spies, wat meebring dat die wild deur tegnieke van bekruiping of omsingeling benader moet word. Omdat die aard van die terrein die wild geweldig bevoordeel, is dit logies dat hierdie tegnieke van groot vaardigheid moet getuig alvorens die geringste sukses behaal kan word. Vangstrikke en die gebruik van honde het dikwels bygedra om wild te bekom.

- Landbou (Schapera, 1953, p.22)

Vir stapelvoedsel word grotendeels op landbou staatge= maak. Die stamhoof speel 'n leidende rol ten opsigte van die reëling van landbou-aktiwiteite. So is dit gebruiklik dat hy voorgaan by reënmaakseremonies, die aanvang van die saaityd en die eerste oesaktiwiteite.

Die bewerking van die grond word deur vroue waargeneem; mans doen slegs moeilike arbeid wat fisieke krag verg. Die man tree ook op as ondernemer in die landbou-akti= witeite. So besluit hy wat geplant moet word en in watter hoeveelhede. (Van der Wateren, 1980, p.87). Verskeie magiese rituele en taboes word nagekom om die oes teen voëls, insekte, siektes en hael te beskerm. Landbou figureer egter nie in dieselfde mate in die religie as beeste nie, alhoewel offers aan voorvader= geeste dikwels landbouprodukte insluit.*

Grond vir landboudoeleindes word volgens erkende gebruike verdeel, dus verdeel die stamhoof dit onder die kgoro-hoofde, wat op hulle beurt aan elke familiegroephoof sy deel gee. Gesinshoofde verskaf aan elke vrou 'n deel van hulle porsie, wat sy bewerk vir die onderhoud van

* "Many families leave an ear of mabele (kaffircorn) on the field after the harvest in honour of the ancestors ..." (Breutz, 1955, p.76).

haar en haar hutgenote. So 'n land word phatse* genoem en afgesien hiervan, hou die man 'n deel uit wat op gemeenskaplike basis deur al sy vrouens bewerk word. Die opbrengs behoort dan aan hom en hy verdeel dit na goeddunke.

Tipes grond wat gewild is vir bewerking is swart turf of sanderige rooi leem. Daar is ook gelet op die aard van die plantegroei voordat begin is met bewerking, dus is dele wat getuig van ondergrondse water verkies. Dit gebeur dat die aanleg van 'n nuwe stat saamval met die ligging en kombinasie waaruit goeie landbougrond bestaan.

Tradisionele gewasse wat onder andere genoem word (Schüler, 1965, pp.333 - 334) is:

- Koring (Latyn: sorghum vulgare; seTswana: mabèlè) waarvan pap gemaak asook bier gebrou word.

- Basoetobone (Latyn: vigna sinensis {Snijman, red. hoof., 1968} seTswana: dinawa). Naas sorghum vulgare is dit die vernaamste gewas wat verbou word.

- Pampoene (Latyn: lepidium myriocarpum {Mabille, 1924} seTswana: lephutsè). Die nie-volgroeide pampoentjies word dikwels saam met die ranke as gereg voorberei. Dit kan onderskei word van uitheemse spesies op grond van die swarterige kleur en langwerpige vorm.

- Waatlemoene (Afrikaans: maketane. Latyn: colocynthis citnilus {Snijman red. hoof., 1968} citrillus lanatus {Smith, 1966} seTswana: lekatane).

* Tshimo ya musadi. (Brown, 1980)

- Soetriet (Latyn: <u>sorghum dochna</u> (Smith, 1966); seTswana: <u>nché</u>, <u>nce</u> (Brown, 1980)) word slegs as ŉ lekkerny beskou en net op klein skaal verbou.*

  Sodra die oes gereed is, word die eerste vrugtefees gehou. Die fees staan bekend as <u>go loma thotse</u> of <u>go loma noaga</u> - om die pampoen of die jaar te byt. By die geleentheid word ŉ streng sosiale hiërargie gevolg, waarvolgens persone van die eerste vrugte kan eet. (Jensen, 1947, p.176).

  Nadat klaar geoes is, word gewasse soos <u>sorghum vulgare</u> langs die land uitgeslaan om die are te verkry, daarna word dit na die woonplek vervoer waar dit uitgewan word. Vir dié doel word van plat, ronde, gevlegte mandjies gebruik gemaak, waarmee die koring opgegooi word, sodat die wind die kaf kan wegwaai. Ten tye hiervan word daar ŉ bietjie koring uitgestrooi wat bedoel is vir die voorvadergeeste. Hierna word die graan in ronde vate van klei geberg of in groot ronde mandjies.

- Versameling

  Enige persoon wat ŉ agrariese bestaan maak, is aangewese op ŉ goeie kennis van dit wat eetbaar is.

  Onder die grondstowwe wat gesoek word is heuning, gom, veldvrugte en selfs klein diertjies en insekte. Geen beperking ten opsigte van gebied bestaan vir die versameling van dié grondstowwe nie. As ŉ reël behoort byeneste aan die grondeienaar.

* Volgens Breutz (1955, pp.53 - 57) se uiteensetting ten opsigte van landbouprodukte, bestaan elk van die genoemde soorte uit verskillende variante en subspesies.

4.2 Besit en verdeling van grond (Vergelyk Van der Wateren, 1980, pp.79 - 82).

Die grondgebied wat die tradisionele Tswana benodig, be= staan uit die area waarop sy hut(te) staan, landbougrond en weiveld vir vee, asook dit wat benodig word vir die hulpbronne in ʼn agrariese bestaan.

Soos reeds aangedui, word grond verdeel volgens die gesag= struktuur. Die stamgebied behoort as' t ware aan die stam, alhoewel die reg om dit te verdeel die voorreg van die stamhoof is.

Grond word dus verdeel op ʼn basis waarvolgens elkeen in die stam geregtig is op ʼn deel. Dit kan egter nie verge= lyk word met enige sosialistiese of kapitalistiese stelsel in die 'moderne' wêreld nie. Enige grond wat deur sy direkte hoof aan ʼn persoon toegeken word, behoort vir volle vruggebruik aan hom, hy kan dit uitleen of self aan ʼn ander persoon oordra en sy erfgenaam kan dit erf. Daar bestaan egter nie ʼn gebruik waarvolgens hy dit in die Westerse sin van die woord kan uitverhuur of verkoop nie, want sou hy dit op so ʼn wyse vervreem, ontken hy die oppergesag van die stamhoof oor die stamgebied. Vergelyk die volgende:

> "He cannot be deprived of his right to cultivate the land by anybody except the Chief, and then only under special circumstances .... He can, on the other hand transfer his rights over the whole or part of the land to his chil= dren, or to some other relative or friend, or he may lend the field out for an indefinite or specified period. In all these cases no payment is made to him, either in produce or in any other form of material consideration. He can= not, that is, sell or hire out the land ... (Schapera, 1938, p.205).

Enige oordrag of uitleen van grond moet aan die kgoro-hoof bekend gemaak word om toekomstige verwarring oor die vrug= gebruik uit te skakel.

Die riglyne wat hier aangedui is, word in verband met landbougrond deur Schapera (1938) genoem maar geld as basis vir alle toegekende grond. In die geval van wei= ding is daar nie ŉ verdeling ten opsigte van individue nie, maar ten opsigte van 'kgoro's', (dikgoro) wat die lede van die groep die reg gee om die bepaalde veld as weiding te gebruik. Die veeposte van die kgoro-lede is gewoonlik in die betrokke area en as ŉ reël behoort* die suipplekke naaste aan ŉ veepos aan dié betrokke persone.

Ten opsigte van jagregte bestaan daar geen private besit nie en solank ŉ man nie skade aanrig aan konstruksies en landerye nie, kan hy oral binne sy stamgebied jag. Geen toestemming is nodig om te jag nie, behalwe by sommige stamme waar ŉ inwoner van een stamdistrik die toestemming van die distrikshoof van ŉ ander distrik moet verkry as hy daar wil jag. Daar word egter van ŉ jagter verwag dat hy na elke jagtog ŉ deel van die opbrengs aan die stamhoof sal gee.

Enige natuurlike bronne kan deur die lede van die stam gebruik word om hutte te bou of om artikels te vervaardig. Sekere bome word nie afgekap nie, soos die wat as besker= ming naby die woonplek dien en sekere bome waarop ŉ taboe= beperking is. Die bome wat as taboe geklassifiseer is, mag, nadat die taboe deur die stamhoof opgehef is, afgekap

* Gebruik van die woord 'behoort' is hier in ŉ figuurlike sin en moet in die konteks van die gebruik van die natuurlike hulpbronne van die stamgebied gesien word, wat ook in die trust van die stamhoof is.

word. Die vrye toegang wat lede van ŉ stam het tot dit wat die natuur bied, moet gesien word teen die agtergrond van die afwesigheid van ŉ kommersialisering van natuur=like hulpbronne.

## 4.3 Woningbou en gebruiksvoorwerpe

Die materiële kultuur van die Tswana staan in noue ver=band met die sosiale organisasie en bedryfslewe.

- Hutbou

Die tradisionele Tswana-woning is ŉ sirkelvormige hut met ŉ grasdak. Om die konstruksie te bou is die vol=gende algemene metode gevolg:

> "Houtpale wat van bome verkry is in die veld, is in ŉ sirkelvorm geplant waarna dit toegepleister is met ŉ mengsel van klei en beesmis. Hierna is die dak-konstruksie opgerig in ŉ kegelvorm waarna dit met gras gedek is." (Van der Wateren, 1974, p.174).

ŉ Omheining is rondom die hut opgerig. Dit wissel van stam tot stam afhangende van die materiaal wat daarvoor gebruik is. Schapera (1953, pp.39 - 40) noem dit dat dit by meeste stamme met klei opgerig word, terwyl stamme soos die Ngwato, Kwêna en Ngwaketse houtpale gebruik en die Tawana riete.

Die gebied wat só afgebaken word, staan bekend as die <u>lapa</u>. Afgesien van die reeds beskrewe hut, word daar soms ŉ klein hutjie binne die <u>lapa</u> aangetref. Dit dien as graanskuur en bêreplek vir gereedskap. ŉ Magiër word ingeroep alvorens bouwerk ŉ aanvang neem, om die nodige magiese voorwerpe te begrawe om die inwoners teen towenaars te beskerm.

- Konstruksies en artikels rakende veeboerdery:

  - Beeskrale (Vergelyk Schüler, 1965, p.298)

    Dit is in die reël in die binnekring van ŉ hutte=kompleks gebou en die aanleg daarvan is in ag ge=neem wanneer ŉ nuwe gebied betrek word. Slegs mans kon deelneem aan die oprigting van die familie=beeskraal. Die materiaal wat gebruik word, is ge=skikte klippe wat opmekaar gestapel word. Die kraal is gewoonlik sirkelvormig en is voorsien van ŉ opening, wat toegemaak kan word met houtpale.

  - Diverse

    Vir die melk van koeie is ŉ houtemmer gebruik, wat vervaardig is deur ŉ soliede houtstomp uit te hol. Om die melk te vervoer word van ŉ velmelksak gebruik gemaak. Die melk word gewoonlik suur tydens die vervoer van die veepos af maar word so verkies. Die wei word dan afgetap deur die klein opening onderaan, terwyl die wrongel by die groter opening bo uitgeskud word. Die openinge word met ŉ houtprop wat vir dié doel uitgekerf word, verseël.

    Vir slagdoeleindes is ŉ mes gebruik. Die lem daar=van word uit yster gesmee.* Dit kan aangeneem word dat die strydbyl in dieselfde of gewysigde vorm ook vir die skei van beenryke dele, soos die ribsnit, gebruik is.

  - Landbougereedskap

    Ten opsigte van tradisionele landbougereedskap van die baRolong van Thaba Nchu, noem Schüler (1965, p.344) die volgende:

* Die gebruik om yster te smee is ŉ bekende vaardigheid by die Bantoe van Suidelike Afrika, en is as sodanig so aangetref deur die eerste Blanke ontdekkingsreisigers.

"Die houtpik (kôkô) waarmee die vrouens geplant het asook die spesiale kierie of stok (kôtô) waarmee kafferkoring uitgeslaan is, is tuis deur mans uit hout vervaardig. Verder is algemeen gebruik gemaak van ʼn ysterpik (tlhofi), vir die braak van lande en ʼn ysterpik (petlwana), om mee te skoffel."

As in gedagte gehou word dat daar min verskille op stamvlak ten opsigte van materiële goedere is, kan dié beskrywing van Schüler as redelik aanvaarbaar beskou word.

Vir die vervoer van graan word ʼn dramandjie gebruik en die wanmandjie word aangewend by die skei van die kaf van die koring. Vir opberging word van ʼn kleivat of ʼn reusemandjie gebruik gemaak. Die ma= teriaal waaruit mandjies gemaak is, is meestal gras, biesies of riete en dit is ʼn deel van die vrou se plig om dit te vleg. Vir verdere verwerking word van ʼn stampblok, wat ʼn uitgeholde boomstomp is, en ʼn vysel gebruik gemaak.

- Wapens

In tradisionele tye het onderlinge stamgevegte ʼn belangrike rol gespeel om ʼn polities-territoriale ekwilibrium te handhaaf. (Van der Wateren, 1974, p.174). As gevolg van die behoefte aan selfhand= hawing word wapens aangehou. Dit word goed versorg en sekere vaardighede word daarmee aangekweek. Dit sluit ʼn spies in, wat saam met ʼn skildvel gebruik word. As bykomende wapens word die strydbyl en mes gebruik en daar word ook melding gemaak van knop= kieries.

Dit is waarskynlik dat die genoemde wapens ook vir jagdoeleindes gebruik word, omdat daar nie so 'n groot klem op spesialisering in militêre èn jagwapens is soos wat by moderne kulture aangetref word nie.

- Eetgerei en huishoudelike artikels

Artikels wat hieronder geklassifiseer kan word, be= hoort aan die vrou van die betrokke hut, alhoewel mans sommige van die artikels, soos houtborde en kleipotte vervaardig. Kookgereedskap en verwante artikels moet in verband gesien word met tradisio= nele geregte.

Die invloed van sosio-religieuse gebruike beïnvloed die wyse waarop die voedselbronne benut en voorberei word. So is die bees nie slegs 'n bron van melk en vleis nie maar ook 'n kapitaalmiddel en sosiale status= simbool. Taboes bepaal ook wat geëet kan word en deur wie, dus is daar 'n wye reeks faktore wat 'n rol by voedselgebruikspatrone speel.

- Kookgereedskap

Vir die bereiding van voedsel word gebakte kleipotte in 'n verskeidenheid vorms aangetref. Die pappot is een van die vernaamste artikels en kan beskryf word as van besondere grootte in verhouding met ander; dit het ook 'n ronde bodem met 'n wye opening bo. Roerstokke en houtlepels van 'n verskeidenheid vorms word by die kookproses gebruik, terwyl kalbas= skepbakke en -lepels nie uitgesluit is nie.

- Houers

Vir stoor- sowel as vervoerdoeleindes van melk word die reeds genoemde houtemmers en velsakke gebruik. Bykomend hierby noem Schüler (1965, p.357) dat 'n beeshoring ook soms daarvoor gebruik is. Vir die

berging en vervoer van water word ʼn kruikagtige kleipot gebruik. Vir die berging van graan word ʼn kleivat of ʼn grasmandjie (sesego)* gebruik.

- Eetgereedskap

Vir die opdiening van voedsel word houtborde en -lepels gebruik. Aangesien mans nie by die vroue en kinders eet nie, word die mans se voedsel in aparte bakkies (gewoonlik kalbasse) en borde aan hulle voorgesit, terwyl die vroue en kinders dikwels direk uit die pappot eet. Kalbasse is baie belangrik, omdat bier- en waterbekers maklik daarvan gemaak kan word.

- Kleredrag en versiering

Dit is nie altyd moontlik om duidelike lyne in verband met gebruiksartikels te trek nie. So kan dit gebeur dat ʼn karos as bykomende kombers gedurende ʼn koue wintersnag gebruik word. Dus sal dit nie heeltemal buite verband wees om slaapgoed onder bogenoemde hoof te behandel nie. ʼn Kombers (kobò) as sodanig bestaan uit ʼn beesvel of skaapvelle wat vir dié doel met ʼn els en saggebreide senings aan mekaar gewerk word. Die velle van wilde diere word ook vir dié doel gebruik en word dikwels in blokpatrone gesny voordat dit relatief simmetries en in kleurblokke komplementêr** aan mekaar gewerk word.

* Sesigò. (Brown, 1980).
** Word aangetref by stamme in die huidige Botswana wat die artikels vir ruilhandel vervaardig. Die moontlikheid bestaan dat dit ʼn redelike moderne ontwikkeling is, maar in die lig van patrone wat tradisioneel as versiering op hut- en lapamure aangebring is, is dit duidelik dat die Tswana bekend is met kleurpatrone as versieringselement.

ʼn Slaapvel (phatè) word ook gebruik om onder die slaapmet (legògò) te gooi. Laasgenoemde word van gras, wat nog nie heeltemal droog is nie, gevleg. Dit word gewoonlik ook eers oornag in water geweek voordat die vlegwerk ʼn aanvang neem. Dit is die mans se werk om velle te brei, terwyl die vrouens die vlegwerk behartig.

- Kleredrag vir seuns en mans

Dit kan gebeur dat ʼn seun tot sy agste of negende jaar nakend loop, waarna hy ʼn seope dra, wat bestaan uit ʼn sagte gebreide voorskort van vel wat deur riem=pies om sy middellyf vasgemaak word. Sodra die seun die puberteitsjare bereik, ontvang hy ʼn tsega, wat ʼn deurtrekker is wat voor en agter sy middellyf deur riempies vasgehou word.

Die tsega bly ʼn kledingstuk wat tot aan die einde van iemand se dae gedra word. In koue weer word ʼn karos gedra, wat uit bees- of skaapvel bestaan; die pelse en velle van wilde diere is ook gebruik. Bykomend word ʼn mus van jakkals- of dassievel gedra. Volgens Schüler (1965, p.358) is dit net getroude persone wat sandale dra. Dit bestaan uit ʼn sool en riempies om dit aan die voet te hou.

- Seremoniële drag word deur seuns by inisiasie gedra en bestaan meestal uit versierde klere en wildevark=hare. Ornamente en versierings vir alledaagse gebruik bestaan uit ʼn wye verskeidenheid vorms en materiaal; ʼn nekversiering skyn die mees algemene te wees.

- Kleredrag vir dogters en vroue

Tot ongeveer die vyfde lewensjaar loop dogters ook nakend, waarna hulle ʼn voorskort ontvang wat uit plantemateriaal gevleg word. So ʼn voorskort word

ꞌn makgabe genoem en word na die inisiasieplegtigheid aangevul deur ꞌn agterskort wat van saggebreide bok= vel gemaak word.

Gedurende die inisiasieplegtigheid word rompe gedra wat van riete gemaak is, sodat dit ꞌn geraas kan maak as danse uitgevoer word. Jong vroue hou van ornamente en versiering. Dit vorm ꞌn verskeidenheid en wissel van lyfsnoere tot die aansmeer van skaap= vet en swartklei.

Ouer vroue dra dieselfde kledingstukke as jong vroue na inisiasie. In koue weer word dit ook aangevul met ꞌn karos en sandale wat dieselfde is as dié vir mans.

Die afleiding kan gemaak word dat die sosiale orga= nisasie uitdrukking in die kleredrag gevind het ten opsigte van omvang en kwaliteit.

4.4 Die gebruik van alkoholiese drank

Die mees bekende vorm van sterk drank is bier wat van sorghum gebrou word. Dit staan bekend as bojalwa en is veral gedurende seremoniële geleenthedé en tydens ontmoe= tings van ꞌn sosiale, regs-, of politiese aard gebruik.

Die aanvaarde resep of formule vir die brou van die bier, die bierpot, biersif en kalbasbekers, vorm ꞌn deel van die tradisionele kultuur wat ꞌn belangrike rol in die daaglikse bestaan speel. Sorghumbier word gereeld gedrink, tog is die doel daarvan nie om dronkenskap in die hand te werk nie. Die alkoholiese drank wat uitsluitlik met genot en ook dronkenskap verbind word, is heuningbier (khadi).

- Die verhouding van die jeug tot die bedryfslewe en materiële kultuur

  - Die bedryfslewe

    Die jongeling bring sy jeugjare in 'n tipe informele vak=leerlingskap deur. Dit raak veral die ekonomiese bedry=wighede waarvan sy voortbestaan as volwassene afhang. Die aanleer van die tegnieke wat eie is aan die Tswanas se bedryfslewe, lewer geen noemenswaardige probleme op nie. Die relatiewe gebrek aan spesialisasie vereis geen formele onderrigpatroon wat onderneem word deur spesiaal opgeleide persone nie. Die individu word slegs op in=formele, progressiewe wyse by die bedryfslewe betrek. Dit kan soos volg opgesom word:

    - Die seun word by die veeteelt betrek, wat meebring dat hy reeds op vroeë ouderdom toegelaat word om die kleinvee op te pas en te versorg. Sodra die seun ouer word, kan hy in samewerking met ouer broers die beeste oppas en versorg. Die vader is dikwels ook teenwoordig en die fynere nuanses van veeboerdery word aan die jongeling geleer. Dit gee aanleiding tot 'n waardering by die jongeling vir dit wat as die waardevolste kapitale bate beskou word. Sodoende leer hy reeds van vroeg af die rol wat hy eendag as vader en dus as versorger sal moet speel.

      Tydens die teenwoordigheid by die beeste leer die jongeling reeds van vroeg af die nodige jagtegnieke. Strikke en vanggate word vir wild gestel en kleiner diertjies word vir tydverdryf deur die seuns gejag. By bereiking van volwassenheid is die jongeling al=reeds 'n ervare jagter wat op dié wyse in die lewens=behoeftes van sy afhanklikes kan voorsien.

- Die klein dogter wat tuis by die moeder bly, word aktief betrek by die versorging van babas, huishoude=like take en die bewerking van die landerye. Dit is ꞌn tipiese gesig om die moeder van die veld af te sien terugkeer met ꞌn groot drag hout wat op die hoof ge=balanseer word, terwyl die dogtertjie ook haar draggie hout dra.

Die bedryfslewe word veral gereflekteer in die spele=tjies wat gespeel word. So byvoorbeeld het elke seun=tjie ꞌn trop beeste wat van klei gemaak is, en al die fasette van die veeteeltbedryf kom in die spel tot uiting. Dogtertjies is gewoonlik in besit van voor=werpe wat babas personifieer en die plekke waar gespeel word, toon duidelik tekens van miniatuur beeskrale, landerye en hutte.

Die betrekking by die bedryfslewe beteken dikwels dat beeste vir die seun geoormerk word. Landerye word ook vir jong meisies opsygesit. Dié opbrengs word gewoonlik aangewend as ruilmiddel vir begeerlike arti=kels. Dit is egter nie slegs die tegnieke wat vir die volwasse lewe belangrik is wat sodoende aangeleer word nie maar ook ꞌn verantwoordelikheidsin en pligs=getrouheid rakende die rol wat vervul sal word.

- Materiële kultuur

Die voorwerpe wat die mens vervaardig is gewoonlik bedoel vir ꞌn effektiewer beheersing van die omgewing. Die jeug word ook reeds van jongs af by die vervaar=diging en hantering (vaardigheid) van hierdie voor=werpe betrek:

- Die seuns word betrek deurdat hulle van jongs af hand bysit by die vervaardiging van melkemmers en melksakke. Vaardigheid in die hantering van gereedskap en wapens volg uit die hantering daarvan by die verrigting van

take wat algaande meer ingewikkeld raak. So sal die seun voorsien word van sekere wapens om die beeste teen wilde diere te beskerm. Gedurende die inisiasie=plegtigheid word vaardigheid met die wapens verder ingeskerp, ten einde die jong man fisies gereed te kry vir sy rol as kryger.

- Dogters word op dieselfde wyse betrek by die voorwerpe wat in die huishouding aangetref word.

- Dit is opmerklik dat die kleredrag reeds op vroeë leeftyd die geslagsverskille en later ook ouderdoms=verskille uitdruk. Die seuntjie dra die seope, ter=wyl die dogtertjie die makgabe dra. By bereiking van die puberteitsjare word die seope vervang deur die tsega, terwyl die makgabe wat uit ŉ voorskort bestaan, aangevul word deur ŉ agterskort.

- Daar is nie ŉ noemenswaardige verskil tussen die ge=regte wat aan volwassenes en aan kinders voorgesit word nie. Dit is wel die geval dat bierdrink die prerogatief van volwassenes (geïnisieerdes) is.

5. Samevatting

By ŉ ontleding van die tradisionele kultuur blyk dit dat sekere beginsels as basis dien vir die bestaan en voort=bestaan van die kultuur as geheel in die algemeen en sekere komponente in die besonder. Vergelyk Breutz (1955, p.58) as hy die volgende konstateer:

> "In examining the social structure and life of Sotho-Tswana tribes, it will always be found that three principal, social forces determine it and its social functions:
> 1. A deep community sense rooted in family relationship.

2. The distinction of rank in the clans and families, ranging from the relatives of the chief to strangers from other tribes.
3. The age groups (regiments) or age of the individual."

Die beginsels waaraan Breutz hier raak kan verder uitgebrei word, tog is die belangrike hierin die beklemtoning van die eiesoortige* sosiale organisasie. Dit kan dus as ver= trekpunt geneem word om die tradisionele kultuur in perspek= tief te plaas:

- Die sosiale geborgenheid

  Die dinamiese aard van kultuur beteken ook dat daar eienskappe ingebou is om die kultuur voort te sit. Dit is nodig om kortliks dié eienskappe in die tradisionele sosiale organisasie aan te stip:

  - Die verwantskapsberekening beteken dat die lid van 'n groep onlosmaaklik verbonde is aan daardie groep. 'n Sterk piëteitsgevoel bestaan dus om die gewoontes en norme van die groep te eerbiedig.

  - Die patriargale stelsel beteken dat gesag om die vaderfiguur sentreer. Die posisie wat aan 'n familie= groephoof, kgoro-hoof en stamhoof toegeken word, is 'n voortsetting van die vader as gesagsfiguur. Die vader kan fisiese 'klem' verleen aan sy gesag, terwyl die familiegroephoof, 'kgoro'-hoof en stamhoof op die ondersteuning van die manlike lede van die groep kan staatmaak om 'klem' aan sy gesag te verleen. Die genoemde hoofde verleen versorging en beskerming en verwag nakoming van die gewoontes en norme van die groep. Word 'n traagheid by 'n lid om die gewoontes te eerbiedig bemerk, is die middele daar om hom of haar weer op die 'regte' spoor te plaas.

* Die bedoeling is nie dat slegs die Tswanas die kenmerke vertoon nie.

- Die lewensiklus

  Die gebruike wat 'n persoon in sy lewensiklus nakom, skakel nou in by die ander dimensies van die kultuur en is ter ondersteuning daarvan.

- Gedurende kinderleeftyd word die kind 'voorgestel' aan die kultuur van sy groep. Die roede, word nie gespaar om afwyking van die eie kultuur te straf nie.

- Die inisiasieplegtigheid is die geleentheid waartydens die kultuur doelbewus op die jeug oorgedra word.

- Die endogame aard van die huwelik veroorsaak dat die man of die vrou nie vreemde kultuurelemente in die huwelik en dus in die gesin verteenwoordig nie.

- Die erf- en opvolgingsreëls bepaal dat 'n persoon nie sondermeer kan afwyk van die kultuur van die vorige geslag nie. Die feit dat bestaansgeleenthede nie voorsiening maak vir groot diversifikasie nie, is 'n faktor wat hiertoe bydra.

- Onderliggend aan die godsdiens is 'n filosofie wat gewortel is in die kultuur. Deur die mitologie leer die jongeling baie van die lewensbeskouing van sy etniese groep. Begrippe van 'goed' en 'kwaad' en 'reg' en 'geregtigheid' word in die religie gedefi= nieer, dus is afwyking van die religie ook tot groot hoogte 'n afwyking van die kultuur.

- Tradisies en gewoontes word in 'n onaantasbare posi= sie geplaas weens die feit dat dit van die voorouers, wat deur die lewendes as heilige wesens beskou word, oorgeërf is.

- Die ekonomiese geborgenheid

Die aard van die ekonomiese bedrywighede van die tradisionele Tswana veroorsaak dat die kultuur nie sonder meer oorboord gegooi kan word nie. Om 'n suk= sesvolle bestaan uit veeteelt, jag, landbou en ver= sameling te maak, terwyl die hulpmiddels wat 'n sekon= dêre nywerheid bied, ontbreek, is dit nodig om op die hulp wat die groep bied, staat te maak. Die navolging van 'n individualistiese versaking van sekere kultuurkomponente, kan ostrasisme (opskorting van die enkeling se voorregte binne die groep) in die hand werk, wat die geleentbede tot voortbestaan in die weegskaal sal plaas.

Die jeug staan in 'n keuseverband teenoor die eie kultuur, enersyds is daar die drang tot selfgelding en andersyds is daar die soeke na sekuriteite. In tradisionele verband is die opsies beperk as gevolg van die ontwikkelingspeil van veral die materiële komponent van die kultuur. Die koms van die Blanke wie se kultuur in die teken van 'n industriële rewo= lusie gestaan het, het die Tswana-jeug voor 'n veel wyer keuseveld geplaas, wat in die volgende hoofstuk van naderby beskou sal word.

HOOFSTUK 3

# VOORSTELLING VAN DIE STUDIEGEBIED MET VERWYSING NA FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE HUIDIGE KULTUURVERANDERENDE SITUASIE

Ten einde 'n studie wat handel oor kultuurverandering sinvoller te maak, is dit nodig om 'n algemene oorsig van die studiegebied te gee. Dit sou enigsins afbreuk doen aan 'n deurdagte gevolg= trekking as daar nie ook aandag gegee word aan die faktore wat ingewerk het op die studiegebied om 'n besondere kleur daaraan te verleen nie.


Die gedagte is nie om hier 'n volledige diachroniese uiteen= setting van gebeure te boek te stel nie, aangesien dit alreeds vervat is in uitstekende werke.* Vir soverre hierdie gebeure

* "I do not believe, however, that a study of culture contact can gain much from an enumeration in historical order of successive measures taken by a colonizing power or by mis= sionary authorities, because it is no longer possible to correlate them with the development of the native culture in a way that would throw any real light on the process of change." (Mair, 1934, p.419).

Vergelyk hierteenoor die volgende:

"Schapera (1935 - p.316) is likewise specific in stating that analysis of culture contact calls for knowledge of the original culture and of the forces bearing upon it at various times. The first step he envisions is to reconstruct as far as possible a picture of the old cul= ture before Europeans came upon the scene, utilizing the best methods possible. The second step is the study of the history and nature of contact, including not merely a chronology of events or institutions but also motives, interests, and personalities. A third step is to seek explanations of change either through tracing changes in specific elements of native culture, for example, religion, or through tracing the influence of specific elements or agencies." (Beals, 1953, p.633).

KAART VAN STUDIEGEBIED. (Gebaseer op Topokadastrale kaartreeks, 1970).



op die studie betrekking het, sal daarna verwys word ten einde die studiegebied beter bekend te stel, asook om die doelstel= lings en beleid van sekere instansies aan te dui.

1. Geografiese voorstelling

Die afbakening van 'n sekere geografiese gebied is deels gefundeer in die aanwesigheid van verskeie gegewe faktore. Dit sou onwaar wees om te beweer dat geografiese faktore nie 'n bydrae lewer tot 'n eiesoortige kultuurmilieu nie. Insoverre geografiese faktore dus bydra tot die vestiging van mense (in dié geval draers van verskillende kulture) is dit nodig om kortliks daarna te verwys:

1.1 Infrastruktuur en algemene opmerkings

Die kriterium wat hier van toepassing is, is die bereik= baarheid van die gebied vanaf groot sentra. Alhoewel dit kan lei tot teoretisering wat eerder sosio-geografies van aard is, is daar tog 'n verband tussen die relatiewe vloei van mense tussen 'n plattelandse gebied en 'n enig= sins metropolitaanse kompleks soos die Pretoria-Witwaters= randgebied. Die graad van isolasie is hier ter sprake. Sou die gebied redelik verafgeleë of moeilik bereikbaar wees as gevolg van swak vervoerstelsels, is dit van be= lang om daarop te let dat dit sal meebring dat die inwo= ners relatief geïsoleerd leef. In teenstelling hiermee sal diegene wat hulle in 'n gebied bevind wat maklik en gou bereikbaar is en 'n mate van deurvloei van reisigers ondervind, nouer kontak met ander kultuurdraers ervaar.

Die beeld wat gevorm kan word uit 'n bestudering van rela= tiewe afstande vanaf groot sentra, dui daarop dat die onderhawige studiegebied beskryf kan word as 'n platte= landse gebied wat geensins moeilik bereikbaar is vanaf groot sentra nie.

Tabel 3.1 (Stadsraad van Brits, s.a., p.105)

| Afstande vanaf Brits na: | PAD (Km) | SPOOR (Km) | LUG |
|---|---|---|---|
| Pretoria .................... | 48 | 57 | - |
| Johannesburg ................ | 80 | 126 | - |
| Vereeniging ................. | 140 | 175 | - |

In der waarheid is dit ŉ gebied wat direk grens aan groot stedelike komplekse. In die lig van die beskikbaarheid van moderne vervoermiddels is die volgende opmerking heeltemal geregverdig:

> "Buite die stede en tog binne een uur vanaf Pretoria en Johannesburg." (Stadsraad van Brits, s.a., p.104).

1.2 Omstandighede ten opsigte van kommunikasie binne studiegebied.

Deurgaans is padverbindings aangetref wat beskryf kan word as relatief per motorvoertuig gemaklik begaanbaar tot opvallend moeilik begaanbaar. Daar is gereelde busvervoer vir die plaaslike bevolking beskikbaar en busse is aangetref wat besig is om van of na ŉ nedersetting te beweeg. Dit is veral werkers wat van genoemde busdiens gebruik maak om op ŉ tipiese pendelsisteem vanaf die gemelde gebiede na hul werk by fabrieke in Brits en Rosslyn te beweeg. Dié tipe vervoer en woonpatroon is oënskynlik heeltemal lewensvatbaar, omdat die gebiede binne ŉ relatief kort afstand van die fabrieke en dies meer is.

Telefoniese verbinding is merendeels beperk tot openbare geboue soos stamkantore, skole en polisiestasies. Ten einde verbinding tussen ŉ Blanke dorp en plekke soos

Bethanie, Jericho en Mothotlung te bewerkstellig is dit nodig om oproepe te bespreek, aangesien verbinding nie direk is nie.

Dit kan afgelei word dat verbinding en kommunikasie ge=weldig verbeter het sedert die koms van Blankes, tog is dit in vergelyking met die verbindinge wat daar tussen Blanke sentra bestaan, nog swak.

1.3 Topografiese beskrywing (Vergelyk Breutz, 1953, pp.3 - 7)

Topografies gesien kan die studiegebied beskryf word as 'n gedeelte van die sogenaamde Bosveldkom. Sodanige kom word begrens deur die Magaliesberge in die suide, en sou die bergreeks in 'n suidwaartse rigting oorgesteek word, bevind die reisiger homself op die hoëveld. Genoemde bergreeks vorm die suidelike grens van die studiegebied. Laasgenoemde gebied strek in halfmaanvorm die Bosveldkom binne. Direk ten noorde van die Magaliesberge word 'n reeks koppies aangetref, wat as gevolg van hul rotsagtige kruine, teen die horison afgeëts staan in 'n beeld wat sterk aan 'n maanlandskap herinner.

Indien daar vanaf 'n landmerk soos die Hartebeespoortdam noordwaarts beweeg word, word die indruk gekry dat daar op die vloer van 'n reusekom beweeg word. Dié 'vloer' bestaan uit 'n relatiewe plat vlakte, met genoemde koppies en ander bergagtige heuwels ter verbreking van hierdie indruk. Die plantegroei kan duidelik onderskei word van die tipe wat suid van die Magaliesberge aangetref word. 'n Welige grasbedekking asook doringagtige struike met 'n algemene verspreiding van bome word oor die hele studie=gebied gevind. Teenswoordig is die landskap se voorkoms kenmerkend verander deur die uitgebreide landerye wat op Blanke plase aangetref word en deels vanuit die Harte=beespoortdam besproei word. Dit kan opgemerk word dat die welige doringagtige plantegroei, wat veral in die nou klofies en droë rivierlopies aangetref word, uitstekende beeswêreld vorm.

Dit kan aangeneem word dat reënval en temperatuur 'n invloed het op die verbouing van sekere gewasse, asook op die landbousiklus. Dit geld veral vir diegene wat nie deelneem aan die besproeiingskema nie.

<u>Klimaatstoestande Tabel 3.2 (Stadsraad van Brits, s.a., p.105)</u>

<u>Gemiddeldes vir 1966 - 70</u>

| | Temp. (C°) | | | Reën-val | Relatiewe voggehalte | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maks. | Min. | Gemid-deld | mm | 8h00 | 14h00 |
| Januarie .... | 31,1 | 16,9 | 24,0 | 101,6 | 71 | 47 |
| Februarie ... | 30,6 | 16,4 | 23,5 | 85,7 | 73 | 49 |
| Maart ....... | 29,0 | 14,5 | 21,7 | 80,6 | 75 | 46 |
| April ....... | 27,2 | 10,3 | 18,7 | 73,2 | 74 | 42 |
| Mei ......... | 24,9 | 5,5 | 15,2 | 20,4 | 74 | 36 |
| Junie ....... | 21,6 | 1,7 | 11,7 | 3,6 | 74 | 32 |
| Julie ....... | 21,3 | 1,4 | 11,3 | 1,3 | 72 | 31 |
| Augustus .... | 24,0 | 3,9 | 13,9 | 12,0 | 65 | 29 |
| September ... | 27,1 | 8,1 | 17,6 | 3,7 | 57 | 29 |
| Oktober ..... | 30,1 | 12,3 | 21,2 | 69,4 | 60 | 34 |
| November .... | 30,2 | 14,7 | 22,5 | 78,8 | 65 | 40 |
| Desember .... | 30,8 | 16,4 | 23,6 | 117,7 | 68 | 45 |
| JAAR ........ | 27,3 | 10,2 | 18,7 | 648,0 | 69 | 39 |

2. Historiese agtergrond ter beligting van die huidige situasie in die studiegebied

Uit die aard van die dinamika van enige kultuur is dit onmoontlik om 'n sogenaamde zeropunt daar te stel waarvandaan die kultuur dan sou begin verander. Dit is wel moontlik om by wyse van voorstelling 'n sekere tydvak as vertrek=

punt te neem ten einde as basislyn te dien om in breë trekke tersaaklike ontwikkelinge te skets.*

Vir die doeleindes van die studie is dit nodig om te kon= sentreer op tydvakke en ontwikkelings wat in totaal 'n se= kere stempel op die bevolking geplaas het. Sou daar ge= poog word om 'n weldeurdagte geskiedkundige weergawe te gee, is dit maklik om op die gebied van die geskiedenis as weten= skap te oortree ten opsigte van metodologiese verantwoording. Daar is vervolgens slegs gepoog om die probleme en die ge= paardgaande aksies en reaksies van sekere tydvakke uit te lig.

## 2.1 Vroeë stambewegings

Die geskiedenis wat handel oor die bevolking voor omstreeks 1820 skyn fragmentaries te wees. Ten einde 'n beeld hiervan te verkry, is daar gekonsentreer op Breutz (1953) se ge= skiedkundige agtergrond van die stamme** wat teenswoordig in die studiegebied aangetref word.

* "Fundamentally, Malinowski conceived of the zero point as a point at which culture change began. The implication clearly is that, before European contact, no change existed and the zero point must be at the first instant of European contact, a view that few other writers have sustained. Rather, if I understand Mair, she proposed establishing a zero point on the best and most convenient base line with respect to a specified series of changes permitted by the data and the situation. (Beals, 1953, p.632).

** Soos reeds in die inleidende hoofstuk gemeld, is die studie toegespits op die Tswana-bevolking in die gebied en nie soseer spesifieke stamme van die Tswana-etniese groep nie, tog is die uiteensetting van Breutz (1953) en ander insig= gewend.

So word die volgende aanmerking oor die baKwêna ba Mogôpa (Stam 33-08 (Van Warmelo, 1935)) gevind:

> "The oldest known place where the ba Mogôpa lived around the beginning of the 17th century, was Rathateng, situated on the lower reaches of the Crocodile River. Probably in the 17th century they moved to Lokwadi (Zandrivierspoort 747, six miles north-east of Selon's location) and from there - in the middle of the 17th century - to the foot of Phalane mountain. In the first half of the 18th century, they settled amongst the Mabjabamatswane koppies to the north-east of Brits. Their territory was then bounded in the west by the Crocodile River, in the north by the Apies and Pienaars Rivers, and in the south by the Hennops River. The surrounding tribes were: In the west the baPô and baFokeng, in the north the baKgatla ba Motsha, and in the east the Matsutsa (Transvaal Ndebele) and Matlhakwana. In the middle of the 18th century they returned to Mabjanamatswane, and later to Gwate (Mamogaleslaagte) at the foot of the hill Thaba ya Morema." (Breutz, 1953, pp.80 - 81).

Uit hierdie uiteensetting blyk dit duidelik dat daar binne 'n afsienbare tyd 'n relatiewe groot mate van beweging was. Tog kan dit gestel word dat die tradisionele tuiste van dié stam gesentreer het om die bolope van die Krokodil=rivier. Dit stem ooreen met die gebied wat vir die hui=dige studie gekies is.

Ten opsigte van die baPô ba Mogale (Stam 33-42, {Van Warmelo, 1935}) merk Breutz (1953, p.176) die volgende op:

> "The oldest traditions of the tribe point to Zululand. They were at one time part of the Southern Transvaal Ndebele and lived at Wonderboom, Pretoria. From here they branched off more than 250 years ago under their first chief I Lotsane. The baTlhako of Mabeskraal separated from the Ndebele at Wonderboom about the same time. The baPô have become Tswana in language and customs. The name baPô is of course the Sotho equivalent of the Zulu-Xhosa form abaMbo or abaseMbo, the exact connotation of which remains very uncertain."

Die derde stamhoof van die baPô, naamlik Tshwene, is ongeveer tussen 1665 en 1720 gebore. Breutz (1953, p.179) merk die volgende oor dié tydperk op:

> "At that time the tribe probably lived somewhere on the Crocodile River in the present district of Brits."

Oor die baKgatla ba Mmakau (Stam 33-80, {Van Warmelo, 1935,}) bestaan daar min verwysing in beskikbare literatuur. Dit kan wel afgelei word dat die ba Mmakau tot redelik kort voor die Difaqana deel was van die baKgatla ba Motšha, waarna hulle weggebreek en ŉ outonome stam gevorm het. (Transvaal Native Affairs Department, 1905, p.29).

## 2.2 Die tydperk kort voor die Difaqana[*]

Daar word deurgaans na stamoorloë tussen die baKwêna, baPô en baKgatla verwys in die tydperk voor die Difaqana:

> "During 'More's' reign (stamhoof van die baKwêna baMogôpa in die tweede helfte van die 18de eeu) there was continued fighting with the baPô and the baKgatla." (Breutz, 1953, p.85).

Die belangrikheid wat aan beeste geheg word, blyk een van die vernaamste beweegredes vir die gedurige stamgevegte. Afgesien van politieke redes wat deur Leggasick (1969, p.109) aangegee word, is daar deurgaans melding van beeste wat gebuit is, of wat aanleiding gegee het tot 'opvolgoperasies' ten einde gebuite beeste terug te kry.[**]

Een van die oorloë wat onthou word en wat as die laaste van die pre-Difaqana-tydperk beskou word, is die aanval van ŉ geallieerde mag van baKgatla, baHwaduba, baMoletlane, baMako en baSeabe. Dié aanval word afgeslaan deur die baKwêna ba Môgopa. ŉ Kort tydjie hierna slaag ŉ ontevrede aanspraakmaker op die stamhoofskap van die baFokeng daarin om Malekutu, die broer van ŉ baPedi-stamhoof, oor te haal om die beesryke wêreld van die baKwêna, baPô en uiteindelik die baFokeng in te val. Aangesien die leërmag van Malekutu ook elemente bevat het wat in die eerste aanval genoem word, meld Breutz dat dit moontlik een en dieselfde

* Volgens Van der Wateren (1974, p.127) word dié term in die meervoud geskryf ten einde die oortreffende trap uit te druk. Dit verwys na die tydperk van onrus in Suid-Afrika omstreeks ± 1820 tot ± 1837.

** "Some fights with the baPô then took place about cattle." (Breutz, 1953, p.86).

aanval was. Eweneens slaan die baKwêna ba Mogôpa en baPô die aanval redelik suksesvol af. Die baPô is erg ontwrig deur die aanval en kort daarna word hulle verder verstrooi deur 'n aanval van die baTlhakwane.

Die wyse van nedersetting tydens hierdie pre-Difaqana-tydperk is volgens tipiese Tswana-gebruike (Phitzinger, 1949, p.164). Daar is melding van politieke entiteite wat in groot statkomplekse saamgetrek was. In hierdie statkomplekse is daar elemente aangetref wat meestal deur militêre oorwinnings tot die stam toegevoeg is. Ten op=sigte van die politieke aspek van sodanige sametrekkings, is daar vele verwysings in die vroeë geskiedenis. So het daar tweespalt ontstaan oor die bekwaamheid van stam=hoofde wat soms gelei het tot fissie as gevolg van faksie=vorming binne die stam.

Volgens Stow (1905, p.546) was dit 'n tydperk wat geken=merk is deur vooruitgang op kulturele gebied:

> "There can be no doubt but that in the earlier days, before they were distur=bed by foreign invaders, the Bakuena (bedoelende die baKwêna-stamme noord van die Magaliesberge) were far more civilized than not only the ruder and more warlike Coast-Kaffirs, but also the tribes which led the van of the great southern migration ....."

- Aard van die kontak

Kontak met ander etniese groepe is tydens dié tydperk van beperkte omvang. Dit is merendeels 'n geval van Tswana-stamme wat in kontak met mekaar kom as gevolg van migrasie en stamoorloë. Dit kan afgelei word dat

kultuurverandering gedurende hierdie tydperk groten= deels aan interne faktore toe te skryf is. Dit is aanneemlik dat 'n relatief hoë ontwikkelingspeil in die sosiale organisasie tot op stamvlak bereik is. Die kenmerkende verdeling van stamme in 'nuwe' stamme is waarneembaar in dié tydperk, tog het stamme ook 'n redelike mate van ontwikkeling in getalsterkte geniet. Daar word melding gemaak van stamme wat ontwikkel het tot 'n vlak waar sprake is van 'stamryke'.

Gesindhede wat voortgevloei het uit kontak met ander stamme het om die tipiese konflikte tussen stamme ge= sentreer. Dié konflik het ontstaan as gevolg van 'n behoefte om ander stamme te domineer in aangeleenthede soos grondbesit, rykdom wat aan beeste gekoppel is en 'n gevoel van meerderwaardigheid na gelang van iden= tifikasie met 'n gevreesde stam. Dit kan dus afgelei word dat lojaliteite teenoor die stam as die etniese groep op hierdie stadium op 'n hoë vlak van ontwikkeling gestaan het.

Of dié afleiding dat die Tswanas 'n hoër vorm van kul= tuur (wat blykbaar vir Stow om die materiële gaan) bereik het as ander groepe, verdedigbaar is, is nie ter sake nie. Dit is egter wel duidelik dat dit in 'n laaste fase was, waarin dié stamme op tipies tradi= sionele wyse geleef het. Die gebeure hierna sou in der waarheid die ou orde vir goed verander.

## 2.3 Die Difaqana

Omstreeks die jare 1800 tot 1840 vind daar in Suidelike Afrika migrasies plaas wat nie net tot een bevolkings= groep beperk is nie. So is daar bewegings van groepe wat beskryf kan word as die nasate van Blankes en Khoi-elemente uit die Wes-Kaap in die rigting van die huidige

Suidwes-Afrika en Griekwaland-Wes. Ter illustrasie kan die volgende uit onderskeidelik Köhler (1958, p.16) en Breutz (1963, pp.31 - 33) aangehaal word:

> "The infiltration of the Orlams (Khoi tribes of the Western Cape) into the vast country north of the Orange River in about 1830, disturbed the equiva= lent between the old Nama tribes."

> "These half-cast people were induced to migrate from the Colony to the north in order to escape from slavery ... After the missionaries had established themselves at Klaarwater the Griqua also began to settle around this place ... Among the Bastard population several bands of bandits were formed, which led a lawless life, plundering and murdering. Some Korana clans were reduced by them to a state of famine ..."

'n Meer bekende migrasie is dié van die Voortrekkers, waar= van Theal (1908, V.2, p.265) soos volg opmerk:

> "The abandonment of the Cape Colony by many thousands of substantial burghers, who were intent upon seek= ing a new home in the wilderness where they could be free from what they regarded as intolerable vexa= tion, is an event unique in the modern history of European dependencies."

Dit is egter meer ter beskrywing van die migrasies en onrus onder die Bantoesprekende bevolking wat die term '<u>Difaqane</u>' gebruik word. Dit blyk dat die oorwinnings=togte van Shaka as een van die aanleidende oorsake by die algemene onrus onder die Swart volke beskou word. So merk Omer-Cooper (1969, p.207) die volgende op:

> "The essential changes which he introduced were the replacement of the throwing spear by the short-handled stabbing spear and the introduction of the tactics of close formation fighting involving prolonged drilling; the introduction of continuous mili=tary service for prolonged periods and the establishment of the age regiments in military towns where the soldiers lived and drilled between campaigns, and finally, the concept of total war aimed at the total submission or total obliteration of hostile communities."

Die aard van Shaka se militêr-politieke organisasie het vereis dat groepe al hoe verder van die Zoeloe-'hart=land' onderwerp moes word. Sodoende is nie net Nguni-groepe geraak nie, maar ook die Sotho-groepe ten weste van die Drakensberge.

Opsommenderwys kan daar gestel word dat die migrasies uit die suide en die militêre sukses van Shaka in die ooste, 'n algemene druk geplaas het op die Swart volke ten noorde van die Oranje- en die Vaalrivier. Die verskyning van plunderende hordes wat aanvanklik moes vlug voor andere en die samesnoering van elemente van verbrokkelde stamme in leërmagte, is algemeen bekend in hierdie tyd. Van der Wateren (1974, pp.129 - 131) maak melding van die baPhutung

onder die stamhoofde Tshwane en Ratsebe, die Makololo onder Sebetwane, die baTaung onder Moletsane asook die baTlokwa onder Mmantatisi, wat tydens die Difaqana in oorloë betrokke raak met die stamme wat ten noorde van die Magaliesberge woon.

Die mees bekende figuur wat genoem word rakende die gebied wat onder bespreking is in dié studie, is Mzilikaze en sy Matebele-impi's. Dit kan uit Stow (1905, pp.460 - 47(, 540 - 544) se uiteensetting afgelei word dat die vroeë inwoners van die studiegebied wel geraak is deur die baTlokwa van Mman=tatisi; tog is die strooptogte van Mzilikaze meer bekend en sal daar dus enigsins op hom gekonsentreer word.

### 2.3.1 Mzilikaze

Tydens Shaka se bewind is die stamme waaruit die Zoeloe=ryk sou bestaan deur hom onderwerp. Impi's is saamgestel uit ouderdomsgroepe* van dié stamme en het as ŉ reël onder bevel van een van Shaka se indoenas gestaan. Tog het dit gebeur dat vertrouelinge van die onderworpe stamme aangestel is oor impi's wat uitsluitlik uit dié betrokke stam se ouderdomsgroepe saamgestel is. Mzili=kaze het só bevel gevoer oor die impi's wat uit die Khumalo-klan saamgestel is. (Omer-Cooper, 1969, pp.216 - 217). Nadat hy ŉ strooptog vir Shaka moes uitvoer, bedrieg hy laasgenoemde oor die buit en moes hy in 1822 vlug. (Brown, 1969, p.261). Volgens skatting het hy op daardie stadium slegs sowat tweehonderd tot drie=honderd (Breutz, 1953, p.12) volgelinge gehad en poog hy aanvanklik om die afstand tussen hom en Shaka so groot moontlik te maak. Hierdie vrees vir die Zoeloes sou die Matebeles bybly tot en met die tyd van eersge=noemde se finale nederlaag in 1879 teen die Britse magte. (Brown, 1969, pp.279 - 280).) Die aankoms in die gebied

* Dit moet weereens genoem word dat ouderdomsgroepe georgani=seerde eenhede is wat onder die Bantoesprekende volke tot stand kom sodra ŉ inisiasieplegtigheid afgehandel is.

wat teenswoordig die provinsie Transvaal verteenwoordig, word deur Breutz (1953, p.12) soos volg weergegee:

> "In 1823 he passed through Vryheid district, reached the Komati (Nkomazi) and Olifants Rivers, and lived there for a fairly long time at his ekuPhu= muleni kraal (the place of rest). The Matabele arrived in 1825 and extermi= nated, expelled or subjugated the ori= ginal inhabitants."

Voorts meld Breutz (1953, p.88) dat die Matebeles onder Mzilikaze die gebied wat vir hierdie studie gekies is, op die volgende wyse binnegeval het:

> "through Mpane (Commando Nek). They were first seen by three Kwena hunters, one of whom they killed. At that time they also saw their first waggon near Tswen= yane (Heidelberg), coming from the South. A strong regiment was sent to stop the Matabele. They fought at Kutatu (Mzili= katse's Nek),* but the baKwena were wors= ted and suffered heavy losses."

* Kommandonek en Silkaatsnek word onderskeidelik teenswoordig gebruik om Brits met die suide en ooste met teerpaaie te verbind.

Na verskeie skermutselings waarin die baKwêna gewoonlik die onderspit gedelf het, word hulle in 'n nagtelike aanval verpletterend verslaan deur die Matebeles. Tydens hierdie aanval word die bekende stamhoof More gedood.

Die volgende opmerkings kan ter illustrasie genoem word van die algemene toestand na die koms van Mzilikaze:

- Die baKwêna ba Mogôpa

  "In Mzilikazi's time, after 1829, the tribe was scattered about the Brits and Pretoria districts." (Breutz, 1953, p.81).

- Die baPô ba Mogale

  "As a result of several wars, mainly that of Mzilikaze c. 1827 to 1830, the tribe was scattered." (Breutz, 1953, p.177).

- Die baKgatla

  "In the attacks of the Matabele the tribe was not only scattered, but many were taken prisoners, among them being ... (Brown, 1926, p.268).

Volgens Breutz (1953, p.182) se uiteensetting van die deel van die geskiedenis, het die Matebeles XII-Mogale gevange geneem en sy ore volgens Zoeloe-tradisie deurboor. Dit stem ooreen met die Matebele-taktiek om stamhoofde gevange te neem, hulle goed in Matebele-kultuur te onderlê, en dan op 'n wyse te laat terugkeer na hul eie mense wat laasgenoemde die indruk gee dat dit hul eie vindingrykheid is wat die ontsnapping van hul stamhoof bewerkstellig het. Dit wil voorkom asof die taktiek nie die gewenste uitwerking op Mogale en die baPô gehad het nie.

Die algemene toestand waarin die oorspronklike inwoners van die gebied hulle tydens die tydperk van Mzilikaze se besetting bevind het, vergelyk sleg met die tydperk wat daaraan voorafgaan. Diegene wat nie gedood is nie, moes skuiling vind teen die bedreiging van die Matebele-impis, terwyl andere by Mzilikaze se militêr-politieke bestel ingelyf is. Dié beskrywing van Moffat (Wallis ed. 1945), dra enigsins by tot die vorming van 'n beeld van wat plaasgevind het:

> "Whenever he captured a town, the terrified inhabitants were driven in a mass to the outskirts, when the parents and all the married women were slaughtered on the spot. Such as had dared to be brave in the defence of their town, with their wives and the children were reserved for a still more terrible death: dry grass saturated with fat was tied round their naked bodies and then set on fire. The youths and girls were loaded as beasts of burden with the spoils of the town to be marched to the home of the victors."

Daar is sprake van mense wat in hierdie tyd in bome of in stellasies hoog bo die grond uit vrees vir wilde diere gewoon het. Dié mense wat oorblyfsels van die Tswana-stamme in die gebied noord van die Magaliesberge was, ondervind ook in dié tydperk 'n nypende tekort aan noodsaaklike lewensmiddele. (Breutz, 1953, pp.89 en 91).

Die staatsbestel van Mzilikaze het voorsiening gemaak vir die inlywing van elemente van groepe wat deur sy impi's oorwin is:

> "....... most of the increase in manpower resulted from the raiding activities of his army. Thus by 1829 he may have con= trolled a population of some sixty to eighty thousand, ...." (Brown, 1969, p.261).

Die militêre en staatsorganisasie van Shaka is ook deur Mzilikaze toegepas (Omer-Cooper, 1969, p.219), wat meegebring het dat sogenaamde militêre statte ge= stig is, waar jong manne, wat dikwels van oorwonne stamme afkomstig was, in impi's (age-regiments) saam= getrek is.*

Dié effek van die vestiging van Mzilikaze se gesagstruk= tuur word soos volg deur Lye (1969, p.199) opgesom:

> "....... some he absorbed directly as indivi= duals from the chiefdoms he destroyed; others he absorbed as integral units in a subordinate vassal relationship that was not unlike the 'mafisa' relationship, in that they retained their own village organization and herded cattle of the king; others he controlled by treaty or a tributary exactment, especially those on his borders."

Dit blyk dat die Matebele-staatsorganisasie uit drie 'konsentriese sirkels' bestaan het. Die 'binnesirkel', is deur die 'werklike' Matebeles bewoon. Tweedens het die stamme of inwoners van die tweede 'sirkel' dikwels

* On the Apies River north of Pretoria he built some large military kraals called enDinaneni, enKungwini and emHlah= landlela." (Breutz, 1953, p.12).

n verteenwoordiger van Mzilikaze gehad wat toegesien het dat die betrokke stamhoof en sy mense volgens die reëls wat deur Mzilikaze neergelê is, optree. Derdens is daar die stamme wat uit vrees vooraf met Mzilikaze onderhandel het om aanvalle te voorkom en dus op semi=outonome wyse verplig was om sekere belastings in die vorm van vee, landbouprodukte en dienste te betaal.

In hoeverre die inwoners van die gebied onder bespre=king deur dié bestel geraak is, kan uit die volgende opmerkings afgelei word:

> "The baKwena now had to acknowledge Mzilikaze as chief. He ordered them to do away with the mosuhelo and wear the Zulu umutsha (gir=dle of tails), as well as to refrain from cutting their hair. They had to live accor=ding to the Matabele custom except with re=gard to hut building ...* Motsielwe and his son were ordered to go with a Matabele regiment on an expedition. When they refused they were killed at the Zoutpan by being im=paled on sharpened stakes; their followers were punished by being castrated and having their ears cut off and their eyes gouged out. Their kraals were also burnt down. When Mzi=likaze ordered Molefe to get his regiment

* Dit is in die kader van gedwonge akkulturasie te lese en dit kan aangeneem word dat daar merendeels teruggekeer is na meeste van die eie gebruike, na die verbreking van Mzilikaze se mag in die Transvaal deur die Boere.

together, the latter withdrew to the Pieters=burg area with part of the tribe ...... The baKwena that remained under Mzilikaze were under the headmanship of Mogajana; ......"
(Breutz, 1953, p.90)*

Dit blyk dat die oorblywende stamlede van die baKwêna ba Mogôpa indirek deur Mzilikaze volgens die <u>Mafisa</u>=patroon bestuur is.** Daar word melding gemaak van die verspreiding en verarming van oorlewendes.

Dit kan veronderstel word dat Mzilikaze die vermoë van die Zoeloes om logistieke probleme te oorkom onderskat het. Volgens Breutz (1953, p.14) stuur Dingaan in 1835*** 'n impi om Mzilikaze aan te val ten einde die beeste terug te kry wat laasgenoemde in 1822 met hom saamge=neem het uit Zoeloeland. Dié aanval vind plaas by Tshwane (teenswoordige Pretoria) en Mzilikaze word so=danig verslaan dat hy besluit om sy hoofkwartier verder wes na die teenswoordige Marico-distrik te skuif. Daar word melding gemaak van baKwêna-regimente wat onder leiding van die Matebeles aan die slag moes deelneem.

* Vergelyk ook die opmerking ten opsigte van die gevangeneming van die baPò stamhoof Mogale en die deurboring van sy ore volgens Zoeloe-gebruik (Breutz, 1953, p.182). Vir die vas=stelling van die posisie van die stamhoofde en verwante wat genoem word, vergelyk Breutz (1953, p.187).

** Dit kan aangeneem word dat Mzilikaze ten tye van die verblyf naby die huidige Pretoria, nog nie daarin geslaag het om 'n werklike koherente staatsbestel te orden nie en in der waar=heid meer op plundering en inlywing van oorlewendes gekon=sentreer het.

***Die jaartal vir die aanval word deur Van der Wateren (1974, p.135) op 1832 gestel.

Ten einde verdere aanvalle van die Zoeloes te ontsnap volg Mzilikaze ŉ beleid van geskroeide aarde in sy trek verder wes. Dié beleid veroorsaak dat die inwoners van die huidige Odi-gebied (wat min of meer die studiegebied ook verteenwoordig) so te sê uitgewis word. Die toe= stand waarin die bevolking verkeer het tydens latere kontak met Blankes, was beklaenswaardig, deels as gevolg van die vernietiging van enige vorm van bestaansmiddele.

- Die aard van die kontak

  Die kontak met die Matebeles as etniese groep kan volgens ŉ eiesoortige patroon getipeer word:

  - Die Matebeles het, anders as die latere Voortrek= kers, alle teenstand in ŉ nuwe besette gebied met geweld vernietig. Dié vernietiging het as doel= stelling gehad die uitwissing van mense tot ŉ stadium waar getalle geen gevaar vir die Matabeles sou inhou nie. Die oorlewendes wat nie gevlug het nie, is geassimileer in die sosiale organisasie van die Matebeles ten einde hul oorspronklike kultuur so te vernietig dat dit nie ŉ bedreiging vorm vir die kultuur van die Matebeles nie.

  - Daar kan slegs gegis word oor die verloop van die geskiedenis van dié kontaksituasie indien die Voortrekkers nie die Matebeles uit die gebied verdryf het nie. Dit is wel aanneemlik dat dié kontak met die Matebeles ŉ eiesoortige element aan die latere kontak met die Blankes verleen het. Dit is in wese ŉ geval van die draers van ŉ kul= tuur wat, ten minste in dié gebied, ŉ ernstige bedreiging tot uitwissing ervaar het. Die Tswana-kultuur het wel in die gebied behoue gebly, omdat die Matebeles nie suksesvol was om die kultuur= draers en hul kultuur totaal te vernietig nie.

- Die Matebeles het nie só lank in die gebied gebly, dat dit 'n groot effek op wedersydse kultuurbeïn= vloeding tussen Tswana- en Matebele-kultuur kon hê nie. Dit kan afgelei word dat die gesindheid van die Tswanas in die gebied nie as positief teenoor die Matebeles of hul kultuur getipeer kan word nie. Afgesien van diegene wat op geweld= dadige wyse gedwing is om deel van die Matebele etniese groep te word en dus ook gedwing is om die Matebeles in hulle kultuur na te boots, is daar min aanduiding van 'n oorname van Matebele= kultuurkomponente deur die rondswerwende oorblyf= sels van Tswana-stamme.

Dit kan wel afgelei word dat kontak met die Matebeles moes lei tot 'n keerpunt in die gesindheid rakende die eie kultuur. Die redelike gemak waarmee die Matebeles die gebied binnegeval het en Mzilikaze se vermoë tot die daarstelling van 'n funksioneel-effektiewe gesagstruktuur, het ongetwyfeld 'n herwaar= dering by die Tswanas veroorsaak van die funksionele aspek van hul eie gesagstruktuur en militêre organi= sasie. Die gesindheid teenoor die eerste Voortrekkers is dus noodwendig deur die kontak met die Matebeles geraak.

2.4 Die koms van die Blankes

Die aanraking met Blankes het vir die inwoners van die gebied noord van die Magaliesberge 'n tydvak ingelui wat in aard heelwat verskil het van al die vorige aanrakings met ander etniese groepe.

2.4.1 Vroeë kontak met die Blankes se kultuur ten opsigte van sekere materiële aspekte.

Aangesien die Portugese alreeds in die sestiende eeu begin het met nedersettings aan die Wes- en Ooskus van Afrika, het handel met aangrensende inboorlingstamme ontstaan. Dié stamme het die handel na naburige stamme uitgebrei, sodat daar 'n handelsroete van stam tot stam ontstaan het, sonder dat sommige van dié stamme met Blankes self in aanraking gekom het.

Ivoor, velle en pelse is gewoonlik deur inboorlingstamme vir krale, geweefde materiale en koperringe verruil.* Breutz (1953, p.90) meld dié verskynsel ook ten opsigte van die Bantoesprekende inwoners noord van die Magalies=berge:

> "Long before the arrival of the first travellers, the Natives were already trading ivory for certain European-made goods, mainly beads. The Ngwato and Kwena obtained their beads from 'Mala quini' (A. Smith, p.193), i.e. the Mogalakwena River in Potgietersrust district, through the Laka tribe."

Die aard van die voorwerpe wat aldus verkry is, was nie sodanig dat dit enige radikale invloed op die kultuur van die Tswanas gehad het nie. Volgens Legassick** (1969, p.122) is dit moontlik dat die neiging tot fissie

* Vergelyk: Theal (1908, v.2, p.289) vir 'n verwysing van sodanige goedere by inboorlinge van die 'Magwamba'-stam, ten ooste van die gebied onder bespreking.

** "In the west the Kwena forced the Rolong farther south, and later forced the 'Kgalagadi' chiefdoms into the desert where they fragmented and became subordinated. Towards the close of this period the dispersal began to give way to amalgama=tion, based partly on an increased population density in cer=tain areas, but also on the development of long-distance trade routes with the Portuguese settlements."

onder Tswana-stamme soos die baKwêna enigsins aan bande gelê is, daar die stamhoofde besef het dat handel beter beheer kan word as die eenheid van die stam behoue kan bly.

2.4.2 Vroeë reisigers

Die eerste kontak met Blankes is van individuele aard en dit kan afgelei word dat dit beperk was tot die be= soek aan enkele statte. Die volgende persone kan by wyse van 'n voorbeeld genoem word:

- John Campbell - sendeling van die L.M.S. (London Missionary Society), wat 'n reis na die binneland onderneem en melding maak van 'Boquains' (baKwena) wat hy in die jaar 1820 teëkom. (Campbell, 1822).

- Dr Andrew Smith wat in 1834 die gebied besoek. (Lye, ed. 1975).

- Robert Moffat wat vanaf Kuruman verskeie reise na die noorde onderneem en 'n vertroueling van Mzilikaze geword het, besoek die gebied in 1829 asook in 1834. (Wallis ed., 1945).

- Kaptein Cornwallis Harris - wat in sy reise veral beïndruk word deur die groot getalle wild, besoek die gebied in 1836. (Harris, 1844).

Die kontak met reisigers en sendelinge het baie daartoe bygedra om aan die Tswanas 'n beeld van die Blankes te besorg. Dit kan aanvaar word dat die kontak op hierdie stadium vriendelik van aard was en 'n positiewe gesind= heid teenoor die Blankes bevorder het. Dié eenmalige tipe kontak wat plaasgevind het, pas nie in die kader van die langdurige kontak wat nodig is vir akkulturasie nie.

2.4.3 Die Voortrekkers

Gedurende 1836 vertrek ŉ trekgeselskap onder Kommandant Andries Hendrik Potgieter vanuit die Tarka (Oos-Kaap) na die noorde. Die Trekkers vorder selfs so ver noord as die huidige Makwassie in Wes-Transvaal. Gedurende dieselfde jaar onderneem Potgieter ŉ ekspedisie om die land tot so ver noord as die Soutpansberge te verken. By sy terugkeer vind hy dat die impi's van Mzilikaze onder andere ŉ jaggeselskap uitgemoor het.

Ten einde verdere aanvalle van die Matebeles af te slaan verskans die Trekkers hulself in ŉ laer by Vegkop suid van die Vaalrivier. In Oktober van dieselfde jaar stuur Mzilikaze ŉ mag van ongeveer vyfduisend krygers onder aanvoering van sy hoofindoena, naamlik Kalipi, om die Trekkers aan te val. Dié aanval word suksesvol afge= slaan deur die Trekkers, wat ongeveer veertig weerbare mans getel het. Tog slaag die impi's daarin om ŉ groot aantal vee te buit en alhoewel ŉ kommando hulle vir die res van die dag agtervolg, verloor die Trekkers op dié wyse al hul vee.

Vroeg in 1837 organiseer Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz (wat intussen met ŉ trek by Thaba Nchu aangekom het) ŉ strafekspedisie teen Mzilikaze. Mzilikaze word ŉ gevoelige slag toegedien as Potgieter en Maritz sy kraal te Mosega tydens die ekspedisie vernietig en die Matebeles op die vlug slaan. Alhoewel die kommando die vlugtendes agtervolg, word die aanval nie verder gevoer nie.

In November van dieselfde jaar organiseer Hendrik Pot= gieter en Pieter Uys ŉ tweede strafekspedisie teen Mzilikaze. Mzilikaze word uit sy hoofkwartier verdryf en vir nege dae word die vlugtendes agtervolg, totdat

die Boere seker was dat die Matebele-bevolking uit hul verskillende krale verjaag is. Die Matebeles sou hierna verhuis na die huidige Zimbabwe, noord van die Limpopo.

Theal (1908, v.2 p.320) sluit voorafgaande uiteensetting (wat hier net skematies uiteengesit is) soos volg af:

> "The result of the expedition was the flight of the whole Matabele tribe to the country north of the Limpopo, the opening to European settlers of the vast territory now comprised in the Transvaal Province and the Orange Free State - which was then almost uninhabited, and must have remained so if the Matabele had not been driven out, - and the relief of the remnants of the Betshuana tribes from the misery in which they had been existing."

Dit is eers in 1839 dat die Voortrekkers die Magaliesberge by Olifantsnek oorsteek en hulle plase in die huidige Rustenburg-distrik aanlê. Volgens verskeie bronne (Stow, 1905; Vermaak, 1966; Breutz, 1953; Van Zyl, 1968) is die toestand waarin die Boere die Tswana-stamme ten noorde van die Magaliesberge aantref, uiters haglik. Die kontak tussen die Blankes en die Tswanas was egter van vreedsame aard:

> "There was no fighting as the Boers came in peace and gave presents to chief Mmamogale." (Breutz, 1953, p.91).

Sedert Mzilikaze uit die gebied verjaag is, het die voorouers van die huidige ongeveer vyf-en-sewentig Tswana-stamme na hul oorspronklike tuistes teruggekeer. (Anon., 1977, p.21).

2.4.4 Die beskikbare gegewens oor die betrokke stamme ná die koms van die Blankes

- Die baKwêna ba Mogôpa

Die stamhoof XIII-Mmamogale het as gevolg van wrywing met die Boere, in 1840 tot 1845 met 'n aantal volgelinge na die teenswoordige Lesotho uitgewyk.* Omstreeks 1868 het hy en genoemde volgelinge weer teruggekeer na Matlhare, Mantabole (Bethanie) en Makolokwe (Wolwekraal). Die stam was in hierdie tydperk woonagtig op plase wat aan Boere behoort het, behalwe vir die deel van Losperfontein wat deur sendeling Behrens bekom is. (Breutz, 1953, p.91).

In die tyd van XIV-Lerothodi Mmamogale het daar sodanige goeie verhoudinge tussen President Kruger en die stam ontstaan, dat Krugerdag nog lank hierna deur die ba Mogôpa herdenk is. 'n Redelik rustige tydperk het gevolg tot omstreeks 1926, toe die dele van die stam wat te Hebron en in die Ventersdorp-distrik woonagtig was, in opstand gekom het oor

* Die feit dat die Boere arbeid in ruil vir die verblyf van stamme op hul plase verwag het, het veroorsaak dat Mmamogale uitgewyk het. Tog skyn sy terugkeer verband te hou met die totstandkoming van die sendingstasie te Bethanie en die gepaardgaande verkryging van grond deur Behrens, wat oënskynlik by Mmamogale die indruk geskep het dat hy ongesteurd daar kon woon. Vermaak (1966, p.22) meld egter die hongersnood in Basoetoland na die oorloë tussen die Vrystaatse Burgers en Moshesh as rede vir Mmamogale se terugkeer.

bydraes wat hulle moes maak om grond vir die stam as ŉ geheel aan te koop. Die onrus is deels toe te skryf aan XVI-Motsile se swak stambestuur, persone wat hierna as stamhoofde en regente opgetree het, het weer die orde herstel. In 1957 weier die regent XIX-David Mmamogale om die stamhoofskap te oorhandig aan die huidige stamhoof XX-Lerothodi II, wat die regmatige opvolger was. Die destydse Minister van Bantoe-admin=istrasie het David se aanspraak as ongegrond beskou en Lerothodi II op 17 November 1959 as stamhoof met amptelike erkenning aangestel. Op 3 September 1962 is Lerothodi II op tradisionele wyse ingehuldig.

Tydens die ondersoek het dit geblyk dat Lerothodi II as ŉ uiters bekwame stamhoof beskou word. Daar is veral klem gelê op die relatiewe hoë Westerse onderwys=peil wat hy bereik het.

- Die baPô ba Mogale

  Volgens Breutz (1953) het die Boere veral belang ge=stel in plase langs die Magaliesrivier (Mogale se rivier) asook die Krokidilrivier, wat beteken het dat die baPô by hul terugkeer na die ou statte gevind het dat dit nou op Boereplase geleë is. Weer eens is daar sprake van wrywing oor arbeid wat gelewer moes word in ruil vir verblyf.

  Alhoewel die Boere aanvanklik ŉ getroue bondgenoot in XII-Mogale vind, bewys hy weldra dat die vertroue ongegrond is deur vuurwapens in ŉ grot te versteek met die doel om dit aan Makapan* te lewer. Die gevolg

* Vergelyk die oorlog wat gedurende 1854 teen Makapan volg. (Transvaal Native Affairs Department, 1905, p.103).

hiervan was dat die Veldkornette Gert Kruger en Hans van Aswegen 'n dagvaarding uitreik vir Mogale se ver= skyning voor hulle. Mogale het die dagvaarding geïg= noreer en die Magaliesberge ingevlug. Dit sou hy later opvolg deur na Lesotho uit te wyk. Die gebeure het veroorsaak dat baie lede van dié baPô-stam trag om Mogale te volg en in die proses verspreid raak. Nadat President Pretorius toestemming verleen tot Mogale se terugkeer, weier Veldkornet Gert Kruger onverbiddelik en bring Mogale 'n verdere drie jaar in Basoetoland deur. In 1862 slaag Mogale daarin om die plaas Boschfontein 381 van 'n sekere Orsmond te ruil vir beeste. Daar die krale van Mogale se voorvaders op dié plaas geleë is, het hy sodoende weer die tradisionele tuiste bekom.

Alhoewel Breutz (1953) meld dat die baPô krygers aan die Boere vir hul stryd teen Sekoekoeni in 1876 voorsien het, bewys dit nie sodanig 'n lojaliteit teenoor die Blankes nie, want krygsdiens was op daar= die stadium verpligtend vir stamme wat binne die grense van die Republiek gewoon het.

Die volgende belangrike gebeurtenis is die afsetting van XV-Darius Mogale in 1908 (deur die destydse kolo= niale regering in Transvaal) op grond van swak gedrag. Alreeds in 1898 het 'n konflik ontstaan tussen Darius en sy vader se broer, Diederik Mogale, wat tot ge= volg gehad het dat 'n deel van die stam saam met Diederik uiteindelik op die plaas Bultfontein 714 in die Pilansberg-distrik gevestig het.

Die tydperk tot die inhuldiging van die huidige stam=
hoof XIX-Fred Mogale in 1951, het redelik rustig ver=
loop. Teenswoordig skyn stamsake in orde te wees en
stamlede praat met groot lof van stamhoof Mogale.

- Die baKgatla ba Mmakau

Na die verdrywing van Mzilikaze deur die Boere het
die ba Mmakau-stam grond verkry wat die plaas Sjambok
Zijn Oude Kraal ingesluit het. Die plaas is deur
die eienaar so genoem as gevolg van die vroeëre ver=
blyf van ŉ baKgatla-stamhoof wie se naam deur die
Boere uitgespreek is as 'Sjambok'. Vanaf dié gebied
(waar nog steeds ŉ deel van die ba Mmakau-stam woon)
het hulle verhuis na die plaas Hoekfontein naby die
teenswoordige De Wildt (ongeveer 15 Km vanaf Brits).

- Die aard van die kontak

Aanvanklik is die Tswanas in relatief lae getalle aange=
tref en vanuit die Blankes se oogpunt is hulle nie as ŉ
bedreiging beskou nie, terwyl die Tswanas die Blankes
as bevryders van die onderdrukking van die Matebeles be=
skou het.

Die kontak tussen die twee groepe sou met die verloop
van tyd meer 'intiem' raak as wat aanvanklik die geval
was. Die vestiging van die gesagstruktuur van die Blankes
(wat die Westerse kultuurdraers verteenwoordig) het ver=
oorsaak dat die Tswanas algaande in ŉ voogbestuurstelsel
betrek is. Dié stelsel het aanleiding gegee tot die
figurering van Swartes in die politieke beleid van die
Blankes, totdat dit ontwikkel het tot ŉ faktor wat die
meeste beklemtoon sou word in latere beleidsverklarings.
Die Tswanas is ook betrek in die bestaansbedrywe van die

Blanke en sendingwerk kon onder beskerming van die genoemde gesagstruktuur uitgebrei word. Die kontak is merkbaar op die jeug van die Tswanas toegespits, in die instelling van skole deur sendelinge en later die Blanke-owerheid.

## 3. Instellings van ŉ Westers-kulturele aard wat ŉ invloed op die Tswanas uitgeoefen het.

Die aard van kontak met die Blankes word ingedeel volgens die aspekte waardeur kontak ontstaan het. Na ŉ beskrywing van die verloop van die kontaksituasie sal die aard van die kontak in periodes van ± dertig jaar vertolk word. Dit stem ooreen met die tydperk wat ŉ generasie benodig om volwassenheid ten opsigte van kulturele uitdrukking te bereik.

### 3.1 Die vestiging van ŉ Westerse gesagstruktuur (voogbestuur vir die inheemse bevolking).

Die gesagstruktuur soos in tradisionele tye het die stam=hoof as die hoogste gesagsfiguur erken. Die koms van die Blankes het aanleiding gegee tot ŉ veranderde gesag=struktuur. ŉ Beperking is op die beweging van stamme geplaas en die grondgebied van ŉ stam is op ŉ ander wyse gedefinieer. Sedert die aanvanklike kontak het die vorm wat bestuur in die algemeen aangeneem het, verskillende fases deurloop. Die verloop kan uiteengesit word deur die ontwikkeling in tydvakke te verdeel:

#### 3.1.1 Die tydperk 1837 - 1877

Navorsers is geneig om hierdie tydperk rakende ŉ oorsig oor Swartbeleid in die Transvaal af te skeep. Die rede hiervoor skyn geleë te wees in die afwesigheid van ŉ staatsdepartement wat dien as ŉ uitvoerende liggaam vir die besluite wat deur gesagsliggame geneem word, rakende die inheemse Swart bevolking.

Die beleid teenoor andersvolkiges is reeds eksplisiet deur die Trekboere geformuleer voordat hulle die Oos=grens van die Kaapkolonie verlaat het en dit is ook implisiet afleibaar uit die tipe staatsbestel wat in die vooruitsig gestel is: Die opruiende aktiwiteite onder die inheemse bevolking van sendelinge soos Van der Kemp, Read en andere van die L.M.S. gee aanleiding by die Boere tot ŉ begeerte tot selfbeskikking. (Agar Hamilton 1928, pp.88 - 89). Die gevolglike trek is dus ingestel om ŉ staat van selfbeskikking te bereik, waar ŉ beleid teenoor andervolkiges gevolg kon word, wat byvoorbeeld deur Piet Retief (1837) soos volg geformu=leer word:

> "We will not molest any people, nor deprive them of the smallest property; but, if attacked, we shall consider ourselves fully justified in defending our persons and effects, ... We pur=pose, in the course of our journey, and on arriving at the country in which we shall permanently reside, to make known to the native tribes our intentions, and our desire to live in peace and friendly intercourse with them."

Die aankoms van die Trekboere ten noorde van die Vaal=rivier het meegebring dat ŉ vorm van bestuur gevolg is wat vergelykbaar is met ŉ militêre bestuur. (Agar Hamil=ton, 1928, p.75). Volgens vele bronne blyk dit dat Mzilikaze die binneland op dié tydstip haas ontvolk het in sy strooptogte. (Vergelyk Afdeling 2 van hier=die hoofstuk). Verdrae is gesluit met die inheemse

stamhoofde, wat die Boere op dié stadium as bevryders van die juk van Mzilikaze beskou het. Baie oorgeblewe stamlede sou na hul tradisionele tuistes terugkeer en die beheer oor hierdie groepe het deel geword van die Boere se unieke staatsbestel:

Die struktuur wat gevolg is, het in die beginjare be= staan uit ŉ volksraad met ŉ kommandant-generaal, wat kommandante oor distrikte aangestel het, wat op hul beurt beheer uitgeoefen het oor veldkornette wat oor wyke aangestel is. Dié struktuur het militêre funksies as eerste prioriteit gehad, met die uitvoer van vele staatsadministratiewe pligte as deel van die taak. Die rol van boer is dus gekombineer met die van militaris en voorts met die van staatsamptenaar. Sodanige orga= nisasie is genoodsaak deur die onmoontlikheid om ŉ gedifferensieerde staatsmasjinerie in te stel in ŉ nuwe gebied wat betrek is, hoofsaaklik as gevolg van die gebrek aan personeel.

Die bestuur van inboorlingvolke is so georganiseer dat die veldkornet verantwoordelik was vir die Swartes wat in sy wyk woonagtig was. Hy moes as uitvoerder van die Volksraad se beleid as direkte hoof oor enige stam= hoofde in sy wyk optree. Die stelsel is uitgevoer in die gebied wat ooreenstem met die gebied wat as studie= gebied dien. Die volgende aspekte is deur dié beleid geraak:

- Tradisionele gesagstruktuur

  Geen amptelike aanstellings van kapteins (stamhoofde) en hoofmanne (kgoro-hoofde)* is gedoen nie. Daar is ook nie ingemeng met tradisionele opvolging nie. Die kapteins en die hoofmanne is erken in onderhande=lings en waar die veldkornet skakeling moes vind met 'n stam of groep.

- Tradisionele regspraak ('Bantoereg' - soos die term later gebruik is in die regswetenskappe)

  In die howe van die verskillende Transvaalse repub=lieke (wat na 1852 in die Z.A.R. - Zuid Afrikaansche Republiek - verenig is), is geen erkenning aan 'Bantoereg' verleen nie. Kapteins is nie beklee met kriminele en siviele regsmagte nie. Sodoende is die Swartes genoop om hul skrede na die tradisio=nele howe te wend in sake waarin net Swartes betrokke was. Amptelike erkenning van so 'n hof se uitspraak van Blanke-owerheidskant was buite die kwessie, daar slegs die jurisdiksie van die Z.A.R.-regering gegeld het.

* Dié terme 'kaptein' en 'hoofman' word voortaan in navolging van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika in dié afdeling (3.1) gebruik. Die terme wat deur Evans (1934, p.50) gebruik word is onder=skeidelik 'Chief or Headman' - wat beteken dat dit in die geval van Tswanas 'n stamhoof of 'n kgoro-hoof kan wees. Dit is van belang om daarop te let dat 'n hoofman (kgoro-hoof of enige hoof van 'n sub-stamgroep) alleenlik aangestel sal word indien daar nie 'n stamhoof binne bereikbare afstand is nie. "Soos die kaptein te Bethanie, is albei onderkapteins te Hebron en Jericho beklee met siviele- en kriminele regs=mag ......" (Vermaak, 1966, pp.112 -113).

- Grondgebied (Brookes, 1924, p.122; Feddema, 1972, p.30).

  Geen grondgebied is vir Swartes afgebaken nie:

  - Daar was gevalle waar plase deur Swartes gekoop is en in naam van sendelinge geregistreer is.*

  - Daar is 'n wet deur die Volksraad aangeneem dat plase waarop daar alreeds 'n stam gewoon het nie uitgemeet kon word vir Blanke okkupasie nie. Dit het nie beteken dat die grond aan die stam behoort nie maar wel aan die Staat.

  - Daar is gevalle waar plase deur die Staat gekoop is vir okkupasie deur Swartes.

  - Daar is transaksies rakende grondgebied deur boere met stamhoofde beklink; dit is egter nooit deur die Staat erken nie. Aangesien die Boere die gebied noord van die Magaliesberge yl bevolk aan= getref het, is plase uitgemeet wat voor Mzilikaze se koms aan Tswana-stamme behoort het. Dié reste van stamme het teruggekeer na hul vorige tuistes en dit in die besit van Blankes aangetref. Dit het aanleiding gegee tot vele pogings van Tswanas om dit van die Blankes te koop.

- Omdat die Swartes inwoners was van die destydse repub= lieke (wat later in die Z.A.R. verenig is) is belastings gehef. Die presiese aard en bedrae is nie hier ter sprake nie, tog is die vorm waarin belasting geïn is,

* Deeltitels is volgens regeringsbeleid nie aan Swartes uit= gereik nie, tog kom uitsonderings voor.

grondliggend aan die eerste buitelandse inmenging. Vir die reg om statte te bewoon wat op boereplase was, het die owerheid ŉ stelsel van arbeidsbelasting gesank= sioneer. Ook is dit van die stamhoofde wat staatsgronde okkupeer, verwag om krygsdiens te verrig. Dit sou ver= oorsaak dat die sendelinge intens op buitelandse inmen= ging aangedring het.

- Die aard van die kontak

Gedurende dié tydperk het kontak die volgende behels:

- Daar is nie direk in die gesagstruktuur van die Swartes ingemeng nie. Dit is aan die ander kant nie in ŉ polities-regtelike sin deur die Blankes erken nie. Waar een of ander aangeleentheid wat ŉ stamlid raak, bespreek moes word, is die kaptein (stamhoof) genader en sy hoofskap oor die stam is vir sekere doeleindes nie-amptelik erken.

- Die Swartes (en by instemming die Tswanas) is beskou as onderdane van die republiek(e) maar nie as burgers nie. As onderdane is sekere vereistes insake wette, belasting en grondgebied gestel. Daar is opgetree teen stamme wat nie die nodige vereistes nagekom het nie.

- Gedurende dié tydperk is kapteins se magte deur die Blankes teoreties beperk. In die praktyk het ŉ kap= tein nog baie van sy tradisionele funksies vervul, maar sy stam se vryhede rakende migrasies en neder= setting op plase wat nou aan Blankes behoort het, is drasties ingeperk. Die tradisionele howe het in die praktyk ook nog baie van hul funksies vervul, maar indien oortredings van Swartes aan die Blanke-owerheid bekend gemaak is, is hulle in dié owerheid se howestelsel en volgens dié owerheid se regstelsel verhoor.

Kontak het dus toegeneem indien die tradisionele kultuur=draers in gebreke gebly het om die Blankes met vrede te laat. As oortredings teenoor Blankes begaan is, kon 'n besoek van die veldkornet of 'n kommando verwag word. Die generasie wat gedurende dié tydperk volwassenheid bereik het, was dus grotendeels bekend met die tradi=sionele gesagstruktuur. Die teenwoordigheid van die Blankes en hul gesagstruktuur het deel van hul enkul=turasie- en akkulturasieproses gevorm, tog is die in=vloed daarvan slegs indirek aangevoel.

### 3.1.2 Die tydperk 1877 - 1899

Die anneksasie van Transvaal deur Shepstone en die ge=volglike invloed van dié stap op die Swartbeleid word deur Brookes (1924, p.123) soos volg saamgevat:

> "It is important to insist that the annexation of 1877 did not involve the deliverance of multitudes of oppressed Natives from cruelty and semi-slavery. It is a legend which ought to be exploded today. There is nothing that can be said in de=fence of the 1877 annexation .... The British - or rather the Natal-Administration introduced certain new conceptions, some of which were improvements; but up to the retro=cession it had, in point of fact, done no more to put them into prac=tice than had the Republic before 1877."

Dié opmerking van Brookes versterk die gedagte dat 'n ingewikkelde Swart administrasie nie die oplossing was op 'n tydstip toe die jurisdiksie van die Blanke nog nie

oor al die gebiede in die Transvaal gekonsolideer was nie. Nietemin is daar direk na anneksasie 'n "Department of Native Affairs" gestig met 'n "Secretary of Native Affairs" as uitvoerende hoof. In 1879 lê die Sekretaris 'n memorandum ter tafel wat uiteindelik in 1881 verge= stalt word in Ordinansie Nr. 11 van 1881. Hiervolgens sou die volgende aspekte geraak word:

- Die Administrateur van die Transvaal Province sou as 'opperstamhoof' beskou word en alle landdroste sou in uitvoerende hoedanigheid as kommissarisse in die verskillende distrikte optree.

- Die erkenning van 'Bantoereg' in die howe.

- Belasting wat van Swartes geïn word, sou vir hul administrasie en ontwikkeling aangewend word.

- Die afbakening van reservate vir Swartes, waarvoor die term 'lokasie' gebruik sou word.

Die basiese elemente van die ordinansie is ook vervat in die Pretoria Konvensie (1881), wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die beleid rakende Swartes in die volgende jare. In kort sou die bepalings van dié konvensie vir sover dit Swartes raak, soos volg daar= uit sien:

- Artikel XIII: Swartes kan grond bekom, tog sal alle toekennings en registrasie van sulke trans= portaktes in naam van die Native Location Commis= sion gemaak word.

- Artikel XIV: Swartes kan vry in die land rond= beweeg, onderhewig aan die nakoming van die pas= wette en die handhawing van goeie orde.

- Artikel XVIII: ŉ Britse Resident sal rapporteer aan die Britse regering insake: die nakoming van die bepalings van die konvensie rakende Swartes; enige geval waar ŉ Swarte mishandel is.

- Artikel XXI: ŉ 'Lokasiekommissie' ('Native Loca= tion Commission') bestaande uit die President, die Britse Resident en ŉ derde persoon deur eers= genoemde twee (of hul verteenwoordigers) benoem word, sal ingestel word. Die pligte van die kommissie behels die vasstelling van grense en toekenning van grond aan Swartes.

Die bepalings is ook in wese vervat in die Londense Konvensie van 1884, met skrapping van die reg van veto wat die Britse regering het ten opsigte van wette wat Swartes raak.

Die Swartbeleid in die tydperk tussen 1881 en 1902 sou dus die volgende tradisionele aspekte raak:

- Tradisionele gesagstruktuur

  Die President* sou as opperhoof van alle Swartes in die Z.A.R. beskou word.

* Teoreties kon dit beteken dat die President van die Z.A.R. sekere proklamasies rakende Swartes mag uitvaardig. In die praktyk het dit merendeels gegaan om aanbevelings van die Volksraad wat hy in-Rade bekragtig het.

ŉ 'Superintendent van Naturellesake' is as uit=voerende hoofamptenaar aangestel en doen direk verantwoording aan die President. In distrikte waar die Swart bevolkingsdigtheid dit regverdig, kan 'Naturellekommissarisse' aangestel word. Voorts sou landdroste in dié kapasiteit in ander distrikte optree.

- Die tradisionele regspraak

Volgens ŉ besluit in die Volksraad (Wet Nr. 4 van 1885) sou 'Bantoereg' in die geregshowe van die Z.A.R. erken word. Die bepaling is dat dit nie moet bots met die algemene beginsels van mens=likheid soos aanvaar word deur die beskaafde wêreld nie. Die <u>bogadi</u>-gebruik is volgens die Volksraad as 'onmenslik' beskou en vervolgens is dié gebruik nie in die howe erken nie.

Kapteins kon deur die regering aangestel word en met siviele regsmag beklee word. Dié kapteins kon net sake in samewerking met landdroshowe ver=hoor.

- Grondgebied

Die gedagte om reservate vir die verskillende stamme en groepe af te baken, is geensins nuut nie, daar die Burgers-regering so ŉ besluit in 1876 geneem het. Die 'lokasies' sou egter in die periode onder bespreking deur die <u>Locatie Commitie</u> afgebaken word, na aanhoor van al die betrokke partye se wense. In 1895 is die 'Plak=kerswet' aangeneem, wat bepaal dat nie meer as vyf Swart families op ŉ plaas of gedeelte van ŉ plaas wat aan ŉ Blanke behoort, mag woon nie.

3.1.3 Die tydperk 1902 - 1910 (Vergelyk Transvaal Native Affairs Department, 1905)

Kort na die heranneksasie van die Transvaal op 1 Septem= ber 1900 is die Department of Native Affairs gestig. 'n Commissioner for Native Affairs is in Augustus 1901 aangestel en verskeie Britse offisiere is as Native Commissioners aangestel. Dit was moeilik om die beleid van die nuwe bewind uit te voer, aangesien sommige dis= trikte nog onder beheer was van die Boere en hul land= droste. Na die vredesluiting in 1902 is begin met die volgende stappe wat 'n invloed sou hê op tradisionele aspekte:

- Tradisionele gesagstruktuur

  Die Transvaal is in vyf afdelings verdeel, naamlik Oos, Noord, Noordwes, Wes en Sentraal. Elke afdeling sou 'n Native Commissioner hê. Onder hom sou Sub-Native Commissioners ressorteer. Hulle was weer die hoofde van Sub-Districts.

Twee van die 'afdelings' wat so tot stand gekom het, raak die gebied wat as studiegebied gekies is, naamlik die Westelike afdeling en die Sentrale afdeling.*

'n Oorsig van die pligte van die beamptes van die Depart= ment of Native Affairs verskaf 'n duidelike prentjie van die invloed op die tradisionele gesagstruktuur en reg= stelsel.

- Native Commissioners moet toesien dat alle wette en regulasies rakende Swartes in hul afdeling (Division) nagekom word.

* Die studie is onderneem in gebiede wat toentertyd deel uit= gemaak het van die Rustenburg- en Pretoria-distrik.

- Sub-Native Commissioners is verantwoordelik teenoor dié Native Commissioners. Hulle moet landdroste (Magistrates) bystaan in die toepassing van wette wat vir die land in die algemeen geld, belasting insamel, passe uitreik en huwelike tussen Swartes voltrek.

- Native Commissioners en Sub-Native Commissioners is bevoeg om in te gaan op enige siviele geding tussen Swartes en kan ook uitspraak lewer in soda=nige sake.

Die uiteensetting dui dus onteenseglik op 'n behoorlike inkorting van die tradisionele magte van 'n stamhoof. Geen aanduiding kan gevind word vir 'n moontlike bestel wat die tradisionele gesagstruktuur sinvol by adminis=trasie betrek nie.

- Grondgebied

Grondgebied vir Swartes het soos volg daaruit gesien:

- Lokasies of reserwes wat spesiaal opsy gesit is vir okkupasie deur Swartes.

- Grondgebied wat deur Swartes gekoop is.

- Grondgebied wat aan Blankes behoort het, maar wat deur Swartes geokkupeer is.

- Kroongrond wat deur Swartes bewoon is.

Dit sluit die Swartes uit wat in dorpslokasies woon.

- Belasting

  ŉ Belasting wat deur elke volwasse, manlike Swarte betaal=baar was, is gehef. Indien hy meer as een vrou gehad het, moes hy ŉ belasting betaal wat bereken is op elke vrou bo en behalwe die hoofvrou.

- Die aard van kontak

Gedurende die tydperk 1877 - 1910 het die betrokkenheid van die Blanke in die bestuur van Swartes merkbaar toegeneem:

- Wette is toegespits op groter beheer van Swartes. Die tradisionele kultuurdraer het dus meer in aanraking gekom met beperkings wat op sy 'tradisionele vryheid' geplaas is. Die situasie van wette wat gefundeer is in ŉ vreemde waardesisteem en ŉ kultuurdraer wat die wette vanuit dié waardesisteem toepas, het gedurende die tydperk tot ŉ hoë peil ontwikkel.

- Beweeglikheid rakende nedersetting is aan bande gelê en die stamlede is vir ŉ permanente tuiste beperk tot die gebiede wat ooreenkom met hul tuistes soos gevestig in die jare na die koms van die Blankes.

- Tradisionele regspraak is in die howe van die Blanke-owerheid erken, maar met voorbehoude wat nie in ooreen=stemming is met die beginsel van die aanhoor van ŉ saak volgens die gebruike van die groep waarvan ŉ persoon ŉ lid is nie.

Die generasie wat in dié tydperk volwassenheid bereik het, het deeglik kennis geneem van die Blanke se gesagstruktuur. Aanraking met amptenare wat as gedelegeerde gesagdraers van dié owerheid opgetree het, het in frekwensie toegeneem.

### 3.1.4 Die tydperk 1910 - 1948

Die Suid-Afrika Wet (1909), bepaal, onder andere, dat die administrasie van Swartes voortaan 'n funksie van die Unieregering sou wees. Die Goewerneur-Generaal (in-Rade) sou dus as opperhoof van alle Swartes in Trans= vaal, Natal en die Oranje-Vrystaat* optree. Origens sou daar nie veranderinge gemaak word aan die bestaande prak= tyk in die provinsies nie. Die staatsbestel wat na Uniewording gevolg is, het voorsiening gemaak vir party= politiek en die vernaamste partye het hulself soos volg uitgelaat in verband met 'n beleid jeens bevoogding:

- Die Suid-Afrikaanse Party:

  "De overtuiging dat alle vraagstukken betreffende naturellen politiek, door de blanke bevolking van Zuid-Afrika zullen worden genaderd in een brede geest van samenwerking tussen Partyen, en in de poging om voor naturellen rassen hun natuurlike ontwikkeling te verzekeren en te verkrijgen, dat in de opbouwing van Zuid-Afrika alle toekomstige twistgronden tussen blanken en gekleurden zullen worden vermeden." (Suid-Afrikaanse Party, 1911).

- Die Nasionale Party:

  "Door bij ons optreden tegenover de naturellen, als grondregel te stellen de overheersing der Europese bevolking in een geest van Christelike voogdyschap met strenge waking van elke poging tot mengen der rassen. Zij stelt zich voorts ten doel aan de naturel de gelegenheid te verschaffen zich te ontwikkelen overeenkomstig zijn natuurlike aanleg en vatbaarheid." (Nasionale Party, 1912).

* Die Kaapprovinsie is hierby uitgesluit, omdat die beleid van die voormalige koloniale regering daarop ingestel was om die tradisionele gesagstruktuur af te breek.

Dié beleidsrigtings is vergestalt in die praktyk en het die volgende tradisionele aspekte geraak:

- Tradisionele gesagstruktuur

  Verreweg die belangrikste wetgewing insake adminis= trasie is die Naturelle-administrasiewet van 1927. (Wet Nr. 38 van 1927). Die ondervinding wat tot en met hierdie tyd opgedoen is, het duidelik uitge= wys dat ŉ departement wat as doelstelling het die uitvoering van administratiewe en beleidsoogmerke, toegerus moet word met uitgebreide magte:

  > "It has, unlike other Departments to look after all the interests of the Bantu and, in the Reserves for exam= ple, it combines all the functions of government that are, for Europeans, split up into various single depart= ments." (Marquard, 1948, p.54).

  Die volgende magte is deur dié wet aan die Minister van Naturellesake toegeken:

  - Hy kan wette vir alle Swart gebiede deur prokla= masie laat afkondig.
  - Hy kan bestaande wette wysig.
  - Hy kan wette maak wat slegs op enkele gebiede van toepassing is.
  - Hy kan die paswette wysig.
  - Hy kan die grense van stamgebiede verander of nuwe gebiede instel, stamme of dele van stamme verskuif.
  - Hy kan enige wet maak wat ingestel is om goeie orde te verseker.

Indien ŉ proklamasie nie dringend is nie moet dit aan beide Huise voorgelê word vir goedkeuring en in die Staatskoerant gepubliseer word. Die Goewerneur-Generaal (in-Rade) moet dit voorts goedkeur en by wyse van proklamasie afkondig. Op distriksvlak is Natu=rellekommissarisse aangestel volgens riglyne wat oor=eenstem met reëlings voor Uniewording.

- Die erkenning van tradisionele regsbeginsels

Die belangrikste ontwikkeling in hierdie tydperk is die amptelike erkenning wat deur die genoemde wet aan die regsmag van kapteins verleen word. Kapteins wat deur die Goewerneur-Generaal aangestel word, (op aanbeveling van die Minister van Naturellesake), kan siviele en kriminele regsmag ontvang.

Op hierdie tydstip het die regstruktuur beteken dat ŉ kaptein ŉ saak kan verwys na ŉ hof waar die Natu=rellekommissaris as voorsitter optree.

Indien ŉ persoon direk na die kommissarishof wou gaan, staan dit hom vry en hy kan voorts na die Naturelle-appèlhof appelleer. Sake kan besleg word deur gebruik te maak van 'Bantoereg' of die Romeins-Hollandse reg.

- Grondgebied

In 1913 word wetgewing aangeneem (Wet Nr. 27 van 1913) wat in beginsel die riglyne neerlê vir die totstandkoming van tuislande. Dit beteken dat ge=biede afgebaken kan word waarin slegs Swartes die reg het om grond aan te koop.

In 1923 is wetgewing aangeneem wat instroming na stedelike gebiede tot groot mate aan bande gelê het:

> "it gave power to the Governor-General to proclaim areas in which every male Native, with certain specified excep=tions, must carry either a permit to seek work, or a duly registered ser=vice contract. If he fails to find work within a given period of time, he may be compelled to leave the pro=claimed area." (Evans, 1934, p.37).

In 1936 is wetgewing afgekondig (wet nr. 18 van 1936) wat aanleiding gee tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Naturelletrust. Die funksies van die Trust (Marquard, 1948, pp.57 - 58) word soos volg aangegee:

- Om grond vir Swart okkupasie aan te koop. Dit geskied volgens ŉ vasgestelde maksimum-hoeveelheid. Trustgronde is deur die Departement van Naturelle-administrasie beheer.

- Om sodanige grond op landbou- en veeteeltgebied te ontwikkel.

- Om die materiële, morele, en sosiale welvaart van die inwoners te bevorder.

ŉ Trustfonds is gestig wat aangevul is uit die ver=koop of verhuur van grond, fooie, boetes en ŉ bydrae uit die algemene begroting.

- Verdere ontwikkelings wat die tradisionele gesagstruk= tuur sou beïnvloed:

Volgens wet nommer 23 van 1920 getiteld die 'Bantoe Zaken Wet' word Plaaslike Rade in die vooruitsig ge= stel. Die struktuur en funksies van die rade het op die volgende neergekom:

> "Plaaslike Rade kan ingestel word vir die geheel of gedeelte van ŉ Bantoe-gebied en moet bestaan uit hoogstens 9 Bantoelede met ŉ amptenaar van die staatsdiens, in die praktyk gewoonlik die plaaslike Bantoesake-kommissaris." (Jeppe, 1970, p.130).

Die lede van so ŉ raad is deur Swart belastingbetalers wat in die gebied (gewoonlik ŉ landdrosdistrik) woon= agtig was, gekies. Geen voorsiening is gemaak vir die verteenwoordiging van kapteins of hoofmanne op dié raad nie. In die praktyk is daar dikwels meer as een stam in so ŉ gebied, met die gevolg dat kon= flik ontstaan het rakende uiteenlopende lojaliteite.

In 1936 is die Bantoeverteenwoordigingswet (Wet Nr. 12 van 1936) aangeneem ten einde aan Swartes inspraak te verleen in die besluitnemingsproses op sentrale vlak. Die verkiesing van verteenwoordigers kan soos volg saamgevat word:

- Vier Blanke senatore sou deur kieskolleges ver= kies word.

- Die Unie is vir dié doel in vier afdelings ver=deel, wat meegebring het dat die Transvaal, Natal en O.V.S. as een kiesafdeling beskou is. Die af=deling kon dan ꞽn kieskollege saamstel wat uit die volgende sou bestaan:

  - Erkende kapteins
  - Naturelle-adviesraadslede
  - Swartes wat deur Swart belastingbetalers gekies is.

  Dié wet maak ook voorsiening vir Swart verteen=woordigingsrade wat soos volg saamgestel is:

  - Die 'Sekretaris van Naturellesake' as voor=sitter en die vyf 'Hoofkommissarisse' as '<u>ex-officio</u>'-lede.

  - Vier Swart lede wat deur die Sentrale Regering benoem word.

  - Twaalf lede kon deur die kieskolleges aangewys word wat ook verantwoordelik was vir die aan=wysing van die vier Blanke senatore.

- Die aard van die kontak

  Tot en met die laat veertigerjare het die tradisionele ge=sagstruktuur ꞽn laagtepunt bereik, veral in sake rakende ont=voogding en selfstandige politieke ontwikkelings:

  - Nieteenstaande die amptelike erkenning van die bestaan van kapteins en hul stamme deur die Blanke-owerhede, is geen poging aangewend om die tradisionele stamowerhede sinvol te betrek by die bestuur van Swartes in die alge=

meen nie. Politieke denkrigtings van die tyd het eer=der voorgeskryf dat die Swartes betrek moet word in die Blankes se gesagstruktuur, met geen gedagte aan tradi=sionele strukture nie.

- Wette wat spesifiek op Swartes betrekking het, is aan=geneem en die uitvoerende instellings om dié wette toe te pas is uitgebrei. Die tradisionele kultuurdraer het gevolglik die invloed van die vreemde gesagstruktuur aangevoel, ten koste van die status van sy eie gesag=draers.

- Bewegingsvryheid is op 'n wyse gedefinieer wat aan die tradisionele kultuurdraer min moontlikhede rakende ves=tiging oorgelaat het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat sy tradisionele bewegingsvryheid nie onbeperk was nie. In tradisionele tye is stamlede soms met ge=weld na die stamnedersetting teruggebring indien die stamhoof die indruk gekry het dat 'n stamlid sy pligte probeer ontduik. Die vestiging in die gebiede van ander stamme, was ook soms buite die kwessie. Die gesagstruk=tuur van die Blanke is dus eerder aangevoel in die eie=soortige definiëring van vryheid as wat dit beweging sodanig aan bande gelê het.

Die generasie wat in dié tydperk volwassenheid bereik het, was deeglik bewus van 'n Blanke gesagstruktuur. Gesindhede wat in dié tydperk gevorm is, kan soos volg getipeer word:

- Die indruk dat die Blankes se gesagstruktuur meer funksio=neel is as die eie tradisionele gesagstruktuur. Die inkor=ting van die gesag van die eie gesagsdraers deur die Blanke-owerhede is op ironiese wyse 'n bydraende faktor hiertoe.

- ʼn Negatiewe gesindheid teenoor die Blankes se wette, amptenare en gesagstruktuur in die algemeen. Die gesagstruktuur word geassosieer met die oorheerser wat soms die wette van die struktuur op ʼn wyse toepas wat bots met die tradisionele kultuurdraer se waardesisteem.

Die indruk is by dié generasie geskep dat daar alleen ontsnapping uit dié bogenoemde konflik is deur toegang tot die Blanke se gesagstruktuur te verkry. Dit het beteken dat die Blanke uit die gesagsrolle van sy eie gesagstruktuur verdring sou moes word. Dié uitweg was vir die tradisionele kultuurdraer vir alle praktiese doeleindes onmoontlik. Enersyds is etniese afstoting deur die Blanke etniese groepe ervaar en andersyds was die onderliggende waardesisteem van die Westerse politieke instellings nog vir die tradisionele kultuurdraer vreemd.

3.1.5 Die tydperk 1948 - 1977 - 81

In 1948 het die Nasionale Party ʼn oorwinning by die stembus behaal, wat deels toe te skryf is aan ʼn besinning oor Swartbeleid. Dié beleid is deur ʼn komitee onder leiding van mnr. P. Sauer opgestel, en in breë trekke sou dit sentreer om aparte ontwikkeling op alle terreine.

In 1950 het die regering ʼn kommissie onder leiding van Professor F. R. Tomlinson aangestel om alle aspekte van Swartontwikkeling te ondersoek. Dié kommissie sou in 1954 sy verslag ter tafel lê. Daar is egter reeds ʼn belangrike stap gedoen deur aanname van die Wet op Bantoeowerhede (Wet Nr. 68 van 1951). Dié wet het voorsiening gemaak vir die daarstelling van Stam-*, Gemeenskaps-, Streeks- en Gebiedsowerhede. Die Stamowerheid

* Die hoofletter 'S' in 'Stamowerhede' word slegs in die uiteensetting gebruik, omdat stamowerhede hier in amptelike verband genoem word.

sou die grondslag wees waarop die gesagstruktuur vir 'n gegewe etniese groep saamgestel word.

- Stam- en Gemeenskapsowerhede

  - Elke Bantoe-owerheid word by proklamasie afsonderlik deur die Staatspresident ingestel.

  - Die Stam- en Gemeenskapsowerhede word ingestel met behoorlike inagneming van Bantoereg en -gebruik.

  - 'n Stamowerheid word vir 'n stam of etniese eenheid onder 'n kaptein of hoofman ingestel en 'n Gemeenskapsowerheid vir 'n (nie-etniese) gemeenskap of vir stamme of gemeenskappe gesamentlik.

  - Instelling van enige Bantoe-owerheid kan slegs gedoen word, "'nadat die Minister die Bantoe in elke gebied ten opsigte waarvan bedoelde owerheid ingestel staan te word, geraadpleeg het,' (art. 2 - 1)" (Jeppe, 1970, p.157).

  In beginsel beteken dit dat 'n kaptein en sy tradisionele raadgewende liggame (wat in die praktyk die <u>kgoro</u>-hoofde as stamraad veronderstel) erken word as plaaslike bestuursliggaam.

- Streeksowerhede

  Streeksowerhede kan ingestel word vir twee of meer gebiede waarin daar Stamowerhede* aangewys word. In tradisionele tye het hierdie tipe gesagsliggaam nie bestaan nie. Dit is egter nodig om op die volgende te let:

* Daar sal op hierdie stadium na 'Stam- en Gemeenskapsowerhede' verwys word as 'Stamowerhede'.

- By wyse van regulasie is dit vasgelê dat 'n kaptein (of hoofman as daar nie 'n kaptein in die gebied is nie) as voorsitter sal optree.

- Alle kapteins en hoofmanne van stamdele in die gebied is ex officio-lede van die Streeksowerheid.

- Origens sou die lede van 'n Streeksowerheid deur die Stamowerhede uit eie geledere verkies word.

In die praktyk kon dit gebeur dat daar wel lede op die Streeksowerheid dien wat nie kapteins of hoof= manne is nie.*

- Gebiedsowerhede

As hoogste gesagsliggaam kan die Staatspresident 'n Gebiedsowerheid vir 'n Swartgebied instel. Dié ower= heid sou in breë trekke soos volg daar uitsien:

- As voorsitter en ondervoorsitter moes 'n kaptein of hoofman uit dié gebied dien.

- Die voorsitters van die Streeksowerhede in die gebied het sitting in die vergaderings van die Gebiedsowerheid.

- Origens sou die lede van die Gebiedsowerheid deur die Streeksowerhede uit eie geledere gekies word.

* Grootliks as gevolg van die aanwesigheid van persone in stamrade, wat as gevolg van persoonlike bekwaamheid in die stamowerheid dien en ook as gevolg van gemeenskapsowerhede in die gebied wat nie tradisioneel saamgestel word nie.

Dit is opmerklik dat die instelling van Gebiedsower= hede die stamme van een etniese groep kon betrek in 'n sentrale owerheidsliggaam. Alhoewel die basis van Swartowerhede op tradisionele gebruike gegrondves is, was die begrip van konsolidasie van stamme in 'n breëre etniese groep, vir veral die Tswanas, 'n ontwikkeling wat vreemd was.

- Die bedeling wat sou lei tot ontvoogding:

  Na aanleiding van die verslag van die Tomlinson= kommissie in 1954 is die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur (Wet Nr. 4 van 1959) aangeneem:

  - Eerstens sou die wet voorsiening maak vir die indeling van Suid-Afrika in agt Swart volkseen= hede, wat ook die Tswana-tuisland (Bophuthatswana) 'n werklikheid sou maak.

  - Tweedens maak die wet voorsiening vir die aan= stelling van 'n Kommissaris-Generaal, as skakel tussen die Suid-Afrikaanse regering en die Gebieds= owerheid van so 'n tuisland.

  - Derdens is geaktiveerde Gebiedsowerhede in die vooruitsig gestel, wat ontwikkel sou word om die funksies van 'n Nasionale Vergadering (Parlement) te vervul by die uiteindelike onafhanklikheids= wording.

- Die invloed van dié ontwikkeling op die studiegebied

  Daar is in 1960 'n Kommissaris-Generaal vir die Tswana-bevolkingsgroep aangestel. Dienooreenkomstig is 'n Gebiedsowerheid ingestel (Proklamasie Nr. 585 van 21 April 1961). Aanvanklik is agt Streeksowerhede

in die Gebiedsowerheid verteenwoordig, waarby later nog vier gevoeg is. Die Gebiedsowerheid het in die eerste jare merendeels as 'n adviesliggaam vir die Suid-Afrikaanse regering gefunksioneer. Op aandrang van die lede van die Gebiedsowerheid is sekere veranderinge in 1968 aangebring, wat beteken het dat die Gebiedsowerheid beheer verkry het oor 'n eie uitvoerende struktuur. Verskeie departemente soos Onderwys en Justisie is sodoende in die lewe geroep. Die Tswana-tuisland is in twaalf distrikte verdeel om ooreen te stem met die twaalf Streeksowerhede.

Die Suid-Afrikaanse Volksraad het besluit dat die instelling van Wetgewende Vergaderings in die tuislande moontlik gemaak moet word. (Wet Nr. 21 van 1971 (Anon., 1977, p.16)). So 'n Wetgewende Vergadering is vir die Tswana-tuisland ingestel (Proklamasie R87 van 1971) en het die Gebiedsowerheid vervang. Die Grondwetlike Komitee wat deur dié Wetgewende Vergadering aangestel is, het sy aanbevelings rakende die Grondwet, naam en vlag vir die nuwe staat in 1972 ter tafel gelê. Nadat hieroor eenstemmigheid bereik is, is die status van 'n selfregerende staat aan Bophuthatswana oorgedra (Proklamasie R130 van 1972). Die volgende aspekte is hierdeur geraak:

- Die Hooggeregshof van Bophuthatswana het die funksies oorgeneem van die Provinsiale Afdelings van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika.

- Die Uitvoerende Raad staan vanaf dié proklamasie bekend as die Kabinet.

- Die Wetgewende Vergadering sou afgesien van agt-en-veertig benoemde lede uit die Streeksowerhede, ook vier-en-twintig verkose lede hê.

- Stamhoofde (kapteins) sal hul tradisionele status behou.

ŉ Verkiesing is gehou, met die volgende belangrike uitvloeisel:

Die Bophuthatswana National Party wen die verkiesing met ŉ oorweldigende meerderheid. Die beleid van hierdie party sentreer om die behoud van tradisionele leierskap as ŉ fondament van politieke ontwikkeling. So verklaar die leier van dié party alreeds in 1968:

> "A moTswana has no knowledge of a thing called an Opposition Party." (Mangope, 1968).

Dit is hieruit waarneembaar dat die meerderheid van die bevolking van die gebied ingestel was op ŉ tra= disionele gesagstruktuur, en ŉ leier verkies het wat nie negatief was teenoor die tradisionele kultuur nie.

Daar is in 1975 besluit dat die Suid-Afrikaanse Rege= ring genader sal word oor die verlening van soewereine onafhanklikheid. Die onafhanklikheid is op 6 Desember 1977 verleen, en die Wetgewende Vergadering staan van= af dié datum bekend as die 'Nasionale Vergadering' (of Parlement as die president ook sitting het).

Die Nasionale Vergadering bestaan uit agt-en-veertig benoemde lede en agt-en-veertig verkose lede. Die benoemde lede is gewoonlik kapteins en hoofmanne,

deurdat hulle lede van die twaalf Streeksowerhede is. Die verkose lede kan gewone (dus nie tradisionele gesagsdraers nie) stamlede of burgers van die Repub= liek van Bophuthatswana wees.

Die struktuur rakende Streeksowerhede is na onafhank= likheid behou, grootliks as gevolg van die status wat van owerheidsweë aan Stamowerhede verleen word. Buiten die liggame is daar ook Gemeenskapsowerhede vir gemeenskappe wat nie stambande het nie. 'n Gemeen= skapsowerheid kan egter 'n stam insluit; tog sal die kaptein en sy raadgewende liggaam vanselfsprekend lede van so 'n Gemeenskapsowerheid wees. Vir stedelike gebiede buite Bophuthatswana is daar voorsiening ge= maak deurdat 'n Superintendent onder toesig van die plaaslike (Blanke) landdros aangestel word.

Teenswoordig raak die studiegebied die Odi-streek asook drie stamgebiede waarvan die owerhede erkende Stamowerhede is. So is stamhoof Lerothodi Mamogale voorsitter van die Odi-streek en geniet hy ook sit= ting in die Nasionale Vergadering. Na aanleiding van gesprekke wat met inwoners van die gebied gevoer is, het dit geblyk dat hulle die huidige bestel onder= steun.

- Huidige bedeling ten opsigte van die regstruktuur

  Die struktuur van die howestelsel in Bophutatswana maak voorsiening vir die volgende:

  - Die stamhof

    Kapteins en sekere hoofmanne is met siviele en kriminele regsmag beklee. Dit is waarneembaar dat onafhanklikheid nog geensins bygedra het tot

'n verandering na dié magte wat in tradisionele tye aan stamhoofde (kapteins) verleen is nie:

> "a chief or headman may not inflict any punishment involving death, mutilation, grievous bodily harm or imprisonment, or impose a fine of more than $230 or two head of large or ten head of small stock, or impose corporal punishment on anyone other than an unmarried male below the age of 30 years." (Department of Foreign Affairs, 1977, p.102).

Kapteins en hoofmanne tree binne die raamwerk van die wette en gewoontes van hul eie stamme op. 'n Kaptein kan 'n saak verwys na 'n landdroshof of 'n persoon kan appél aanteken na die landdroshof. Die saak sal in die geval van 'n appél de novo (van nuuts af) in die landdroshof begin word.

- Die landdroshof

In elk van die twaalf distrikte is 'n landdros aangestel, wat in werklikheid 'n staatsamptenaar is, volgens Westerse gebruik. Die bevoegdhede van die landdros val grootliks in dieselfde kader as die van sy Westerse eweknie, alhoewel hy 'n saak volgens tradisionele reg kan verhoor.

- Die Hooggeregshof

Die Hooggeregshof van Bophuthatswana het dieselfde funksies as die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika. Regters van dié hof word aange= stel deur die President en geniet politieke immu=

niteit. Sou 'n persoon nie tevrede wees met 'n uitspraak van dié hof nie, kan hy na die Appél=hof in Bloemfontein (R.S.A.) appélleer. Dit bete=ken nie dat die regswese in enige opsig afhanklik is van die Regbank in die Republiek van Suid-Afrika nie.

- Tradisionele regspraak ('Bantoereg')

  Tradisionele regspraak word deur alle howe in die Republiek van Bophuthatswana erken.

  Die Grondwet bepaal dat tradisionele regspraak volgens die diskresie van howe toegepas kan word. Die beginsel is dat die tradisionele gewoontes van die gemeenskap waarin die aangeklaagde woon, as die norm geneem sal word. Die hof kan sodanige tradisionele gewoonte wat strydig is met publieke beleid of 'natuurlike'reg' ignoreer. Die hof is egter nie gemagtig om hulle eie diskresie rakende <u>bogadi</u> te gebruik nie en hulle moet dié gebruik te alle tye eerbiedig. Die hulp van 'n deskundige kan ingeroep word om getuienis rakende 'n tradisio=nele regsbeginsel af te lê. Dié getuienis moet gerapporteer word ten einde op die rekords van die howestelsel te verskyn.

- Die aard van die kontak

  Die teenswoordige generasie wat die volwasse wêreld betree, het in 'n milieu opgegroei wat in baie opsigte verskil van dié van vorige generasies:

  - Die tradisionele gesagstruktuur is as basis geneem vir die ontwikkeling van 'n eie gesagstruktuur.

- Die Stamowerhede vorm 'n polities-regtelike instelling, waarmee die stamlid direkte kontak het. Die Blanke amptenaar figureer dus nie meer as 'n toepasser van wette waarvan die effektiwiteit onder die assosiasie van etnisiteit ly nie.

- Die moontlikheid vir die bereiking van 'n gesagsrol is geskep deurdat diegene wat op grond van Westersgeoriënteerde kwalifikasies 'n selfgeldingsdrang in die verband aanvoel, op Westerse wyse verkies kan word op 'n verteenwoordigende gesagsliggaam. Dié ambisie kan selfs op stamvlak verwesentlik word en op hoër vlak kan dieselfde inspraak verkry word as 'n kaptein wat vanweë sy oorgeërfde posisie ex officio sitting het op so 'n liggaam.

In die praktyk is daar wel faktore wat die situasie negatief beïnvloed:

- Die Westers-georiënteerde gesagstruktuur van die Blanke word aan moderniteit gekoppel. Dit veroorsaak dat bewustheid van demokratiese beginsels bestaan en dienooreenkomstig word die tradisionele gesagdraers (soms verkeerdelik) met outokrasie geassosieer.

- Die vorige geslagte het die gesagstruktuur van die Blanke geassosieer met die enigste gesagstruktuur wat met mag beklee is. Dié assosiasie is in 'n mate op die huidige geslag oorgedra. Die eie gesagstruktuur rakende dié aspek word dus bevraagteken.

- Daarteenoor word die mag van die eie gesagstruktuur bevraagteken omdat die indruk verkry word dat dit gedelegeerde magte van die Blanke-owerhede is. Dié

beswaar is nie teen die inhoudelike van veral die Westerse aspekte van die 'nuwe' struktuur nie maar juis teen die tradisionele gesagsdraers, omdat hulle as 'werktuie' van die Blankes bestempel word deur diegene wat die gedagte huldig van ŉ oorname van die Blanke se gesagstruktuur, met ŉ gepaardgaande jurisdiksie oor die gebiede wat teenswoordig in Suidelike Afrika onder die Blanke se beheer is.

Die 'hervestigde' gesagstruktuur verteenwoordig ŉ ontwikkeling vir die Tswanas, in die sin dat hoër gesagsliggame as die stam geskep is. Die etniese lojaliteit het in tradisionele tye sover gestrek as die eie stam, teenswoordig is die lojaliteite uitgebrei om die Tswanas as ŉ groep stamme* in te sluit. Dié stadium is alreeds deur ŉ groep soos byvoorbeeld die Zoeloes bereik, voordat hulle in langdurige kontak met Blankes gekom het. Die ont= wikkeling van die Tswanas tot ŉ homogene groep uit stamme wat in kultuur van ander groepe in Suidelike Afrika verskil, maar tog onderlinge diversiteit vertoon, verteenwoordig vir die huidige geslag ŉ aanpassing. Dit beteken nie dat daar voorheen geen lojaliteit by Tswanas jeens die oorkoepelende groep bestaan het nie, maar dit is eerder ŉ geval van lojaliteite wat geïntensifiseer moet word en dus klem in ŉ sekere rigting vereis.

Die nuwe bedeling plaas die jeug in ŉ eiesoortige posisie. Dit beteken die volgende:

* Die stamme in die teenswoordige Botswana word hierby uitge= sluit vir soverre dit staatkundige bedelings raak.

- Die jeug is onderworpe aan ŉ gesagstruktuur wat uitsluitlik lede van die eie etniese groep impliseer. Die sentrale owerheid bestaan uit gesagsdraers wat uit die Tswanas en gedeeltelik uit tradisionele gesagsdraers verkies is. Gesag wat dus vanuit dié owerheid deur stamowerhede aangevoel word, is in beginsel gebaseer op die eiesoortige kultuur van die eie etniese groep. Die stamowerheid se gesag word aangevoel deur die vader van die jongeling, wat meebring dat die jongeling teenswoordig gevrywaar is van die moontlikheid dat ŉ vreemde gesagsdraer indirek die gesagsfaktor in die enkulturasieproses (opvoeding) in ŉ ander rigting kan stuur.

- Die nuwe staatkundige bedeling het ŉ uitkringende effek op die aanvraag na professioneel gekwalifiseerde mense geskep. Dit sluit byvoorbeeld persone in wat benodig word vir klerklike werk in die staatsdiens. Dit veronderstel dus nuwe geleenthede vir die jeug rakende ŉ bestaanswyse in die geborgenheid van die eie etniese groep.

## 3.2 Die sendingaksie

Die aspek van die Tswanas se kultuur waarop die grootste aanslag gemaak is, is die tradisionele godsdiensvorm. Die rol van die sendingaksie as ŉ program van geleide akkulturasie is nie net tot die godsdiens beperk nie. Uit die aard van die noue kontak tussen die Tswanas en die sendeling, is ander aspekte ook reeds vroeg geraak.

### 3.2.1 Die tydperk voor 1857

Die eerste sendelinge wat met die Tswanas kontak gemaak het, is die sendelinge van die L.M.S.. In die tyd van Mzilikaze se ryk suid van die Limpopo, het Robert Moffat al besoeke aan Mzilikaze gebring, waartydens die Tswanas ook kennis geneem het van dié besoeke. Dit is egter tydens David Livingstone se verblyf as sendeling te Mabotsa vanaf 1844 en later te Kolobeng vanaf 1847, dat die sending onder die meer noordelike Tswana-stamme 'n aanvang geneem het. Livingstone onderneem 'n reis ten ooste van genoemde sendingstasies, waartydens hy in kontak kom met die stamme wat op daardie stadium teruggekeer het na die gebied wat onder bespreking is.

Die L.M.S. se sendelinge het hulself alreeds op 'n vroeë stadium ongewild gemaak by die Boere. Dié konflik sou 'n merkbare invloed laat op sendingwerk en die algemene politiek van die tyd:

> "The missionaries did not make themselves any more popular with the farmers by their great play with the English name. Both directly and indirectly they led the natives to believe that they possessed great influence with the British government, and could persuade it to intervene to support the natives against the farmers."
> (Agar Hamilton, 1928, p.103).

Livingstone het geen geheim gemaak van sy mening dat die Tswanas van vuurwapens voorsien moet word om hulself teen die Boere te verset nie.

Die saak sou tot ŉ spits gedryf word in die konflik tussen die Boere en Sechele in 1852. (Transvaal Native Affairs Department, 1905, p.102).

ŉ Wet is aangeneem wat enige sendeling sou verplig om eers toestemming van die Volksraad te verkry alvorens sendelinge in die gebied wat deur die Sandrivierkonvensie* aan die Transvaal toegeken is, toegelaat sou word.

Sechele was een van die enigste bekeerlinge van Living=stone en op ironiese wyse rig hy ŉ versoek aan President M.W. Pretorius om ŉ sendeling en vuurwapens en ammunisie vir jagdoeleindes aan hom beskikbaar te stel. Uit hoofde van sy goeie gedrag na die geveg te Kolobeng, staan Pre=torius die versoek rakende ŉ sendeling toe.

3.2.2 Die tydperk 1857 - 1981

Die Volksraad het op daardie stadium alreeds te kenne gegee dat hulle die Morawiese Sendinggenootskap in gedagte gehad het om sendingwerk in die Transvaal (Z.A.R.) te onderneem. Die versoek van Sechele word egter aan die Hermannsburg Sendinggenootskap oorgedra en hulle stuur in 1857 drie sendelinge na die Transvaal. As gevolg van ŉ dispuut tussen die drie sendelinge en die sending=genootskap se hoofkwartier in Suider-Afrika (wat in Natal was) word hulle teruggeroep.** Vier sendelinge

* Tydens sodanige konvensie is die weesgrens van die Transvaal bepaal as ŉ lyn van die punt van die Ngamimeer in die noorde tot die Aughrabieswatervalle in die suide. (Theal, 1908, V.4, p.254). Dus het die gebied wat deur Sechele bewoon is binne die jurisdiksie van die Volksraad geval en kon enige verdere werksaamhede van die L.M.S. opgeskort word.

** Al drie het nie hierop gereageer nie.

is hierna deur die genootskap gestuur. Een van die vier, naamlik Behrens, het besluit om hom gedurende 1864 onder die baKwêna ba Mogopa te vestig. Op daardie stadium het Tedié Mamamogale met die stamlede saam met wie hy in 1840 - 45 na die huidige Lesotho getrek het, nog nie teruggekeer nie. Die sendeling Behrens stig sy sendingstasie te Mantabole,* waar stamlede woonagtig was. Vir dié doel verkry hy vergunning van ene P. J. Kruger, die eienaar van die plaas Losperfontein. Die sendingstasie sou voortaan bekend staan as Bethanie. Nie lank hierna nie sou die bekeerlinge in die stam dit as ŉ sentrum beskou waaromheen hulle saamgetrek het. Dit sou in later jare die hoofkwartier van die baKwêna ba Mogôpa word.

Die sametrekking van Swartes by Bethanie op grond wat regtelik aan die Boer genaamd Kruger behoort, sou weldra die argwaan van die omliggende Boere (wat nog nie van Livingstone vergeet het nie) teenoor Behrens opwek. Nieteenstaande dié weerstand slaag hy daarin om twaalfhonderd hektaar van Kruger te koop. Die verkondiging van die Christelike leerstelling in hierdie deel van die huidige Bophuthatswana sou weldra weens Behrens se inisiatief na die ander stamme en stamdele versprei. Die volgende sendingstasies kom só tot stand:

- Hebron in 1865 by Matlhare (ŉ nedersetting van die baKwêna ba Mogôpa);

* Die stam se tradisionele tuiste was in die gebied en Mantabole is ŉ kraal wat nie ver van Mmamogale's Kraal (die ou hoofsentrum) geleë is nie.

- Eben Ezer in 1874 by Tobong (Mogale's lokasie, die hoofkwartier van die baPô ba Mogale te Wolhuterskop);

- Jericho in 1879 by Makolokwe (wat ook ŉ nedersetting is van die baKwêna ba Mogôpa). Dit sluit dus die nedersettings in wat in dié studie geraak word.

Die Hermannsburgse Sendinggenootskap sou in die toekoms die vernaamste sendingaksie in die gebied verteenwoordig. Alhoewel verskeie ander kerkgenootskappe,* ook sending= aksies in die gebied van stapel sou stuur, is ŉ bespre= king van die agtergrond en beleid van die Hermannsburgers verteenwoordigend van die algemene prentjie:

- Die Hermannsburgse sendingaksie

  Dié sendingaksie sou begin onder leiding van ŉ sekere Ludwig Harms van die Lutherse Kerk, wat verantwoorde= lik was vir herlewingsdienste in die Duitse dorp Hermannsburg. As gevolg van die versoek van twaalf jong manne om toegelaat te word om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig, stig Harms in 1849 die genoemde genootskap. Harms se gedagterig= tings in verband met sending is die volgende:

* Breutz (1953, pp.43 - 44) gee ŉ uiteensetting van die be= langrikste kerkgenootskappe, waaronder ook spesifiek mel= ding gemaak word van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Vergelyk ook die uiteensetting van kerkgenootskappe in die verslag van die Transvaal Native Affairs Department (1905, p.147) - Waaruit blyk dat die Hermannsburgse genootskap agt stasies teenoor een ander, nl. ŉ Wesliaanse stasie in die Rustenburg-distrik op daardie stadium gehad het.

- Die sendeling sou vergesel word van 'n aantal kolo= niste. Die 'sendingnedersetting' wat so gestig word, het verkieslik bestaan uit:

  - Die sendeling wat vier jaar opleiding ontvang het te Hermannsburg - die opleiding behels nie slegs Bybelstudie nie, maar vakke soos bouwerk, landbou, skrynwerk en onderwysmetodiek is ook aangebied. 'n Groot deel van die oplei= ding bestaan uit handearbeid. Verkieslik moes die persoon alreeds 'n ambagsopleiding deurloop het.

  - 'n Blanke gemeentetjie wat mense wat spesiaal deur die sendinggenootskap uitgesoek is om dié beskawing aan die heidene oor te dra.

  - Die bekeerde heidene sou 'n gemeente vorm wat op die fondament van die Blanke gemeente ge= bou word.

  - Geeneen sou uitgesluit word van deelname aan handearbeid nie, en die sendeling is moreel verplig om saam met gemeentelede huise te bou, landerye te bewerk en al die ander werksaamhede uit te voer wat nodig is vir die funksionering van so 'n sendingstasie. Die gedagte is hier om 'n beginsel van Christen-sosialisme te hand= haaf sover dit aktiwiteite en bewoning van die sendingstasie se grondgebied raak.

  - Die gedagte van 'Nasionalisme' kom ook sterk hier na vore. Na aanleiding van 'n sendeling genaamd Krupf, wat onder die Galla van Ethiopië

werksaam was, wil Harms ook die 'Volkstum'-*
gedagte na die heidene uitdra. Hiervolgens moet die volksgedagte onder die heidene aangemoedig word. As belangrike riglyne geld hier dat daar nie 'n valse nabootsing en vermenging met die Duitse beskawing aangemoedig moet word nie maar wel die sinvolle kulturele aanpassing van die mens in 'n groep en sy omgewing.

Dit sou daarop neerkom dat die volke wat bearbei sou word, geleer moes word dat die hoogste ideale geleë is in die nasionalisme wat deur 'n volkstaat verteenwoordig word.

Die gedagterigting skyn ietwat gekoppel aan die Duitse benadering en is nie van toepassing op die ander sendinggenootskappe nie. Tog is dit van belang om te let op die toepassing van Harms se ideale op die studiegebied:

Harms se gedagte van 'n kerngemeente wat uit koloniste bestaan, is nie op elke sendingstasie toegepas nie. In werklikheid sou dit slegs ten opsigte van enkele gemeenskappe in elke kolonie realiseer. So kom die gemeenskap te Hermannsburg in Natal tot stand en Kroondal in die Transvaal. Teenswoordig is laasgenoemde sowat vyftig kilometer van die gebied onder bespreking. Die belange van die Duitse koloniste en die sendelinge sou nie altyd ooreenstem nie en behalwe vir finansiële ondersteuning aan die kerk, het die Blanke inwoners van dié nedersettings hul eerder toegespits op gekommersialiseerde boerdery.

* Volkskarakter

Die sendeling Behrens kan as voorbeeld vir verdere bespreking dien. Feddema (1972, p.40) merk die volgende op rakende Behrens se stigting van ŉ sendingstasie:

> "De christenen hielpen Behrens by de bouw van een huis, een kerk, twee scholen, een kookhuis, een wagenhuis en enige stallen voor kalveren en swynen. Het geheel vormde, afgezien van de kerk en de scholen, min of meer een Duitse hofstede."

Dit wil voorkom of hy die gedagte van ŉ sosialistiese Christengemeenskap die beste verwesentlik het:

> "Zo ontstond een dorp van christenen, waarvan de straten werden aangelegd en de huizen werden gebouwd, overeenkomstig de ideën van zendeling Behrens."

> "Hij riep se op tot allerlei handarbeid en tot het werk op het land, waarbij hij met hen mee arbeidde en hen nieuwe methoden ..." (Feddema, 1972, p.47).

Die gedagte om aan die Tswanas ŉ eie volkseenheid en kultuur te gun sou in later jare weer na vore tree. Dit val veral saam met die opkoms van die volksgedagte in Duitsland, wat uiteindelik gekulmineer het in die ultra-regsgesinde bewind tussen 1933 en 1945. So lewer sendeling H. Lange (1936) ŉ lesing getiteld: "Ist unsere Mission dem Volkstum

unserer Betchuana gerecht geworden?" Dit blyk egter dat die sendelinge nie altyd in staat was om die verband tussen kultuur en etnisiteit te verstaan nie. Die volgende tradisionele kompo= nente is dienooreenkomstig geraak:

- Die godsdiensvorm

  Uit die aard van die saak sou die sending me= rendeels toegespits wees op 'n vervanging van die tradisionele godsdiensvorm deur die Chris= telike leerstelling. Die magie en voorouer= verering was veral 'n fokuspunt van die veroor= deling deur die sendelinge. Uit dié ondersoek in die studiegebied het dit geblyk dat hulle nie heeltemal suksesvol was nie. Dit wil voor= kom of die vroeëre sendelinge nie die onder= liggende filosofie van die Tswanas se godsdiens verstaan het nie. Die begrippe wat aan reg en verkeerd en die wraak van 'n verontregde ge= koppel word, is nie deur die sendelinge begryp nie en is nooit met 'n Christelike benaderings= wyse vervang nie. Teenswoordig is sendelinge van die genootskap onder bespreking meer be= dag op dié aspekte wat onderliggend aan die tradisionele godsdiensvorm is.

- Die huwelik

  Aanvanklik is die tradisionele huwelik deur die sendelinge verwerp.

  - Nuwe bekeerlinge is 'gedwing' om van hul vroue, behalwe die hoofvrou, ontslae te raak. Hulle moes dan terstond weer op

Christelike wyse met hul hoofvrou in die huwelik tree. Kinders wat uit die tradi=sionele huwelik gebore is, is as buite=egtelik beskou. Dié stryd teen die poli=game huwelik in 'n 'wettige' vorm was suk=sesvol.

- Dit kan egter nie van die stryd teen die <u>bogadi</u>-gebruik gesê word nie. So moes die sendelinge dit later aanvaar, onder die verstandhouding dat dit nou 'n dankgeskenk aan die ouers van die bruid is.

- Die kruisneef-niggiehuwelik is ook as hei=dens bestempel en bestry.

- Dit wil voorkom of die sendelinge redelik suksesvol was in die bestryding van die sororaat- en leviraatgebruik.

- Veral Behrens het ook die egskeidingsgebruike op 'n grondslag probeer plaas waar die man moet afstand doen van sy tradisionele regte op die kinders as hy die skuldige party is.

- Die gebruike is deur kerkwette, gemeente=wette, formuliere en vanaf die kansel beveg. So kon 'n persoon onder sensuur geplaas word indien hy 'n gemeentewet oortree. Dit moet gemeld word dat die riglyne wat hier uit=eengesit word, nie deur alle sendelinge gevolg is nie.

- Die <u>bogwêra</u> en <u>boyale</u>

Die inisiasieplegtigheid is deur sendelinge bestry op grond van die tradisionele, religieuse aard daar= van en die inbreuk wat dit op die jeugprogram van die kerk sou maak. Sommige sendelinge het die vorming van ouderdomsregimente goedgekeur en hul toestemming gegee dat <u>mephatò</u> gevorm kan word, maar wel uit groepe katkisante wat die belydenis afgelê het. Dit is deels toe te skryf aan die nut wat sendelinge gesien het in die ouderdomsregiment as ŉ bron van arbeid.

- Begrafnis

Die sendelinge het die Westerse wyse van begrafnis voorgeskryf. ŉ Begraafplaas is vir dié doel deur sendelinge buite die nedersettings aangelê. Vele taboes is deur hierdie verandering geraak, aangesien begrafnisse dikwels deur die sendeling waargeneem is.

- Kindergeboorte

Volgens die formuliere moet ŉ kind op die eerste Son= dag na geboorte gedoop word. Dit volg vanself dat vele taboes rakende kindergeboorte en die afsonderings= periode hierdeur geraak sou word.

- Bedryfslewe en materiële kultuur

Behrens en ander sendelinge het die uitleg van neder= settings soos Bethanie beplan, en riglyne rakende die uitleg van woonerwe neergelê. Landerye en die veestapel van die stam is ook verbeter.*

* "Jeder Einwohner ist verplichtet seine Gebäude 10 Fuss von der Strasse zu bauen und sein ganzes Erbe mit einer Mauer von Lehm oder Steinen zu umgeben;" - (Haccius, 1903. p.20). Ten opsigte van die landbou sou Behrens reëls neerlê vir die uitleg van landerye en die gewasse wat geplant moet word. Veesiektes sou deur hom bekamp word deur ŉ tipe kwarentyn= stelsel in te voer. Hy sou selfs ook ŉ reël neerlê dat sy toestemming eers gevra moet word voordat bome afgekap word.

Feddema (1972, p.46) verduidelik die invloed van die sendelinge soos volg:

> "Eerst werden de mensen door de zende= ling persoonlijk onderricht in het metselen, timmeren en het meubel maken, om hen in staat te stellen zelf recht= hoekige huizen te bouwen, maar later namen de inheemse onderwijzers deze taak van de zendeling over. Een be= langrijk aandeel van de opleiding op de kweekskool te Bethanië en later te Berseba (ook onder die baKwêna ba Mogôpa) bestond uit landbouw - en huizen= bouwonderricht."

Haccius, wat op daardie stadium onderdirekteur van die genootskap was, het die sendelinge aangeraai om die huise op Duitse wyse deur ŉ geestelike te laat inwy.

Die veranderinge wat deur die sendelinge ingevoer word rakende statuitleg, woningbou, landbou en veeteelt, sou meebring dat ŉ hele aantal taboes en rituele geraak word.

- Sosiale en politieke organisasie

Die vroeë sendelinge het getrag om nie die tradisionele gesagstruktuur skade aan te doen nie. Afgesien van die aanvanklike tweespalt tussen bekeerlinge en nie-bekeerlinge, is daar selfs ŉ poging aangewend om tra= disionele gesagspersone die seggenskap in nuwe neder= settings te gee. Behrens het byvoorbeeld die strate

van Bethanie uitgelê, sodat elke kgoro 'n sekere blok bewoon. By die administrasie van so 'n blok het hy die betrokke kgoro-hoof in die administratiewe en politieke rol van 'n Unterhauptling (onderhoof) gebruik.

Die poging om reg te laat geskied aan die tradisionele gesagstruktuur kan vertolk word as berekende taktiek om nie die indruk te skep dat die sendeling trag om die posisie van die stamhoof oor te neem nie. Sou die stamhoofde die indruk kry dat die sendeling ingestel is om sy rol oor te neem en oor die algemeen 'n toestand van anargie te skep, kon dit ernstige gevolge vir die sendeling en die evangelie in die algemeen gehad het.

Stamhoofde het die sendelinge as 'n belangrike skakel in hul verhouding met die Blankes gesien. Vir meeste stamhoofde was die sendeling van waarde om homself in 'n beter posisie te plaas rakende grondbesit, en hy kon die sendeling ook gebruik as 'n klerk wat korres= pondensie met die Volksraad kon behartig. Die sende= ling is in baie gevalle as buffer en vredemaker gebruik indien die Boere, as gevolg van 'n stamlid se oortre= dings, teen die stamhoof sou optree.

- Die aard van die kontak

Die invloed van die doelbewuste oordrag van die Westerse godsdiensvorm kan soos volg getipeer word:

Gedurende die eerste tydperk is die sukses van die sending= poging te lees in die bekendstelling aan die Tswanas van die Blanke se materiële kultuurkomponente en sy benadering tot landbou, veeteelt en woningaanleg. Bekeerlinge bestaan hoofsaaklik uit jongmense wat op aandrang van die sendeling sekere gebruike van vorige generasies moet verontagsaam. Dit veroorsaak 'n verdeling tussen bekeerlinge en nie-bekeerlinge in die stameenheid.

Die volgende generasie het die kinders van bekeerlinge in= gesluit. Dié generasie bereik volwassenheid nadat daar in noue kontak met die sendingkerk geleef is. Die opvoeding van die kind het gereelde bywoning van die kerk, sending= skool en kerklike bedrywighede behels. In dié tydperk het die invloed van die sendingkerk uitgebrei en daar is min Tswanas wat nie geraak word deur die invloed van die Chris= telike leerstelling nie. Nedersetting en die bestaanswyse is op hierdie stadium merkbaar beïnvloed deur die kultuur= oordrag van die sendeling. Dit is daarenteen opmerklik dat sendelinge nie heeltemal daarin kon slaag om sekere tradisionele gebruike uit die huwelik, godsdiensvorm en begrafnis te weer nie. Dit blyk ʼn periode van aanpassing vir diegene wat die 'nuwe' godsdiensvorm aanvaar het.

Die generasie wat hierna volg, bereik volwassenheid in ʼn milieu waar die godsdiensvorm alreeds tekens van ʼn eiesoor= tige ontwikkelingspatroon vertoon. Sendingwerk word op ʼn georganiseerde wyse vervang met permanente bediening van die Woord. Die kerk en verwante bedrywighede vorm ʼn deel van die opvoedingsprogram op ʼn breë front. Daar is slegs enkele uitsonderings van die ouer geslag wat nie aan kerke behoort nie en dus hul kinders weerhou van deelname. Die aanpassingsproses van ʼn nuwe godsdiensvorm in die struktuur van die res van die kultuur beteken dat die tradisionele godsdiensvorm geensins in sy totaliteit verdwyn het nie. Sekere patrone in die hele kultuur en die godsdiensvorm in die besonder toon elemente van ʼn Christelike leerstel= ling maar ook van die elemente van die tradisionele gods= diensvorm.

Dit is veral in dié tydperk dat die gedagte na vore tree* dat aanname van die Christelike leerstelling ook kulturele assimilasie met die kultuur van die Blanke sou meebring.

* Nie slegs by tradisionele kultuurdraers nie.

Die huidige generasie beskou die Christelike kerk as deel van hul lewe. Daar is sprake van 'n meer tegemoetkomende houding deur kerkgenootskappe jeens die tradisionele kul=tuurgebruike wat nog gehandhaaf word, in weerwil van pre=diking daarteen. Die verkondiger van Godswoord is teens=woorig 'n lid van die Tswana etniese groep of een van die ander Swart etniese groepe in Suidelike Afrika. Die gesag=strukture van kerkgenootskappe* maak voorsiening vir die toelating van lede van enige etniese groep, terwyl die Blankes wat wel in beheer is van sendinggeoriënteerde Woordverkondiging ingestel is op 'n beter begrip van die kulture waarmee in aanraking gekom word. Die jeug verteen=woordig 'n baie belangrike deel van die bevolking vir sover dit die Christelike kerke raak:

- Kerklike jeugorganisasies dien teenswoordig as groepe waarvan die lede aktief betrokke is by Bybelstudie, wedersydse versterking van geloof en naastediens.

- Jeugbidure en jeugdienste neem 'n groot deel van die jonge=ling se tyd in beslag.

Die aandrang van die Christelike leerstelling op die jeug ver=oorsaak wel soms konflik:

- Die jeug maak die Christelike leerstelling tot so 'n mate hulle eie dat daar afkeur ontstaan teenoor die tradisionele godsdiensvorme wat nog in sekere mate bestaan. Die konflik is in die geval tussen die jeug en lede van 'n verwantskaps=groep wat nog die voorouers vereer en die magiër besoek (gewoonlik in samehang met lidmaatskap van 'n kerk).

* Die verwysing is nie toepasbaar op alle kerkgenootskappe nie en daar moet in gedagte gehou word dat die sogenaamde 'nativistiese' kerke nie by 'n algemene bespreking ingesluit kan word nie. Dié kerke veronderstel 'n sinkretisme tussen die Christelike leerstelling en sekere elemente van tradi=sionele godsdiensvorme.

- Die jeug vind die aanwesigheid van twee verskillende gods=diensvorme wat soms vermeng word verwarrend, en neem nie oortuigend deel aan enige godsdiensvorm nie. Dit veroor=saak konflik tussen jongelinge was as 'ongelowig' beskou word en medelede van ŉ verwantskapsgroep wat wel ŉ gods=diensvorm onderhou.

Op die keper beskou is die werk van sendelinge geensins nega=tief nie en word uitstekende naastediens gelewer deur mense wat soms weinig materiële vergoeding daarvoor ontvang.

3.3 Betrekking by ŉ Westerse ekonomiese stelsel

Uit ŉ bestudering van die Tswana se tradisionele kultuur blyk dit dat hy van sy onmiddellike omgewing afhanklik was vir ŉ bestaan. Kontak met die Blankes het die Tswana in ŉ posisie geplaas waar hy ŉ bestaan kon maak deur deel=name aan ŉ markekonomie:

3.3.1 Die tydperk 1837 - 1869

Gedurende hierdie tydperk sou die Tswana as plaasarbeider betrek word. As gevolg van die Boere se relatief lae getalle was dit onmoontlik om uit eie geledere in die vraag na arbeid te voorsien. Ten einde die pioniers=plase te ontwikkel is daar van die inboorlingvolke se arbeid gebruik gemaak.

Die betrekking van die Tswanas by plaasarbeid het hulle in noue kontak geplaas met die Blanke se boerderymetodes en algemene leefwyse. Daar was die moontlikheid dat stamlede vir ŉ afsienbare tydperk op Boereplase aanwesig kon wees en dus tydelike kontak met die organies-geïnte=greerdheid van die stam kon verloor. Die Boere was nie op georganiseerde basis daarop ingestel om die onder=houdings van die kultuur van die Tswanas te ontmoedig nie.

Indien dit sou bots met die Westerse ingesteldheid teen=oor die arbeidsituasie, het wrywing gewoonlik gevolg.

Die sendelinge van die Hermansburgse sendinggenootskap sou as deel van hul sendingtaak die Tswana ook by ɱ Westerse arbeidsgedagte betrek. So merk Feddema (1972, p.46) die volgende op:

> "De Hermannsburg Mission beschikte in tegenstelling tot vele andere zendings=genootschappen over weinig financiële middelen, zodat de zendelingen veelal genoodzaakt waren voor de bouw der kerken, scholen en huizen en eveneens voor die aanleg en het onderhoud der bevloeiingswerken ten behoeve van het eigen landbouwbedrijfje, een beroep te doen op de hulpvaardigheid der stam - of gemeenteleden. Zo kwamen de baTswana, nog directer dan via hun dienstarbeid by de 'Boeren', in aanraking met moderne bouwtechnieken en landbouwmethoden."

Veral die sendeling Behrens, wat onder die baKwêna ba Mogôpa te Bethanie werksaam was, het ɱ doelbewuste po=ging aangewend om ɱ vorm van arbeidsopleiding van sta=pel te stuur.

### 3.3.2 Die tydperk 1869 - 1954

In 1869 word die eerste diamant in die Hopetown-distrik gevind, en teen die einde van 1869 is die diamantvelde vir alle praktiese doeleindes aan die buitewêreld bekend. Goud word in 1886 in ongekende hoeveelhede aan die Wit=watersrand ontdek. Die aanvraag na arbeid het ɱ nuwe fase betree en ɱ tydvak is ingelui waarin Swartes op groot skaal van hul stamtuistes onttrek is.

Die ontginning van edelmetale en minerale het weldra ŉ groot invloed op die breëre politiek van Suidelike Afrika uitgeoefen en ŉ algemene oplewing in die ekono= mie is teweegbring. Die groter vloei van inkomste uit belasting na die staatskas van die Z.A.R. veroorsaak dat meer geld op die administrasie van Swart volke be= stee kon word. Dit het ook aanleiding gegee dat die geldmagnate in toenemende mate op Britse oorheersing aangedring het, omdat hulle in sodanige regering min= der beperking gesien het op die najaag van eie belang. Intussen het die vraag na landbouprodukte by die myn= sentra die Boere genoop om produksie te verhoog en meer Swartes is in diens geneem.

Die vraag na arbeid in die mynsentra het ŉ tydvak inge= lui wat sou meebring dat die stamlewe ingrypend aange= tas is deur die afwesigheid van veral mans wat op kon= trakbasis afwesig was van die tradisionele tuiste. (Breutz, 1953, p.17)

Die deelname van stamlede aan ŉ ver verwyderde ekono= miese aktiwiteit het ŉ bron van kommer geword vir stam= hoofde, wat besef het dat homogeniteit daardeur in ge= vaar gestel word.

Daar is gevolglik meer probleme ondervind om ŉ tradi= sionele gesagstruktuur te handhaaf en die verwante sosiale gebruike na te kom.

Aanvanklik het stamlede vir relatiewe kort periodes van Westers georiënteerde bestaansmoontlikhede gebruik gemaak. Die vergoeding wat so verdien is, is aangewend om goedere te bekom wat relatief maklik aangewend kan word in die tradisionele bestaan. Die aanvanklike periodes is weldra sodanig verleng dat daar slegs af en toe na die tradisionele tuiste teruggekeer is.

Die deelname van die destydse Suid-Afrikaanse regering aan 'n oorlog in Europa het 'n behoefte aan nywerheids=groei laat ontstaan. Een van die nywerhede wat gestig is, is byvoorbeeld die staalnywerheidskompleks te Pre=toria. Die nywerheidsgroei tot en met 1950 het dus die Tswana ook meer by die vervaardigingsnywerhede be=trek. Die totstandkoming van dié nywerhede het bygedra tot ontwikkeling in die landbousektor. So is die Harte=beespoortdam in 1923 voltooi, (Stadsraad van Brits, 1974, p.21)* om sowat twaalfduisend morg onder besproeiing te plaas. Dié verwikkeling sou die vraag na plaasarbeid, in die gebied onder bespreking, laat toeneem.

### 3.3.3 Die tydperk 1954 - 1981

Die ondersoek van die Tomlinsonkommissie het die doel=stellings van ekonomiese ontwikkeling in die Swart ge=biede in perspektief geplaas. Ten einde 'n beleid wat op etniese diversiteit gegrondves is, op 'n sinvolle grondslag te plaas, sou dit nodig wees om Westerse bestaansgeleenthede in die Swart gebiede te vestig.

Die gedagte van gesagstrukture wat op die basis van etniese diversiteit gevestig word, is slegs sinvol in=dien ekonomiese onafhanklikheid daarmee gepaard gaan. In die geval van Swart tuislande gaan dit veral oor bestaansmoontlikhede in dié gebiede. (Coetzee, 1960, p.7).

Die vraagstuk wat ontstaan het, is of die vestiging van nywerhede in die Swart gebiede nie sou meebring dat 'n Blanke arbeidsmag wat oor die nodige kennis be=skik ook in sodanige gebied gevestig sal moet word nie.

* Die dam is voltooi deur die gebruikmaking van Blanke arbeid, wat 'n aanduiding is van die relatief lae betrekking van arbeiders uit die stamme in die huidige studiegebied. (Stadsraad van Brits, 1974, p.21).

Dus het die gedagte dat die werksgeleenthede na die Swarte geneem moet word, ŉ probleem opgeroep wat net op een manier opgelos kon word, naamlik die vestiging van nywerhede wat op die grense van Blank- en Swart=gebiede sou wees. (Tomlinson Report, 1956; Coetzee, 1960, pp.7 - 10). Interne ontwikkeling word nie hier=deur op die lange baan geskuif nie, omdat die grens=nywerhede die opleidingsmilieu kan verskaf vir die tot=standkoming van ŉ behoorlik opgeleide Swart arbeidsmag. Sodanige arbeidsmag sou dan hul plek kon inneem in die nywerhede wat binne Swart gebiede gevestig word.

Die beleid wat vorm aangeneem het, het gelei tot die aankondiging in die Volksraad, gedurende 1968, dat die Brits-area voortaan as ŉ grensnywerheidsgebied bekend sou staan. Sedertdien het die hoeveelheid geregistreerde fabrieke van ŉ aanvanklike vyf na ŉ totaal van sestig in 1977 gegroei, met ŉ totale Swart arbeidsmag van twaalfduisend. (Stadsraad van Brits, 1977, p.25; Anon., 1977, pp.32 - 35). Tans is die neiging tot verdere uitbreiding, aldus kenners, ver bo die gemiddeld en verskaf dit volop werkgeleentheid aan omliggende stamme en Swart gemeenskappe. Daar is ook die nywerheidsgebied ten noordweste van Pretoria, naamlik Rosslyn, wat ewe maklik bereikbaar is.

- Die aard van die kontak

Die Tswanas is op ŉ wyse by die Blanke se bestaansbedrywe betrek, dat ŉ situasie geskep is waarin die twee groepe op interafhanklike wyse na bestaansgeborgenheid streef. Dié stadium is bereik deurdat aanraking in die opeenvolging van generasies geïntensifiseer het.

- Die eerste generasie is as arbeiders by die bestaans=bedrywe van die Blankes betrek, wat op daardie stadium pioniers in ŉ vreemde omgewing was. Dié bestaansbedrywe was in ooreenstemming met dié van die tradisionele kul=tuurdraers op landbou en veeteelt gebaseer. Vir die tradisionele kultuurdraer was dit dus nie vreemde bedrywe nie; dit het eerder ŉ vreemde faktor bevat vir soverre die Blanke ander metodes en materiële hulpmiddele gebruik het om nie net vir eie behoeftes te produseer nie maar ook om ŉ surplus te produseer.

- Die generasie wat hierna gevolg het, is in die bedrywe betrek, wat meegebring het dat daar na ŉ ander gebied as die onmiddellike stamtuiste beweeg moes word. Dit het op dié stadium nog nie langdurige afwesigheid in die hand gewerk nie. Die klem in die bestaansgeborgenheid het meestal berus op die tradisionele bedrywe, terwyl die tydperk wat in die Blanke bestaansbedryf deurgebring is as ŉ aanvullende bron van lewensmiddele beskou is.

- Die generasie wat kort na die Tweede Wêreldoorlog volwas=senheid bereik het, was bekend met ŉ tydperk van indus=triële ontwikkeling in die nabygeleë stede. Afgesien van ŉ depressie in die Blankes se ekonomie gedurende die vroeë dertigerjare, is die Tswanas op groter skaal as voorheen van hul tradisionele bedrywe onttrek. Dit is in dié tydperk dat die bestaansmoontlikhede in die stede en op die omliggende plase baie stamlede genoop het om die eie bestaansbedrywe op die agtergrond te skuif.

- Die teenswoordige generasie is bekend met bestaansmoont=likhede wat die eie tradisionele bedrywe in meeste ge=valle tot die vlak van ŉ bykomende bestaansbedryf gere=legeer het. Diegene wat ŉ bestaan maak wat as tradisio=neel beskryf kan word, bedryf dit op ŉ wyse wat meer

ooreenkoms met Westerse boerderymetodes toon. Die ekonomiese ontwikkeling in Suidelike Afrika vergelyk oor die afgelope dertig jaar besonder gunstig met dié van ander ontwikkelende lande. Dié ontwikkeling het moontlikhede geskep vir die tradisionele kultuurdraer om 'n lewensbestaan te maak wat die klem op 'n individualistiese selfgeldingsuiting plaas. Dit beteken nie noodwendig dat die tradisionele verwantskapsgroep as ekonomiese eenheid in die slag gebly het nie. Die tradisionele kultuurdraer het die beginsel van wedersydse hulp nie sonder meer in sy strewe na bestaansonafhanklikheid afgelê nie. Byeenkomste van die verwantskapsgroepe ten spyte van ruimtelike verwydering tussen die lede kom nog voor, en lewensmiddele wat deur 'n suksesvolle familielid verdien word, word dikwels gedeel met dié wat nie so 'gelukkig' is nie.

Die ontwikkeling van nywerheidsgebiede naby stamtuistes het 'n merkbare effek op die samehorigheidsgevoel van verwantskapsgroepe gehad. Lede kan weer die gesinseenheid en vervolgens die groter eenhede ten opsigte van die ruimtelike aspek deel. Die jeug is veral ten opsigte van die volgende geraak:

- Geleentheid vir die oordrag van kultuur aan die jongeling deur sy verwante is geskep, deurdat laasgenoemde vanuit tradisionele tuiste kan deelneem aan Westerse bestaansbedrywe.

- Die aanwesigheid van sentra wat ontwikkeling op ekonomiese gebied verteenwoordig, bied aan die jongeling fasiliteite soos skole, kolleges en ander opleidingsentra in sy tradisionele omgewing.

- Die moontlike werksgeleenthede in die maklik bereikbare omgewing dien as aansporing tot die verbetering van sko= lastiese kwalifikasies.

- Die verwante wat in die nabygeleë industriële gebiede werksaam is, bestee hul geld op voedsel en kleding vir die jeug. Daarenteen is die vader of ander verwant wat in verafgeleë sentra werksaam is, geneig om minder van sy inkomste aan sy verwante in die tradisionele tuiste te bestee.

Die effek van dié faktore het 'n versnellende uitwerking op die akkulturasietempo:

- Die persone wat in die Blank-georiënteerde sentra werksaam is, word onderwerp aan die kultuurbeïnvloeding van dié werk= situasie. Dié invloed word tuis weer aan die kind oorgedra.

- Die uitbreiding van Westerse onderwys- en opleidingsfasi= liteite is ook 'n uitbreiding van Westerse opvoedings- en onderrigbeginsels.

- Die gedagte om kwalifikasies te verbeter en 'n algemene oriën= tering om aanvaarbaar te wees in die Westerse kulturele milieu van die werksituasie, versnel die tempo van akkul= turasie.

- Die verdienste word bestee op goedere, wat verteenwoordigend van die materiële kultuurkomponente van Westerse kulture is. Dit sluit radio's, horlosies, kameras en geprosesseerde voedsel in. Dit gee aanleiding tot 'n behoeftepatroon wat die tradisionele kultuurdraer meer betrek by die 'nuwe' bestaanswyse ten einde meer geld te verdien.

## 3.4 Die onderwys

Om te beweer dat die Tswana-jongeling in tradisionele tye geen vorm van opvoeding geken het wat hom voorberei het vir die volwasse lewe nie, blyk ver van die waarheid verwyderd te wees. As die tradisionele kultuur bestudeer word en vergelyk word met Shipman (1968, p.3) se definisie:

> "Education is the organized part of the process through which each suc= cessive generation learns the accu= mulated knowledge of a society."

is dit duidelik dat die kind in die tradisionele Tswana= gemeenskap nie aan sy lot oorgelaat is nie. Dit sou ver= keerd wees om opvoeding altyd met die georganiseerde vorm wat dit kan aanneem te verwar:

> "Even where there is no apparent attempt at formal training, a child is guided and stimulated to observe and copy adult behaviour." (Shipman, 1968, p.4).

Die formele vorm wat opvoeding kan aanneem is ook nie by die Tswana uitgesluit as die <u>bogwèra</u> en <u>boyale</u> in ge= dagte gehou word nie. Tog is die tipe skoling van die Tswana gerig op morele opvoeding en 'n algemene sosiali= seringsproses en nie sodanig op die voorbereiding van 'n loopbaan soos dit in die Westerse kulture geken word nie. Tradisioneel was dit nie nodig om 'n persoon vir 'n spesifieke loopbaan op te lei nie, omdat spesialisasie uiters beperk was.

Dit is waarneembaar dat die opvoeding van die Tswana vol= kome in sy eie kultuur gefundeer was. Met die koms van die sendelinge het sekere veranderinge ingetree. Dié

verandering raak nie net die onderrigaspek nie maar ook die kulturele milieu waarin dit aangebied was. Aanvank=lik sou die sendingskool die plek wees waar twee kulture mekaar ontmoet en waar die akkulturasieproses tot groot mate momentum gegee is. Die leerlinge wat in die geval Tswanas was, het by die skool opgedaag met ŉ opvatting van skoonheid, goeie smaak en gedrag wat gevorm is in hul eie kultuur, terwyl die sendeling se opvatting daar=van dikwels fundamenteel van eersgenoemdes se opvatting verskil het.

3.4.1 Die tydperk 1866 - 1904

Die eerste sendelinge in die gebied het kort na hul aankoms die eerste skole volgens Westerse begrip gestig. So het sendeling Behrens in 1865 die eerste 115 bekeer=linge gedoop en vervolgens in 1866 ŉ skool gestig. (Haccius, 1890). Die skole wat ontstaan het, sou geen eenvormigheid toon rakende leerplanne en skoolbeleid nie. Die volgende oor die onderwys soos aangebied deur die Hermannsburgse sendinggenootskap in die vroeë jare kan afgelei word uit beskikbare literatuur. (Haccius, 1890, pp.170 - 172; Dehnke, 1949, pp.273 - 278):

- Die sendelinge was nie akademies goed toegerus nie en was dus nie noodwendig goeie onderwysers nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die meer=derheid sendelinge slegs laerskoolopleiding ontvang het en afgesien van die vier jaar opleiding as sende=linge, in der waarheid uit die ambagslui gekom het.

- Met uitsondering van Behrens se skool, was daar geen klasindeling nie en die leerlinge is in alle ouderdoms=groepe in een lokaal onderrig.

- Die leerplan bestaan uit Bybelgeskiedenis, kategismes, lees en sang. By uitsondering is skrif en rekenkunde ook aangebied.

Die sendeling Behrens het homself deurgaans onderskei as 'n leidende figuur* in onderwysaktiwiteite te Bethanie:

- Hy is die eerste sendeling wat sy skool van die nodige ameublement voorsien het en aardrykskunde en rekenkunde aangebied het.

- In 1872 stel hy 'n Tswana as onderwyser aan, nadat hy hom self opgelei het.

- In 1874 stig hy 'n kweekskool te Bethanie waar ook onderwysers opgelei word.

- Die gedagte om by wyse van eksamen van een standerd na 'n ander te vorder word in 1883 ingestel.

- 'n Skoolbestuur word uit die ouers van die leerlinge verkies ten einde die gemeenskap ook by die skool te betrek.

  Die algemene beleid rakende die onderwys en die gepaardgaande kulturele aspekte kan soos volg saamgevat word:

  - Die onderwys was vir meeste sendelinge, met uitsondering van Behrens, 'n middel tot 'n doel, naamlik om die gemeentelede in staat te stel om die

* Schulenberg word dikwels ook genoem as 'n leidende figuur naas Behrens.

Christelike leerstelling beter te begryp. Dit kan afgelei word uit die leerplan, wat gesentreer het om Bybelgeskiedenis, lees en sang.

- Sommige sendelinge het die rol van onderwys gesien teen die agtergrond van die destydse arbeidsituasie en verklaar vervolgens dat skryf- en syfervakke van min nut kan wees vir die rol van die Tswana in die bedryfslewe.

- Die onderrig het deur medium van die moedertaal, Tswana, geskied.

In 1904 sou die destydse koloniale regering in Trans=vaal trag om beheer uit te oefen oor Swart onderwys. (Loram, 1917, pp.62 - 64). Dit sou inhou dat sending=genootskappe nog steeds die beleid sou formuleer in die skole, tog kon hulle die skole registreer en 'n subsidie ontvang, op voorwaarde dat onderrig deur medium van Engels geskied. Die sendelinge van die Hermannsburgse sendinggenootskap sou hierdie stap nie verwelkom nie en wel om die volgende redes:

- Die sendelinge van genoemde genootskap het in die Boereoorlog die saak van die Boere ondersteun. Dus was daar nog 'n negatiewe gesindheid teenoor die nuwe bewind.

- Volgens dié sendelinge sou dit slegs aanleiding gee tot die invoering van die Engelse skoolbeleid. Die beswaar daarteen het gesentreer om die Anglo=kulturele aard van die tipiese Engelse skool.

Die gedagte wat hier na vore tree, raak juis die probleem van kultuur-georiënteerde onderwys. Die teenstand teen die nuwe bedeling is moontlik te koppel aan die besef dat die kerk die vermoë sou verloor om die eie leerstelling aan die leerlinge oor te dra. Daarenteen bestaan die moontlikheid dat die sendelinge alreeds op hierdie stadium die werklikheid rakende die rol van die gemeenskap se kultuur in onderwys besef het, alhoewel dit nie wetenskaplik verantwoord is nie.

Die genoemde uiteensetting is nie op alle sendinggenootskappe van toepassing nie. Geen homogeniteit rakende ŉ onderwysbeleid kan as gevolg van die benaderings van verskillende sendinggenootskappe en sendelinge in dié tydperk bemerk word nie. In die toekoms sou daar meer riglyne van owerheidskant neergelê word. Met Uniewording in 1910 het Swart onderwys die verantwoordelikheid van die Provinsiale Administrasie van Transvaal geword, en daar is nog steeds voortgegaan met ŉ stelsel van subsidiëring aan sendingskole.

### 3.4.2 Die tydperk 1904 - 1953

Die beleid rakende Swart onderwys bereik in hierdie tydperk min hoogtepunte. Daar is ŉ toenemende kontrole van owerheidsweë rakende ŉ inskakeling by Blanke kurrikula, sonder dat gedagte gegee word aan die mikpunt waarheen beweeg word. Min klem is op kultuur-gefundeerde onderwys gelê en tog is daar geen sprake van inskakeling by Blanke skole nie.

In 1907 is ŉ wet in die Transvaal aangeneem wat die owerhede magtig om skole vir Swartes te stig. Hiervan het nie veel gekom nie, want slegs een skool, naamlik die Klipspruitskool naby Johannesburg, het tot stand gekom.

In 1910 het Swart onderwys in teenstelling met Swart administrasie, 'n verantwoordelik van die owerheid van die betrokke provinsie geword. Op die stadium was daar ongeveer tweehonderd-en-twintig Swart skole in Transvaal. Soos afgelei kan word, was die skole in die hande van sendelinge, tog is onderwysers se salarisse deur die Provinsiale owerhede betaal en is die skole onderwerp aan sekere bepalings en inspeksies van dié owerheid.

Teen 1948 sou die administratiewe aspek van Swart onder= wys 'n onnodig komplekse aard vertoon:

> "As State financial assistance to mis= sion and African community schools was extended, increasing control was exer= cised by provincial education depart= ments over the syllabuses, examinations, conditions of service of teachers, and other matters." (Horrel, 1963, p.35).

Fondse sou bewillig word deur die Parlement op advies van die Minister van Unie-onderwys, waarna die Sekre= taris vir genoemde departement dit weer verdeel het tussen verskillende provinsiale onderwysdepartemente, asook dié deel wat sy eie departement sou benodig.

Verskillende tipes skole het op hierdie tydstip bestaan, waaronder gemeenskapskole en stamskole.* Vir die skole is skoolkomitees en selfs skoolrade deur die betrokke Swart gemeenskappe gestig. Daar is dus sprake van kon= trole rakende sekere eie kultuurfasette in die skole

* Skole wat vir 'n stamgebied ingestel is en merendeels deur die jeug van die betrokke stam bygewoon word. Die term moet nie verwar word met inisiasieplegtighede wat soms deur die= selfde term aangedui word, nie.

deur die instelling van skoolkomitees. Die kurrikula en media van onderrig is deur die betrokke Provinsiale owerheid bepaal. Die posisie in die Transvaal het kortliks op die volgende neergekom:

- ŉ Gedetailleerde leerplan is vir die laerskool ingestel, waar die medium van onderrig tot en met standerd twee die moedertaal sou wees.

- Leerplanne in die sekondêre skole het ooreengestem met dié van Blanke skole in die Provinsie. Die gedagte is hier om die leerling voor te berei vir departementele eksamens, wat deur alle leerlinge (van alle etniese groepe onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement) geskryf word. Swart leerlinge het egter die geleentheid gehad om hul eie taal as eksamenvak aan te bied.

- Die indruk word verkry dat die partye wat in die tydperk by Swart onderwys betrokke was, daarop ingestem was om soveel moontlik Swartes in staat te stel om te leer lees en skryf. Indien daar van owerheidsweë die gedagte aan ŉ behoorlik gefundeerde kultuur-georiënteerde onderwys bestaan het, het dit moontlik toevallig tereg gekom in die gemeenskapskole.

In 1949 is die Naturelle-onderwyskommissie (Eiselenkommissie) deur die Nasionale Party-Regering aangewys. Die omvattende verslag wat dié kommissie ter tafel gelê het, het belangrike riglyne vir ŉ sentraal-gekoördineerde Swart onderwysbeleid aangedui.

3.4.3 Die tydperk 1953 - 1977 - 1981

Die afkondiging van die Wet op Bantoe-onderwys, (Wet Nr. 47 van 1953) het die beheer van Swart onderwys onder gesag van die destydse Departement van Bantoesake se afdeling Onderwys geplaas. Die stap is gedeeltelik teweeggebring deur die verslag van die Eiselenkommissie, wat in 1951 ter tafel gelê is. Die volgende mening van die kommissie sou in groot mate die beleid wat in die volgende jare gevolg is, weerspieël:

> "Educational practise, must recognize that it has to deal with a Bantu child, that is, a child trained and conditioned in Bantu culture, endowed with a know=ledge of a Bantu language, and imbued with values, interests and behaviour patterns learned at the knee of a Bantu mother." (Eiselen Commission, 1951, p.43).

> "It emphasized (die verslag van die Eiselen=kommissie) the functional value of the school as an institution of the transmission and development of the Bantu cultural heritage." (Horrel, 1968, p.5).

In 1958 het Bantoe-onderwys 'n selfstandige departement geword met 'n afsonderlike portefeulje in die kabinet. Mnr. W. A. Maree, die destydse Minister van Bantoe-onderwys het die beleid van die Departement in breëre verband opgesom deur te verklaar:

> "the Bantu must be so educated that they do not want to become imitators (of the Whites, but) that they will want to re=main essentially Bantu." (Hansard, 1959, cols. 8318 - 9).

Die praktyk sou die volgende inhou:

- Drie tipes skole sou bestaan:

  - Gemeenskapskole - wat deur die betrokke stam of gemeenskapsowerheid gestig en onderhou sou word - skoolkomitees en skoolrade sou direkte kontrole uitoefen.

  - Privaatskole en sendingskole.

  - Staatsbantoeskole.

  - Alle skole moet geregistreer word; die bedryf van 'n ongeregistreerde skool sou onwettig wees.

  - Die Minister sou uitgebreide magte hê rakende die beheer van skole, leerplanne, media vir onderrig en beheer van onderwysers.

  - Die Staat sou geleidelik subsidies van sending= skole onttrek. Sou hierdie skole wens voort te gaan, kan hulle dit doen op 'n privaatskoolbasis, wat geregistreer is en die Departement se leer= planne volg.

Gedurende 1967 is daar begin met beplanning wat deur Horrel (1968, p.21) soos volg uiteengesit word:

> "The Department plans to separate educa= tional services in Bantu areas from those elsewhere, creating five regional orga= nizations in White areas and six in the Reserves. Each of the latter will cater for students of a specific language group, and in time will become the education department of the relevant territorial authority."

Sodanige departement van onderwys wat aan die gebieds=owerheid van 'n Swart bevolkingsgroep oorgedra word, sou onderworpe wees aan die beleid van die Departement van Bantoe-onderwys in Pretoria.

In 1969 is so 'n departement van onderwys vir die Tswana-gebiedsowerheid geskep. Tot en met onafhanklikheid sou beheer en bestuur van onderwys 'n funksie van die genoemde Gebiedsowerheid wees. Die rol van skoolkomi=tees en skoolrade in die Tswana-tuisland gee 'n redelike aanduiding van die invloed van die tradisionele gesag=struktuur op die onderwys:

- Skoolkomitees

  'n Skoolkomitee (Gk. Nr. 1755 van 1968) sou uit die volgende persone saamgestel word:

  - Vyf ouers wat op ouervergaderings verkies is.

  - Vier lede aangestel deur die kringinspekteur na raadpleging met die Bantoesakekommissaris en <u>Stamowerheid</u>.*

  - Twee van die aangestelde lede moet ook <u>lede van die Stamowerheid</u> wees, met uitsluiting van 'n stam=hoof.

Die gebruik is deurgaans om een of twee raadsmanne van die Stamowerhede as lede van die skoolkomitee in oorleg met die kaptein aan te wys, om die nodige skakeling te verseker en die kapteinsgesag formeel te erken en te respekteer. (Jeppe, 1970, p.210).

* Onderstreping ter beklemtoning.

Alhoewel daar voorsiening in die Wet op Bantoe-onderwys (Wet Nr. 47 van 1953) gemaak word vir die moontlikheid dat ŉ skoolkomitee onder beheer van ŉ Stamowerheid ge=plaas kan word, is dit nie ten tye van die skepping van ŉ Departement van Onderwys vir die Tswana-gebieds=owerheid toegepas nie. Dus funksioneer skoolkomitees onafhanklik van Stamowerhede.

Die pligte van skoolkomitees sou om interne skoolbestuur sentreer. Met instelling van die Departement van Onder=wys vir die Tswana-tuisland is daar bepaal dat onder=wysers deur dié departement op aanbeveling van skool=komitees* en die kringinspekteur aangestel sou word.

- Skoolrade

  Dié rade is saamgestel uit die lede van skoolkomitees, wat tot stand gebring is in distrikte wat ooreenkom met dié wat onder ŉ Bantoesakekommissaris ressorteer. Die maksimumledetal is vasgestel op nege, waarvan vyf lede verkies word deur die verkose ouerlede van die skoolkomitees (uit hul eie geledere) en vier lede benoem sou word deur die kringinspekteur (uit benoemde lede van die skoolkomitees). Vir dié doel moes die kringinspekteur die Bantoesakekommissaris en die Streeksowerheid** raadpleeg.

  Afgesien van finansiële funksies het die skoolrade ŉ skakel tussen die skoolkomitee en die streeks=direkteur gevorm. Hulle kon klagtes ondersoek oor wangedrag van leerlinge en onderwysers en appèlle aanhoor van verontregte partye.

* Voor die instelling van dié departement het skoolkomitees nie sodanige voorreg gehad nie.
** Die Streeksowerheid sluit tradisionele gesagsfigure in. (Vergelyk afdeling 3.1 van hierdie hoofstuk.)

Dit kan afgelei word dat tradisionele gesagsdraers wel ŉ aandeel het in die bestuur van skole.* In ooreenstemming met die algemene beleid is die gesag= struktuur van die onderwysstelsel by die tradisionele gesagstruktuur aangepas. Tradisionele gesagsdraers het egter geen absolute kontrole oor skole nie.

In 1977 het die Republiek van Bophuthatswana onaf= hanklikheid verkry en is daar gedurende dieselfde jaar ŉ kommissie aangestel om ondersoek in te stel na onderwysaangeleenthede. Die volgende mikpunte wat in die kommissie se verslag vervat is vir ŉ onderwysstelsel in die nuwe staat, is ŉ insiggewende aanduiding rakende die verband tussen skool en kul= tuur:

> "In seeking to identify these national needs and aspirations your commission:
>
> (b) discovered that the concept 'Popagano' is the ideal that has directed the highest activities of families, tribes and groups in the Tswana nation. Moulding of the person for his physical, mental, mortal and spiritual well-being from infancy to the state of puberty and beyond has been uppermost in the family."
> (National Education Commission, 1978, p.9).

"Education for Popagano ..... embraces:

> (c) The creation and building of a new nation, growing from the base of a dynamic cultu= ral heritage, conserving those values and institutions essential to its survival

* Deurdat Stamowerheidslede op skoolkomitees verteenwoordig word en die Streeksowerheid indirek inspraak het in die aan= stelling (benoeming) van sekere skoolraadslede.

and progress, renewing and revitalising those in need of change, and accepting the challenge of innovation and modernisation as it moves into the future and takes its place among the nations of the world."
(National Education Commission, 1978, p.10).

"Levels of educational goals:

2.18 Again it is important through the educational system in Bophuthatswana to seek and find those habits and customs in Tswana culture* that are worthy of preservation, to sublimate and modernise them so that they constitute the cornerstone in the educational programmes of our youth. The traditions and customs should find an honoured place in the curriculum."
(National Education Commission, 1978, p.13).

Dié gedagtes wat deur die kommissie uiteengesit word, blyk ooreen te stem met die gedagterigting dat ŉ skool en die algemene onderwyssituasie nie in botsing moet wees met die kulturele agtergrond van die leerling nie.

Kortliks kan die kurrikulum wat gevolg word aan die hand van die volgende geïllustreer word:

- Die primêre skool

  In die kurrikulum van hierdie fase van onderwys skyn daar faktore te wees wat nie in ooreenstemming is met die 'kultuurskool'-gedagte nie:

* Oorspronklike kursivering.

- Eerstens is daar die min klem op 'n kennis van die eie historiese agtergrond. Die <u>National Eduoation Commission</u> (1978, p.43) maak tereg die volgende aanbeveling rakende die leerplan:

  > "The Environment Study syllabus for stds. 1 and 2 will require amendment to make it more relevant to the Bophuthatswana situa= tion."

- Tweedens kom die probleem rakende 'n geskikte taal as medium van onderrig weer na vore. Die agter= grond van die vraagstuk kan kortliks soos volg weergegee word:

  - Voor 1955 is die moedertaal as medium gebruik tot en met standerd twee.

  - Vanaf 1955 tot 1975 is die moedertaal gebruik tot standerd ses, wat op daardie stadium nog deel van die laerskool gevorm het. In hierdie tydperk is Afrikaans en Engels op 'n gelyke basis as medium vir die standerds wat hierna sou volg, gebruik.

  - In Bophuthatswana is daar in 1975 besluit om die moedertaal net tot standerd vier te gebruik en weg te doen met Afrikaans as verdere medium.

  - Vanaf 1978 is die moedertaal as medium verder ingeperk tot standerd twee.

Daar is argumente wat as rede vir hierdie stap aangevoer word. Die status wat aan die moedertaal gegee word, skyn negatief te wees, deurdat die indruk in die studiegebied bestaan dat dit die taal van die ongeletterde is. Daar is in die studiegebied die indruk gekry dat dit as modern beskou word om Engels te praat en om Engelse woorde in seTswana-sinsnedes te gebruik. Die status wat by wyse van implikasie aan die eie taal onttrek word, kan slegs ŉ negatiewe effek hê op ŉ gesindheid teenoor die tradi= sionele kultuur.

- Die sekondêre skool

Die verdeling van die primêre skool in twee fases, naamlik ŉ junior en ŉ seniorfase, word ook in die se= kondêre onderwys aangetref. Die gedagte is om kurri= kula so te beplan dat dit ŉ persoon min of meer afrond.* Die fases is ook ter voorbereiding van die senior se= kondêre fase, wat intens ingestel is om die leerling voor te berei vir die standerd tien-eindeksamen:

> "The secondary schools of Bophuthatswana follow the syllabuses of the Department of Bantu Education in Forms I to III, (dus standerd 6 tot 8) and those of the Department of National Education in Forms IV to V (dus standerd 9 en 10). The curricula and syllabuses are basically those laid down for all schools in South Africa by professional committees repre= sentative of all departments of education and examining bodies in the Republic.

* Indien die skool verlaat word na voltooiing van een van dié fases.

> The final Senior Certificate/Matricula= tion examination requirements are the same for all schools, and are laid down by the Joint Matriculation Board, a sta= tutory body which maintains university entrance standards (Department of Foreign Affairs, 1977, pp.75 - 76).

Dit is duidelik dat die kurrikulum en leerplanne ingestel is om die leerling voor te berei vir 'n eksamen wat deur leerlinge uit 'n groot verskeidenheid kultuurgroepe geskryf word. Daar kan gevolglik nie veel aandag bestee word aan 'n beklemtoning van die eie kultuur nie.

- Die aard van die kontak

  Die aanbieding van onderwys aan die tradisionele kul= tuurdraer het besondere kontak veronderstel:

  - Die generasie wat aanvanklik gebruik gemaak het van die onderwys wat deur sendelinge aangebied is, het in direkte kontak gekom met laasgenoemde as kultuurdraers van die Westerse kultuur. Die tyds= duur van die skoolopleiding was beperk en die effek daarvan is eerder te lees in die kulturele milieu van die aanbieding van onderwys. Die leerling het gevolglik in aanraking gekom met die sendeling wat as onderwyser opgetree het en sekere Westerse be= grippe rakende algemene gedrag en higiëne aan die kind voorgehou het. Dit kan aangeneem word dat die sendeling hom sou uitspreek teen sekere tradi= sionele kultuurgebruike en dié godsdiensvorm, in= dien die kind melding van die gebruike by die skool gemaak het.

- Die volgende generasie hèt in groter getalle die skool wat steeds onder beheer van sendingkerke gestaan het, bygewoon. In dié tydperk het die sendinggenootskappe besef dat daar verantwoord sou moes word in ŉ beleid rakende onderwys vir tradisionele kultuurdraers. Dié verantwoording is eerder teweeggebring deur die bemoeienis van die Blankes se gesagstruktuur met die onderwys. Die beswaar teen sekere Westerse eienskappe in dié onderwysbeleid was nie ŉ reaksie teen die eie etniese groepe se vorm van Westerse kultuuroordrag nie, maar eerder afgestem op gebruike van ŉ gegewe etniese groep. Die resultate van dié kentering is nie baie waarneembaar nie en tog het dit gedien as teken dat besef is dat aandag geskenk moet word aan die kulturele milieu waarin onderwys aangebied word. Die mees waarneembare stap in ŉ rigting wat die tradisionele kultuur minder geraak het, was die geleidelike vervanging van die sendeling as onderwyser deur die draer van die tradisionele kultuur. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Tswanas wat as onderwysers deur die sendeling opgelei is, ŉ produk was van die sendingskool.

- Die generasie wat hierna sou volg, is betrek by ŉ onderwysstelsel wat meer beheer is deur Blanke onderwysowerhede. Alhoewel baie sendingskole in dié tydperk aangetref word, is die inhoud van leerplanne strenger gekontroleer, en die tyd wat voorheen aan oordrag van die leerstelling van ŉ gegewe kerkgenootskap bestee is, is ingeperk. Min aandag is in die tydperk aan onderwys wat die kultuur van die leerling in aanmerking neem, bestee. Dit wil voorkom of die onderwysbeleid geensins voorsiening

gemaak het vir 'n gegewe kultuur nie. Dit is meestal aan onderwysers en ouerkomitees (beheerliggame) oorgelaat om te besluit of die kultuur van die leerling in aanmerking geneem moes word.

- Die huidige generasie het in 'n tydvak 'n skoolloopbaan gevolg waarin daar getrag is om die leerling se kultuur in aanmerking te neem. Reeds by die stigting van 'n departement van onderwys, wat slegs beheer het oor onderwys aan tradisionele kultuurdraers, is daar 'n stap geneem in 'n rigting wat waardering toon vir 'n aspek van onderwys wat tot op daardie stadium oor die hoof gesien is. In die jare wat op dié stap gevolg het, is die volgende kenmerke van onderwys waarneembaar:

  - Besluite rakende die beleid wat in skole gevolg sal word, is geleidelik oorgelaat aan die gesagsliggame van die draers van 'n gegewe kultuur. Teenswoordig beskik die Tswanas as etniese groep oor 'n eie onderwysdepartement, wat 'n beleid rakende onderwys vir die jeug van dié etniese groep kan daarstel. Skoolrade kan beheer uitoefen oor skole in 'n sekere streek en beleidsrigtings aandui wat in harmonie met die gebruike van die inwoners van dié streek is, mits dit nie bots met die sentrale owerheid se onderwysbeleid nie. Op die laagste vlak kan skoolkomitees inspraak hê in en beheer uitoefen oor die kulturele milieu waarin onderwys aangebied word in die skool onder hul beheer.

- Die wetenskaplike kennis wat aan die kind oorgedra word, word aan die einde van sy skoolloopbaan getoets by wyse van 'n eksamen wat deur alle etniese groepe geskryf word. Die vraag kan wel gevra word of kennis ooit van die kultuur-oriëntering van die mens losgemaak kan word.

Die moontlikhede dat die leerling onderwerp kan word aan kultuuroordrag wat nie in harmonie is met die kultuur van die gemeenskap waarin die skool geleë is nie, is sekerlik nie uitgesluit nie:

- Onderwysers word wel aangestel in oorleg met skoolkomitees, maar dit gebeur tog dat die hoof, wat 'n belangrike stem in die verband uitbring, onderwysers aanstel volgens die behoeftes wat die aanvraag na sekere vakke dikteer. Dié onderwysers behoort dikwels aan ander stamme as die leerlinge en neem 'n neutrale standpunt in wanneer 'n uitspraak van die onderwyser van deurslaggewende betekenis kan wees in 'n gesprek wat kultuur raak.

- Die beleid van die sentrale onderwysowerhede rakende die uitvoer van kultuur-gefundeerde onderwys is soms vaag en dubbelsinnig. In ander gevalle weerspreek sekere bepalings die algemene doelstelling van kultuur-gefundeerde onderwys.

Die skool in sy huidige vorm verteenwoordig in sekere opsigte 'n instelling wat in beginsel Westers-georiënteerd is, maar wat in oorstemming

met meeste ander oorgenome kultuurkomponente 'n duidelik waarneembare aanpassing in die eie waardesisteem toon.

4. Samevatting

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit goed gedink om die betrokke hoofstuk met die studie as geheel in per= spektief te plaas, na oorweging van die gesindheid van die Tswana-matrikulant teenoor die verskillende komponente van die kultuur.

Dit kan egter wel genoem word dat die eiesoortige geogra= fiese aard van die studiegebied en die verloop van die his= toriese kontakproses, deurentyd as agtergrond in gedagte gehou moet word by die lees van die hieropvolgende hoof= stukke.

HOOFSTUK 4

# DIE GESINDHEID VAN DIE JEUG TEENOOR DIE TRADISIONELE KULTUUR IN DIE GEBIED WAARIN DIE ONDERSOEK GEDOEN IS

Die onderhawige hoofstuk berus op die volgende metodologiese uitgangspunte, wat weer beklemtoning vereis:

- Data is deur middel van vraelyste versamel en is opgevolg met onderhoudvoering. Verwerking en kontrolering is per= soonlik waargeneem in aansluiting by die rekenaarresultate.

- Uiteensetting en opskrifte is doelbewus gekies om ooreen te kom met die bespreking van die tradisionele kultuur in Hoofstuk 2. Daardeur is getrag om vergelykbaarheid te ver= gemaklik.

- Tydens onderhoude is onder andere van die tradisionele ge= segdes voorgelê ten einde reaksie te toets; dit is nie as leidende vrae gestel nie.

Die verskillende onderafdelings moet gelees word in die vol= gende dimensies: sosiale geborgenheid; gebruike wat saamhang met die lewensiklus, en ekonomiese geborgenheid, waarin die jeug na sekuriteite soek. Gebruike wat ooreenkom met dié wat in die bespreking oor die tradisionele kultuur uiteengesit is, word vir verwysingsdoeleindes as 'tradisioneel' beskryf, ter= wyl die gebruike wat ooreenkom met dié van die Blanke, as 'Westers' beskryf word. Die gesindheid van respondente rakende die verskillende komponente word geïllustreer aan die hand van tabelle wat op die reaksie na aanleiding van vraelyste gebaseer is. Dié reaksie word in die persentasie van die aantal respon= dente wat positief gereageer het weergegee, en wel tot die naaste heelgetal.

1. Sosiale geborgenheid

In tradisionele tye het sosiale groeperinge veral om ver= wantskap gesentreer. Die neiging tot beklemtoning van individuele vermoëns het 'n klemverskuiwing teweeggebring, sodat daar teenswoordig in 'n mindere mate gepraat kan word van verwantskap as sentrale kenmerk van sosiale groepe. Sekere groepe het 'n meer politieke en administratiewe be= slag gekry, terwyl die meerderheid ook 'n meer onpersoonlike verhoudingspatroon vertoon.

1.1 Die gesin

Respondente heg besondere waarde aan die gesin as instel= ling. Dit is beklemtoon dat 'n gesin, wat bestaan uit 'n vader, moeder en kinders, 'n belangrike instelling is om die geborgenheid van die individu te verseker:

TABEL 4.1

Aspekte rakende die gesinseenheid:

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Het u ouers 'n eie lapa*? ..................... | 72 |
| ≠ 2. | Glo u dat mense in stedelike Swart woongebiede waarde moet heg aan 'n lapa? .................. | 74 |

In die lig van faktore wat aanleiding gegee het tot trek= arbeid en 'n groter mate van egskeiding, is dit opmerklik dat die gesinseenheid se voortbestaan vir respondente belangrik is. Dit is moeilik om die gesin los te maak van die huwelik, en daar is 'n duidelike verband tussen die getal respondente wat aandring op 'n formele huwelik (Vergelyk Afdeling 2.3 van hierdie hoofstuk) en die be= langrikheid van die gesin.

* Lapa (lolwapa) word hier gebruik as uitdrukking van die gesinseenheid.

- Samestelling

Teenswoordig is die wettige poligame huwelik iets van die verlede. Die Tswana-gesin kom in samestelling ooreen met dié van die Blanke, dus bestaan dit uit ŉ vader, moeder en kinders. Deur kontrolering is ook vasgestel dat ŉ bywyf van die vader en enige kinders van dié twee uiters onwelkom is in die lapa van die wettige vrou. Respondente stel dat sodanige bywyf (met enige kinders) liewer op ŉ plek moet woon wat ruimtelik ver verwyderd is. Die meerderheid respondente vind die aanhou van bywywe afkeurenswaardig. Dit kom wel nog voor dat getroude kinders en ander familielede die lapa van een gesinshoof deel:

TABEL 4.2

Besonderhede rakende nie-gesinslede wat die wooneenheid met ŉ gesin deel.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Is daar enige kinders wat die wooneenheid met u deel - afgesien van eie broers en susters? | 40 |
| ≠ | 1.1* | Stiefbroer | 3 |
| ≠ | 1.2 | Stiefsuster | 3 |
| ≠ | 1.3 | Vader se broer se seun | 14 |
| ≠ | 1.4 | Moeder se broer se seun | 6 |
| ≠ | 1.5 | Vader se broer se dogter | 6 |
| ≠ | 1.6 | Moeder se broer se dogter | 6 |
| ≠ | 1.7 | Vader se suster se seun | 0 |
| ≠ | 1.8 | Moeder se suster se seun | 17 |
| ≠ | 1.9 | Vader se suster se dogter | 3 |
| ≠ | 1.10 | Moeder se suster se dogter | 23 |
| ≠ | 1.11 | Aangenome seun | 0 |
| ≠ | 1.12 | Aangenome dogter | 3 |
| ≠ | 1.13 | U vader of moeder se kennis se kind | 0 |
| ≠ | 1.14 | Nie een van bogenoemde nie | 16 |

* Van ≠ 1.1 - ≠ 1.14 word die persentasie aangegee van die aantal respondente wat ten opsigte van ≠ 1. gereageer het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ≠ | 2. | Is daar enige volwassenes behalwe u ouers wat die woon=eenheid met u deel? | 29% |
| | | | % |
| ≠ | 2.1* | Vader se broer | 0 |
| ≠ | 2.2 | Moeder se broer | 17 |
| ≠ | 2.3 | Vader se suster | 4 |
| ≠ | 2.4 | Moeder se suster | 4 |
| ≠ | 2.5 | ŉ Grootouer(s) | 49 |
| ≠ | 2.6 | Vader se vriend | 0 |
| ≠ | 2.7 | Moeder se vriendin | 0 |
| ≠ | 2.8 | Nie een van bogenoemde nie | 26 |

Respondente is van mening dat ŉ gesin wat bestaan uit ŉ vader, moeder en kinders, verkieslik ongesteurd en sonder genoemde persone alleen moet woon.

- Die gesinshoof

Die gesagsposisie van die vader as gesinshoof blyk in ere gehou te word deur respondente:

TABEL 4.3

Die gesindheid van respondente teenoor die gesagdraer in die gesin:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | % |
| ≠ | 1. | Is u vader sonder twyfel die hoof van die gesin? | 72 |
| ≠ | 2. | Glo u dat die vader die hoof van die gesinseen=heid moet wees? | 91 |

Uit hoofde van faktore soos ŉ veranderde ekonomiese en op=voedkundige patroon, is daar veral in onderhoude aan hier=die aspek aandag bestee. Saamgevat kan die houding van respondente soos volg weergegee word:

* Van ≠ 2.1 tot ≠ 2.8 word die persentasie aangegee van die aantal respondente wat ten opsigte van ≠ 2 gereageer het.

- Die vader se reaksie op 'n versoek is finaal, die moeder kan as bemiddelaar optree om 'n saak vooraf te beredeneer, maar die moeder kan nie die vader se finale antwoord bevraagteken nie. Sommige respondente het 'n meer demokratiese gedagte wat neerkom op raadpleging van die gesinslede deur die vader, maar dit word as 'n voorbehoud gestel dat die vader hom nie hoef te bind aan die wense van gesinslede nie. Daar is vasgestel dat die vader se gekoppelde jonger broer (rrangwane) as 'n reël die vader se gesagsposisie erf. Persone anders as rrangwane wat as voogde optree, is gewoonlik bewus van sy mening rakende hul optrede teenoor die kinders:

TABEL 4.4

Besonderhede rakende persone wat as voogde optree indien vader oorlede is:

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Vader is oorlede | 13 |
| ≠ | 1.1* | Respondent se ouer broer | 24 |
| ≠ | 1.2 | Vader se ouer broer | 0 |
| ≠ | 1.3 | Vader se jonger broer | 9 |
| ≠ | 1.4 | Vader se vader | 0 |
| ≠ | 1.5 | Vader se moeder | 0 |
| ≠ | 1.6 | Moeder se ouer broer | 18 |
| ≠ | 1.7 | Moeder se jonger broer | 9 |
| ≠ | 1.8 | Moeder se vader | 9 |
| ≠ | 1.9 | Nie een van bogenoemde nie | 31 |

* Van ≠ 1.1 - ≠ 1.9 word die persentasie van die aantal respondente gegee wat ten opsigte van ≠ 1 gereageer het.

- Regsposisie

Vir oortredings wat binne gesinsverband plaasvind, is die vader verantwoordelik. Afgesien van kontrole oor die optrede van die gesinshoof deur die familiegroep, is daar teenswoordig die ouerkomitees en hoëre gesags= instansies van die onderwysstelsel wat sal optree in= dien die nodige gesagsverhouding binne gesinsverband ontbreek as die jongeling by die skool in wangedrag volhard.

- Woonplek

Tot baie onlangs was van die respondente se vaders afwesig as gevolg van kontrakarbeid. Daar is vasge= stel dat die koms van nywerhede na die gebied, tot groot mate aanleiding gegee het dat meer vaders in staat is om die gesinswoning voltyds met ander gesins= lede te deel:

TABEL 4.5

Omstandighede rakende ouers van respondente:

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Albei ouers bewoon gemeenskaplike perseel | 62 |
| ≠ 2. | Albei ouers bewoon nie 'n gemeenskaplike perseel nie | 20 |
| ≠ 3. | Vader of moeder, of albei, is oorlede | 18 |

- Funksie

Die funksie van die gesin hang vir respondente ten nouste saam met die voortbrenging en versorging van kinders. Uit hoofde van die groot klem wat gelê word op die versorging van kinders, kan afgelei word dat die gesin as noodsaaklike eenheid gesien word, waarin die behoeftes van die enkeling bevredig kan word.

- Afleiding

Tradisioneel vertoon die gesin 'n eiesoortige 'ope' kenmerk. Die hoeveelheid vroue kan aangevul word, terwyl kinders as dié van 'n persoon waarmee hulle geen werklike genetiese verband het nie beskou kan word. Die ope kenmerk van die tradisionele gesin, wat deur sommiges deur die term 'meervoudige gesin' gedek word, veronderstel egter nie 'n perkelose toelating tot die geledere van die eenheid nie, soos blyk uit die tradi= sionele gebruike rondom die gesin.

Dit is opmerklik dat die teenswoordige gesin meer ge= slote is, veral rakende die toelating van meer volwas= senes tot die geledere. Dit is in elk geval die ideaal by die moderne jeug. In teenstelling hiermee vertoon ander verwantskapsgroepe minder geslotenheid as in tra= disionele tye. Die verklaring vir die begeerte om die gesin tot 'n vader en moeder met hul eie biologiese kinders te beperk, is geleë in die groter klem wat op individualiteit gelê word. Afgesien van die meer regte waarop die vrou ten opsigte van die aandag van die eggenoot aandring, wil die gesinslede ten opsigte van woonplek en huishoudelike sake, meer afgebaken leef van familielede, kgoro-lede en persone wat nie naby= verwante is nie.

## 1.2 Die familiegroep (lesika)

Alhoewel die familiegroep nie meer die hegte struktuur van tradisionele tye vertoon nie, is dit steeds 'n groep waarmee respondente daagliks in aanraking is:

TABEL 4.6

Kennis en gesindheid van respondente rakende die familiegroep:

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Kan die name van al die lede van die eie familie=groep verskaf | 55 |
| ≠ | 2. | Lede van die eie familiegroep woon in Soweto | 67 |
| ≠ | 3. | Lede van die familiegroep korrespondeer met mekaar | 73 |
| ≠ | 4. | Wil altyd in kontak met lede van die eie familiegroep bly | 81 |

Die proses van fissie wat teweeggebring is deur ʼn veranderde sosio-ekonomiese bestaan, het ook ʼn invloed op die familie=groep gehad.

- Samestelling

Die aansluiting van vreemdelinge by die familiegroep word teenswoordig teweeggebring deur faktore wat tradi=sioneel nie so algemeen was nie. ʼn 'Vreemdeling' is uitgevra oor sy inskakeling by die stam in die algemeen en die familiegroep in die besonder. In die betrokke geval is die jong man (wat ook ʼn standerd 10-leerling is) se biologiese vader ʼn lid van die Pedi etniese groep en hy dui homself aan as ʼn moPedi. Sy vader is intussen oorlede en sy moeder wat ʼn lid van die baKwêna-stam en dus ʼn baTswana is, het weer in die huwelik getree met ʼn lid van die baPô-stam. As gevolg van sy stiefvader se lidmaatskap van ʼn gegewe familiegroep, word die be=trokke jong man ook as lid van dié familiegroep gereken. Alhoewel die jong man aandui dat hy sy kinders eendag as baPedi sal beskou, is daar deur ander respondente bevestig dat hulle wel as deel van die betrokke familie=groep beskou sal word en ook as deel van die baPô-stam.

Die ondertrouing tussen stamme en met ander etniese groepe wat uit bogenoemde uiteensetting blyk, het in moderne tye toegeneem en dui op die minder geslote aard van die familiegroep.

- Die hoof (mogolwane)

  Dit blyk dat die familiegroephoof nog 'n bekende figuur in die Tswana-samelewing is. Die meerderheid van respondente ken hulle familiegroephoof.

TABEL 4.7

Bekendheid met die gesagsdraer van die familiegroep:

| | |
|---|---|
| Kan die naam van die hoof van die eie familiegroep verskaf | 78% |

Gedurende onderhoude het dit geblyk dat die rol van die mogolwane teenswoordig minder outoritêr en meer adviserend gesien word. Respondente beskryf hom as 'n man wat altyd sag en vermanend sal praat, in plaas van om sy gesag te laat geld.

- Voorregte

  Die familiegroephoof word deur respondente met respek behandel en daar bestaan ook 'n positiewe gesindheid teenoor dié gesagsrol.

  Op 'n vraag aan die respondente of hulle nog hul mogolwane sal respekteer en raadpleeg, in weerwil van 'n moontlikheid dat hulself 'n hoë onderwyspeil kan bereik, is daar bevestigend geantwoord. Verskeie respondente het daarop gewys dat 'n opleiding ten einde 'n mediese dokter of advokaat te word, nie die elemente insluit

waaruit ꞌn mogolwane se wysheid bestaan nie. Dit het uit kontrolering geblyk dat respondente algemene lewens=wyshede in verband met die huwelik en familiesake in gedagte het.

- Pligte

As ꞌn saak die hele familiegroep raak, is dit die familie=groephoof se plig om die lede bymekaar te roep. Teens=woordig lewer dit probleme op, as gevolg van die aan=wesigheid van lede in ander gebiede. Dit blyk dat lede ꞌn sterk verpligting voel om so ꞌn byeenkoms by te woon. Publieke vakansiedae en naweke is ꞌn gewilde tyd vir so ꞌn byeenkoms. Kommunikasie word bewerkstellig deur moderne tegnologiese ontwikkelings soos die tele=foon, korrespondensie en die motor. So ook word die versoekdiens van die verskillende inheemse taaldienste van die S.A.U.K. (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie), soms ingespan om lede bymekaar te roep.

Respondente se opvatting van dié gesagsrol is minder formeel in vergelyking met wat blyk uit die tradisio=nele siening daarvan. Die familiegroephoof word veral genoem as ꞌn skakel tussen die familiegroeplede en meer formele instellings. Teenswoordig gebeur dit soms dat die familiegroephoof ook ꞌn heenkome elders soek, dienooreenkomstig vervul hy ꞌn rol as skakel tussen die kgoro-hoof in die oorspronklike lokaliteit en enige lede van sy familiegroep in sy nuwe woongebied. Dit bring mee dat hy ꞌn persoon as sy verteenwoordiger in die oorspronklike lokaliteit aanwys.

- Regsposisie

Die hoeveelheid sake wat deur die familiegroephof na ꞌn hoër hof verwys word, het toegeneem, as gevolg van die verskraling van die tradisionele regsprekende funksies

op stamvlak en die onvermoë om gesag af te dwing op familiegroeplede wat hulle meer beroep op individuele vryheid. Respondente is egter bereid om genoeë te neem met enige stappe wat uit 'n sitting van dié hof kan voortvloei. Dit kan verklaar word as 'n teken dat die senior lede van die familiegroep die perke van die veranderde omstandighede in ag neem in enige optrede teen die jonger lede.

- Woonplek

  Respondente is van mening dat hulle sou verkies dat die lede van een familiegroep in een lokaliteit woon. In die praktyk was die bestaansgeleenthede tot onlangs van so 'n aard dat daar min gedoen kon word om die lede in dié lokaliteit bymekaar te hou. In dié geval het die vestiging van nywerhede in die onmiddellike omgewing in sekere opsigte die verbrokkeling van die familiegroep getemper.

- Funksie

  Wedersydse hulp in sake rakende huwelike, boedels, begrafnisse en die oplos van dispute is nog die vernaamste funksie van die familiegroep. Dit is opmerklik dat lede van dié groep te eniger tyd 'n aanspraak kan maak op 'n deel van die verdienste van 'n medelid. Dit is geensins 'n geval van 'n las wat net op een lid gekonsentreer word nie en respondente heg besondere waarde aan die wedersydse hulp tussen lede. Dit ly geen twyfel nie dat daar nog vir 'n besondere mate van geborgenheid op die familiegroep staatgemaak word.

- Afleiding

Respondente toon 'n waarneembare goeie begrip van die belang van die tradisionele familiegroep. Die aard van die familiegroep is in moderne tye minder formeel en kan in die volgende perspektief geplaas word:

- Die jeug wil graag meer individuele vryheid geniet, dus word die outoriteit van die familiegroepowerhede minder aanvaarbaar gevind.

- Die volwasse lede van die familiegroep besef dat 'n jongeling 'n onafhanklike bestaan kan voer in die moderne bedeling, dus is hul bereid om meer toegewend te wees ten einde die jongeling se lojaliteit te behou.

- Die jeug is onseker oor die bestaansmoontlikhede vir die enkeling en wil enersyds die geborgenheid van die familiegroep geniet en andersyds vrye teuels aan die selfgeldingsdrang gee.

Teenswoordig geniet familielede nog 'n lojaliteit van die jonger geslag op grond van die jeug se onsekerheid. Die neiging om minder streng op te tree in geval van oortreding van gedragskodes, is 'n aanduiding van 'n sekere aanpassing van senior lede ten einde die lede van die groep nie te vervreem nie. Dit kan aangeneem word dat gedragreëls gesentreer is rondom die steeds belangrike rol wat die familiegroep in die geborgenheid van lede vervul. Dit is dus waarneembaar dat die familiegroep in 'n aangepaste vorm vir die jeug van waarde is. In watter mate dié aanpassing binne sekere perke sal geskied wat nie die eenheid van die groep in gevaar stel nie, hang juis af van die gesindheid wat die teenswoordige jonger geslag teenoor die meer rigiede tradisionele gedragskodes van dié groep openbaar.

Op die keper beskou, is die familiegroep die verwant=skapseenheid waaraan besondere waarde geheg word en vorm dit 'n instelling wat as kern dien vir die waarde wat aan vele ander tradisionele kultuurkomponente geheg word.

1.3 Die kgoro

Die mees uiteenlopende menings rakende ŉ kultuurkomponent is jeens die kgoro verneem. So kan respondente stamverband of familiegroepverband sonder veel nadenke verskaf, maar meer verduideliking is nodig voordat die kgoro-verband gegee kon word.*

TABEL 4.8

Bekendheid met die kgoro-indeling:

| | |
|---|---|
| Is u ŉ lid van ŉ kgoro? | 31% |

- Samestelling

  Die struktuur van die teenswoordige kgoro is minder ingestel op verwantskap as in tradisionele tye. ŉ Groot aantal 'vreemdelinge' word tans as lede van ŉ gegewe kgoro beskou. Tradisioneel kon dieselfde kgoro aanspraak maak op die aanduiding van verwantskapsbande tussen alle lede. Dit is waarneembaar dat die kgoro tans waardeer word ten opsigte van ŉ funksionele waarde as administratiewe eenheid en dus meer aangewese is op die toevallige verbintenis tussen mense as gevolg van behoeftes wat in ŉ kleiner eenheid as die stam bevredig kan word.

* ŉ Moontlike verklaring hiervoor is die feit dat ŉ stamnedersetting (uitgesluit dié hoofnedersetting) soms bewoon word deur ŉ enkele kgoro. Die term vir so ŉ nedersetting is motse. Indien dit slegs deur ŉ kgoro bewoon word, word soms na so ŉ nedersetting verwys as ŉ kgoro. Let na skynbare teenstrydigheid soos weerspieël in Tabel 4.8 en Tabel 4.9.

- Die <u>kgoro</u>-hoof (<u>kgosana</u>)

  Die meerderheid van respondente is in staat om die naam van hul eie <u>kgoro</u>-hoof te verskaf:

TABEL 4.9

Bekendheid met eie <u>kgoro</u>-hoof:

| | |
|---|---|
| Kan die naam van eie <u>kgoro</u>-hoof verskaf | 71% |

Die <u>kgoro</u>-hoof het na die vestiging van ɱ Westerse gesagstruktuur heelwat van sy tradisionele funksionele waarde verloor. Daar is wel ɱ verandering in die nei= ging te bespeur, veral omdat <u>kgoro</u>-hoofde ɱ belangrike rol speel in die teenswoordige Stamowerhede. Van ower= heidsweë word <u>kgoro</u>-hoofde ook erken as 'hoofmanne' indien hulle in ɱ hoedanigheid as hoof van ɱ nederset= ting optree.

Afgesien van respek en status wat die <u>kgoro</u>-hoof onder sy lede kan geniet, is hy ɱ persoon wat belas is met baie pligte. Respondente is van mening dat hy wel gebruik kan maak van hulle (die respondente) se hulp in die uitvoering van publieke werke maar nie vir pri= vate ondernemings nie. Respondente maak ɱ onderskeid in die status van ɱ <u>kgoro</u>-hoof en ɱ stamhoof:

TABEL 4.10

Die gesindheid van respondente teenoor ɱ gelykstelling van die status van die <u>kgoro</u>-hoof aan dié van ɱ stamhoof:

| | |
|---|---|
| ɱ <u>kgoro</u>-hoof is net so bekwaam soos ɱ stamhoof en behoort ook in aanmerking te kom as leier van die hele Tswana etniese eenheid | 26% |

- Pligte

  Die pligte van 'n kgoro-hoof word deur respondente in samehang gesien met die beeld van die meer moderne gedagte van 'hoofmanne'. Dit is 'n posisie wat hulle in ere wil hou, want dit is verkieslik dat 'n persoon wat volgende op die ranglys van die senioriteitsorde is, aangewys moet word in teenstelling met 'n persoon wat slegs op 'n hoër onderwyspeil kan staatmaak. Daar is deurgaans gevind dat die geskikste leier gesien word as 'n persoon wat tradisionele status met 'n hoë onderwyspeil kan kombineer. Dit geld egter nie vir instellings van 'n Westerse aard nie:

TABEL 4.11

Die gesindheid van respondente jeens die posisie van die kgoro-hoof as oorgeërfde gesagsrol:

| | |
|---|---|
| Daar kan gewone stamlede wees wat dieselfde bekwaamhede as 'n kgoro-hoof besit. | 33% |

TABEL 4.12

Die status wat respondente bereid is om toe te ken aan die seuns van kgoro-hoofde in 'n Westerse instelling soos die skool.

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Daar moet altyd 'n ereplek aan die seuns van kgoro-hoofde gegee word | 41 |
| ≠ 2. | Die rol van prefekte moet sonder versuim aan die seuns van kgoro-hoofde in u skool gegee word | 13 |
| ≠ 3. | Sodanige rolle moet net aan persone toegeken word wat hulself as bekwaam bewys het | 87 |

- Advies- en raadgewende liggame

  Respondente is ten gunste van die meer uitgebreide betrekking van mense met formele opvoedkundige kwalifikasies op die vlak van 'n kgoro-raad. Teenswoordig lewer dit nie veel probleme op nie, omdat daar in die studiegebied 'n groot aantal dikgosana (kgoro-hoofde) is, wat hul seuns laat studeer het en van diesulkes se hulp in die kgotla gebruik maak. Dit was opmerklik hoeveel professionele persone noue verwantskap met persone in tradisionele gesagsrolle kan bewys.

- Regsposisie

  Die kgoro-hof het funksionele waarde ingeboet as gevolg van die gebrek aan erkenning wat daaraan deur 'n Blanke voogbestuurstelsel verleen is. Teenswoordig ontleen dié howe slegs 'n mate van afdwingbaarheid deur die ondersteuning van getroue kgoro-lede asook dié erkenning wat 'n stamhoof daaraan toesê.

  Funksioneel is die kgoro-hof teenswoordig in aansluiting by ander kleiner howe grotendeels 'n instelling wat geken word in 'n saak voordat dit na 'n hoër hof verwys word:

TABEL 4.13

Die gesindheid van respondente teenoor die posisie van die kgoro-hof in die tradisionele regshiërargie.

| | |
|---|---|
| 'n Kgoro-kgotla kan sake hanteer wat nie deur die familiegroep opgelos kan word nie | 80% |

Respondente is nie in hul uitsprake heeltemal gekant teen die kgoro-hof nie, maar is van mening dat 'n land= droshof meer funksionele waarde het. Dit is in sekere opsigte te verstane, want werklike mag het tot onlangs net by Blanke landdroshowe bestaan.

- Woonplek

Dit word teenswoordig selde gevind dat alle kgoro-lede tot een wyk beperk is. Tydens onderhoude het 'n res= pondent opgemerk dat hy wel van 'n nedersetting (stat) weet waar dit op tradisionele wyse aangetref word.

Lede word verspreid oor die hele stamgebied aangetref, alhoewel 'n sekere lokaliteit in die stamnedersetting as 'n soort 'hoofkwartier' beskou word.

Minder waarde word geheg aan die senioriteitsbeginsel wat ook tradisioneel in woonwyse tot uiting gekom het:

TABEL 4.14

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele senior= iteitsbeginsel in woonwyse.

| | |
|---|---|
| Die lapa van 'n kgoro-hoof moet op 'n perseel wees wat ruimtelik verwyderd is van die lapas van gewone lede | 23% |

- Funksie

Dit skyn uit gesprekke en onderhoude dat die kgoro-verdeling in die toekoms meer en meer gesien sal word as 'n basis vir die verdeling van 'n stam in administra= tiewe eenhede. Die sosiale aspek van die kgoro is nie meer so duidelik herkenbaar as 'n verwantskapseenheid nie.

- Afleiding

Dit blyk dat die jeug nie dieselfde waarde aan die kgoro as verwantskapsgroep heg as in tradisionele tye nie. Die minder intieme aard van die verwantskapberekening tussen kgoro-lede in vergelyking met familiegroeplede veroorsaak dat die jeug twyfel aan die sin vir steun van ŉ groep waar=uit daar nie so ŉ direkte wedersydse hulpkenmerk waarneem=baar is nie.

In samehang daarmee beskik die jeug nie oor genoegsame kennis om die funksionele rol van die kgoro in stamadminis=trasie te waardeer nie. Dit kan afgelei word dat die kgoro-verdeling in die toekoms ŉ meer politieke kleur sal kry. As daar egter enige gesagsbekleding aan die kgoro-owerhede toegeken word, sal dit van ŉ hoër owerheidsinstansie moet kom, want dit is nie meer so maklik om gesag uit te oefen oor mense wat nie veel waarde heg aan hul verwantskap met mede-kgoro-lede nie.

1.4 Die stam (morafe)

As gevolg van politieke ontwikkeling is die verskillende stamme waaruit die Tswana etniese groep* bestaan, verenig onder die sentrale gesag van die Tswana etniese groep. Die stam is nie meer in terme van gesagstruktuur outonoom nie. Die algemene beleid is egter daarop ingestel om huishoudelike sake aan die stam oor te laat.

Senioriteit ten opsigte van stamme is volgens respondente in die huidige tydvak nie regverdigbaar nie. Die feit dat die President van Bophuthatswana ook die stamhoof van die tradisioneel mees senior stam is, (Vergelyk Afdeling 1.4 Hoofstuk 2) is volgens ondervraagdes nie toe te skryf aan ŉ erkenning van ŉ senioriteitsbeginsel nie. Meeste van die respondente is dit eens dat genoemde president op grond van sy besondere bekwaamheid verkies is:

* Met uitsluiting van Botswana.

TABEL 4.15

Die gesindheid van respondente teenoor die senioriteitsbeginsel ten opsigte van stamme binne die Tswana-etnos.

| | |
|---|---|
| Die leier van die Tswana etniese groep moet die stamhoof van die baHurutshe boo Manyane wees | 43% |

Ouer garde is van mening dat die senioriteitsbeginsel nog steeds van krag is,* alhoewel op 'n subtiele wyse.

- Die stamhoof (<u>kgosi</u>)

  Die respondente in die studiegebied toon 'n waarneem= bare respek vir die status van 'n stamhoof. Geen afbre= kende aanmerking (eksplisiet sowel as implisiet) is gedurende onderhoude jeens die eie stamhoof gehoor nie. Loftuitinge oor die bekwaamheid van die eie stamhoof is dikwels aangehoor oor eienskappe wat nie so duidelik waarneembaar vir die buitestaander is nie.

  Respondente is bewus van die moontlikheid dat 'n stam= hoof van owerheidsweë aangestel kan word. Hulle is dit egter eens dat dit volgens tradisionele erfopvolg= ingsreëls sal geskied. Redelike waarde word geheg aan die gedagte dat 'n stamhoof sekere eienskappe van sy voorvaders erf wat hom geskik maak vir sy gesagsrol:

TABEL 4.16

Die gesindheid van respondente jeens 'n stamhoof se oorgeërfde leierseienskappe.

| | |
|---|---|
| 'n Stamhoof is 'n bekwame leier as gevolg van sy adellike afkoms | 33% |

* Dit is deur 'n skoolhoof soos volg verklaar: Die bobbejaan wat die totem van die Bahurutshe is, is nader aan die mens as die ander stamme se 'totemdiere', daarom moet genoemde stam regeer.

Daar is aan respondente gevra of ŉ stelsel van verteenwoordiging deur verkiesing ŉ plaasvervanger vir die huidige stelsel van tradisioneel-georiënteerde stamowerhede kan wees. Die algemene houding is dat ŉ stamhoof oor spesiale leierseienskappe beskik en nie buite rekening gelaat kan word in enige politieke bestel nie.

Die klem word meer op bekwaamheid gelê as in tradisionele tye, veral as dit gaan om gesagsrolle in ŉ struktuur wat van meer Westerse aard is.

Daar is by meeste respondente geen twyfel nie dat ŉ erfopvolger deur middel van die beskikbare onderwysstelsel ŉ hoë peil behoort te probeer bereik. Dit skyn in verhouding te wees met die algemene belangrikheid wat aan onderwys geheg word.

Teenoor gebruike soos die aanstelling van regente het die studiegroep geen beswaar nie. Die betrokkenheid van ŉ oorkoepelende instansie soos ŉ sentrale regering in die aanstelling van ŉ bekwame persoon as regent, is vir respondente belangrik.

- Voorregte van ŉ stamhoof

Teenswoordig geniet ŉ stamhoof nog heelwat respek en aansien. Dit is egter duidelik dat sy voorregte nie meer van dieselfde uitgebreide aard is as in tradisionele tye nie.

Die volgende Tswana-gesegdes is tydens onderhoude aan respondente gestel ten einde hul reaksie te toets:

Kgamelo yakgosi ga ekgale

Die stamhoof se melkemmer word nooit leeg nie.

Kgosi kemodingwane gaesebjwe -

Die stamhoof is 'n klein godjie.

Lentswe Lakgosi kemolao -

Die stamhoof se woord is wet. (Van der Wateren, 1980, p.71).

Dit is algemeen aanvaarbaar gevind vir die huidige tydvak en in beginsel onderskryf.

Die veranderde omstandighede het meegebring dat die tradisionele voorregte ten opsigte van krygsake en religieuse leierskap afgetakel is. Dit gebeur ook selde dat 'n hoofman van sy stamlede se arbeid op individuele of groepsvlak in dieselfde mate as in tradisionele tye gebruik maak. Respondente verklaar hulself bereid om te eniger tyd 'n taak vir die stamhoof te verrig.

- Pligte

Die huidige bedeling in Bophuthatswana maak voorsiening vir 'n stelsel waarin stamowerhede gebruik word as derdevlakowerhede. Dit bring mee dat die stamhoof se pligte 'n ietwat moderne aansien gekry het. (Vergelyk Afdeling 3.1 Hoofstuk 3).

Die pligte van 'n stamhoof word deur respondente soos volg weergegee:

- Hy moet die welvaart van sy stamlede op die hart dra en toesien dat elke lid ten minste voedsel het om van te leef.

- Hy moet bereid wees om na enige lid van die stam te luister. Hy is egter nie verplig om enigeen se raad te volg of om aan enigeen se versoek te voldoen nie.

- Hy moet gereeld met sy stamraad oorleg pleeg in sake rakende die stam.

- Hy moet gehoor gee as hy tereggewys word deur lede van die stamraad. Die gewone lede van die stam kan ook op eerbiedige wyse na die stamhoof gaan en hom wys op sekere wanpraktyke.*

- ŉ Stamhoof moet poog om kontak met stamlede wat hul in ander gebiede, soos Soweto en Mamelodi, bevind, te behou.

- ŉ Stamhoof moet as skakel dien tussen stamlede en hoër gesagsinstansies.

- Hy moet wette en regulasies uitvaardig wat ordelik= heid binne die stam verseker.

- Hy moet gedurig poog om sy stamlede se lewensstandaard te verhoog deur byvoorbeeld die aanpak van ontwikkel= ingsprojekte.

* Die geval is teëgekom waar lede van ŉ kerklike jeugbeweging ŉ stamhoof aangespreek het oor sy drinkgewoontes.

- Raadgewende liggame

  Die behoorlike implementering van raadgewende liggame word deur respondente beklemtoon:

TABEL 4.17

Die mening van respondente rakende die wyse waarop 'n stamhoof advies moet inwin in sake rakende die stam.

| 'n Stamhoof moet advies aanvaar van:- | % |
|---|---|
| ≠ 1. kgoro-hoofde (dikgosana) | 31 |
| ≠ 2. Sy vader se broers | 3 |
| ≠ 3. Wyse ou manne in die stam | 26 |
| ≠ 4. Persone wat 'n hoë onderwyspeil bereik het | 22 |
| ≠ 5. Boeke | 2 |
| ≠ 6. Enige persoon binne die stamgeledere | 12 |
| Geen reaksie | 4 |

Die klemverskuiwing is hier na 'n Westerse begrip van demokrasie, wat impliseer dat 'n stamhoof teenswoordig aan meer kritiek onderwerp is in besluite rakende die stam. Dit word eksplisiet genoem dat 'n stamhoof hom behoorlik moet vergewis van die wense van sy stamlede voordat hy 'n besluit bekragtig.

- Die private raad

  Respondente is gekant teen 'n private raad wat uit nabyverwante bestaan. Volgens die jeug bevorder dit 'n neiging om besluite wat die stamhoof se familie bevoordeel, deur te voer. Die geheime aard van die sittings van so 'n private raad is nie aanvaarbaar nie. Die studiegroep is ten gunste van 'n stelsel waar alles openlik bespreek word.

- Die geslote raad of stamraad

  Die invloed van Westerse bestuurstelsels (gesag=struktuꞏre) het tot gevolg gehad dat 'individuele bekwaamheid'* meer ter sprake is in die samestelling van n stamraad. In die praktyk gebeur dit nog dat <u>kgoro</u>-hoofde die meerderheid in die stamraad vorm.

  Daar bestaan min ontevredenheid by respondente oor dié instelling.

- Die openbare raad of stamvergadering

  Respondente heg veel waarde aan die gedagte van n stamvergadering. Dit is in die teenswoordige tyd nie meer so n prakties uitvoerbare gebruik soos in tradisionele tye nie. Die grootte van stamme se ledetal, asook die verspreidheid van die lede, lewer probleme op om stamlede byeen te roep.

- Die <u>phutego</u> of informele stamvergadering

  Dié tipe stamvergadering is nie meer nodig in die lig van moderne ontwikkelings nie. Afkondiging ten opsigte van stamwette en dies meer kan gedruk word en maklik onder stamlede versprei word. Die redes vir sulke informele stamvergaderings het meestal verdwyn. Daar is nie meer n danige rede om gou die stamlede bymekaar te kry nie.**

* Daar moet in gedagte gehou word dat <u>kgoro</u>-hoofde dit wat van n stamraadslid verwag word alreeds by hul vaders geleer het, wat op hul beurt dit weer van n vorige geslag geleer het. Dit is dus n ope vraag of die besit van Westers-georiënteerde kwalifikasies n persoon geskik maak vir n andersins tradisionele rol. In die huidige omstandighede het dit eerder komplementêre waarde.

** Stamoorloë en ander gevare het verdwyn, dus is dit nie nodig om die stam bymekaar te kry ten einde aanvalle af te weer of planne te beraam vir vinnige optrede deur die stam nie.

- Die <u>pitsò</u> of formele stamvergadering

  Die <u>pitsò</u> het die vorm aangeneem van 'n stamvergadering wat tot groot mate ooreenkom met die <u>phutego</u> van vroeër. Belangrike ontwikkelingsprojekte word tydens so 'n byeenkoms aangekondig en verduidelik. Respondente is van mening dat die <u>pitsò</u> 'n goeie doel gedien het in tradisionele tye en dat stamlede in staat gestel moet word om dit weer op dieselfde wyse as vroeër by te woon. Die belangrikste is dat sake van politieke belang hier bespreek moet word en dat elkeen die reg moet hê om sy mening te lug.

- Die <u>letsholo</u>

  Die redes vir 'n <u>letsholo</u> het meestal verdwyn en respondente dra geen kennis van die inhoud van dié tipe vergadering nie.

- Die verwante van die stamhoof

  Uit die meninge van respondente het dit geblyk dat die status wat die stamhoof se verwante eens geniet het, heelwat verskraal het.

  Behalwe 'n sekere mate van respek wat hulle toekom as familie van die stamhoof, is respondente nie bereid om aan hulle 'n verhewe posisie toe te ken nie.

- Regsposisie van die stam

Die regsmagte van stamowerhede verskil in groot mate van dié van tradisionele tye. Verhoor van oortredings waarvoor die doodstraf opgelê kan word, vorm nie deel van die huidige regsplegende funksie nie, ook is daar verskeie ander tipes oortredings wat direk na die sentrale owerheid vir ondersoek verwys word.

Verwysende na die meer tradisionele regsprekende funk=sies van die stamhoof-in-rade,* is daar aan respondente gevra wat hul houding teenoor dié instelling is.

Die menings wat gegee is, kan soos volg opgesom word:

- Die stamhowe kan sake verhoor wat voortvloei uit onderlinge dispute tussen stamlede.

- Die stamhowe is meer partydig as landdroshowe. Persoonlike griewe van die stamowerheid teenoor ŉ spesifieke persoon kan lei tot ŉ swaarder straf as wat nodig is.

- ŉ Stamhof kan slegs sake volgens tradisionele reg=spraak (Bantoereg) verhoor.

- ŉ Stamhoof en sy stamraad moet weer beklee word met die regsprekende funksies van weleer.

- ŉ Stamhof sal beter in staat wees om ŉ stamlid te verhoor as ŉ landdros- of ander hof, want die lede van die stamhof sal begryp waarom ŉ stamlid op ŉ sekere wyse in gegewe omstandighede optree.

- Woonplek

  Waar stamme nog in groot nedersettings saamgetrek is, is dit om redes wat verskil van dié van vroeër tye.

* Hierdie kleiner stamraad of uitvoerende stamraad, word saam=gestel uit die stamhoof en ongeveer vyf spesiaal gekose hoofmanne en ander vertrouelinge van die stamhoof, wat hom met sy roetine-, bestuurs- en regspligte moet bystaan. (Jeppe, 1970, p.123).

Respondente is nie ten gunste van die saamtrek van stamme in een lokaliteit nie, want dit is volgens hulle 'n faktor wat isolasie in die hand werk. Die huidige patroon wat een lokaliteit as die hoofkwartier van die stam veronderstel, is vir hulle meer aanvaarbaar. Groter verspreiding oor die stamgebied en die moontlikheid om in ander stamgebiede te kan woon, is belangrik.

Die vloeibare aard van nedersettings wat gekoppel word aan die deelname aan 'n Westerse ekonomie word nie deur enige maatreëls vanuit stamowerheidskant verbied nie. Stamhoofde is egter verheug oor die grensnywerhede wat in 'n mate die uittog na stedelike gebiede aan bande gelê het. Respondente is nie so geredelik bereid om in stedelike gebiede te woon soos algemeen aanvaar word nie. Dit gaan eerder oor werksgeleenthede en volgens die meerderheid bied die platteland die moontlikheid om naby verwante te woon.

- Funksie

Soos reeds gemeld, is respondente geneë om aan die stam 'n plek in die nuwe politieke bedeling toe te ken. Die meerderheid is trots op hul stamverband en wil nie graag die verdwyning van stamme bepleit nie.

- Afleiding

Die waarde wat die jeug aan stamgebondenheid heg, is tweërlei van aard. Dit is opvallend dat respondente in dié opsig nie in twee groepe verdeel is nie, maar dieselfde persoon openbaar in uitspraak die volgende benaderings:

- Positiewe gesindheid:-

TABEL 4.18

Die positiewe gesindheid van die respondente teenoor die stamindeling:

ʼn Ontstamde is:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | ʼn Ruggraatlose produk van die tydvak waarin ons leef. | 48 |

Die verskillende stamme waaruit die Tswana etniese groep bestaan is ʼn weerspieëling van:-

| | | | |
|---|---|---|---|
| ≠ | 2. | ʼn Gevoel dat ʼn mens aan ʼn groep wat die moeite werd is, behoort | 6 |
| ≠ | 3. | ʼn Interessante verskil in gebruike en tradisies | 25 |
| ≠ | 4. | ʼn Groep waar ʼn mens tuis kan voel tussen mense net soos jyself | 21 |

- Sekere stamme het meer status as ander uit hoofde van verskil in getalle, relatiewe rykdom en tradisionele senioriteitsberekening. Al sou ʼn stam tekortskiet ten opsigte van enigeen van bogenoemde, word een of ander prestasie opgehaal om die trots ten opsigte van stam=verband te motiveer. Dit vorm dus ʼn groepsverwysing waarop sekere lede staatmaak in situasies waar kontak met ander Tswanas plaasvind.

- Daar word gedurende ten minste die afgelope twee dekades meer status en gesag aan stamowerhede verleen. Dit bring mee dat die stam ʼn gesagsbasis het waaruit opge=tree kan word teen lede wat stamregulasies oortree.

Dit is geensins ŉ negatiewe faktor soos moontlik aange=neem kan word nie, want dit verleen aan die stamgroep dit wat nodig is om ŉ funksionele waarde te toon.

- Negatiewe gesindheid:-

TABEL 4.19

Die negatiewe gesindheid van respondente teenoor die stam=indeling.

| | | |
|---|---|---|
| ŉ Persoon wat bekend staan as ŉ ontstamde is:- | | % |
| ≠ | 1. Vooruitstrewend (progressive) | 14 |
| ≠ | 2. Sonder enige trots | 9 |
| ≠ | 3. ŉ Vrydenkende (liberal) | 26 |
| Die verskillende stamme waaruit die Tswana etniese groep bestaan lei tot:- | | |
| ≠ | 4. Onenigheid | 24 |
| ≠ | 5. Verskillende gebruike en tradisies wat alleenlik tot innerlike konflik in die Tswana-groep kan lei | 15 |
| | Geen kommentaar | 12 |

- In sekere kringe word daar na stamgebondenes verwys as Tribalized Blacks. Die konnotasie wat hieraan verbonde is, beteken dat stamgebondenes te onontwikkeld is om die 'voordele' van ŉ individualistiese lewenswyse in te sien.

- Daar is ook diegene wat aanvoer dat die stamverbondenheid isolasie in die hand werk, tweespalt veroorsaak en uit=eindelik die ondergang van die Tswanas sal teweegbring. Dit is opmerklik dat diegene nie rekening hou met die

moontlikheid dat daar verskeidenheid in die eenheid van ŉ breëre Tswana etniese groep kan bestaan nie. Stam=lojaliteite hoef nie noodwendig te lei tot negatiwiteit teenoor die meer omvattende groep nie.

Samevattend kan gestel word dat die voorkoms van stam=indelings ŉ kenmerkende eienskap van Swart groepe in Afrika is. Die verdwyning daarvan sal sekerlik dui op ŉ klemverskuiwing na Westerse indelings. Op die huidige oomblik word daar nog soveel waarde geheg aan die bestaan van die stam dat dit beter sou wees om voort te bou op die basis daarvan, ten einde die groter groep (wat in dié geval die Tswanas is) ŉ geleentheid te bied om uit ŉ organiese struktuur te ontwikkel tot ŉ etniese groep wat gaandeweg meer die eienskappe van ŉ volk sal vertoon:

TABEL 4.20

Die gesindheid van respondente teenoor die rol van stamme in die meer oorkoepelende Tswana etniese groep en die huidige politieke bedeling.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Is trots op die feit dat Tswanas hul eie republiek het | 77 |
| ≠ | 2. | As stamme en stamhoofde as entiteite verdwyn, sal dit die einde van die Tswana-groep beteken | 52 |

1.5 Ouderdomsgroepe (<u>mephatò</u>)

Dit is opmerklik dat dié groepe nie meer op die georga=niseerde basis van vroeër berus nie. Dit is teenswoordig ŉ indeling wat spontaan gevorm word deur stamlede. Die bywoning, of ignorering, deur stamlede van ŉ veranderde inisiasieplegtigheid, het sonder twyfel ŉ invloed op die organisasie van ouderdomsgroepe. Dit blyk wel dat ongeïnisieerdes ook kan inskakel. Ouderdomsgroepe dien

'n doel by saamtrekke vir huweliksfeeste en saamtrekke van 'n meer tradisionele aard. Volgens informante sal 'n nuwe aankomeling by dié geleenthede homself* aanmeld by die gasheer of een van sy verwante, wat sy ouderdoms= groep aan hom sal uitwys. Die aansluit by 'n groep wat nie van dieselfde ouderdom is nie, kan verleentheid skep. In gevalle waar die stamhoof dit nodig ag om van stamlede se arbeid gebruik te maak, sal hy alle mans bo 'n sekere ouderdom na die kgotla laat kom. Daarna sal die mans self die werk volgens ouderdomsgroepe verdeel. Dit gebeur ook dat kore gevorm word uit mans van een ouder= domsgroep, om saam te sing met vroue van 'n soortgelyke ouderdomsgroep.

Volgens respondente meld persone wat die inisiasieskool deurloop het nie meer op dieselfde wyse as vroeër by die stamhoof aan nie. Die bywoning van so 'n plegtigheid is nie meer 'n openbare gebeurtenis nie. So het die formele naamgewing en die regsfunksie** van die ouderdomsgroepe ietwat verskraal. Volgens respondente is ouderdomsgroepe 'n instelling wat meer tuishoort by die ouer generasie.

TABEL 4.21

Die gesindheid van respondente teenoor ouderdomsgroepe.

| | |
|---|---|
| Dit is van belang om aan 'n ouderdomsgroep (mophatò) te behoort | 33% |

* Vroue is nie uitgesluit by dié gebruik nie.

** Die ad hoc-hof van die mophatò bestaan nie meer as formele instelling nie.

Dit word beskou as 'n struikelblok in die weg van groter kommunikasie tussen mense. Daar is ook enkeles wat van mening is dat 'n jonger persoon wat 'n hoë onderwyspeil bereik het, beter kontak met ouer mense het as met sy maats wat nie oor dieselfde kwalifikasies beskik nie. 'n Noemenswaardige aantal respondente beskou 'n indeling wat op ouderdom gebaseer is, as van waarde, omdat mense van dieselfde ouderdom heelwat met mekaar gemeen het.

1.6 Onderskeidings wat gebaseer is op geslag en ouderdom

Dié onderskeidings wat gebaseer is op geslag en ouderdom is een van die beginselkenmerke van die tradisionele kultuur. In die teenswoordige tydvak is hierdie onder=skeidings nie meer so rigied nie.

Dit is waarneembaar dat vroue meer vryhede geniet as voorheen:

TABEL 4.22

Die gesindheid van respondente jeens die tradisionele status van die vrou.*

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Die <u>kgotla</u> is 'n plek waar slegs mans sitting het | 55 |
| ≠ | 2. | As mans byeenkom vir 'n gesellige aand se geselskap en bier drink, kan vrouens ook aansluit en hul eie menings lug | 13 |
| ≠ | 3. | Meer vroue behoort te dien in die gesags=liggame van die Republiek van Bophuthatswana | 60 |
| ≠ | 4. | 'n Vrou wat 'n hoë onderwyspeil bereik het, weet meer van die lewe in die algemeen as 'n man wat nie dié peil bereik het nie | 53 |

| | ≠ 1 | ≠ 2 | ≠ 3 | ≠ 4 |
|---|---|---|---|---|
| * Korrelasie tussen persentasie van totale aantal vroulike respondente en positiewe reaksie in tabel 4.22. | 47 | 17 | 62 | 59 |

Na kontrolering wil dit voorkom of die veranderde status 'n verband toon met instellings wat Westers van aard is. So kan die volgende onderskei word:

- Die vrou is nie sodanig aanvaarbaar in die tradisionele <u>kgotla</u> nie maar wel in gesagsliggame wat Westers van aard is, soos die gesagsliggame wat hoër as die stamowerheid is en ingestel is om as deel van die gesagstruktuur van die nuwe bedeling te dien.

- 'n Vrou sal op grond van bereiking van 'n hoë onderwyspeil op gelyke voet in 'n werksmilieu wat Westers van aard is, behandel word. Sodra sy na 'n tradisionele verwantskapsgroep terugkeer, sal sy weer as die mindere behandel word.

- By geleenthede soos kerkdienste en die onderwysmilieu, is daar geen beswaar teen integrasie op grond van geslag nie. By tradisionele geleenthede soos inisiasieplegtighede, huwelikafeeste en voorouerverering kom skeiding steeds voor.

Die verband tussen vroulike respondente en die beantwoording van vraelyste in dié verband skep die indruk dat dit veral vroulike lede van die studiegroep is wat poog om die vrou se tradisionele status af te skud. Ten opsigte van arbeidsverdeling is beide geslagte dit eens dat vroue wel teenswoordig met beeste kan werk, maar dat die man dit moet reguleer.

Daar word met min uitsondering toegegee dat ouer mense met respek behandel moet word:

TABEL 4.23

Die gesindheid van die respondente teenoor die tradisionele eerbetoning teenoor ŉ ouer persoon.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Behandel altyd ouer persone met respek | 98 |
| ≠ | 2. | Voel verontwaardig as ŉ persoon wat jonger is soos ŉ gelyke optree | 61 |
| ≠ | 3. | Verwag dat ŉ jonger klasmaat die nodige respek moet betoon teenoor ouer klasmaats | 75 |

Die ouer mense in die gemeenskap is egter van mening dat die huidige jeug nie bewus is van die tradisionele opvattings in dié verband nie. Die ontspanne houding van die jonger geslag in die teenwoordigheid van ouer mense is ŉ bron van kommer vir die ouer generasie. Dit kan egter waargeneem word dat die ouer generasie die huidige stand van sake vergelyk met tradisionele tye. In verge= lyking met teenswoordige Westerse standaarde is respon= dente tog wel goed gedissiplineerd.

ŉ Ouer broer het nog seggenskap oor ŉ jongere en verwag gewoonlik respek van laasgenoemde in gevalle waar hy hom teregwys. Die deelname aan Westerse bestaansbedrywe het veroorsaak dat die gesag van ouer broers minder erken word as in tradisionele tye.

1.7 Totemgroepe

Alhoewel totemisme aansluiting vind by die religie van ŉ groep, is daar besluit om die bekendheid met ŉ totem= dier aan die inhoudelike van ŉ totemgroep te koppel. Die meerderheid van respondente is in staat om die dier (of mineraal) wat as totem van die groep bekend is, te benoem:

TABEL 4.24

Die bekendheid met die eie totem en die gesindheid daarteenoor.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Kan die eie totem benoem | 86 |
| ≠ | 2. | Mense wat hul totem ken is in 'n beter posisie as ander | 52 |
| ≠ | 3. | 'n Ware Tswana ken sy totem | 80 |

Die waarde wat deur die jeug aan 'n totemgroep geheg word, is grotendeels te koppel aan die volgende twee onderskeibare, maar onskeibare kenmerke:

- Die totem as simbool van 'n groepsgebondenheid kan as gevolg van die bonatuurlike eerbied waarmee dit bejeën word nie sonder meer oorboord gegooi word nie.

- Die totemgroep plaas geen noemenswaardige gewig op die pligte en voorregte van die lede nie. Die oor= eenkoms wat dit in sekere gevalle met stamverband toon, dra by tot 'n funksionele betekenis as 'n simbool van groepsverband teenoor 'n sigbare nakoming van 'n reeks gedragskodes.

- Afleiding

  - Ouderdomsgroepe

    Die teenswoordige verskynsel van ouderdomsgroepe toon min van die rigiditeit van tradisionele tye vir sover dit die organisatoriese aspek aanbetref. Respondente spreek kritiek uit teen 'n bepaling van die enkeling by 'n ouderdomsgroep. 'n Westerse invloed is hier merkbaar, omdat dit gaan oor die verskraling van 'n senioriteits= beginsel wat berus op die lewensondervinding gemeet in die aantal jare van 'n persoon.

Daarteenoor is dit vir respondente moeilik om die funk=sionele aspek van ꞌn verdeling in ouderdomsgroep te ver=werp. Dit gaan nie sodanig om die rol van dienslewering wat die tradisionele ouderdomsgroep in die stam gespeel het nie, maar om die bepaling van die eie status in die gemeenskap. Die ouderdomsgroep dien teenswoordig nog as ꞌn instelling waaraan sekere gedragskodes gekoppel word en wat dus meehelp om onderlinge gedrag by sosiale geleenthede te kontroleer. In dié verband ondervind respondente probleme om die ouderdomsgroep summier te verwerp.

- Onderskeiding ten opsigte van geslag en ouderdom

Die tradisionele status van die vrou het onder invloed van die Westerse aanrakende kulture ꞌn verandering onder=gaan wat ꞌn tweeledige aanpassing vertoon. Daar is min=der verandering te bespeur as die vrou in ꞌn verband geplaas word met ander aspekte van die tradisionele kul=tuur. Sodra daar sprake is van ꞌn meer Westerse kultuur=verband, verander die vrou se status ook dienooreenkom=stig. Dit sou nie vreemd gewees het as dit gegaan het om verskillende vroue wat hulle in verskillende verbande na gelang van die graad van akkulturasie bevind nie, maar die statusverandering is op dieselfde vrou gekon=sentreer, soos sy van een verband na ꞌn ander beweeg in haar daaglikse doen en late. Dit mag dus wees dat ꞌn vrou byvoorbeeld as onderwyseres ꞌn sekere status geniet, wat nie vergelykbaar is met haar status sodra sy die naweek ꞌn tradisionele tipe huweliksfees bywoon nie. Dit is onder respondente merkbaar dat veral die vroulike respondente streef na hoëre status, tog is ꞌn Westerse bewustheid van vroueregte nog nie merkbaar nie.

Die eerbetoning teenoor ouer persone vertoon nie die streng formele inslag van tradisionele tye nie. In samehang met die spontane vorm wat ouderdomsgroepe aanneem, spreek die gesindheid van respondente in dié verband van ŉ beginsel in die regulering van sosiale gedrag wat moeilik vervang kan word. Die toegewing aan ŉ verdwyning van eerbetoning teenoor ŉ ouer persoon kan die eie persoon net soveel skade berokken. Respon= dente wys op hul eie lewenservaring en verwag dienoor= eenkomstig eerbetoning van jonger persone. Dit noop hulle om op hulle beurt weer die nodige eer aan ouer persone te betoon. Die afdwingbaarheid van dié eerbe= toon het egter verskraal en dit gaan teenswoordig eerder om ŉ verpligting wat die individu aanvoel en ŉ onder= linge verwagting in die gemeenskap oor dié optrede.

- Totemgroepe

Die betekenis wat aan dié groep geheg word, is eerder te koppel aan ŉ intensionele waarde wat aan ŉ element van die tradisionele godsdiensvorm geheg word.

Dienooreenkomstig vervul die totemgroep nie ŉ duidelik omlynde funksionele rol nie. Die ouer generasie het aan die jeug ŉ opvatting van die totem oorgedra waarteen respondente nie kritiek wil waag nie, omdat die bonatuur= like daarby betrokke is. Die totem is die simbool van die totemgroep, of anders gestel, die simbool van die mense wat die totem as die eie aanvaar. Die waarde van die totemgroep word dus gekoppel aan die bonatuurlike betekenis van dié simbool en nie aan die funksionele waarde wat byvoorbeeld aan die basiese verwantskaps= groepe geheg word nie, tensy dié totemgroep ooreenstem met die stamverband. Laasgenoemde is van toepassing op die studiegebied, omdat totemverband en stamverband hoofsaaklik ooreenkom.

2. Gebruike wat saamhang met die lewensiklus

Die veranderinge wat ten opsigte van sosiale gebruike ingetree het, raak die vorm sowel as verspreiding van 'n wye aantal instellings. Dit ly min twyfel dat die veranderinge die funksionele sowel as die intensionele waarde raak. Die meerderheid gebruike is so aangepas dat dit nie meer as tipies tradisioneel geklassifiseer kan word nie.

2.1 Geboorte en kinderleeftyd*

Die geboorte van 'n kind is 'n gebeurtenis wat die aankoms van 'n bykomende lid van 'n verwantskapsgroep beteken. Dit is waarneembaar dat dit nie deur respondente ligtelik opgeneem word nie:-

- Die belangrikheid van kinders

  Die voortbrenging van 'n nageslag is 'n saak van erns vir die respondente. Die redes wat hiervoor aangegee word kan soos volg gemeld word:-

  - Daar moet 'n nageslag wees wat die naam van die afkomslinie kan voortsit.

  - Daar moet 'n nageslag wees wat die besittings van die ouer geslag kan erf.

  - Die kinders sal vir die moeder en vader sorg as laasgenoemde oud en afgeleef is.

  - 'n Nageslag sal jou onthou as jy nie meer daar is nie.

  - God het die mens opdrag gegee om te vermeerder.

* Dié afdeling is gereserveer vir onderhoude ten einde die respondente wat meer betrokke is by dié gebeurtenis te betrek.

Vir die meerderheid vroulike respondente is die voor=uitsig van moontlike onvrugbaarheid 'n onaangename gedagte. Daar is nog steeds 'n stigma wat aan onvrug=baarheid kleef, en sommige sê dit is 'n toestand wat aanleiding kan gee tot die gee van skeldname.

Daar word nie deur respondente bewustelik 'n verband gelê tussen 'n vrou se vrugbaarheid en die verskaffing van <u>bogadi</u> nie.* Die onvermoë om kinders in die lewe te bring kan volgens respondente reggestel word deur 'n mediese dokter se behandeling, of as dit nie help nie, kan 'n magiër se hulp ingeroep word. Daar is ook die moontlikheid om kinders deur die bemiddeling van welsynorganisasies aan te neem. Buite-egtelike kinders van ander persone in die familiegroep is ook 'n bron waaruit die leemte in 'n kinderlose huwelik aangevul kan word.

- Swangerskap

Alhoewel die mediese dienste wat teenswoordig beskik=baar is, 'n groot rol gespeel het om die tradisionele gebruike in dié verband op die agtergrond te skuif, is dit volgens respondente nodig om sekere van dié gebruike in ere te hou.

Die gedagte dat 'n persoon 'n ongebore kind deur towery kan benadeel, is onder 'n hele aantal respondente aan=getref. Daar is diegene wat verklaar dat sekere voedselsoorte tydens swangerskap vermy moet word.

* Onvrugbaarheid is tans nie so 'n geldige verskoning om nie <u>bogadi</u> te verskaf nie. (Vergelyk Afdeling 2.3 van hierdie <u>hoofstuk</u>).

Die voedselsoorte wat genoem word, sluit dié wat tra= disioneel as taboe beskou is, in. 'n Manlike respondent het wel opgemerk dat dit net vermy moet word as daar wetenskaplik bewys kan word dat dit skadelik is. Daar is heelwat twyfel oor die vermyding van sekere plekke soos grafte en die aanskouing van sekere diere, gebrek= like mense en tragiese gebeurtenisse. Die voorbeeld van Blanke verwagtende vroue wat hulle nie steur aan enige vermyding van bogenoemde nie, het twyfel laat ontstaan oor taboes in dié verband.

Die besoek aan 'n magiër vir die verkryging van medisyne om die ongebore kind teen kwaaddoeners te sterk, asook vir ongesteldheid gedurende swangerskap is geensins iets van die verlede nie. Sommige respondente twyfel egter aan die effektiwiteit daarvan. Die invloed van 'n natuurwetenskaplike benadering tot swangerskap soos uitgedruk deur sekere vakke in die skolastiese leer= plan is hier merkbaar.

- Die bevalling

Die nadruk wat in moderne skole op higiëne gelê word, noop respondente om die hospitaal of kliniek aan te wys vir die geboorte van kinders. Daar is wel diegene wat verklaar dat dit van hulle verwag sal word om vir die bevalling van die eerste kind na die moeder se woonplek te gaan.

Verskeie gebruike soos byvoorbeeld die geheime begra= wing van die plasenta kan as gevolg van die rol van die kliniek nie meer nagekom word nie. Dit was egter opvallend dat daar nie met minagting van dié gebruike gepraat word nie.

Geen besondere gebruike bestaan om die uitslag van die geboorte aan die vader oor te dra nie. Volgens respondente kan die geslag van die geborene op Wes=terse wyse aan die vader bekend gemaak word.

- Afsonderingsperiode

Die afsonderingsperiode het grotendeels verval danksy die aanwesigheid van Westerse mediese sentra. Sodra 'n vrou na 'n bevalling in 'n Westerse mediese sentrum ontslaan word, kan sy volgens respondente vryelik met ander mense meng.

Sommige is van mening dat 'n afsonderingsperiode nie heeltemal onnodig is nie, want in die tydperk kort na die geboorte van 'n kind is dit moontlik dat besoe=kers siektes kan oordra. Dit is opmerklik dat hierdie stelling enersyds gebaseer is op die klem wat op higiëne geplaas word, en andersyds kan die respondente hulself nie oortuigend uitspreek teen kwaadwillige towery nie.

Dit kan afgelei word dat respondente 'n ietwat veranderde siening van die afsonderingsperiode van tradisionele tye het. So is hulle nie bedag op die presiese taboes van vroeër nie; ook is hul van mening dat die afsonderings=periode beperk moet wees tot tyd en wyl die moeder en baba genoeg aangesterk het om terug te keer na haar huis. Sommige noem 'n tydperk so kort as drie dae.

- Vrugafdrywing en abnormale geboortes

Respondente is gekant teen vrugafdrywing. Volgens verskeie is dit nie nodig nie, want daar sal familie=lede in die familiegroep wees wat na die kind kan omsien. Daar is ook die gesegde opgehaal dat 'n mens nooit te oud word vir studie nie, so sal 'n onderbreking in die skool=loopbaan vir 'n bevalling weinig saak maak.

Afgesien van 'n toegewing dat 'n stilgeboorte wetenskaplik verklaarbaar is, wil respondente nie kritiek uitspreek teen die redes wat tradisioneel aangegee is nie. Respondente is dit eens dat sodanige kind in die geheim en in die nag begrawe moet word.

Teenswoordig word daar geen rede gesien waarom 'n kind by geboorte doodgemaak moet word nie. Redes wat in tradisionele tye tot kindermoord gelei het, is aan respondente gestel, maar die reaksie is dat 'n kind toegelaat moet word om te leef.

- Afleiding

Die waarde wat aan kinders geheg word, skyn in samehang te wees met die tradisionele klem wat op voortsetting van die afkomslinie geplaas word.

Die jeug is nie bewus van die Westerse neiging om die voortbrenging van kinders te koppel aan 'n verlies van individuele vryheid nie. Die verband wat in Westerse kulture tussen 'n verhoogde lewenstandaard en 'n kleiner gesin bestaan is wel waarneembaar onder die Tswanas in die studiegebied. Dit is eerder 'n direkte navolging van die Blanke, wat deurgaans deurskemer.

Geen ontgogeling oor die nut van voortsetting van die bestaan van die betrokke etniese groep word by die jeug aangetref nie. Huiwerige uitsprake oor die toekoms van 'n nageslag is by geen geleentheid aangehoor nie. Dit is af te lei dat die grootte van die gesin wel in die toekoms sal krimp, tog is die redes daarvoor nie te vind in 'n gebrek aan vertroue in die toekoms nie.

Die persone wat as studiegroep dien is van mening dat die kinderjare sorgeloos deurgebring moet word, tot tyd en wyl die kind skoolrypheid bereik het. Dit word beklemtoon dat die kind 'n skool moet bywoon, want dit is belangrik vir sy toekomstige deelname aan 'n bestaansvorm, wat al meer kompeterend raak as gevolg van die aanwas in bevolking. Daar is geen beswaar teen deelname aan die aktiwiteite van die gesin nie en meeste respondente het 'n neergelegde taak in die funksionering van die gesin as 'n groep.

## 2.2 Inisiasie

Bywoning van 'n inisiasieplegtigheid deur 'n jongeling is in die huidige tyd nie onmoontlik nie. Die aanbieding van 'n inisiasieplegtigheid, asook die lokaliteit* daarvan, is 'n goed bewaarde geheim by meeste Tswanas in die studiegebied. Nadat die vertroue van respondente ten opsigte van die aanwending van inligting gewen is, kon die volgende algemene strekking vasgestel word:

- Doel

  Die doel van die teenswoordige plegtigheid blyk in samehang te wees met 'n begeerte by die ouer generasie dat die jeug op tradisioneel-formele wyse iets van die kultuur moet leer. Respondente is geneë om toe te gee dat 'n geïnisieerde meer omtrent Tswanakultuur weet as 'n ongeïnisieerde:

* Die lokaliteit is deur 'n respondent verskaf, maar sal om verstaanbare redes wat die integriteit van die navorser raak, nie in die betrokke studie aangeteken word nie.

TABEL 4.25

Die waarde wat respondente aan ʼn tradisionele inisiasie=plegtigheid heg.

| | |
|---|---|
| ʼn Tswana wat die inisiasieplegtigheid deurloop het, het ʼn beter kennis van Tswana-tradisies en gewoontes as ʼn persoon wat nooit so ʼn plegtigheid deurloop het nie | 65% |

Daarenteen is die toekenning van volwasse status aan ʼn geïnisieerde ʼn saak waaroor daar konflik bestaan:

TABEL 4.26

Die waarde wat respondente aan die inisiasieplegtigheid as ʼn oorgangsritus tot volwassenheid heg.

| | |
|---|---|
| ʼn Persoon wat die inisiasieplegtigheid deurloop het, kan trots wees op die feit dat hy/sy die status van ʼn volwassene het | 32% |

Daar is op gewys dat die inisiasie konflik veroorsaak, omdat ʼn persoon wat wel so ʼn plegtigheid bygewoon het, by sy terugkeer geen kontak met sy ongeïnisieerde klas=maats of sokkerspanlede het nie, want die persoon is nou ʼn 'volwassene' terwyl die ander nog 'kinders' is.

Daar is die vraag gestel of ʼn moontlike kursus in die skool, wat as inhoud die tradisionele kultuur het, nie moontlik die inisiasieplegtigheid kan vervang nie. Sekere respondente het beswaar daarteen as ʼn vervanging van dié plegtigheid, uit hoofde van die gebrek aan magiese rituele asook besnydenis wat dit sal laat tekortskiet. Daar is egter geen beswaar teen so ʼn kursus ten einde leerlinge die geleentheid te bied om ʼn deurtastende kennis van hul eie kultuur te bied nie:

TABEL 4.27

Die waarde wat respondente heg aan die oordrag van die tradisionele kultuur deur die ouer generasie.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Sal dit waardeer as Tswana-tradisies en -gewoontes by wyse van ŉ kursus in die skool aangebied word | 77 |
| ≠ | 2. | ŉ Persoon moet poog om soveel moontlik van sy etniese groep se tradisies en gewoontes te wete te kom | 85 |

- Voorbereidings vir die stamskool

Die besluit om ŉ persoon na die inisiasieplegtigheid te stuur word deur die familiegroep in die algemeen en die ouers in die besonder geneem. Dit blyk ŉ besluit te wees wat nie op stamvlak of self kgoro-vlàk geneem word nie. Die inisiasieplegtigheid word op ŉ basis aangebied wat lede van verskillende stamme kan insluit.

Volgens respondente is dit moeilik om ŉ besoek aan die bogwèra en boyale in ŉ druk skoolprogram in te pas. Die ouer garde wat ondervra is, meen dat dit slegs as ŉ verskoning gebruik word. Dit wil voorkom of dit ŉ relatief beperkte aantal stamlede is wat wel die plegtigheid bywoon. Dit is gebruiklik dat ŉ persoon wat na dié plegtigheid gaan dit nie algemeen rugbaar maak nie.

Die meer tradisionele gebruike wat in verband met voorbereiding gestaan het, het verdwyn. Teenswoordig sal die vader of moeder en ander mense in die familiegroep die seun of dogter geestelik voorberei vir die stamskool. So ŉ voorbereiding gaan merendeels oor beklemtoning van die voordele van inisiasie en hoe die persoon hom of haar moet gedra. Oor die algemeen is die

indruk gekry dat respondente meer waarde heg aan hul skoolloopbaan en sportbedrywighede en sien dus nie uit na 'n inisiasieplegtigheid nie.

- Die inhoud van die stamskool

Die geheime aard van die inhoud van die stamskool ver= oorsaak dat leerlinge nie vryelik inligting daaromtrent wil verskaf nie. Ouer persone het uitgewys dat die persone wat so 'n plegtigheid bygewoon het, nie oor die inhoud sal praat nie. Die redes waarom respondente die verbod in ere hou, skyn verband te hou met vrees vir optrede deur ouer persone, die spot van ongeïnisi= eerdes en bonatuurlike 'wraak'.

Wat wel vasgestel kon word, is dat die plegtigheid aangebied word deur persone uit verskeie stamme wat dit nodig ag dat die inisiasieplegtigheid voortgesit moet word. In watter mate dit deur stamowerhede ge= steun word, is nie duidelik nie, as gevolg van 'n alge= mene traagheid om amptelik oor dié onderwerp inligting te verskaf. Dit is waarneembaar dat die duur en inhoud van so 'n plegtigheid baie verskraal het. Die vernaamste kenmerk is die besnydenis. Groot waarde word aan dié gebruik geheg en ongeïnisieerdes sal selfs 'n mediese dokter of kliniek besoek ten einde besny te word.

- Sluiting van die stamskool

Daar is geen seremonie wat ooreenstem met dié van tra= disionele tye om die jongmense terug te verwelkom nie. By die afsluiting van die inisiasieplegtigheid keer die inisiant terug na sy ouerhuis waar 'n verwelkoming= seremonie plaasvind wat beperk is tot die familie. Hierna skakel die persoon weer gewoonweg by die gemeen= skap in.

Dit is ongetwyfeld in die studiegebied opgemerk dat respondente wat so ŉ seremonie bygewoon het, ŉ meer positiewe gesindheid teenoor die eie etniese groep en die tradisionele kultuur inneem. So het dit opgeval dat dié persone meer geneig is om standpunte van die ouer generasie te onderskryf en bereid is om goedkeuring te verleen aan gebruike wat ŉ tradisionele aard het.

- Afleiding

Die bywoning van ŉ inisiasieplegtigheid raak die tradisionele kultuur in die geheel. Ouer persone wys daarop dat die jongmense ŉ gebrekkige kennis van die tradisionele kultuur openbaar, omdat hulle nie geïnisieer is nie. Persone wat nie so ŉ plegtigheid bygewoon het nie, word beskuldig van neigings soos losbandigheid en onvolwassenheid.

Dit is slegs gedeeltelik van waarde om die Westerse vorm van formele skoolopleiding met die inisiasieskool te vergelyk. Dit wil voorkom of die onderskeie vorme as instansies vir die voorbereiding van ŉ persoon vir die lewe van ŉ volwassene, juis die verskil tussen twee kulture reflekteer. So is die klem by die Westerse skoolbenadering teenswoordig op die voorbereiding van ŉ persoon binne ŉ gemeenskap waar hy op grond van individuele prestasie die mas moet opkom. Terwyl die stamskool veelal klem lê op die jong Tswana se toekomstige rol in ŉ gemeenskap, waar hy nou ingeskakel is met ŉ sosiale organisasie. As gevolg van die moderne sosio-ekonomiese omstandighede voel sommige respondente dat opleiding vir ŉ ekonomies selfstandige bestaan van meer waarde is as dié wat klem lê op ŉ organies-geïntegreerde bestaan. Dit is duidelik dat dié respondente ŉ groot waarde heg aan die skoolopleiding wat hul tans ondergaan en is dit te koppel aan die soeke na ŉ veranderde bestaansgeborgenheid.

Dit is onmoontlik om die inisiasieplegtigheid funksioneel te vervang met 'n skoolvak wat as inhoudelike die tradisionele kultuur het. Die inisiasieplegtigheid vorm deel van die uitlewing van 'n kultuur en is onskeibaar vervleg met die tradisionele verwantskapsgroepe, godsdiensvorm en bestaanswyse. Dié uitlig van die tradisionele kultuur as 'n entiteit wat sui generis aan die eintlike kultuurdraer geleer word, sal dus nie 'n vervanging wees van die inisiasieplegtigheid nie. Dit kan wel dien om aan die jeug die kennis te bied van die tradisionele kultuur waarvoor daar gewis ook 'n behoefte bestaan.

2.3 Die huwelik

Vir die jongmense is die huwelik teenswoordig 'n instelling wat in beginsel gerespekteer word. Net een respondent was bereid om die huwelik in formele vorm te verwerp:

TABEL 4.28

Die gesindheid van respondente teenoor die huwelik as primêre vereiste vir die vorming van 'n gesin.

| | |
|---|---|
| Geen formele huwelik nie, slegs die samewoning met 'n beminde | 1% |

- Keuse van 'n huweliksmaat

  Persone wat ondervra is, is van mening dat die jongeling teenswoordig self besluit oor 'n huweliksmaat. Dit is gebruiklik om dié keuse aan die ouers vir goedkeuring voor te lê. Hierna kan die lede van die familiegroepe betrek word om die probleme wat mag bestaan uit te stryk. Die klem is merkbaar meer op die inspraak van die voornemende huweliksmaats as vroeër. Die rol van die familiegroepe is vervolgens beperk tot 'n raadgewende hoedanigheid.

TABEL 4.29

Die waarde wat respondente heg aan die verwantskapsgroep se inspraak by die keuse van 'n huweliksmaat.

Die volgende is van deurslaggewende belang by die keuse van 'n huweliksmaat:

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Slegs familie se mening | 18 |
| ≠ | 2. | Slegs eie mening en gevoelens | 22 |
| ≠ | 3. | U familie se mening as belangriker as u eie mening en keuse | 24 |
| ≠ | 4. | U eie mening en keuse as belangriker as dié van u familie | 36 |

- Gewenste en ongewenste huwelike

Die tradisionele patroon ten opsigte van gewenste en ongewenste huwelike het verander. Huwelike tussen verwante is nie méér gewens as andere nie, terwyl huwelike op interstamlike vlak asook interetniese vlak baie meer algemeen voorkom en nie as sodanig ongewens is nie:

TABEL 4.30

Die gesindheid van die respondente teenoor die tradisionele kruisneef-niggiehuwelik.

| | |
|---|---|
| 'n Gekoppelde broer of suster kan moontlik die vader of moeder van 'n toekomstige huweliksmaat van u seun of dogter wees | 9% |

Respondente is van mening dat wedersydse aangetrokkenheid die enigste bepalende faktor moet wees by die keuse van 'n huweliksmaat. Dus is stamverband of verwantskapsverband nie vir hulle 'n deurslaggewende faktor by die keuse van 'n huweliksmaat nie:

TABEL 4.31

Die gesindheid van die jeug teenoor endogame huweliksluiting.

Sal een van die volgende verkies as huweliksmaat:

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | ŉ Pedi | 3 |
| ≠ | 2. | ŉ Tswana | 41 |
| ≠ | 3. | ŉ Xhosa | 3 |
| ≠ | 4. | ŉ Lid van die stam waaraan u behoort | 8 |
| ≠ | 5. | ŉ Lid van die <u>kgoro</u> waaraan u behoort | 0 |
| ≠ | 6. | U vader se suster se dogter | 1 |
| ≠ | 7. | U moeder se broer se dogter | 1 |
| ≠ | 8. | U moeder se broer se seun | 2 |
| ≠ | 9. | U vader se suster se seun | 0 |
| ≠ | 10. | Enige Swartman of -vrou | 37 |
| | | Geen reaksie | 4 |

Alhoewel meeste respondente kennis dra van ŉ huwelik met die moeder se gekoppelde broer (<u>malome</u>) se dogter, is ander huwelike tussen verwante vir hulle haas onbe=kend.

- Verlowing

Verlowingsgebruike onder die Tswanas in die studiegebied toon teenswoordig ŉ groter ooreenkoms met dié gebruike onder Blankes.

- Onderhandelings wat tot die verlowing lei

Dit is nog gebruiklik dat die jongmense hul voorneme om in die huwelik te tree aan die ouers bekend maak. Dit is te verstane dat een van die partye nie tevrede mag wees met hul seun of dogter se keuse nie. Die twee betrokke vaders sal gewoonlik bymekaar kom om

die saak informeel te bespreek. As een van die partye nie uitsluitsel oor die verstandigheid van die keuse bereik nie, sal albei partye probeer om die paartjie te ontmoedig. Indien die betrokke verwantskapsgroepe die keuse totaal onaanvaarbaar vind, is respondente van mening dat versaking van die voorregte wat lidmaatskap van ʼn verwantskaps=groep bied, nie ʼn te hoë prys is om te betaal vir die voorreg om met ʼn persoon van eie keuse in die huwelik te tree nie. Dit gebeur teenswoordig in min gevalle dat die jong mense genoodsaak is tot só ʼn stap, omdat die ouer generasie meer 'buigsaam=heid' in hul goedkeuring van huwelike toon.

As die ouers eenstemmigheid op informele wyse be=reik het, kan enige verdere onderhandelings op tradisionele wyse geskied. Dit is gewoonlik die betrokke paartjie se <u>bomalome</u> en <u>borrangwane</u> wat by onderhandelings betrokke is. Teenswoordig meen respondente dat hierdie formaliteite nie so belang=rik is nie, want dit is tog deur die paartjie be=sluit dat hulle vir mekaar bedoel is. Sommige is daarenteen van mening dat dit bydra tot ʼn bindings=faktor wat permanentheid aan die verlowing verleen.

Die gee van ʼn verlowingsgeskenk (wat tans nie nood=wendig ʼn bees of kleinvee hoef te wees nie, maar selfs ʼn ring kan wees) word as die finale stempel op die verlowing beskou.

- Gedurende die verlowingstydperk

  Afgesien van die besoeke van die jongman aan sy verloofde, sien respondente dit as die tydperk waarin 'n vrou voorberei word vir haar lewe as ge=troude vrou. Vir respondente is dit 'n belangrike tydperk waarin die twee persone mekaar beter leer ken en belangrike aanpassings gemaak word.

- Kinderverlowing

  Volgens aanduidings in die studiegebied is kinder=verlowing iets wat tot geïsoleerde gevalle beperk is en net 'n informele vorm aanneem. Respondente vind dit onaanvaarbaar in die lig van die vereiste vir wedersydse aangetrokkenheid.

- Verbreking van die verlowing

  Indien een van die twee verloofdes te sterwe kom, word dit deur respondente as 'n natuurlike beëindi=ging van die verlowing beskou. Die vervanging van die gestorwene deur 'n verwant soos 'n jonger suster of in die geval van die man, 'n jonger broer, word deur die jeug beskou as 'n inbreuk op die vry=heid van keuse van die oorlewende.*

  Die verbreking van die verlowing kan volgens res=pondente net geregverdig word op grond van ontrou=heid deur een van die twee betrokkenes. Die familie=lede sal betrek word by so 'n verbreking as daar enige skadevergoeding ter sprake is.

* Daar is gevalle waar die oorlewende wel met 'n suster of broer getrou het. Respondente is egter van mening dat dit nie afgedwing kan word nie.

- Die huwelikseremonie

Die man se familie sal in oorleg met dié van die vrou op 'n finale voltrekking van die huwelik besluit.* Die go ralala**-gebruik is beperk tot 'n nie-amptelike gebruik tog vind daar 'n byeenkoms en -feesvieringe plaas wat in breë trekke ooreenstem met dié wat vroeër die go ralala-tydperk ingelui het. Die bogadi (wat teenswoordig in die vorm van geld gegee word) kan dan oorhandig word.

Na verloop van 'n tydperk moet die huwelik in die kerk of voor 'n landdros voltrek word. Verskeie persone wat ondervra is, is van mening dat 'n huwelik alleen geldig is as daar 'n huweliksertifikaat getoon kan word. Die finale huweliksfeesvieringe is teenswoordig nog 'n uitgebreide gebeurtenis. Hiertydens word 'n bees of ander vorm van kleinvee geslag en van die respondente het daarop gewys dat dit in beginsel gaan om 'n lewende 'wese' wat moet sterf:***

* Vir soverre dit 'n huwelik raak waar die keuse van die jongmense en die ouers ooreenstemming toon.

** Daar is diegene wat voel dat dit nietemin van belang is om seker te maak van 'n vrou se vrugbaarheid voordat die huwelik finaal voltrek word. Teoreties gesproke kan die onvrugbaarheid van 'n vrou nie lei tot 'n kansellering van enige verdere onderhandeling of die teruggawe van bogadi nie.

*** Dit blyk ooreen te stem met die tradisionele gedagte, waarvolgens kontak met die wêreld van die voorvadergeeste gemaak word deur 'n offerdier te slag.

TABEL 4.32

Die voorkeure van respondente teenoor die verskillende vorme van huweliksbevestiging.

Sal een van die volgende tipes huwelike verkies:

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | ŉ Huwelik wat deur die familiegroep gereël word met die tradisionele onderhandelings en seremonies | 21 |
| ≠ | 2. | ŉ Huwelik in ŉ kerk sonder dat <u>bogadi</u> oorgedra word | 7 |
| ≠ | 3. | ŉ Huwelik in ŉ kerk mét oordrag van <u>bogadi</u> | 33 |
| ≠ | 4. | ŉ Huwelik in ŉ landdroskantoor sonder die oordrag van <u>bogadi</u> | 12 |
| ≠ | 5. | ŉ Huwelik in ŉ landdroskantoor mét oordrag van <u>bogadi</u> | 26 |

Respondente is van mening dat die huwelik eers van krag is nadat die Westers-georiënteerde sivielregte=like aspek daarvan afgehandel is. ŉ Beduidende aan=tal (Vergelyk Tabel 4.35) verklaar hulself as positief teenoor bepaling van die vrou se vrugbaarheid voordat die finale huwelikseremonie afgehandel is.

- <u>Bogadi</u>

Die mening van respondente rakende <u>bogadi</u> kan soos volg opgesom word:

- Eerstens koppel respondente dit nie meer tot dieselfde mate as in tradisionele tye aan die regte=like aanspraak van die man op die kinders nie. Dit word deur sommige ontken dat dit ŉ vergoeding vir die vrou se vrugbaarheid deur die man se familiegroep is:

TABEL 4.33

Die verband wat respondente lê tussen bogadi en aanspraak op 'n vrou se baarvermoë.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | 'n Man kan bogadi terugeis as sy eggenote hom verlaat en al die kinders saam met haar neem | 31 |
| ≠ | 2. | 'n Man kan bogadi terugeis as sy eggenote hom verlaat sonder om die kinders saam te neem | 12 |
| ≠ | 3. | 'n Man kan bogadi terugeis as sy eggenote hom verlaat voordat daar kinders uit die huwelik gebore is | 46 |
| ≠ | 4. | 'n Man kan bogadi terugeis as hy uitvind dat sy eggenote 'n baba van 'n ander man verwag | 70 |

- Tweedens vind hulle aansluiting by die tradisionele as hulle daarop wys dat dit geensins gesien moet word as 'n koopprys vir 'n vrou nie. Daar kan nie gekibbel word oor die geldelike bedrag nie, omdat dit net onaangename gevolge sal hê as die man voel hy moes meer as die bedrag wat hy in gedagte gehad het, betaal. Dit sal dit die aanskyn van 'n besigheidstransaksie gee, wat die man sal laat aandring op allerhande teenprestasies.

- Derdens skyn die klem in die huidige tydvak te val op 'n simboliese vergoeding aan die vrou se ouers in die besonder en haar familie in die algemeen, vir die verlies van 'n dogter en vir die moeite om haar groot te maak. Slegs hieruit sal 'n man bereid wees om meer te gee vir 'n vrou wat 'n hoë onderwyspeil bereik het, want dit word beskou as 'n groter las wat die ouers gedra het.

Respondente beklemtoon die funksie van bogadi as die bindingsfaktor in ꞌn huwelik. As bogadi gegee is, voel die man en vrou hulself onder sekere verpligtings teenoor mekaar. ꞌn Vrou sal nie sommer haar man verlaat nie, want sy voel die opofferinge van haar ouers is deur haar man oorgeneem en sy het sekere morele verpligtings teenoor hom. Net so sal ꞌn man tweekeer dink voordat hy ꞌn vrou verlaat waarvoor hy bogadi gegee het, want hy voel dat hy haar as 't ware 'losgemaak het van haar oorsprong.'

- Aard en omvang van bogadi

ꞌn Aanvaarde vorm van bogadi is teenswoordig dié betrokke land se geldeenheid. Volgens respondente, kan dit op die lang duur tog beter wees om beeste te gee op grond van die natuurlike vermeerderingsvermoë. Tog is bogadi in die vorm van beeste vir hulle ongerieflik om te oorhandig.*

Die beginsel van gelyke getalle is volgens die respondente nie op geld van toepassing nie; ook is daar min beswaar teen ꞌn getal soos sewe. Bedrae wat genoem is, wissel van driehonderd Rand tot sewehonderd Rand. Weer eens moet beklemtoon word dat dit nie ꞌn bedrag is waaroor gekibbel kan word nie.

- Mense wat bydra tot die bogadi

Respondente is van mening dat die verpligting primêr by die man berus om bogadi bymekaar te maak. Dit is wel moontlik dat hy sy vader kan nader vir ꞌn

* Beeste is volgens ꞌn beduidende aantal respondente ꞌn kapitale bate wat aangewend kan word vir bogadi. (Vergelyk Afdeling 4.1 van hierdie hoofstuk). Dit kan teenswoordig ook maklik in kontant omgeskakel word.

bydrae as dit blyk dat hy nie die volle bedrag uit eie sak kan verskaf nie. Die moontlikheid word nie uitgesluit dat die rrangwane, rramogolo, rakgadi en malome ook sal bydra nie. Tog is die morele verpligting nie meer sodanig van krag nie.

Die verskuiwing na die man as persoon waarop die verpligting rus om bogadi vir sy eie troue te lewer, hang volgens respondente saam met ŉ persoon se ver= moë om makliker bestaansmiddele sonder die hulp van familielede te verdien.

- Die aflewering van bogadi (oordragseremonie)

Ten tye van die ondersoek is daar van ŉ onderwyser verneem dat hy net ŉ paar dae tevore deelgeneem het aan so ŉ oorhandigingseremonie. Volgens sy uiteensetting is die aspirant-bruidegom nog steeds uitgesluit by die geledere van die party wat die bogadi gaan 'wegbring'. Die voornemende bruidegom se moeder se gekoppelde broer (malome) vorm die belangrikste lid van so ŉ party. Volgens die uit= slag van kontrolevrae onder respondente is dit ook korrek dat malome die aangewese persoon is om bogadi 'oor te dra'.

By aankoms van die oordragparty is daar ŉ gesellig= heid by die ouers van die voornemende bruid se woon= plek. Die bogadi-geld word aan die bruid se vader (of haar voog in die geval van die vader se afwesig= heid deur afsterwe) oorhandig.

- Die verdeling van bogadi

Daar bestaan ŉ verskeidenheid van menings by respon= dente oor wat met bogadi-geld gebeur nadat dit in ontvangs geneem is. Dié menings kan soos volg opge= som word:

- Die voornemende bruid se moeder se gekoppelde broer (malome) neem dit in veilige bewaring, totdat die huweliksfees plaasvind. Dié fees word dan uit die bogadi-geld gefinansier.

- Die ouers van die bruid plaas dit op 'n veilige plek van bewaring vir gebruik deur die bruid se gekoppelde broer as hy bogadi sou benodig.*

- Die ouers van die bruid bewaar dit, om eendag by te dra tot die versorging van die kinders uit die huwelik. Volgens respondente word enige dispute wat uit 'n egskeiding voortvloei op 'n gesamentlike sitting van die twee partye se familiegroepe bespreek. Twyfel bestaan oor wie verantwoordelik is vir die teruggawe van bogadi:

TABEL 4.34

Die kennis van respondente ten opsigte van die aanspreeklikheid van persone (groepe) rakende teruggawe van bogadi.

'n Man kan bogadi van die volgende persone (groepe) terugeis as hy die reg daartoe het:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Sy eggenote se vader | 28 |
| ≠ | 2. | Sy eggenote se familie | 38 |
| ≠ | 3. | Die 'ander man' wat die breuk in die huwelik veroorsaak het | 34 |

- Gebruike wat saamhang met die bogadi-gebruik en die huwelik in die algemeen.

* Dit bewys dat die man nie aan sy lot oorgelaat word by die bymekaarmaak van bogadi nie en is in ooreenstemming met die waarde wat steeds aan die wedersydse hulp tussen familie=lede geheg word.

- Onvrugbaarheid by die vrou

Die bestaan van die tradisionele gebruik om 'n stutvrou in geval van onvrugbaarheid te verskaf, is gekontroleer om respondente se gesindheid vas te stel. Dit is 'n gebruik wat nie onbekend aan respondente is nie. Die menings wat verkry is, kan soos volg opgesom word:

- Dit is vandag nie meer nodig om 'n stutvrou (seantlo) te verskaf nie, want kinders kan eerder aangeneem word. Ook is die moderne mediese wetenskap beskikbaar, waar 'n onvrugbare vrou om hulp kan aanklop, of as dit faal, kan die magiër (ngaka) genader word.

- Die aanwesigheid van 'n stutvrou sal konflik in die huishouding veroorsaak. Die meer 'moderne' vrou sal dit onaanvaarbaar vind dat haar eggenoot die aandag wat haar toekom aan 'n stutvrou bestee. Die vrou wat dien as seantlo sal dit onaanvaarbaar vind dat 'n moontlike huwelik met 'n beminde hierdeur in die wiele gery word. Die bewustheid van wedersydse aangetrokkenheid volgens Westerse opvattinge kan ook in dié menings waargeneem word.

- 'n Stutvrou is tot 'n sekere mate aanvaarbaar as dit die vrou se jonger suster is, want die onvrugbare vrou kan die kinders van 'n jonger suster makliker aanvaar. Die feit dat die biologiese vader die man van die onvrugbare vrou is, kan dus oor die hoof gesien word.

Dit gebeur dat daar al tydens die verlowings= fase ᵑ poging aangewend word om die vrugbaar= heid van die vrou vas te stel. Die 'gebruik' is nie-amptelik en kan nie in dié studie op vaste grondslae aangedui word nie. Dit is insiggewend dat ᵑ noemenswaardige aantal res= pondente waarde heg aan die vrugbaarheid van ᵑ vrou:

TABEL 4.35

Die belangrikheid wat respondente aan die vrugbaarheid van ᵑ vrou heg.

| | |
|---|---|
| Is dit belangrik om seker te maak van ᵑ eggenote se vrugbaarheid voor die huwelik? | 60% |

- Impotensie by die man

As gevolg van die gesindheidsverandering jeens die belangrikheid van wedersydse toegeneentheid tussen ᵑ eggenoot en eggenote, het die moontlikheid om ᵑ vriend (of verwant) 'in die hut te plaas' verskraal. Soos gemeld, sal ᵑ kinderlose paar eerder hul skrede wend tot aanneming of mediese behandeling.

Respondente is bewus van die gebruik dat ᵑ impotente of steriele* man ᵑ vriend of nabyverwant kan vra om sy plek in te neem tot tyd en wyl sy vrou swanger raak. Besware daarteen is in ooreenstemming met dié teen ᵑ stutvrou. Die toename in die status van ᵑ vrou veroorsaak afkeur in dié gebruik. Die afkeur wys op Westerse kultuurinvloed.

* Steriliteit is tradisioneel aan die vrou verbind.

Daar is diegene wat die tradisionele gedagte onder=skryf dat indien ŉ vrou vermoed dat haar eggenoot steriel is, sy versigtig moet wees met sodanige be=wering. Dit sal in so ŉ geval volgens respondente beter wees om ander mans in die geheim te 'ontvang'.

- Egskeiding

Dit blyk uit navrae in die studiegebied dat egskeiding baie ongewild is. Daar is gevalle waar ŉ toestand van vervreemding tussen ŉ egpaar ingetree het as gevolg van die afwesigheid van die man, wat in ander gebiede gaan werk. Die moontlikheid van egskeiding is nie uit=gesluit nie en die menings van respondente kan soos volg geformuleer word:

- Sodra een van die lede van die egpaar hulself skuldig maak aan wangedrag, kan die saak aanhangig gemaak word by die familiegroep van die skuldige party. Dit is uiteraard slegs ŉ versoeningsmaatreël. Die familiegroep sal poog om die probleme wat daar tus=sen die paartjie bestaan uit te stryk. Dit is ge=bruiklik dat familiegroeplede van die man en vrou se groepe bymekaar sal kom om ŉ moontlike finale breuk te voorkom. As dit blyk dat die saak nie deur die familiegroeplede besleg kan word nie, sal dit na die <u>kgoro</u>-hof gaan. Respondente is van mening dat die familiegroep- en <u>kgoro</u>-hof slegs aanbevelings kan maak* en nie die huwelik regtens kan ontbind nie. Die werklike ontbinding behoort gedoen te word vol=gens Westers-georiënteerde siviel-regtelike beginsels.

* Dié tradisionele howe word teenswoordig ook betrek by die oplossing van dispute wat van siviele aard is. Dit raak slegs die lede van dié verwantskapsgroepe vir soverre hulle bereid is om hulle aan die dissipline van die groepe te onder=werp, wat weer eens verband hou met die funksionele waarde wat nog aan die groepe gekoppel word.

- Daar is ŉ verskil tussen die ruimtelike posisie van die kinders en die regtelike posisie. So kan kinders by die moeder inwoon terwyl die vader nog op tradisionele wyse beheer oor hulle (die kinders) uitoefen.

- Wie die skuldige party is, sal ŉ belangrike in= vloed hê op enige dispute wat uit die egskeiding voortvloei.

- Daar moet veral twee faktore wees wat die vrou aanbetref, voordat teruggawe van <u>bogadi</u> oorweeg kan word, naamlik ontrouheid in die huweliks= verpligtinge en onvrugbaarheid.

- Afsterwe van een van die huwelikslede

  - Weduweeskap

    Respondente is van mening dat dit beter sal wees om ŉ tweede huwelik met die gestorwene se jonger broer* aan te gaan, omdat laasgenoemde die agter= geblewenes so belange op die hart sal dra. Dit lei geen twyfel nie dat die jonger broer uit hoofde van sy voorreg as erfgenaam van die ouer broer se vaderlike gesag, ŉ mate van seggenskap oor die wedu= wee sal hê. As hyself dus getroud is, kan hy nog= tans na die wel en wee van die weduwee omsien, omdat dit ook ŉ invloed op sy gestorwe broer se kinders sal hê as sy gebrek sou ly of ŉ losbandige lewe begin lei. Volgens respondente sal hy nie sommer ŉ poging aanwend om op informele wyse die <u>go tsena montlung</u> te beoefen nie, want die vrou se wense moet teenswoordig 'gerespekteer' word.

* Slegs as hyself ongetroud is.

- **Wewenaarskap**

  Teenswoordig kan die afsterwe van ŉ kinderlose vrou nie regtens lei tot enige eis vir die teruggawe van <u>bogadi</u> of die verskaffing van ŉ stutvrou nie. Respondente is van mening dat ŉ sterfgeval niemand se skuld is nie.

- Afleiding

Die gesindheid van die jeug rakende gebruike by die sluiting van ŉ huwelik word duidelik as na sekere fasette gekyk word:

- Tradisioneel word klem geplaas op die konsensus van die onderskeie verwantskapsgroepe rakende goedkeuring van ŉ huwelik. Die kontak met die Blanke het meegebring dat ŉ veel breër gemeenskap betrek is by die goedkeuring van die huwelik, alhoewel die goedkeuring eerder ten opsigte van afdwingbaarheid verskraal het. Die jeug is van mening dat die goedkeuring van ŉ breër gemeenskap wat kulmineer in ŉ huweliksertifikaat, bydra tot die saambindingselement in die huwelik en terselfdertyd die inmenging van ŉ enger groep (soos verwantskapsgroepe) verskraal.

- Sekere fasette van tradisionele huweliksluiting het min ingeboet aan funksionele waarde om die twee huwelikspartye aan hul wedersydse pligte te bind. Die gee van <u>bogadi</u> word gevolglik deur die jeug ondersteun.

Die klem wat op bindingsfaktore geplaas word, is nie vreemd as in gedagte gehou word dat die aantal egskeidings toegeneem het nie. Ten einde moontlike oorsake vir die neiging aan te dui, kan die volgende genoem word:-

- Die klem wat op toegeneentheid tussen huweliksmaats geplaas word, is gefundeer op die interpretasie van Westerse literatuur, wat die romantiese verhouding tussen twee betrokke mense belangriker ag as oorwegings soos dieselfde kulturele lewensbenadering. Dit is nie altyd ŉ geval van ŉ verkeerde keuse nie en word nie hier as kritiek teen sekere benaderings genoem nie. Tog is die jeug teenswoordig van mening dat daar juis in die keuse van ŉ huweliksmaat teen die wense van die familiegroep in die algemeen en die ouers in die besonder gegaan moet word. Die resultaat is dat daar na ŉ tyd soveel konflik as gevolg van verskille in gedragskodes ontstaan, dat die huwelik verkrummel.*

- Die moontlikheid van ŉ verdienste in ŉ myn- of nywerheidsentrum wat ver van die gesinswoonplek af verwyderd is, veroorsaak dat neweverhoudings met ander mans en vroue aangeknoop word. Dit is een van die grootste oorsake van egskeiding, maar is in die afgelope dekade getemper deur die vestiging van nywerheidsgebiede nader aan die tuiste.

- Die verdeling van gesag tussen die manlike en vroulike lede van die Tswana-gemeenskap geskied sedert die koms van die Blanke op ŉ meer gelyke basis. Dié vervloeiing van gesag het meegebring dat die selfgeldingsdrang van die vrou meer tot uiting kom, sonder vrees van optrede deur die man. Dit bring mee dat die eenheid van die huwelik ŉ meer 'middelpuntvliedende' aard vertoon.

* Die ondersoekgroep beskou hierdie aspek egter in ŉ ander lig en reken dat wedersydse toegeneentheid juis ŉ bindingsfaktor is. Die uitdrukking wat daarop neerkom dat die liefde alles sal oorwin, is dikwels aangehoor.

Die huwelik vorm 'n verbintenis waarin die mens vele van sy behoeftes kan bevredig, en die moontlike verbrokkeling daarvan laat gewoonlik beide lede in 'n swakker posisie as voor die huwelik. Die jeug is dus uiters negatief teenoor voorhuwelikse verbintenisse wat van permanentheid ontdaan is. Dié tipe verbintenisse het redelik algemeen geword onder die meer verstedelikte kennisse van die jeug waaronder die ondersoek gedoen is, dus is dit te verstane dat die tradisionele huweliksverbintenis in heroënskou geneem word. In aansluiting by die faktore wat dus as bindend voorkom in die tradisionele huwelik, word groot waarde geheg aan die religieuse sanksie van die kerk of ten minste die si=viele sanksie soos dié van 'n landdros.

2.4 Dood en begrafnis

Dit is opmerklik gevind dat sterfgevalle, ten spyte van die minder klem op die eenheidsgevoel van verwantskaps=groepe, ontwrigtend gevind word. Ook emosioneel word die dood met ontsag bejeën. Die huidige bevindinge toon ooreenkoms met Breutz (1953, pp.98 - 99) se bevindinge.

- Ten tye van die afsterwe

  Respondente is dit eens dat hulle ten tye van die af=sterwe van 'n persoon weggestuur sal word.* Die bona=tuurlike is ten tye van die dood ter sprake en die ondervraagdes is intens bewus hiervan. In hierdie verband skyn jongmense ook versigtig te wees om kri=tiek te waag.

* Die besondere emosionele betekenis wat aan die dood geheg word, weerspieël ook die ontsag waarmee dit bejeën word.

Dit is gebruiklik om die afsterwe aan soveel moontlike lede van die gemeenskap bekend te maak. Dit word bewerkstellig deur die klaagween wat deur vroue aangehef word. Die dood skyn ŉ saak van gemeenskaplike belang te wees en respondente het geen beswaar teen die rugbaarmaking van ŉ persoon se dood op welke wyse ookal nie.

- Die begrafnis

Dit is algemeen aangetref dat alle mans bo die ouderdom van een-en-twintig jaar verplig word om grafte te grawe. Die begraafplaas is teenswoordig op ŉ plek buite die nedersetting, wat spesiaal vir die doel gereserveer word. Van die ouer mense is van mening dat ŉ persoon so gou moontlik begrawe moet word. Op ŉ vraag of die afgestorwene steeds in ŉ beesvel toegerol word, is daar geantwoord dat die familielede teenswoordig self ŉ kis maak. Die tyd wat verloop van die oomblik van afsterwe totdat die begrafnis plaasvind, word deur dié ouer mense op hoogstens ŉ dag gestel.

Daar is ŉ noemenswaardige aantal respondente wat daarop wys dat die tradisionele begrafnis ŉ groot hoeveelheid probleme en onkoste uitgeskakel het.*

Die gebruik om doodgebore kinders in die geheim op ŉ plek soos byvoorbeeld die moeder se slaapkamer of die lapa** te begrawe, is bekend aan respondente. Dit is vanselfsprekend dat die hospitaal en kliniek veranderinge in dié gebruik teweeggebring het, tog skyn respondente nie negatief te wees teenoor dié tradisionele tipe begrawing nie.

* "Things worked more smoothly in those days, therefore it makes sense to me." - ŉ Algemene stelling wat deur respondente gemaak word in hul kommentaar oor die tradisionele tipe begrafnis.

** Hier gebruik om die ommuurde vierkant aan te dui waarin die woning aangetref word.

- Die agtergeblewenes

Die gebruik om ŉ bees te slag by die afsterwe van ŉ persoon en die daaropvolgende deelname van die agter=geblewenes aan die eet van die bees se ongesoute vleis, het ŉ verandering ondergaan.

Teenswoordig word daar ŉ bees of selfs kleinvee geslag en die vleis word as deel van ŉ begrafnismaal genuttig. Dié vleis word saam met ander voedselsoorte smaaklik voorberei. Die gesellige gees wat soms by so ŉ begraf=nis heers, veroorsaak kommer by die ondervraagde ouer en jonger generasie. ŉ Algemene gevoel is opgemerk dat teruggekeer moet word na die tradisionele nuttiging van ongesoute ('onsmaaklike') geregte en ŉ meer besa=digde byeenkoms na die begrafnis.

Teenswoordig word die gebruik om die agtergeblewenes seremonieel te reinig na die sterfgeval ook nog gehand=haaf. ŉ Magiër (ngaka) kan ook ingeroep word om die reinigingseremonie waar te neem. Die vertrek waarin die persoon gesterf het, word uitgewas en die hare van nabyverwante word afgeskeer.

Oor die algemeen het respondente geen beswaar teen ŉ reinigingseremonie nie en sommige voel in der waar=heid dat dit nodig is.

- Die rouperiode

Daar word tans probleme ondervind om ŉ behoorlike rou=periode te eerbiedig. Nabyverwante het sekere verplig=tings ten opsigte van betrokkenheid in ŉ Westers-georiën=teerde bedryfslewe. Weduwees word byvoorbeeld dikwels

genoodsaak om 'n betrekking by 'n fabriek te aanvaar ten einde die kinders te onderhou. In tradisionele tye was dit gebruiklik dat die oorledene se verwante (soos 'n man se gekoppelde jonger broer) die agtergeblewene afbanklikes stoflik versorg het. Dit is teenswoordig moeilik as gevolg van dié verwante se deelname aan 'n meer Westerse bestaanswyse, wat die enkeling se verpligtinge meer tot die eie gesinslede beperk.

Na aanleiding van respondente se opmerkings skyn dit dat die vorm wat die rouperiode vroeër aangeneem het, funksioneel aangepas sal moet word as gevolg van veranderde omstandighede. Dit is genoem dat die periode verkort moet word en dat die seremonie wat die einde van die rouperiode kenmerk, redelik vinnig op die begrafnis sal moet volg. Dié seremonie word deur respondente as belangrik beskou, omdat 'n weduwee of wewenaar deur hulle as onrein beskou word totdat die seremonie afgehandel is. Dit is gevolglik vir 'n onrein persoon moeilik om in 'n fabriek te gaan werk waar hulle in noue kontak met ander mense staan.

- Afleiding

Die min kritiek wat deur die jeug gelewer word rakende die genoemde gebruike kan soos volg saamgevat word:

- Dit is opmerklik dat die respondente 'n element van die tradisionele reinigingseremonies wil handhaaf. Die slag van 'n bees om die gestorwene na die hiernamaals te vergesel, kan aangepas word met dié gedagte dat die persoon na 'n positiewe ewigheid* verhuis. Ten opsigte van laasgenoemde gebruik kan gesê word dat 'n tradisionele gebruik 'n moderne waarde-aanpassing kry.

* Die hiernamaals soos verstaan deur die Christendom.

- Tradisioneel veronderstel die plek waar mense begrawe is ʼn onderskeid ten opsigte van geslag, ouderdom en verwantskap. Dit het ook ingehou dat gestorwe verwante in dieselfde lokaliteit begrawe is waar hul lewende nasate leef en werk. Op aandrang van sendelinge is die begraafplaas aangelê buite nedersettings waarin soms ʼn hele stam woonagtig is. Die keuse van ʼn begraafplaas het dus die onderskeid tussen mense, wat selfs na hulle dood gehandhaaf is, in ʼn groot mate opgehef. Die jeug vind dit aanvaarbaar omdat dit ook ʼn weerspieëling is van die vervaging van die grense wat daar in die gewone lewe tussen mense van verskillende geslag, ouderdom en verwantskap bestaan het.

  In aansluiting hierby word die gedwonge grafgrawery ook aanvaar, want dit betrek die jongmans van die hele stam daarby en nie net nabyverwante nie. Die gesellige atmosfeer en betrokkenheid van die wye gemeenskap by ʼn begrafnis toon ook ooreenkoms met gebruike wat deur stedelike (en dus meer verwesterse) Swartes gehuldig word. (Schmidt, 1976, pp.20 - 21).

## 2.5 Erf en opvolging

Tradisioneel kan agtergeblewenes die bates van ʼn gestorwe man in die vaderlike linie erf, met inagneming van die moeder se posisie in die volgorde van vroueneming. Teenswoordig het ʼn man regtelik net kinders uit ʼn enkelvoudige huwelik, wat meebring dat die gesamentlike boedel minder verdeeld is. Die erfreg in die vaderlike linie is ook nie meer so rigied nie.

Die beginsel kan in tradisionele sin onderskei word dat die beheer van kapitale bates* altyd onder die toesig

* Dié term word hier gebruik om sodanige bates aan te dui wat vir die welvaart van die gesin se daaglikse bestaan aangewend word.

van die man is. Indien ŉ man te sterwe kom, gaan die reg nie na sy weduwee nie, maar na sy verwante in die manlike linie. Sommige respondente se verklaring hier= van is dat ŉ vrou nie in staat is om toekomsgerig te wees in die handeling met enige bates nie, dus sal ŉ man se bates eerder na sy jonger broer gaan, sodat hy die bates ter wille van die agtergeblewenes kan beheer.

- Die boedel van ŉ getroude man

  Teenwoordig word die oudste seun nog steeds teoreties beskou as die hooferfgenaam van die gestorwene se kapi= tale bates.

TABEL 4.36

Die begrip van respondente rakende tradisionele erf- en opvolgingsreëls.

Die volgende persone sal die meeste van die vader se goedere erf:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Sy oudste dogter | 2 |
| ≠ | 2. | U moeder | 21 |
| ≠ | 3. | Sy ouer broer | 2 |
| ≠ | 4. | Sy jonger broer | 23 |
| ≠ | 5. | Die kind wat hy die meeste liefgehad het | 18 |
| ≠ | 6. | Sy oudste seun | 34 |

Genoemde kapitale bates bestaan teenswoordig in baie gevalle uit geld en roerende goedere. As beeste ŉ deel daarvan vorm, speel dit ŉ ondergeskikte rol. Die oudste seun ontvang dié bates by afsterwe van sy vader en is moreel verplig om voorsiening daaruit te maak vir sy moeder en sy jonger broers en susters.

As daar alreeds dogters is wat getroud is, is hul mans veronderstel om vir hulle te sorg en vorm hul aanspraak nie deel van die oudste seun se verpligtings nie.

In gevalle waar die seuns nog almal minderjarig is, sal die vader se gekoppelde jonger broer as trustee van die boedel optree. Dit wil voorkom of hy as 'toesig= houer' optree selfs al sou die seuns volwassenheid be= reik. Enige wanbesteding aan die kant van die oudste seun sal by die oorledene se jonger broer gerapporteer word. Sou laasgenoemde op sy beurt die erflating wan= bestee, kan dit by die familiegroephoof gerapporteer word.

Alhoewel bogenoemde uiteensetting deur respondente as die korrekte onderskryf word, is dit in sommige gevalle bloot teoreties en in die praktyk beheer ŉ weduwee in baie gevalle al die bates.* Die Westerse gedagte van ŉ geskrewe testament word deur sommige genoem as ŉ oplossing vir erfdispute wat ontstaan, omdat die bedryfslewe verander na die meer Westers-georiënteerde tipe, en familielede nie noodwendig in dieselfde lokaliteit woon nie.

- Afsterwe van ŉ vrou

Indien ŉ getroude vrou wat kinders het te sterwe kom, is respondente van mening dat die vrou se huishoude= like goedere onder die dogters verdeel word. Die feit dat dit by afsterwe van ŉ vrou aan die oudste dogter oorhandig word, maak volgens dié respondente nie saak nie, want sy is die persoon wat dit gelykop moet verdeel.

* Die oorledene se jonger broer is selfs in sulke gevalle waarneembaar in die rol van ŉ toesighouer.

As die man alreeds oorlede is ten tye van die vrou se afsterwe, is respondente van mening dat die jongste seun ŉ aanspraak het op die woning en enige landerye wat deur die gestorwe man aan die vrou nagelaat is. Daar word deur respondente aangetoon dat die ouer seuns meestal teen hierdie tyd alreeds hul eie wonings het en dat die jongste dit op daardie stadium die nodigste het. In die huidige omstandighede wissel die werklik=heid van geval tot geval, as gevolg van die veranderde bestaansmoontlikhede.

- Kinderlose persone

In die geval van ŉ getroude man wat kinderloos te sterwe kom, is respondente van mening dat sy weduwee die begun=stigde kan wees. Dit hang af van die goedere wat ter sprake is. So sal sy persoonlike besittings moontlik na sy moeder se gekoppelde broer (malome) gaan, maar kapitale bates is gewoonlik tot die beskikking van die weduwee en onder toesig van sy jonger broer.

Dit blyk dat respondente nie ŉ onderskeid maak tussen besitreg en vruggebruik nie.* Dit kan aangeneem word dat die groot afname in die leviraatgebruik hier ŉ rol speel. Die man se gekoppelde jonger broer is nog ŉ fokuspunt vir die vervulling van die aardse rol van die afgestorwene, maar dit veronderstel nie meer die verkryging van die reg om die weduwee se baarvermoë te benut nie.

As ŉ kinderlose getroude vrou te sterwe kom, is haar man die erfgenaam van haar besittings. Respondente is bereid om toe te gee dat goedere wat deur haar ouers geskenk is, moontlik na hulle kan teruggaan.

* So dui hul soms die weduwee aan as erfgenaam, terwyl sy in werklikheid slegs vruggebruik geniet van goedere wat eintlik aan die manlike verwante van die oorledene behoort.

- Ongetroude persone

  Indien ŉ man te sterwe kom voordat hy in die huwelik tree, gaan sy besittings normaalweg na sy vader. Na laasgenoemde se afsterwe word die goedere wat oorspronklik aan die gestorwe seun behoort het, onder sy jonger broers verdeel. Volgens respondente kan dit by sy afsterwe ook direk na die broers gaan. Volgens een ondervraagde kan die goedere van ŉ bejaarde man wat nooit in die huwelik getree het nie, by sy afsterwe ook onder sy broers se seuns verdeel word. Die afleiding kan weer eens gemaak word dat die besittings na sy vader se jonger broer of dié se oudste seun gaan as die jong man nie broers het nie* en sy eie vader alreeds oorlede is.

  Ook in hierdie geval veroorsaak moderne ontwikkelings dat bogenoemde uiteensetting nie altyd in die praktyk nagevolg kan word nie.

  As ŉ ongetroude vrou te sterwe kom, is respondente van mening dat haar besittings onder haar susters verdeel moet word. Daar is die vraag gestel of haar eie moeder nie in aanmerking kom nie, waarop geantwoord is dat die moeder, ás sy nog leef, gewoonlik optree as verdeler van die eiendom.

- Afleiding

As die tradisionele erf- en opvolgingsreëls teen die agtergrond van die tradisionele sosio-ekonomiese organisasie geplaas word, is dit opmerklik dat dit die strukturele aspek simboliseer. Die groter klem op die vermoë om ŉ bestaan te voer wat nie in ŉ sosio-geografiese kader veranker is nie, veroorsaak verskeie veranderings:

* Wat kan plaasvind as gevolg van die verandering wat ŉ enkelvoudige huwelik voorskryf.

- Die jonger broer van die gestorwene is nie altyd by magte om aandag aan die agtergeblewenes te gee nie, want in moderne tye kan die moontlikheid bestaan dat die vrou na haar eie mense wil terugkeer.

- Die familielede woon wydverspreid en kontrole oor mekaar se optrede is onmoontlik. Volwasse seuns werk dikwels in verafgeleë sentra.

- Dit kan in moderne tye gebeur dat ŉ gestorwene geen man=like nasate het nie.

Dié faktore veroorsaak dat die vrou van die gestorwene ŉ groter aanspraak maak op erflating en ook die besteding daarvan. Die jeug is van mening dat die tradisionele rig=lyne in die verlede bevredigend gefunksioneer het, maar dat die veranderde omstandighede wanbesteding en onregverdigheid kan veroorsaak. ŉ Behoorlik geregistreerde dokument volgens Westerse sivielregtelike beginsels skyn vir hulle van meer nut te wees. Dit moet in gedagte gehou word dat die oplos=sing van erflatingdispute in die verlede by die familiegroep berus het; appél kon aangeteken word na hoër howe. Respon=dente het nie beswaar teen die bewaring van ŉ geskrewe doku=ment deur byvoorbeeld die stamowerhede nie en daar is die moontlikheid om die veranderde patroon te akkommodeer sonder om een van die tradisionele howe se belangrikste funksies tot niet te laat gaan.

3. Godsdiensvorm

Die godsdiensvorm van tradisionele tye is deur die koms van die sendelinge beïnvloed. Dit het in die ondersoekgebied geblyk dat sekere aspekte van die tradisionele godsdiens=vorm, soos ŉ begrip van demigode, heeltemal van die inhoude=like gestroop is, terwyl die sentrale aspek van die tradi=sionele godsdiensvorm, naamlik voorouerverering nog ter sprake is. Dit het uit onderhoude geblyk dat die Christelike inslag die houding van respondente grondig beïnvloed.

## 3.1 Voorouerverering

Uit onderhoude het dit geblyk dat voorouerverering onge=twyfeld nog steeds 'n faset van die godsdiens van die studie=groep vorm. Verskeie persone het gedui op gebruike wat onderhou word ten einde kommunikasie tussen die lewendes en die gestorwe voorvaders te verseker.*

Dit is uitgewys dat dit die ouer mense is wat aan voorouer=verering meedoen. Dit word gedoen om die heil van die hele familiegroep te bewerkstellig. Jongmense sal nie sommer die voorvadergeeste nader om 'n moontlike versoening te bewerk=stellig nie. Indien 'n persoon besondere teëspoed ondervind, sal hy of sy dit aan die senior verwante bekend maak, wat die saak aan die voorvadergeeste sal opdra. Dit sal volgens respondente vanaf die oomblik dat die voorvaders aangeroep is met die ongelukkige jongeling beter gaan, op voorwaarde dat die jonger lid sy eie lewe sal ondersoek vir moontlike gedragsoortredings wat die voorvaders kan affronteer.

Daar bestaan nie 'n gebou of dergelike plek waar die voor=vaders aangeroep word nie. Dit skyn 'n saak te wees wat binne die perke van die privaatheid van 'n familiegroep val, dus sal die woning, begraafplaas of 'n landmerk in die veld** as plek van offerande en aanroeping gebruik word.

* Onder andere is 'n volledige seremonie beskryf wat so kort gelede as die sestigerjare plaasgevind het. Dié seremonie, wat gehou is om reën te maak, het alle fasette van die tra=disionele ingesluit, soos 'n vertrek van die hele stam na 'n sekere berg (wat uitgewys is) en die inroep van 'n magiër om kwade artikels in die veld uit te wys.

** 'n Spesiale landmerk soos 'n boom of koppie dien soms as offer=plek. (Vergelyk Breutz, 1953, p.99).

Respondente is nie bereid om geredelik oor die voorvader= geeste (<u>badimo</u>) of die verering van dié geeste te praat nie. Dit wil voorkom of dié aspek van religie deur die Christelike kerke tot 'n meer 'geheime' kader gedwing is. Daar is onder andere deur 'n Blanke sendingwerker opgemerk dat hulle teenswoordig dus eerder probeer om aansluiting te vind tussen die Christelike boodskap en voorouerverering, om die indruk te beveg dat dit twee teenoorstaande pole, soos 'lig en duisternis' is. Daar is diegene in die studiegebied wat ontsteld voel omdat sekere plekke wat voorheen in verband gebring is met die voorvaders, teens= woordig deur granietmynmaatskappye vernietig word.

Dit sou verkeerd wees om te beweer dat die voorouerverering nog net soos in tradisionele tye voorkom. Daar kan nie gesê word dat die Christelike godsdiens geen invloed op voorouerverering gehad het nie. Daar is 'n groot aantal respondente wat nie aan 'n verering van voorouergeeste glo nie:

TABEL 4.37

Die beskouing van respondente rakende voorouerverering.

Beskou die gestorwe voorvaders as:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Wesens wat in tye van nood aangeroep word. | 42 |
| ≠ | 2. | Mense wat 'n goeie voorbeeld gestel het van hoe 'n ware Tswana optree terwyl hulle geleef het, maar wat nie aangeroep word in tye van nood nie | 35 |
| ≠ | 3. | Mense wat dood is en tot die verlede behoort | 23 |

Daar is deur ŉ onderwyser uitgewys dat daar ŉ moontlike twyfel by respondente oor die voorouerverering kan bestaan. Tog is dié verering sterk aanwesig by hulle ouers en in tye van werklike nood gryp die respondente ook daarna terug.

3.2 Demigode

Daar is by verskeie geleenthede gevind dat respondente sowel as ouer persone hoogstens bewus is van die term <u>medimo</u>. Hulle is nie in staat om figure soos Matsieng, Nape en Lowe enigsins te omskryf nie. ŉ Wese wat ooreen= stem met die skrikfiguur Dingwe, is slegs by sommige bekend:

TABEL 4.38

Kennis van respondente rakende Dingwe.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Het van ouers verneem van ŉ wese soos Dingwe (Thokolosi) | 32 |
| ≠ | 2. | Glo in die bestaan van so ŉ wese | 25 |

3.3 Die opperwesebegrip

Respondente sowel as ander persone waarmee onderhoude en gesprekke gevoer is, verklaar dat die Tswanas geen begrip van <u>modimo</u> gehad het voor die kontak met sendelinge nie.

TABEL 4.39

Beskouinge van respondente rakende <u>modimo</u>.

| | | <u>Modimo</u> is:- | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Die Almagtige wat beskryf word in die Bybel. | 85 |
| ≠ | 2. | Die bepaler van die lot van mense en die kontroleur van die gang van die natuur, waarin die voorvaders geglo het, maar nie verbind kan word aan die Almagtige van die Christelike geloof nie. | 1 |
| ≠ | 3. | Die wese waarin die voorvaders geglo het en ook die Almagtige van die Christelike geloof. | 4 |
| | | Geen reaksie | 10 |

Die oorgrote meerderheid van respondente dui aan dat hul lede van ŉ kerk is wat die Christelike geloof bely:

TABEL 4.40

Die persentasie van die totale aantal respondente wat aan ŉ Christelike kerk behoort.

| | |
|---|---|
| Behoort aan ŉ Christelike kerk | 97% |

Dit ly min twyfel dat die Christelike godsdiens in duidelike trekke en op groot skaal aan die inwoners van die studiegebied verkondig word, veral as in aanmerking geneem word dat verskeie kerkgenootskappe aktief en geesdriftig betrek is ten opsigte van sendingaksie in dié gebied.*

Die betekenis wat die respondente aan modimo heg is nie noodwendig in verband te bring met die God van die Christelike geloof nie. In sekere aspekte is dit duidelik ŉ aansluiting by die tradisionele begrip van modimo. Dit blyk dat modimo meer op die voorgrond getree het in die huidige godsdiensvorm.

3.4 Totemisme (Vergelyk Afdeling 1.7 van hierdie hoofstuk).

Die verband tussen ŉ groep mense en ŉ spesifieke dier (mineraal of natuurverskynsel) is geensins iets van die verlede nie. Die meerderheid van respondente kan die eie totemverband aandui.

* Verskeie gemeentes is reeds vir etlike dekades gevestig en daar bestaan geen aanduidings van persone wat nog nie van die Christelike leerstelling verneem het nie.

By ŉ sekere skool het ongeveer tagtig persent beweer dat ŉ afbeelding van dié dier* in hul ouers se wonings op ŉ opsigtelik plek ten toon gestel word. Respondente is be=dag om daarop te wys dat dié dier nie deur die lede van die totemgroep leed aangedoen mag word nie. Alhoewel som=mige ook beweer dat daar geen uiterlike verering van so ŉ dier is nie, moet dit eerbiedig word.

## 3.5 Magie

Die geloof in die bestaan van bonatuurlike kragte wat tot die beskikking van diegene is wat die nodige kennis het om dit in werking te stel, is merkbaar in die studiegebied. Die invloed van die sendingaksie het sekerlik ŉ afname in die geloof bewerkstellig, tog blyk dit dat die geloof bloot na ŉ kader verskuif is waar dit ŉ geheime aard vertoon. Daar word dus nie vryelik teenoor enigiemand hieroor gesels nie. Dié indruk is versterk nadat die respons in die vrae=lys opgevolg is en namate ŉ groter vertrouensverhouding geskep is in onderhoude.

### 3.5.1 Die magiër

Die waarde wat respondente aan die rol van die magiër heg, kan in die volgende momente onderskei word:

- Die magiër se medisyne word nie meer sodanig as ter voorkoming van probleme gesien nie:**

TABEL 4.41

Beskouinge rakende die funksionele aspek van die medisyne van die magiër in die voorkoming van probleme.

| | |
|---|---|
| Die medisyne (<u>dithlaro</u>) van ŉ magiër (<u>ngaka</u>) kan probleme voorkom | 29% |

* In dié geval was dit die olifant (tlou) wat as die totem van die Bapo-stam beskou word.

** Dit blyk dat respondente dit nie met reinigingseremonies in verband bring nie.

Dit kan toegeskryf word aan die invloed van die groter bekendheid met natuurwetenskaplike oorsake vir sekere gebeure. In die opsig speel die skool 'n belangrike rol in die voorhou van wetenskaplike verklarings vir dit wat voorheen aan bonatuurlike oorsake toegeskryf is. Daar=enteen is dit opvallend dat die rol van magie opmerklik ingeskakel word by 'n Westers-georiënteerde aspek soos die deelname aan skooleksamens. Leerlinge sal aandring op 'n besoek aan die magiër kort voor die aanvang van 'n belangrike eksamen ten einde versterkende medisyne te ontvang.

- Dit wil voorkom of die Westers opgeleide mediese dokter nie heeltemal daarin geslaag het om die magiër as 'genees=heer' te vervang nie:

TABEL 4.42

Die waarde wat aan die funksionele aspek van die magiër se medisyne in die genesing van siektes geheg word.

| | |
|---|---|
| Die medisyne van 'n magiër kan siektes genees | 50% |

Dit is dikwels die geval dat 'n magiër besoek word as die medisyne van die mediese dokter nie suksesvol blyk nie. Dit is gedeeltelik deur respondente toegeskryf aan die kennis wat 'n magiër het van die genesende kwali=teite van sekere plante en kruie. Dit is ook alreeds op die stadium opmerklik dat daar moeilik afstand gedoen sal word van die gedagte dat die magiër oor kennis be=skik wat die kultuurdraers van die aanrakende kultuur moeilik sal begryp.

- Die gedurige negatiewe afwysing van magie deur die sendingkerke is met die meeste sukses bekroon in die verskraling van ŉ geloof in negatiewe magie (<u>boloi</u>):

TABEL 4.43

Die gesindheid van respondente teenoor negatiewe magie.

| | |
|---|---|
| As daar besondere teëspoed in u daaglikse lewe is, sal u die moontlikheid van kwaadwillige towery (<u>boloi</u>) wat teen u gemik is, oorweeg | 15% |

Dié reaksie van respondente is, in die lig van uitsprake in onderhoude, eerder toe te skryf aan ŉ onderdrukking en ook verswyging van ŉ diepgewortelde geloof in kwaad=willige towery. Dit is duidelik af te lei uit uitsprake oor die moontlike 'kwaad' wat deur andere gedoen kan word as die nodige voorkomende praktyke nie nagekom word nie.

Die rol van magie en die magiër in die godsdiensuiting van die studiegroep is duidelik waarneembaar. Dat die geloof hierin in die volgende dekades sal verdwyn is in die lig van waarneming in die studiegebied onwaarskynlik.

3.6 Godsdienstige seremonies

Seremonies wat tot die tradisionele godsdiensvorme behoort, is nie iets van die verlede nie. Alhoewel daar aanpassing en veranderinge ingetree het, is die tradisionele elemente nog merkbaar.

Respondente sowel as ander inwoners van die studiegebied kan seremonies beskryf wat die volgende insluit:

- Die slag van diere om simboliese kontak met die wêreld van die voorvadergeeste te maak.

- Die begrawing van medisyne in die woning, kraal en landerye kan deur ondervraagdes in detail beskryf word.*

- Die aanroep van die voorvadergeeste om reën te stuur in tye van droogte.**

In die reël is religieuse seremonies en praktyke iets waaraan die mees senior lede aktief deelneem.*** Respondente mag betrokke wees, maar word uit hoofde van hul ouderdom nie toegelaat om voor te gaan nie. Dit skep in ŉ mate die indruk by respondente dat hulle uitgesluit word by aktiewe deelname, alhoewel hulle deel in die resultate. Selfs waar jongelinge ŉ gewigtige saak op die hart het, moet hulle eers hul senior verwante (ouers) nader om sodoende deur die regte kanale te werk. Daarteenoor maak sendelinge spesiaal voorsiening vir jeugbewegings en jeugbidure.

* Daar is beskryf hoe ŉ vinknes met beesmis gemeng word en in die middel van die land begrawe word om voëls in die vroeë oggend van die gesaaides weg te hou. So ook word medisyne wat uit ŉ mengsel bestaan wat in ŉ uitgeholde beeshoring geplaas word in die beeskraal begrawe. ŉ Sekere bees in die trop word beskou as ŉ 'magiër'. Sou die bees aan ŉ luislang lek, sal dit beteken dat die res van die trop vinnig aanteel. ŉ Stukkie luislangvel kan ook by ŉ magiër verkry word en aan ŉ paal in die beeskraal vasgeheg word. Sou die <u>ngaka</u>-bees dan die luislangvel lek, sal dit die gewenste uitwerking hê.

** Afgesien van die rol van magiërs wat bekend is vir hul vaardigheid in die voorbereiding van reënmaakmedisynes.

*** Gewone stamlede is goed onderlê in dit wat nodig is vir ŉ basiese magiese ritueel. Dié kennis is volgens respondente nie vergelykbaar met dié van vorige generasies nie.

- Afleiding

Die sukses van die sendingaksie is eerder te meet aan die mate waarin die Westerse kultuur oorgedra is as wat die tradisionele religie vervang is met die Christelike leer= stelling. Die faktore wat vir genoemde resultaat verant= woordelik is, is sekerlik meer uitgebreid as wat in die betrokke studie blootgelê kan word. Dit kan egter aan die hand gedoen word dat een van die faktore die sendelinge se onderskatting van die lewens- en wêreldbeskouing wat die tradisionele godsdiensvorm ten grondslag lê, is. Teens= woordig kan die tradisionele kultuur moeilik in die daag= likse uitdrukking daarvan aangedui word en waar dit wel voorkom, is dit so geïntegreer met Bybelse begrippe dat dit nie skeibaar is nie. Dit wil eerder voorkom of die erkenning van bonatuurlike magte wat 'n animistiese aard vertoon, soos 'n sigbare draad deur die religieuse uitdruk= king van selfs die gekerstende Tswana loop.

Die jeug is bereid om die tradisionele godsdiens binne se= kere perke te kritiseer en selfs te verwerp. Tog word die indruk verkry dat daar telkens voor die gedagte van moont= like wraak deur 'n bonatuurlike mag gestuit word. Twee as= pekte van die tradisionele godsdiens wat in duidelik waar= neembare mate deur respondente ondersteun word, naamlik voorouerverering en magie, onderskryf hierdie indruk. Vir 'n begrip van die onderliggende filosofiese basis van die tradisionele godsdiens is 'n deurtastende kennis van die taal nodig, asook langdurige kontak. Dit kon wel met gemak afgelei word dat die inhoud van sekere morele en lewens= beskoulike begrippe deur die eie taal ten beste omskryf word.

4. Ekonomiese geborgenheid

In die veranderde ekonomiese milieu word die jeug voor 'n aantal norme, kriteria en keuses geplaas wat die kultuur in wese raak. Deelname aan die moderne ekonomiese bedry=wighede wat in essensie daarop toegespits is om aan die mens beloning te bied in direkte verhouding met sy produk=sievermoë, bring mee dat die verwantskapsgroep versaak moet word. Dié stelling kan verduidelik word aan die hand van die volgende uiteensetting:

In tradisionele tye is groot klem geplaas op die sosiale eenheid wat deur verwantskapsberekening ontstaan het. Die ekonomiese bedrywighede was ook ter ondersteuning van die groep waarop die jeug vir sosiale sowel as ekonomiese gebor=genheid staatgemaak het. Die veranderde bestaansmoontlik=hede bied aan die jeug die geleentheid om op grond van eie bekwaamheid die veranderde behoeftepatroon te bevredig wat ontstaan het as gevolg van die oorname van 'n wye verskeiden=heid materiële kultuurvoorwerpe. Onderwerping aan 'n groep se belange waarvoor niks in ruil ontvang word nie, blyk dus eerder 'n remskoen te wees in die soeke na sekuriteite en die uitlewing van 'n selfgeldingsdrang.

Dit sou 'n eenvoudige keuse vir die mens en in die besondere geval die Tswana gewees het om die groep te versaak as die mens slegs 'n ekonomiese wese was. Die mens is egter ook nie net dit wat hy is uit homself nie maar word ook deur sy medemens bepaal en gevorm.

In aansluiting hierby reflekteer die mens waardes en norme wat deur die groep waartoe hy behoort, onderhou word. Anders gestel, is die kultuur van die individu 'n refleksie van die kultuur van die etniese groep waaraan hy behoort. Die stel=ling is ook toepasbaar op die jeug wat die wêreld van die

volwassene moet betree. Alhoewel dit moontlik is om 'n loopbaan te volg waarin die eie groep geen aandeel het nie, sal versaking van dié groep beteken dat die eie mens= wees ook versaak word.

Dit skyn onmoontlik te wees om die jeug in 'n posisie te plaas waar die beloning van 'n Westers-georiënteerde loop= baan en die gepaardgaande individuele vryheid opgeweeg moet word teen die verloëning van die eie menswees. Dit is deurgaans opmerklik dat die jeug nie onversoenbare in= vloede ondervind vir die versaking van die gesin, familie= groep of selfs die stam nie.

## 4.1 Die bedryfslewe

Die oorname van materiële kultuurvoorwerpe wat in 'n Westers-georiënteerde ekonomiese stelsel vervaardig en verhandel word, het aanleiding gegee tot direkte deelname aan die ge= noemde stelsel. Onttrekking van arbeid uit die tradisio= nele bedryfslewe het bygedra tot 'n neiging om die veeteelt en landbou nie as lewensvatbare bedrywe te evalueer nie. Diegene wat nog vir 'n bestaan daarop staatgemaak het, het tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie 'n surplus sal oplewer om te verhandel ten einde dit aan te koop wat in die Westerse handel beskikbaar is nie. Waar 'n tipies tra= disionele bedryfslewe nog nagevolg word, is dit in same= hang met 'n groepspoging, waarvan sekere lede deeltyds be= trek is by die ekonomiese bedrywighede van die Blanke.

- Veeteelt

  Nieteenstaande die klemverskuiwing na ander bestaans= bronne, is daar in die studiegebied alle vorme van vee aangetref wat tradisioneel deel uitgemaak het van die Tswana se veestapel. Dit is waarneembaar dat daar nie

op dieselfde uitgebreide wyse as op Blanke plase met dié vee geboer word nie. Vee word meestal vir eie ge=bruik aangehou en die handel daarmee is beperk. Res=pondente is dit eens dat dit voordelig is om 'n paar stuks kleinvee en pluimvee vir huishoudelike gebruik aan te hou.

Dit is opmerklik dat die waarde wat aan beeste geheg word nie heeltemal afgeneem het nie:

TABEL 4.44

Die waarde wat respondente aan die besit van beeste heg.

Sal verkies om:-

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Baie beeste te besit | 40 |
| ≠ 2. | Baie geld te besit | 56 |
| | Geen reaksie | 4 |

Beeste figureer nog in seremonies wat om die huwelik, begrafnis en rituele van 'n magiese aard sentreer. Dit is nie te vergelyk met tradisionele tye nie, weens die hoë kontantwaarde van beeste. Dié waarde het 'n groter klem op beeste as ekonomiese bate geplaas ten koste van die sosiale en religieus-simboliese waarde. Bogadi en boetes word eerder in kontant betaal, want dit is minder lomp en dus makliker berekenbaar. Dit is daarteenoor opmerklik dat baie van die jongmans die waarde van beeste in terme van bogadi beoordeel.

TABEL 4.45

Die funksionele waarde wat aan beeste toegeken word.

Indien beeste wel ŉ besitting is, sal dit aangehou word vir:-

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Vleisproduksie | 14 |
| ≠ 2. | Melkproduksie | 20 |
| ≠ 3. | Die statuswaarde daarvan | 9 |
| ≠ 4. | Die aanwending as <u>bogadi</u> | 57 |

Beeste word meestal bekom deur transaksies waarby geld betrokke is. Dit is nie onmoontlik om dié beeste dan saam met dié van familielede te laat wei nie, terwyl daar dan voltyds ŉ Westerse tipe loopbaan in ŉ ander lokaliteit gevolg kan word. Skoolgaande seuns versorg dié beeste en ander vee sodra die dag se skoolverpligtinge afgehandel is. Skoolvakke maak ook voorsiening vir onderrig in die verbetering en versorging van veekuddes.

Alhoewel beeste aan manspersone behoort, is die arbeidsverdeling ten opsigte van beeste nie meer so waarneembaar nie. Vrouens kan met die beeste werk as ŉ manspersoon nie aanwesig is nie.

TABEL 4.46

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele arbeidsverdeling in veeteelt.

| | |
|---|---|
| Vroue mag met beeste werk | 31% |

Die gesindheid van die jeug teenoor veeteelt toon beklemtonings wat nie noodwendig teenoorstaande pole verteenwoordig nie. Die skoolloopbaan word as belang=rik beskou, omdat dit die deure sal open na ŉ loopbaan wat ekonomiese onafhanklikheid veronderstel. Die ver=sorging van beeste moet verkieslik nie met die skool=verpligtinge inmeng nie, tog skyn dit nie tans ŉ pro=bleem te wees nie.

- Jag

Sou die teenswoordige Tswana jag as ŉ voedselbron oor=weeg, is daar ŉ wye aantal struikelblokke wat uiteraard ŉ beperking plaas op so ŉ oorweging:

TABEL 4.47

Die waarde wat aan jag geheg word en die moontlikheid om daaraan deel te neem.

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Sal daarvan hou om te jag | 28 |
| ≠ 2. | Dit is nie moontlik om te jag nie | 31 |

In die studiegebied word teenswoordig nog wild aangetref. Die grootte daarvan wissel. Dit kan so groot soos rooi=bokke wees, en in uitsonderlike gevalle selfs ŉ koedoe. Die getalle is uitgedun deur onoordeelkundige jag en kommersialisering van natuurlike habitat. Die volgende besware word dus deur respondente geopper:

- Tradisionele jagwapens is onaanvaarbaar vir die moderne Tswana omdat dit in dié veranderde omstandig=hede nie sinvolle resultate kan lewer nie.

- Die Tswana-jagter se vaardigheid met tradisionele wapens het aanvanklik afgeneem, dus moet hy teens= woordig ꞌn moderne vuurwapen oorweeg.

- Die aankoopprys van so ꞌn wapen kan nie regverdig word nie, omdat ꞌn geweldige hoeveelheid voedsel in ꞌn winkel vir dieselfde hoeveelheid geld aangekoop kan word. Ook is wapenlisensies moeilik bekombaar.

- Wildbewaringsmaatreëls en ꞌn magdom regulasies is ꞌn verdere struikelblok.*

Jag as noemenswaardige wyse van aanvulling tot die daag= likse voedselvoorraad is dus nie ꞌn lewensvatbare oorwe= ging nie:

TABEL 4.47.1

Die volgende geld as ontmoediging vir jag:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Die skaarsheid van wild | 11 |
| ≠ | 2. | Die streng wildbewaringsregulasies | 43 |
| ≠ | 3. | Die gebrek aan ꞌn vuurwapen | 2 |
| ≠ | 4. | Die gebrek aan ꞌn geskikte jagveld | 11 |
| | | Geen reaksie | 33 |

Dit het uit navrae geblyk dat wild as natuurlike hulpbron nie heeltemal onontgin gelaat geword in moderne tye nie. Jong manne,** wat die ouderdoms= groep van die respondente insluit, stel gereeld

* Vir die 1981-jagseisoen is enige jag in die Republiek van Bophuthatswana drasties deur dié staat se sentrale owerheid ingeperk.

** Dit het uit kontrolering van die korrelasie in die vraelys tussen vroulike respondente en die aanduiding van belangstel= ling in jag, geblyk dat broers en susters mekaar dikwels help in die stel van strikke.

strikke vir hase, tarentale en selfs wildsbokke. Dit word nie op enige georganiseerde skaal gedoen nie en geskied bloot as 'n bykomende aktiwiteit waar= aan geen noemenswaardige bestaansmoontlikheidswaarde geheg word nie. Daar is 'n verdeling van die gebied wat bekend is as die habitat van genoemde diere waar= volgens elke persoon 'n gegewe gebied kry waarin hy sy strikke stel. So 'n verdeling geskied nie op stam= vlak of op enige amptelike wyse nie, dit skyn bloot 'n onderlinge reëling te wees tussen diegene wat wel tyd het om aan dié aktiwiteit deel te neem.

- Landbou

Die rol van landbou in die huidige ekonomiese bede= ling is vergelykbaar met dié van veeteelt. Daar is diegene wat dit verander het van 'n bestaansrol na 'n kommersiële rol. Lande word in so 'n geval met 'n trekker omgeploeg en die bedrywighede is van 'n veel meer uitgebreide aard as in tradisionele tye. In samehang hiermee is daar 'n groot aantal stamlede wat hul grond tot die beskikking van 'n persoon wat imple= mente besit, in ruil vir 'n deel van die oes gestel het. Laasgenoemde stamlede is gewoonlik afwesig van die stamlokaliteit omdat hulle 'n bestaan in die ny= werheidsgebiede gaan soek het. Daar is ook diegene wat op tradisionele wyse 'n stukkie grond bewerk. Dit is gewoonlik die vrouens wat as arbeidsters op= tree, terwyl die man 'n bykomende inkomste in die nywerheidsentra verdien.

Die tradisionele seremonies rakende die landbousiklus het merendeels verskraal. Reënmaakseremonies is nie heeltemal iets van die verlede nie. Dit is egter bidure in kerke wat tot groot mate die funksionele

rol daarvan oorgeneem het. Medisyne word ook nog by geleentheid in landerye begrawe om as versterking te dien teen plantsiektes, luise, voëls en hael:

TABEL 4.48

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele rol van magie in die landbou.

As probleme ondervind word met gesaaides wat nie wil groei nie, sal:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Bemesting uit 'n beeskraal gebruik word | 13 |
| ≠ | 2. | Die advies van 'n landbouvoorligter ingewin word | 55 |
| ≠ | 3. | Die hulp van 'n magiër ingeroep word | 30 |
| | | Geen reaksie | 2 |

Die gesindheid van die jeug teenoor tradisionele land=bou kan soos volg saamgevat word:

- Landbou is slegs 'n lewensvatbare bedryf as dit op gekommersialiseerde basis aangepak kan word. Seuns toon geen groot geesdrif vir landbou nie, terwyl dogters van mening is dat hulle 'n beroep gaan volg waarin die landbougereedskap wat tradisioneel aan die vrou gekoppel is, iets van die verlede is. Dit is egter waarneembaar dat die vrou aan landbouarbeid gekoppel word, afgesien van eie beroepskeuse:

TABEL 4.49

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele arbeids=verdeling ten opsigte van landbou.

Vroue moet:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Al die werk op die landerye verrig | 6 |
| ≠ | 2. | Al die werk op die landerye verrig behalwe baie moeilike fisiese arbeid | 79 |
| ≠ | 3. | Geen werk op die landerye verrig nie | 13 |
| | | Geen reaksie | 2 |

- Die landbouvoorligting wat in skole en op volwasse vlak aangebied word, het meegehelp om die tradisionele rol van die stamhoof in die regulering van die landbousiklus grootliks uit te skakel:

TABEL 4.50

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele rol van die stamhoof in die regulering van die landbousiklus.

Voordat die aanplantingseisoen ŉ aanvang neem, sal:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Gewag word totdat die stamhoof die seisoen seremonieel inwy | 27 |
| ≠ | 2. | Gewag word vir die regte klimaatsfaktore ongeag enige seremonies | 70 |
| | | Geen reaksie | 3 |

Respondente dui die regte klimatologiese faktore aan as ŉ aanduiding vir saaityd en oestyd. In samehang daarmee word klem geplaas op moderne boerderymetodes wat kunsmis en bespuiting insluit ter vervanging van voorkomende medisynes wat in die landerye geplaas word.

- Geharde gewasse soos mielies word verkies bo gewasse wat as tradisioneel beskryf kan word:

TABEL 4.51

Keuse ten opsigte van die aanplant van gewasse.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Sal sorghum vulgare plant | 8 |
| ≠ | 2. | Enige ander tipe gewas | 15 |
| ≠ | 3. | Moet advies inwin omtrent die mees geskikte gewas vir die gegewe grondtipe | 75 |
| | | Geen reaksie | 2 |

Gewasse word beoordeel aan die gehardheid, hoeveel keer per jaar geoes kan word en die winsgewendheid van die oes. Daarenteen word geregte wat van tradisionele gewasse berei word as ŉ lekkerny beskou en die min insette wat op landbougebied gemaak word, dra hiertoe by. Geregte wat wel van eie gesaaides berei word, word tot ŉ groot mate aangevul met voedsel wat in winkels aangekoop word:

TABEL 4.52

Keuse ten opsigte van geregte.

Verkies:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Sorghum vulgare (mabele) in die vorm van pap | 93 |
| ≠ | 2. | Die voedsel wat in winkels te koop aangebied word teenoor dit wat self geproduseer kan word | 75 |

- Versameling

Teenswoordig het versameling dieselfde funksionele rol in die ekonomie as jag. Persone sal nog uitgaan in die veld om heuning en veldvrugte te bekom, maar dit is bloot ŉ ongeorganiseerde aktiwiteit wat dikwels saamval met ŉ ontspanningsuitstappie. Respondente sien dit nie as ŉ ernstige vorm van voedselverkryging nie, tyd wat aan dié tipe bedryf bestee word, kan volgens hulle sinvoller aan die skoolaktiwiteite bestee word.

## 4.2 Verdeling van grond

Die verdeling van stamgebied volgens die tradisionele senioriteitsberekening, wat beteken dat ŉ man altyd grondgebied van sy direkte hoof ontvang, is nog steeds van krag in die studiegebied. Daar is dus ŉ stelsel van kommunale

besit teenoor nie-kommunale gebruik. Dit is waarneembaar dat respondente bewus is van die Westerse gedagte van privaatbesit:

TABEL 4.53

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele verdeling van grond.

Sal verkies dat die grond wat bewoon/bewerk/benut word:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Aan die stamhoof van die eie stam behoort | 4 |
| ≠ | 2. | Aan die hoof van die eie kgoro behoort | 9 |
| ≠ | 3. | Privaat besit word, sonder inmenging van 'n tradisionele hoof, president of regering | 22 |
| ≠ | 4. | Aan die regering van die Republiek van Bophuthatswana behoort | 38 |

Andersins is daar 'n beduidende aantal wat die sentrale regering van die Republiek van Bophuthatswana aandui as die aangewese beheerliggaam oor grondverdeling.

Oor die algemeen verkies respondente om op die platteland te woon:

TABEL 4.54

Die gesindheid van respondente teenoor verblyf in plattelandse of stedelike gebied.

Waar sou u graag wou woon:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Op die platteland? | 63 |
| ≠ | 2. | In die stad? | 37 |

Alhoewel ᵑ beduidende aantal ook in onderhoude die wens uitgespreek het om na skoolverlating die 'opwinding' van die stedelike gebiede op te soek, is die neiging om die huidige verblyfplek aan te dui as die mees verkieslike:

TABEL 4.55

Die gesindheid van respondente teenoor verblyf binne grondgebied wat deur die eie etniese groep beheer word.

| | |
|---|---|
| Sal verkies om grond binne die grense van Bophuthatswana te bewoon | 69% |

4.3 Woningbou en gebruiksvoorwerpe

Die materiële kultuur in die algemeen het veranderinge ondergaan wat seker van die mees ingrypende is van alle kultuuraspekte.

- Hutbou

Gedurende besoeke aan die nedersettings (statte) in die studiegebied, is nie een woning opgemerk wat voldoen aan die vereistes vir ᵑ tradisionele hut nie. ᵑ Gevestigde inwoner het wel die versekering gegee dat hy bewus is van drie sulke hutte in ᵑ spesifieke stamhoofstat. Dit is genoem dat sodanige hutte nie noodwendig vir woondoeleindes gebruik word nie, maar eerder die plek ingeneem het van die tradisionele klein hutjie, wat as graanskuur en bêreplek vir gereedskap gedien het.

TABEL 4.56

Die gesindheid van respondente teenoor die tradisionele Tswana-hut.

Mense wat in ᵑ tradisionele Tswana-hut woon is:-

| | % |
|---|---|
| ≠ 1. Outyds (<u>old-fashioned</u>) | 11 |
| ≠ 2. Arm (<u>poor</u>) | 6 |
| ≠ 3. Mense wat trots is om Tswanas te wees | 83 |

Wat wel opmerklik is, is dat menige woning een of ander kenmerk van die tradisionele hut in die materiaal of konstruksie het. Alhoewel die wonings deurgaans vier=kantig is, is daar menige wat in pleistering of dak=dekking ŉ verband met die tradisionele toon. Konstruk=sies wat herkenbaar is as lapas is ŉ kenmerk van meeste wonings. Selfs wonings wat as moderne Westerse wonings geklassifiseer kan word, toon sodanige konstruksies wat nie as die Westerse tipe omheining of stoep beskryf kan word nie.

Die beskouing van respondente van die tradisionele hut, skyn verband te hou met beskouinge oor tradisionele materiële kultuur in die algemeen. Respondente is dit eens dat die Westerse tipe woning meer gerieflik is en beter beskerming teen die elemente bied, maar as ŉ per=soon in ŉ Tswana-hut woon, is dit nie noodwendig ŉ teken van agterlikheid of armoede nie. Daar is groot belangstelling by respondente vir die moontlikheid dat so ŉ hut bykomend by ŉ moderne woning gebou moet word. Volgens hulle kan die inwoner van die moderne woning daardeur wys dat hy trots is om ŉ Tswana te wees. Daar is dus sprake van ŉ afname in die funksionele waarde wat aan die hut as woning geheg word, terwyl die inten=sionele waarde wat daaraan geheg word, die kultuurdraers noop om na ŉ ander funksie daarvoor te soek.

- Gebruiksvoorwerpe

Artikels wat as tradisioneel beskryf kan word, is nie heel=temal vervang met artikels wat in die winkels te koop is en as van Westers-kulturele oorsprong beskryf kan word nie. Daar is diegene wat tradisionele artikels vervaardig wat verband hou met tradisionele bedrywighede asook minder gespe=sialiseerde voorwerpe. Die neiging is waargeneem dat arti=kels wat as tipies Tswana beskryf kan word, ŉ ereplek by persone in die studiegebied inneem:

TABEL 4.57

Persentasie respondente wat in kontak verkeer met persone wat tradisionele verbruiksgoedere vervaardig.

Lede van die eie familie vervaardig:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Rietmandjies (<u>diroto tsa letlhaka</u>) | 17 |
| ≠ | 2. | Biersiwwe (<u>metlhotlho ya bojalwa</u>) | 24 |
| ≠ | 3. | Kleipotte (<u>dinkgo tsa letsopa</u>) | 22 |
| ≠ | 4. | Houtelse vir die dek van dakke | 13 |
| ≠ | 5. | Koringsiwwe | 31 |
| ≠ | 6. | Nie een van bogenoemde artikels nie, maar wel n artikel wat as van tradisionele Tswana-aard geklassifiseer kan word | 24 |

Dit wil voorkom of die relatief groot aanvraag vir die arti= kels gefundeer is in n behoefte wat nie noodwendig verband hou met die aanwending van die artikels in die daaglikse lewe nie, en dat dit eerder om die sentimentele waarde daar= van gaan:

TABEL 4.58

Aanvraag van tradisionele gebruiksartikels.

Koop (of ruil) u familie:-

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Al die artikels wat hulle benodig in winkels | 33 |
| ≠ | 2. | Artikels wat as tradisioneel geklassifiseer kan word van medestamlede wat dit vervaardig | 32 |
| ≠ | 3. | Eiers, melk en ander produkte wat tuis gepro= duseer word vir tradisionele artikels wat deur medestamlede vervaardig word | 7 |
| | | Geen reaksie | 28 |

Dit word opgemerk dat respondente nie heeltemal vreemd is met die vervaardigingstegnieke rakende tradisionele gebruiks=artikels nie. Dit is ook vir respondente 'n belangrike uit=drukking van die eie etniese identiteit:

TABEL 4.59

Die eie deelname aan die vervaardiging van tradisionele gebruiks=artikels en die waarde wat aan tradisionele gebruiksartikels geheg word.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Het al 'n artikel vervaardig wat as 'n tradi=sionele artikel geklassifiseer kan word | 46 |
| ≠ | 2. | Het dit onder toesig van 'n volwassene vervaardig wat dit op sy of haar beurt van 'n ouer Tswana geleer het | 36 |
| ≠ | 3. | Ervaar 'n gevoel van trots wanneer 'n artikel wat as 'tradisioneel Tswana', geklassifiseer kan word, teëgekom word | 92 |

- Konstruksies en artikels rakende veeboerdery

  - Beeskrale

    As 'n reël word beeskrale nie meer in die nabyheid van die woningaanleg gebou nie. Die redes wat in tradisionele tye aanleiding gegee het tot die bou van 'n beeskraal binne die huttekompleks het meestal verdwyn. Alhoewel veedief=stal in 'n meer 'moderne' vorm toegeneem het, is die moont=like roof van vee deur ander stamme uitgesluit. Respon=dente is van mening dat beeskrale ook vir higiëniese doeleindes buite die woningaanleg gebou moet word.* Die algemene mening is dat mans die bouwerk moet doen.

* Teenswoordig word beeskrale in die weikampe gebou. Sodanige weikampe is in oorleg met adviesliggame aangelê en 'n tipe veepos met suiping word in so 'n weikamp aangetref.

- Diverse

Tradisionele gebruiksgoedere soos die houtemmer en die velmelksak is teenswoordig vervang met artikels wat as die gewone Westerse massaproduksieartikel beskryf kan word. ŉ Jong onderwyser het opgemerk dat hy nog in be= sit is van ŉ houtmelkemmer, maar al gebruik hy dit nie vir melkdoeleindes nie, hy dit vir niks ter wêreld sal verruil nie.

- Landbougereedskap en verwante artikels

Die menings van respondente oor tradisionele landbougereed= skap is in ŉ groot mate beïnvloed deur aanraking met ŉ Westerse landboutegniek wat in die natuurwetenskappe gefun= deer is en wat handearbeid as gevolg van meganisasie uitska= kel. As gevolg van die aanbieding van landbouvakke en natuurwetenskaplike vakke in die skole, asook die aanwesig= heid van landbouvoorligters, is respondente geneig om krities te staan teenoor tradisionele landboumetodes.

Daar is dus vir hulle weinig funksionele waarde in tradisio= nele landbougereedskap. Dit is in ooreenstemming met die algemene gesindheid nie ŉ intensionele verwerping op grond van ŉ oorweging soos negatiwiteit teenoor die eie groep nie.

- Wapens

Vir sover tradisionele wapens in die studiegebied aangetref word, is dit meestal ter versiering in die huis of ŉ erfstuk waaraan sentimentele waarde geheg word.

- Eetgerei en huishoudelike artikels

Teenswoordig is die eetgerei en huishoudelike artikels in ooreenstemming met tradisionele tye die eiendom van die vrou.

Die meerderheid van respondente is dit eens dat die eetgerei en huishoudelike artikels wat teenswoordig aangetref word, dieselfde is as dié wat in die Westerse kultuur gebruik word. Dit is in hierdie geval genoem dat die tradisionele artikel wel waarde het as ornamente of herinnering aan die verlede, maar dat die Westerse tipe meer funksioneel is. Verskeie gesinne besit kalbasse waarin verversings aan besoekers voorgesit word. Op 'n vraag in die verband is genoem dat dit vir spesiale gaste gehou word. Die besoeker wat van die stad afkomstig is, sal gewoonlik een van hierdie kalbasse as aandenking ontvang.

- Kleredrag en versiering

Sommige van die respondente se reaksie op vrae oor tradisionele kleredrag kan oppervlakkig as baie krities gereken word. By verdere kontrolering is daar gevind dat dit nie 'n totale afwysing is nie:

TABEL 4.60

Gesindheid van respondente teenoor tradisionele kleredrag.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Het al 'n lid van die eie stam gesien wat geklee is in die tipe drag wat as tradisioneel beskryf kan word | 47 |
| Het gedink:- | | | |
| ≠ | 1.1* | Dit is oulik (m.a.w. u het daarvan gehou) | 38 |
| ≠ | 1.2 | Dit is outyds en hoort tot die verlede | 18 |
| ≠ | 1.3 | Dat Tswanas dit weer moet dra om die res van die wêreld te wys dat hulle trots is op hul herkoms | 18 |
| ≠ | 1.4 | Dat dit net op geleenthede gedra moet word wat as van tradisionele Tswana-aard beskryf kan word | 26 |

* Van ≠ 1.1 tot ≠ 1.4 word die persentasie aangegee van die aantal respondente wat ten opsigte van ≠ 1. gereageer het.

| | | |
|---|---|---|
| | 2. Het al die tipe drag self gedra:- | % |
| ≠ | 2.1 Ten volle | 7 |
| ≠ | 2.2 Gedeeltelik | 7 |
| ≠ | 2.3 Nog nooit | 86 |

Respondente sal geen beswaar daarteen hê as deelnemers aan 'n geleentheid wat net vir Tswanas gereserveer word,* met sodanige kleredrag opdaag nie. Daar is wel beswaar teen die dra van tradisionele klere in 'n milieu waar lede van ander etnieë teenwoordig is.

Respondente is bedag om daarop te wys dat Westerse kleredrag meer funksioneel is ten opsigte van bewerkbaarheid en beskik=baarheid as gevolg van massaproduksie.

Oor die algemeen dra respondente nie 'n goeie kennis van al die vorme van tradisionele kleredrag nie. Daar is diegene wat verklaar dat hulle die thari goed ken, dit wil sê die tradisionele tipe wat nog van vel gemaak is.

* 'n Tswana-'aand' is by 'n skool gehou en elkeen van die deel=nemers was vry om 'n item te lewer wat 'n aspek van die tra=disionele kultuur uitbeeld. By sodanige geleentheid is die dra van tradisionele kledingstukke volgens respondente heel=temal in orde. By geleentheid het twee Zoeloe-meisies (wat ook ingeskrewe leerlinge van 'n betrokke skool is) opgedaag in tradisionele Zoeloe-kleredrag. Respondente het dit belag=lik gevind. By kontrolering het dit geblyk dat dit hier gegaan het om die etniese faktor. Sou dit Tswanas gewees het, sou hul maats dit nog snaaks gevind het, omdat Westerse kleredrag die aanvaarde norm is by 'n skool. Dit is volgens respondente onwaarskynlik dat dit gebruik sou word as ver=skoning om die draers van die kleredrag as belaglik voor te stel.

## 4.4 Die gebruik van alkoholiese drank

Alvorens 'n gesindheidsverandering teenoor die tradisio= nele bier oorweeg word, moet in gedagte gehou word dat sorghumbier in tradisionele tye met 'n spesifieke drink= patroon geassosieer is. Sorghumbier (<u>bojalwa</u>) is tydens seremonies wat 'n wye spektrum dek, gedrink. Dit is ook as 'n verversing gebruik om gaste te onthaal. Die drink= patroon is nie daarop ingestel om 'n toestand van dronken= skap te bewerkstellig nie. Daar is wel heuningbier (<u>khadi</u>) gebrou om as 'n alkoholiese genotmiddel te dien en meer in verband met gesellige verkeer gestaan het as sorghumbier.

Verskeie persone het kommer uitgespreek oor die verander= ende drinkpatroon, wat merendeels drank as middel tot dronkenskap veronderstel. Die toenemende gebruik van Wes= terse drankvorme word deur respondente heirmee in verband gebring. Sorghumbier word daarenteen geassosieer met die tradisionele drinkpatroon.

Dit blyk dat 'n redelike aantal respondente tradisionele bier ken, omdat dit nog deur familielede gebrou word en hulle dit (en selfs ander dranksoorte) al self gedrink het, alhoewel alkoholiese drank verkieslik nie tot hul be= skikking gestel mag word nie:

TABEL 4.61

Die gebruik van alkoholiese dranke deur familielede.

| | | | % |
|---|---|---|---|
| ≠ | 1. | Lede van die familie brou hul eie bier | 32 |
| ≠ | 2. | Koop tradisionele bier van drankwinkels en depots | 13 |
| ≠ | 3. | Verkies Westerse tipe dranke soos brande= wyn en wyn | 11 |

TABEL 4.61 vervolg.....

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 4. | Is geheelonthouers | 31 |
| ≠ 5. | Besoek die plaaslike biersaal en u weet nie wat hulle drink nie | 6 |
| ≠ 6. | Besoek die plaaslike biersaal en bepaal hulself by die tradisionele bier wat in houers bemark word | 4 |
| | Geen reaksie | 3 |

Dit (sorghumbier) is sonder twyfel 'n vorm van drank wat aan die meer tradisionele seremonies gekoppel word:

TABEL 4.62

Die mening van respondente oor die gebruik van tradisionele bier.

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1. | Het al tradisionele bier gedrink | 43 |
| Nadere besonderhede: | | |
| ≠ 1.1* | Dit was sorghum vulgare-bier (bojalwa) | 92 |
| ≠ 1.2 | Dit was slegs heuningbier (khadi) | 0 |
| ≠ 1.3 | Dit was sorghumbier en by 'n ander geleentheid heuningbier | 8 |
| ≠ 1.4 | Sal tradisionele bier bo enige ander vorm van drank verkies | 29 |
| ≠ 1.5 | Was al ooit by 'n seremonie soos 'n huwelik of eerste-vrugtefees waar net tradisionele bier gedrink is | 32 |
| ≠ 1.6** | Dit het sodanige deel van die seremonie gevorm dat die gebruik van Westerse dranksoorte afbreuk daaraan sou doen | 60 |

* Van ≠ 1.1 tot ≠ 1.3 word die persentasie van die aantal respondente gegee wat ten opsigte van ≠ 1 gereageer het.

** By ≠ 1.6 word die persentasie gegee van die aantal respondente wat ten opsigte van ≠ 1.5 gereageer het.

Daar is diegene wat eerder Westerse drankvorme verkies, omdat dit volgens hulle 'n beter smaak het. 'n Neiging om die indruk van 'n moderne kosmopolitaanse mens te skep, is ook hier waarneembaar. Heuningbier is nie so algemeen bekend onder respondente nie.

TABEL 4.63

Die gewildheid van heuningbier as tradisionele alkoholiese genotmiddel.

Indien tradisionele bier gebrou word, is die hoofbestanddeel:-

| | | % |
|---|---|---|
| ≠ 1.* | Sorghum vulgare (<u>mabèlè</u>) | 85 |
| ≠ 2. | Heuning | 1 |
| ≠ 3. | Partykeer sorghum vulgare en partykeer heuning | 4 |

Dit is nie te koppel aan die seremoniële nie, dus is dit makliker om te vervang omdat daar nie soveel intensionele waarde aan geheg word nie.

Dit blyk dat die misbruik van drank in sekere opsigte 'n bedreiging vorm vir die sosiale geïntegreerdheid soos dit nog bestaan. Daar is gewys op drankprobleme wat deur se=kere gesagsfigure in die stamowerheid ondervind word en dus aanleiding gee tot wanbestuur en 'n gebrek aan vertroue in die bekwaamheid van stamhoofde deur stamlede. Jong mense vind dit moeilik om vir ouers respek te hê wat hulle=self oor naweke aan drank vergryp. Die antwoord is telke=male op vrae in die verband gegee dat dit Westerse drank is wat gedrink word om dronkenskap in die hand te werk. Dit is deur respondente genoem dat die hoër eise wat deur die sosio-ekonomiese milieu aan die individu gestel word, 'n oorsaak van die veranderde drinkpatroon kan wees.

* Van ≠ 1 tot ≠ 3 in tabel 4.63 word die persentasie van die aantal respondente gegee wat ten opsigte van ≠ 1 in Tabel 4.61 gereageer het.

4.5 Algemene opmerkings

Uit die aard van die saak is welvaart 'n relatiewe begrip en moet gevolglik gesien word as die mate van selfver= sorging of finansiële krag wat 'n persoon of instansie bereik het, in verhouding met ander lede van die gemeen= skap. Tog is die persone in die studiegebied geneig om hul lewenstandaard te meet aan dié van die Blankes in om= liggende streke.

Gevolglik word minder waarde aan 'n tradisionele bestaans= bedryf en die gepaardgaande gebruiksartikels geheg. Dit is veelal opgemeerk dat daar gepoog word om die lewenstyl van die Blanke na te volg. Dit raak aspekte soos beroepe, wonings, vervoermiddels en gebruiksartikels in die algemeen. Die verhouding tussen die aantal motors en die bevolking vergelyk met die van industrieel ontwikkelde lande.

- Afleiding

In samehang met die inleidende gedagtes rakende die bespre= king van die ekonomiese geborgenheid, kan die volgende af= leidings gemaak word:

- Die Tswana is in beduidende getalle nie bereid om homself heeltemal van die tradisionele bestaansbedryf te onttrek nie, al word 'n Westers-georiënteerde betrekking of beroep gevolg. Vir deelname word daar juis op die sosiale ver= wantskapgroepe tuis staatgemaak. Indien dit nie moontlik is nie, word die grond wat elke stamlid toekom, aan andere beskikbaar gestel vir 'n deel van die opbrengs uit die vee= teelt en landbou. Die jeug is ook nie bereid om die rug heeltemal op die tradisioneel-georiënteerde bestaansbedrywe in die stamgebied te keer nie. Tog word daar klem gelê op kommersiële boerderymetodes wat groter meganisasie im= pliseer. Die gedagte aan private grondbesit is waarneem= baar as 'n Westerse gedagte van vrye onderneming. Tensy

die respondente spekulasie in gedagte het, kan daar net so lewensvatbaar op die bestaande stelsel 'n bestaan gevoer word. 'n Ondernemende boer is in elk geval geregtig op soveel grond as wat hy kan behartig in sy stamgebied.

- Die materiële kultuurvoorwerpe wat in tradisionele tye gebruik is, het 'n funksieverandering ondergaan. Teenswoordig word dit gebruik as ornamente of 'n kosbare besitting wat met groot versigtigheid bewaar word. Dit geld nie onvoorwaardelik vir alle tradisionele kultuurvoorwerpe en alle Tswanas nie, maar dit is wel 'n waarneembare neiging.

  Die jong Tswana versaak dus selde sy lidmaatskap van 'n verwantskapsgroep onvoorwaardelik.

5. Waarnemings in die algemeen

Daar is getrag om tydens kontak met respondente en persone in die studiegebied ook te let op algemene gedrag en dit wat waargeneem kan word.

Daar is nêrens 'n traagheid aangetref om aan die ondersoek deel te neem nie. Verskeie het die opmerking gemaak dat hulle die tradisionele kultuur as onderwerp interessant vind. Daar was diegene wat hulle spyt uitgespreek het omdat hulle nie betrek kon word nie. Alhoewel enkelinge opgemerk het dat hulle sommige aspekte van die tradisionele kultuur amusant vind, is dit deur ouer garde toegeskryf aan 'n poging om die indruk voor klasmaats te skep dat hulle die standpunte van sekere 'verstedeliktes' onderskryf.

Dit is veral onder skoolhoofde en onderwysers aangetref dat 'n geesdriftige belangstelling in die betrokke studie ontwikkel. So het verskeie skoolhoofde hulle spyt uitgespreek oor die verskraling van die tradisionele kultuur en daar is aangedring op verdere onderhoude.

6. Samevattende afleiding aan die hand van enkele raakpunte uit die Opvoedkunde as wetenskap (Vergelyk Van Vuuren, 1976, pp.123 - 127)

Elke etniese groep huldig 'n besondere rangorde van waarde= voorkeure. As die jeug as lede van so 'n etniese groep aan= vaar wil word, sal hulle voortdurend in die volwasse wêreld ten gunste van die gegewe etniese groep se waardevoorkeure moet besluit. Die jeug, en in die besonder die matrikulant, is nog op dié stadium van die lewe dat hy 'n vraer is. Daar word dus vrae gestel ten opsigte van die geldigheid van die waardesisteem van die eie etniese groep. Binnekort sal die volwasse wêreld binnegetree word en dan is dieselfde per= sone die bevraagdes. Dit beteken nie dat die jeug onvoor= waardelik opsies kan uitvoer as die volwassenes se beant= woording of reaksie op hul vrae (kritiek) nie na wense is nie. Die jongeling is immers deur sy afkoms verbonde aan die lede van sy etniese groep wat die kind met omsigtigheid na volwassenheid gelei het.

Die jeug is onderhewig aan sekere verpligtinge teenoor die etniese groep wat tot dusver die nodige sosiale geborgen= heid, en in samehang daarmee 'n ekonomiese geborgenheid, verskaf het. In aansluiting hierby word die jongeling en in hierdie besondere geval die Tswana-matrikulant vanuit verskeie oorde aangespreek en daar word van hom verwag om standpunt in te neem. Daar moet in gedagte gehou word dat die huidige Tswana-jeug nie die eerste geslag is wat in 'n akkulturatiewe proses met 'n Westerse kultuur verkeer nie. Eerstens word die jeug dus aangespreek deur die volwassenes van die eie groep wat alreeds die eie kultuur nie in suiwer tradisionele vorm uitleef nie. Tweedens word die jeug aan= gespreek vanuit die aanrakende kultuur, om meer van dié kultuur oor te neem ten einde aanvaarbaar te wees in ekono= miese bedrywighede.

ŉ Spanningsituasie tussen drie pole word sodoende bewerkstellig wat die jeug, die volwassenes in die eie etniese groep en die draers van die aanrakende kultuur veronderstel. Dit veronderstel nie dat dié pole in hul kultuur, ŉ afgebakendheid vertoon nie. Die volwassenes in die eie kultuur toon alreeds dat hulle produkte is van die akkulturatiewe situasie. Hulle het dus alreeds getoon dat hulle die spanningsituasie wat daar tussen hulle en die aanrakende kultuurdraers bestaan, in ŉ mate ontlaai het deur dié kultuurkomponente wat oorgeneem is. Dié uiteensetting toon dus dat die jeug ŉ spanningsituasie moet ontlaai deur waardevoorkeure, wat beteken dat:

- ŉ Vereenselwiging met die eie etniese groep kan volg.
- ŉ Vereenselwiging met die etniese groep van die aanrakende kultuur kan volg, wat onmoontlik is omdat dié betrokke etniese groep dit nie aanvaar nie. Dié betrokke etniese groep besef dat die identiteit van die groep op die spel is, as die beperkte ope kenmerk (wat eie is aan alle etniese groepe), tersyde gestel word vir toelating van etniese groepe wat so talryk in lede is, dat dit die etniese groep sal assimileer.
- ŉ Opstandige selfgeldingsdrang kan nagevolg word.

Die uiteindelike keuse is ten gunste van vereenselwiging met die eie etniese groep, omdat die jongeling besef dat hy of sy gebonde is aan die waardesisteem van die etniese groep waarin opgegroei is. Die volwassenes in die eie groep is besorgd oor die merkbare fase waarin die jeug skyn opstandig te wees en nie rustigheid openbaar nie, omdat daar nog nie ŉ keuse gemaak is ten opsigte van die eie waardesisteem nie. Dit word gewoonlik deur die volwassene toegeskryf aan die gebrek aan kennis van die tradisionele kultuur by die jeug.

Dit kan met ŉ redelike mate van sekerheid gestel word dat daar in die studiegebied ŉ ooreenkoms bemerk is tussen ŉ aanvaarding en samesynsgevoel met die eie kultuur (en by implikasie die eie etniese groep) en ŉ opgroeiing in ŉ milieu waar die volwassenes hulself kan verantwoord ten opsigte van ŉ opvoedingsdoel. Dit is veral in situasies waar die beginsels van ŉ opvoedingsklimaat bestaan waar die jong Tswana duidelik rigting kan gee aan sy voorkeure en waarde-toekenning van kultuurkomponente. Dit kan opge=som word as:

- ŉ Ongeslotenheid (die kind en volwassene staan in ŉ onge=slote ruimte teenoor mekaar). Dit beteken dat daar nie voorspel kan word wat die uitslag van die verhouding tus=sen kind en volwassene sal wees nie. Dit beklemtoon die rol van die volwassene as bevraagde en sy verantwoordelik=heid as rigtinggewer of opvoeder. Die volwassene wat dus die jongeling beskuldig van ŉ gebrek aan kennis van die waardes en norme van daardie groep, het nie sy of haar eie verantwoordelikheid in gedagte nie.

- Geborgenheid (Die kind kom in die wêreld as hulpbehoewende). ŉ Sekere mate van onveiligheid vorm deel van sy bestaan. Die onveiligheid word die hoof gebied deurdat die volwas=sene ŉ kultuur beoefen wat geborgenheid aan die bestaan van die kind verleen. Dié geborgenheid kan uiteenval in ŉ sosiale of ekonomiese geborgenheid. Die geborgenheid wat deur die volwassene verskaf word, is nooit volkome nie, want die mens is nie ŉ volmaakte wese nie. Daar word dus gedurig getrag om die geborgenheid te verbeter. Dit impliseer ook oorname uit die kulture van ander kultuur=draers. Sonder om weer op die rol van ŉ waardesisteem in te gaan, kan gemeld word dat die volwassene wat daarin slaag om sy verlening van geborgenheid in ŉ waardesisteem

te vergestalt, die element van veiligheid in die bestaan van die kind verhoog, indien die volwassene sy kultuur=uitdrukking sinvol verantwoord.

Daar is in die studiegebied 'n verband aangetref tussen 'n rustige ontlaaiing van die spanningselement tussen jongeling en volwassenes en 'n situasie waarin die volwas=senes 'n verantwoordelikheid openbaar in hul verhouding met verwantskapsgroepe en 'n doelgerigtheid aan die dag lê in die navolging van 'n ekonomiese bestaan.

- Ontmoeting (Die kind se nood laat hom uitgryp na 'n mede=mens wat 'n veilige ruimte aan hom kan waarborg). Weer eens sal die jongeling uitgryp na diegene wat wel trag om die volwasse lewe sinvol te beleef. Dit is juis die=gene wat nie kan staatmaak op behoorlike sosiale en ekono=miese geborgenheid in die eie etniese groep nie, wat uit=gryp na die wêreld van die aanrakende kulture, omdat daar vir die kind die indruk bestaan dat hy daarin die nodige kan vind om individueel selfversorgend te wees.

- Verwagting en toekomsgerigtheid (Vir die kind bestaan daar 'n toekoms wat hy met verwagting tegemoetgaan). Die stel van 'n toekoms aan die kind wat geen moontlikhede inhou nie, veroorsaak frustrasie, verveeldheid en 'n onwil=ligheid om die wêreld van die volwassene te aanvaar. Daarenteen is dit ook van geen waarde om by die kind die indruk te skep dat hy 'n onbegrensde toekoms binnegaan met 'n oneindige hoeveelheid moontlikhede nie. Weer eens veroorsaak dit spanning omdat die kind by bereiking van volwassenheid 'n aandrang op die besluitneming aanvoel, waarvoor daar nie tot dusver 'n waardesisteem aan hom of haar oorgedra is nie.

Dit is opvallend dat die jeug in die studiegebied in sommige gevalle hierdie probleem ondervind. Enersyds is ŉ streng tradisionele toekomsverwagting waarin die jongeling min moontlikhede eien. Daarenteen word ŉ toe=koms voorgehou waarin die moontlikhede onbeperk is en iets van ŉ 'ruimte-eeuse' wanvoorstelling is. Dit is egter slegs uiterstes en die meeste word opgevoed in ŉ milieu waar ŉ toekoms met ŉ wye verskeidenheid moont=likhede voorgehou word, binne die perke van die etniese groep en die eie waardesisteem.

- Vryheid en gesag

Die uitoefening van opsies rakende die toekoms veronder=stel nie absolute vryheid nie. Die kind word binne ŉ bepaalde kulturele milieu gebore en moet ŉ keuse uitoefen binne die grense van ŉ situasie wat deur sy etniese groep as ŉ verantwoordelike keuse aanvaar word.

Die verantwoordelikheid wat die jongeling aan die dag lê in die uitoefening van ŉ keuse, word verwerf deur die gesagsbegeleiding van ŉ volwassene. As die jongeling nie self in staat is tot verantwoordelikheid by bereiking van volwassenheid nie, het die gesagsdraer in sy begeleiding na selfstandigwording nie geslaag nie. Die gesagsdraer is deel van die geborgenheid wat aan die kind verskaf word in die sosiale en ekonomiese dimensie. Die gesagsdraer is beskermer in die opsig dat hy die kind aanspreek en selfs mag 'hard' aanspreek, indien die kind homself skade kan berokken.

Die gesagsdraer in die verskillende sosiale groepe van die Tswana is gewoonlik die man. Tog moet in gedagte gehou word dat enige groep gesag verleen aan ŉ persoon, omdat daardie persoon in sy daaglikse optrede aantoon dat hyself tot verantwoording geroep kan word binne die waardesisteem van die groep. Die gesagsdraer teenoor die jongeling is die vader. Die jongeling kontroleer nie in sy vroeë lewensjare die verantwoordelikheid van die vader nie, maar die vader word wel gekontroleer deur die gesagsdraers in groepe soos die familiegroep en uiteindelik die stam. Dit is onmoontlik vir dié gesagsdraers om die optrede van die vader binne die waardesisteem van die eie kultuur te kontroleer, as hul optrede deur kultuurdraers van ŉ ander kultuur gekontroleer word. Tog het die toestand nie sodanig versleg in die geval van die Tswanas nie en is daar in werklikheid ŉ vermindering van die kontrolering van tradisionele gesagsdraers deur die draers van die aanrakende kultuur.

In gevalle waar die vader as verantwoordelike gesagsdraer teenoor die jongeling binne eie kultuurverband optree, is daar ŉ waarneembare neiging by die jeug om ook ŉ eie verantwoordelikheid teenoor die eie kultuurdraers in die uitoefening van keuses te openbaar. Dit is veral opgemerk in die studiegebied dat dié matrikulant wat die gesag van die vader aanvoel en nie kan bevraagteken nie, ŉ positiewe gesindheid jeens die eie kultuur openbaar.

Dit kan samevattend gestel word dat die gesindheid van die jeug rakende die eie kultuur grootliks bepaal word deur die gesindheid van die volwassenes teenoor die eie kultuur en hul vermoë om sinvol die kultuurverandering te vergestalt, sonder prysgawe van eie identiteit. Die

kentering rakende behouding van eie identiteit is nodig vanaf die hoogste gesagsliggame en 'n daadwerklike wil om die jeug te lei. Dus is 'n stelling wat daarop neer=kom dat die jeug geen waardering vir die tradisionele kultuur het nie, grootlike 'n afbeelding van die volwas=senes se eie ingesteldheid en is besinning nodig.

HOOFSTUK 5

# GEVOLGTREKKING EN WAARDERING VAN ONDERSOEK

In die voorafgaande hoofstukke is die verbandhoudende data kom= partementeel vertolk. Dié vertolkings moet in perspektief ge= plaas word met die wesensaard van die riglyne wat as doelstel= lings geld. Dié riglyne raak in wese die gesindheidsbepaling teenoor die tradisionele kultuur om die effek van die neiging van kultuurverandering op volkswording of -vernietiging aan te dui. Dié aanduiding kan vanuit drie benaderings, wat deur die voorafgaande hoofstukke verteenwoordig word, getipeer word:

1. Toepassing van die terminologiese toerusting op die bepaalde studiegroep in die breëre onderafdelings van interne en eks= terne beïnvloeding.

2. Gevolgtrekking ten opsigte van die invloed van die aanra= kende kultuur op die studiegroep. Die invloed word verdeel soos dit verteenwoordig word deur die vier aspekte in Hoof= stuk 3.

3. Samevattende hooftrekke oor die gesindheid van die studie= groep teenoor die tradisionele kultuur.

Dié verdeling word gebruik ten einde die genoemde verteenwoor= diging van die voorafgaande hoofstukke sinvol te betrek.

## 1. Toepassing van die terminologiese toerusting

- Kultuur

  Die mens as kultuurskepper is in dié geval die Tswana-matriekleerling. Die wyse waarop dié kultuur geskep, bewaar en aangepas word, toon dat die studiegroep in

wisselwerking met hul omgewing (nie beperk tot die geo=grafiese konnotasie van die woord nie) streef na opti=male geborgenheid. Die aanpassing in die kultuur wat waargeneem word in die studiegebied raak juis die funk=sionele en intensionele waarde wat aan 'n eie etniese groep geheg word. Die aard wat die kultuur vertoon, dien as uitdrukking van 'n unieke etniese groep. As die aanpassing van die kultuurdraers vereis dat die funksio=nele waarde van 'n eie etniese groep verskraal, is daar die intensionele waarde wat veroorsaak dat die identifi=sering met sodanige etniese groep nie summier versaak word nie. Uit die ondersoek blyk dit dat die funksio=nele waarde van 'n verwysing na die eie etniese groep wat sekere sekuriteit bied, in der waarheid 'n herwaardering geniet na vergestalting van 'n gesagstruktuur (ontvoog=ding van oorheersing) van dié etniese groep. Dit is ook waarneembaar dat 'n voortsetting van 'n eiesoortige etniese groep veel gesteun het op die intensionele waarde wat geheg is aan 'n eie identiteit gedurende 'n afsienbare tyd in die verloop van oorheersing.

Nieteenstaande die oorname en aanpassing van kultuur=komponente uit die Westerse aanrakende kulture, vertoon die kultuur van die studiegroep 'n eiesoortige aard, wat dui op 'n waardebepaling van identifisering met 'n eiesoor=tige etniese groep. Daar kan sonder twyfel diegene in die studiegroep uitgesonder word wat nie 'n groot funksio=nele en intensionele waarde aan 'n eie kultuuridentiteit heg nie. Dit is soos gemeld uitsonderings en die meer=derheid wil eerder die oorgenome Westerse kultuurkompo=nente integreer met die eiesoortige waardesisteem.

- Kultuurverandering

Die kultuur wat deur die studiegroep uitgeleef word, verskil sonder twyfel van die tradisionele kultuur. Dié verandering kan nie waargeneem word as 'n blote ver= vanging van die tradisionele kultuurkomponente met to= taal verskillende komponente wat as eie vindingrykheid of oorname uit aanrakende kulture herken kan word nie. As die huidige kultuuruitdrukking met die tradisionele kultuur vergelyk word, is aanpassing by 'n veranderde omgewing (waarvan die aanrakende kultuurdraers ook 'n deel vorm) duidelik.

Dié verandering van die kultuur in die studiegebied kan in hooftrekke toegeskryf word aan interne en eksterne faktore. Dié faktore het 'n gesindheidsbepaling meege= bring om die kultuur in 'n bepaalde rigting van verande= ring te stuur. In wese kan die invloed van interne en eksterne faktore soos volg weergegee word:

Interne faktore:

Dit is afleibaar dat faktore soos 'n verandering in be= staanswyse, kulturele agterstand en onafhanklike uit= vinding, in sekere mate bygedra het om aan die huidige kultuur 'n eie aard te verleen. Die bepaling van die rol van dié faktore sal 'n afsonderlike studie vereis ten einde die presiese invloed daarvan te bepaal. Dit kan egter sonder twyfel gestel word dat dié faktore moeilik skeibaar van die invloed van die aanrakende Westerse kulture is.

Die gesindheid van die studiegroep teenoor die tradisio= nele kultuur word in 'n groot mate beïnvloed deur die ouer generasie, wat as die oorsprong gesien moet word van

die studiegroep se kennis van die tradisionele kultuur. Die jeug leer nie die tradisionele kultuur deur middel van 'n kursus wat as deel van 'n skolastiese leerplan aangebied word nie. Dit word ook nie van die aanrakende kultuurdraers oorgeneem nie. Dit is dus nodig om die ouer generasie in berekening te bring as kultuurdraers van 'n gegewe kultuur, wat 'n sekere gesindheidsbepaling by die jeug veroorsaak deur die oordrag van die eie kul=tuur. Dié beïnvloeding van die gesindheid rakende 'n eiesoortige kultuur, sal in 'n groot mate die waardebe=paling wat op die eiesoortige kultuur geplaas word, raak. As interne faktor (waarby eksterne beïnvloeding waar=neembaar is) moet dié ouer generasie in perspektief ge=plaas word:

- Die ouer generasie vertoon in kultuuruitdrukking 'n kultuur wat alreeds nie meer ooreenkom met die tradi=sionele kultuur nie. Al sou dié generasie nie onder=worpe gewees het aan kultuurbeïnvloeding vanuit 'n aanrakende kultuur nie, is hulle genoodsaak om die kultuur wat deur vorige generasies oorgedra is, te verander ten einde by 'n veranderde milieu aan te pas.

- Die ouer generasie kom uit hoofde van hul betrokken=heid by 'n meer Westerse bestaansbedryfslewe in noue kontak met die draers van die Westerse kulture.

- Die ouer generasie het deel van die tyd wat aan kultuuroordrag bestee kan word, aan die Westersgefun=deerde onderwysstelsel afgestaan. Dié onderwysstel=sel word deur die ouer generasie gesanksioneer, omdat hulle daaraan funksionele waarde heg vir die beter toerusting van die jeug in die soeke na 'n veranderde bestaansgeborgenheid. Dié onderwysstelsel moet nie gesien word as uitsluitlik 'n medium waardeur Westerse kultuur oorgedra word nie. (Vergelyk Afdeling 2.4 van hierdie hoofstuk).

- Die ouer generasie kan teenswoordig 'n beroep doen op 'n eie gesags- en regstruktuur ter ondersteuning van die uitleef van 'n eie kultuur. Dit sou moeilik gewees het om die funksionele waarde van die uitle= wing van 'n eiesoortige kultuur aan die jeug oor te dra, as daar ten opsigte van hoër gesagsliggame as die familiegroep geen ondersteuning bestaan het vir die afdwingbaarheid van die eie kulturele gebruike op diegene waaraan dit oorgedra word nie. Dit ver= onderstel nie dat 'n familiegroephoof teenswoordig 'n persoon byvoorbeeld kan dwing om 'n sekere tipe huwe= lik aan te gaan nie. Dit kan wel veronderstel word dat die dissiplinering van 'n jongeling volgens eie kultuurgebruike meer ondersteuning van 'n stamhoof sal geniet as van 'n Blanke amptenaar in 'n voogbestuur= stelsel.

Uit voorgaande is dit merkbaar dat die ouer generasie as draers van 'n kultuur beskou kan word wat onderhewig is aan beïnvloeding, wat sekere aanpassings verg. In= dien die ouer generasie in gebreke bly om sekere aan= passings te maak, sou dit deur die jeug aangevoel word as 'n stagnasie in die veranderende aard van die eie kul= tuur. Die gevolglike gesindheid teenoor oorname van enige kultuurkomponente, wat deur die ouer generasie beoefen word in hul kultuuruiting, sou nie alleen kri= ties gewees het nie, maar dit sou meebring dat kultuur= komponente intensioneel afgewys word. Anders gestel kan gesê word dat die gesindheid teenoor enige tradi= sionele komponent negatief sal wees as die kultuuruiting van die ouer generasie (wat as oordraers van die tradi= sionele kultuur in aangepaste vorm optree) min aanpas= sing toon in verhouding met 'n veranderde milieu.

Die gesindheid van die studiegroep teenoor tradisionele komponente wat in aangepaste vorm aan die huidige kul=. tuuruitdrukking ꞌn eiesoortige aard verleen, kan nie as negatief getipeer word nie. Dit is dus afleibaar dat die ouer generasie in hul kultuuraanpassing sodanige beeld vorm, dat die jeug nie in ꞌn situasie geplaas word waarin dit vir hulle voorkom dat vervanging, sonder voor= behoud van die eie kultuurkomponente met vreemde kultuur= komponente, die aangewese oplossing is nie. Dit beteken dat die Tswanas in die studiegebied in die veranderende aard van hul kultuur ꞌn element van 'sinchronisasie' ver= toon, vir sover dit die verskil in kultuuruitdrukking tussen die ouer en jonger generasie aanbetref. Dit kan dus gestel word dat ꞌn akute generasiegaping nie aange= dui kan word nie, wat ook beteken dat die gesindheid van die jeug teenoor die kultuur van die ouer geslag nie sonder voorbehoud negatief is nie.

- Eksterne faktore

  Die oorsig oor die historiese agtergrond van die studiegebied dui op gebeure, wat kontak tussen die Tswanas as tradisionele kultuurdraers en die Blankes as Westerse kultuurdraers, ꞌn onvermybare werklikheid gemaak het. Die aanvanklike kontak tussen die ge= noemde kultuurdraers is voorafgegaan deur die kontak met die Matebeles van Mzilikaze.

  Dié aanraking met die Matebeles het ꞌn ernstige bedrei= ging vir die Tswanas ingehou. Soos in ander verband gemeld, het dié bedreiging die voortsetting van Tswana-kultuur in wese geraak. Die feit dat kultuur= draers van die Tswana-kultuur bereid was om hul le= wens te waag ten einde Mzilikaze se 'program' van

kulturele en etniese assimilasie te ontduik, dui op die intensionele waarde wat aan die eie kultuur ge= heg is. Die verdrywing van Mzilikaze deur die Blankes het juis weer geleenthede geskep vir die uitlewing van die eie Tswana-kultuur. Daarteenoor het kontak met die Blankes tot en met die huidige tydvak lang= durige kontak meegebring. Dié kontak het ŉ invloed gehad op die gesindheid waarmee die eie kultuur geëva= lueer word. Wat terminologie betref kan die volgende dus onderskei word:

- Akkulturasie

  Die teenwoordigheid van Westerse kultuurdraers en dit wat deur die kultuurskepping van dié kultuur= draers tot stand gebring is, vorm deel van ŉ omge= wing waarby die lede van die studiegroep hul moet aanpas. Die aanwesigheid van die kultuurdraers het vir die Tswanas ander moontlikhede geskep wat betref die bestaansgeborgenheid. Dié deelname aan Westerse bestaansbedrywe het ŉ uitkringende effek op die res van die kultuuruiting gehad.

  Die gesindhede rakende die eie kultuurkomponente is beïnvloed, deurdat dié kultuurkomponente ten opsigte van funksionele waarde met dié van die Westerse aanrakende kultuur vergelyk is. Dit is waarneembaar dat die eie kultuurkomponente nie sonder meer vervang is met dié van die Westerse kultuur nie. Dit is opmerklik onder die lede van die studiegroep dat so ŉ vervanging van die eie kultuurkomponente die geborgenheid wat die eie verwantskapsgroepe bied in gevaar sal stel. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat aanpassing van kultuurkomponente nie slegs dui op ŉ selek= tering uit twee kulture ten einde die optimale

geborgenheid te verkry nie, maar dat dit gaan om kultuurdraers wat 'n aanpassing by 'n eiesoortige milieu moet maak.

- Kontak

Die gesindhede van die kultuurdraers teenoor kul= tuurkomponente en die draers daarvan word bepaal deur die aard van kontak. Hier is sprake van 'n langdurige tipe kontak. Dit vertoon 'n historiese verloop wat verantwoordelik was vir die gesind= hede wat onderliggend was aan die eiesoortige ver= loop van die wedersydse kultuurbeïnvloeding. Die aard van die kontak kan slegs afgelei word van die historiese gegewens wat tot die beskikking van die navorser is en kan sekerlik die onderwerp van 'n selfstandige studie vorm. Dit is egter voldoende om aan te stip dat die aard van die kontak (vir soverre dit die studiegebied aanbetref) sódanige gesindhede bewerkstellig het, dat die kultuurdraers van die Tswana-kultuur steeds funksionele en inten= sionele waarde aan die eie etniese groep heg.

Die gesindheid van die studiegroep teenoor die eie kultuur word teenswoordig deur 'n eiesoortige kontak met die Westerse kultuurdraers bepaal:

- Gesindheid

  Die gesindheid van die studiegroep teenoor die tradisionele kultuur toon 'n verband met hulle gesindheid teenoor die Westerse kultuurdraers en hulle kultuur. 'n Positiewe gesindheid jeens die tradisionele kultuur beteken nie noodwendig 'n negatiewe gesindheid teenoor die Westerse kultuurdraer en sy kultuur nie. Die volgende onderskeidings kan ter illustrasie genoem word:

- Daar moet onderskei word tussen 'n bepaalde gesindheid jeens die etniese groep, waarvan 'n gegewe kultuur 'n uitdrukking van die eie identiteit is, en 'n gesindheid teenoor dié kultuur. Dit kan in die verband weer beklem=toon word dat 'n negatiewe gesindheid teenoor assosiasie (en assimilasie) met 'n gegewe etniese groep kan bestaan, terwyl 'n kompo=nent van dié kultuur oorgeneem word op grond van die funksionele waarde daarvan.

- Die verdeling van gesindheid in twee teenoor=staande pole soos negatief en positief, is misleidend. Dit blyk eerder uit die betrokke ondersoek dat gesindheid bepaal word deur die betrokke faktore wat vir die studiegroep 'n invloed het op hul sosiale en ekonomiese ge=borgenheid.

Om dus sonder enige kwalifisering te dui op 'n 'negatiewe' gesindheid teenoor die kultuurdraers van die Westerse kultuur, sou foutief wees. Die aard van die kontak tussen die kultuurdraers van die twee kulture word veral bepaal deur die we=dersydse afhanklikheid wat op ekonomiese terrein ontstaan het. Dié kontak is teenswoordig inge=stem om goeie verhoudinge te bewerkstellig. Respondente kom binne dié konteks in kontak met die draers van die Westerse kultuur, omdat die meerderheid gedurende skoolvakansies as tydelike arbeiders by die nabygeleë fabrieke en plase werk. Min aanduidings van 'n negatiewe gesindheid teenoor die draers van die Westerse kultuur kon tydens die ondersoek opgemerk word.

Wat wel aangedui kan word, is 'n afwysing van assimilasie met 'n etniese groep wat as draers van 'n aanrakende Westerse kultuur beskryf kan word. Teenoor die funksionele waarde van Westerse kultuurkomponente kan ook geen afwysing aangedui word nie. Afgesien van enkeles in die studiegroep wat hulself graag as modern en verwesters wil voordoen, is die gesindheid jeens die Westerse kultuurkomponente tipeerbaar as krities-evaluerend.

Uit hoofde van voorgenoemde kan die invloed van die gesindheid teenoor Westerse kultuurdraers in hul etniese groepsverband en hul kultuur op die gesindheid teenoor die tradisionele kultuur soos volg getipeer word:

- Die seleksie ten opsigte van kultuurkomponente sentreer nie net bloot om nuttigheidsoorwegings nie. Die studiegroep maak dus nie bloot 'n seleksie uit 'n waardesisteem waarin die tradisionele komponent opgeweeg word teen die Westerse kultuurkomponent nie. Die seleksie geskied eerder uit 'n waardesisteem wat deel vorm van die eie kultuur soos dit alreeds aangepas is.

- Die behoud van identiteit as 'n unieke etniese groep speel 'n rol in die seleksie van 'n eie kulturele toerusting. Die eie kultuur kan dus nie summier vervang word met 'n Westerse kultuur in totaliteit nie. Dit is eerder 'n geval van Westerse kultuurkomponente wat aangepas word by die tradisionele komponente. Die kultuur kan verwesters, maar dan moet dit herkenbaar wees as die Westerse kultuuruitdrukking van 'n Tswana etniese groep.

- Die keuse ten opsigte van Westerse kultuur=komponente word in sekere opsigte bevoordeel deur die bestaansgeborgenheid wat daarmee binne die Westerse bestaansbedrywe verhoog kan word. Geborgenheid is egter nie alleen vir die studiegroep in Westerse bestaans=bedrywe geleë nie, maar die eiesoortige Tswana sosiale organisasie bied óók geborgen=heid. Die studiegroep kies dus nie sonder voorbehoud vir die moderne wêreld nie. Dit is eerder 'n geval van 'n keuse wat gemaak word vanuit en op die basis van die eie kul=tuur.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat gesindheid teenoor die Westerse aanrakende kultuur en kultuurdraers nie die gesind=heid teenoor die tradisionele kultuur só beïnvloed dat negati=witeit of positiwiteit teenoor eersgenoemde noodwendig 'n propor=sionele effek op laasgenoemde het nie.

- Assimilasie

  - Kulturele assimilasie

    Indien die kultuur van die huidige Tswana etniese groep so geassimileer word deur 'n Westerse aanrakende kultuur dat daar geen onderskeid tussen byvoorbeeld die kultuur van die Blanke Afrikaners en die Tswanas se kultuur be=merk kan word nie, dan ontstaan die vraag of daar enig=sins sprake sal wees van twee onderskeibare etniese groepe. Of die kultuur van die Tswanas wel geassimileer sal word, hang dus af van die gesindheid wat by die kultuurdraers heers teenoor prysgawe van die eie etniese identiteit.

- Etniese assimilasie

  Daar is verskeie redes waarom die Blanke etniese groepe afwysend staan teenoor etniese assimilasie met veral die bevolking wat inheems in Afrika aangetref is. Dié redes is nie in hierdie studie ter sprake nie. Dit kan slegs in dié verband toegeskryf word aan die Blanke etniese groepe (uit hoofde van hulle getalsminderheid) se bewust=heid van prysgawe van etniese identiteit in die geval van assimilasie met die getalsterkere inheemse bevolking. Indien ŉ inheemse etniese groep soos die Tswanas geen funksionele en intensionele waarde aan die eie etnisi=teit sou heg nie, sou ŉ strewe na etniese assimilasie met ŉ ander etniese groep (wat vir hulle ŉ meer funksionele waarde vertoon) merkbaar wees in ŉ neiging tot kulturele assimilasie.

  Só ŉ neiging tot kulturele assimilasie is nie waarneem=baar onder die lede van die studiegroep nie. Die kultuur=oorname uit die aanrakende Westerse kulture toon eerder ŉ neiging wat daarop ingestel is om dié kultuurkomponente aan te pas by die eie tradisionele kulturele waardesisteem.

Terugskouing

Die onderskeibare twee invloedsfere wat op die gesindheid teen=oor die tradisionele kultuur ŉ invloed het, bestaan uit kultuur=draers wat twee verskillende kulturele waardesisteme in hul kultuuruitdrukking vertoon. Dié effek kan soos volg saamgevat word:

- Die ouer generasie in die studiegebied verteenwoordig die ouers van die studiegroep en dié verwante en gesagsliggame wat hul ondersteun in hul kultuuroordrag aan die jeug. Dié ouer generasie heg ŉ sekere intensionele waarde aan die eie

kultuur en het in die afgelope paar dekades ook meer funk= sionele waarde in 'n eiesoortige kulturele uitdrukking ver= gestalt. Daar bestaan min aanduidings dat die ouer gene= rasie, op meerderheidsgrondslag, 'n negatiewe gesindheid teenoor die tradisionele kultuur openbaar. Dié ouer gene= rasie het in hul kultuuruitdrukking sekere aanpassings ge= maak ten einde by 'n veranderde (vir hul leeftyd) milieu aan te pas. Die kultuur wat die ouer generasie dus aan die jeug oordra, word wel krities geëvalueer maar nie negatief afgewys nie.

- Die aanrakende kultuurdraers het deur hul teenwoordigheid 'n milieu geskep waarin nuwe moontlikhede bestaan waarvolgens 'n keuse gemaak kan word om die eie geborgenheid te verseker. 'n Sekere gesindheid bestaan ten opsigte van die aanrakende kultuurdraers as etniese groep en die kultuur wat as uit= drukking van die groep dien. Indien die kultuur van die aanrakende etniese groep oorgeneem word, beteken dit ook assosiasie met die etniese groep waartoe die kultuurdraers behoort. Die meerderheid in die studiegroep staan afwysend teenoor sodanige assosiasie. Dus bepaal dié gesindheid dat kultuurkomponente eerder óórgeneem word, wat vir die lede van die studiegroep van funksionele waarde blyk te wees en word dit gevolglik by die eie kulturele waardesisteem aan= gepas.

Vanuit 'n toepassing van die terminologiese toerusting op die huidige bevindinge, blyk die gesindheid van die jeug teenoor die tradisionele kultuur, 'n ondersteuning van 'n akkulturasie= proses te wees, wat sal lei tot groter eendersheid in kul= tuuruitdrukking tussen die aanrakende kulture. Die studie= groep wil egter die eiesoortige aard van die eie kultuur= uitdrukking behou. Die enigste wyse waarop dié eie kultuur

van ander Westerse kulture onderskei kan word, is deur die aanpassing van die Westerse kulture by die eie tradisionele kultuur wat as basis moet dien vir enige verdere kultuur= ontplooiing.

2. Gevolgtrekking ten opsigte van die invloed van die aanra= kende kultuur op die studiegroep

Die gesindheid van die jeug teenoor die tradisionele kul= tuur kan alleen in perspektief geplaas word as die invloed van die aanrakende kultuur getipeer word aan die hand van aspekte soos die volgende:

2.1 Die vestiging van 'n Westerse gesagstruktuur.

2.2 Die doelbewuste oordrag van 'n Westerse godsdiensvorm.

2.3 Die betrekking van die Tswanas by Westerse bestaans= bedrywe.

2.4 Die vestiging van 'n Westerse onderwysstelsel in die gebied.

Kontak vind uit hoofde van genoemde aspekte plaas en die gesindheid wat deur die kontak gevorm word, het 'n effek op die gesindheid teenoor die tradisionele kultuur.

2.1 Die gesagstruktuur

Die stam se gesagstruktuur vorm teenswoordig slegs 'n deel van die gesagstruktuur van die Tswana etniese groep. Dit beteken dat die gesagstruktuur van die teenswoordige stam nie 'n outonome eenheid vorm nie. Gevolglik het die tradi= sionele gesagstruktuur deel van sy funksionele waarde af= gestaan aan die groter eenheid se gesagstruktuur. Die

volgende praktiese voorbeeld van 'n interaksie tussen tra= disionele kultuurdraers en die veranderde gesagstruktuur kan die gesindhede wat onderliggend aan die keuse van moontlikhede is, illustreer:

- 'n Tienderjarige seun kan argumentsonthalwe 'n misdryf pleeg teen 'n lid van 'n ander familiegroep. Sy vader kan poog om die betrokke familiegroep te vergoed en ook probeer om die seun só te straf dat hy hom in die toekoms sal weerhou van sodanige gedrag. Die misdryf kan egter herhaal word, waarna die verontregte familie= groep 'n klag kan lê by die seun se familiegroephoof. Tot op dié stadium word daar dus nog getrag om die seun van sy wedersydse pligte en regte bewus te maak, deur van die tradisionele gesag- en regstruktuur gebruik te maak. Die seun kan egter weier om hom aan die gesag van die familiegroephoof te onderwerp, wat die veront= regte party sal dwing om die saak verder te voer deur 'n klagte by 'n landdros te lê. Dit is duidelik dat daar dan gebruik gemaak word van 'n Westerse instelling. In werklikheid beteken dit dat na die vlak van 'n gesag= struktuur beweeg word, wat die Tswanas as etniese groep dien. Die landdros is in dié opsig 'n uitvoerende amp= tenaar van die sentrale owerheid, wat 'n gesagsdraer is in dié sin wat hy gedelegeerde magte van die sentrale owerheid ontvang het.

Die aanhaal van die voorbeeld is nie ter illustrasie van 'n prosedure wat gereeld in die praktyk gevolg word nie. Tog vereis die voorbeeld verdere kwalifisering:

- Die gesagstruktuur van die Tswana etniese groep is ge= baseer op die tradisionele gesagstruktuur, tog is dit bokant stamvlak op 'n Westers-georiënteerde wyse saam= gestel. In die samestelling kan 'n beginsel bemerk word

wat daarop neerkom dat die tradisionele en Westerse komponente mekaar nie direk opponeer nie maar eerder aanvul. Dié landdros kan ook net slegs optree vanuit die magte wat aan hom toegeken word deur dié gesagstruktuur, wat 'n aanpassing is van die Westerse komponente op die basis van die tradisionele. Dus kan die landdros ook nie gesien word as verteenwoordigend van teenoorstaande uitgangspunte van die tradisionele gesagsdraers nie.

- Die landdros is tans op sekere uitsonderinge na 'n lid van die Tswana etniese groep, en hy is gemagtig om 'n saak volgens tradisionele reg te verhoor.

Die vraag ontstaan dus hoekom die jeug 'n funksionele waarde heg aan die Westers-georiënteerde gesagstruktuur. Daar moet in gedagte gehou word dat vorige geslagte vir verskeie dekades onderworpe was aan voogbestuur. Dit het meegebring dat die eie gesagstruktuur dikwels vir 'n funksionele waardering afhanklik was van die intensionele waarde wat aan die eie kultuur en etniese groep geheg is. Die gesagstruktuur van die Westerse aanrakende kultuur het daarenteen 'n funksionele waardering geniet, op grond van die feit dat die gesagsaspek afdwingbaar was. Die invloed hiervan op die gesindheid van die studiegroep teenoor die tradisionele gesagstruktuur is merkbaar in die volgende uitvloeisels in die praktyk:-

- Meer klem word geplaas op die enkeling se inspraak ten opsigte van die aanstelling van 'n persoon in 'n gesagsrol.

- Meer klem word geplaas op die enkeling se tradisionele reg om 'n gesagsdraer te nader met sake wat volgens die eie mening bespreking verg.

- Die afdwingbaarheid van die gesag van tradisionele gesagsdraers hang vir die studiegroep steeds in merk=bare mate saam met die funksionele en intensionele waarde wat aan die tradisionele kultuur gekoppel word. Indien ŉ persoon sy pligte teenoor ŉ groep, soos die familiegroep, kgoro of stam, versaak, is dit alreeds ŉ teken dat hy nie die kulturele opvatting van die groepe onderskryf nie en sal hy homself dus nie onder=werp aan ŉ verhoor deur die gesagsdraers van een van dié groepe nie.

- Die studiegroep is geneig om die aangepaste gesagstruk=tuur van die Tswanas as etniese groep te verkies bó ŉ 'suiwere' Westerse gesagstruktuur.

Die gevolgtrekking wat blyk uit dié gesindhede wat deur voorgenoemde weerspieël word, kan soos volg saamgevat word:

- Daar is ongetwyfeld ŉ klemverskuiwing na ŉ gesagstruk=tuur wat vir die studiegroep die mees aanvaarbare kom=ponente van die tradisionele (sowel as die Westerse) gesagstruktuur bevat. Die gesindheid teenoor die tra=disionele gesagstruktuur is nie as 'negatief' tipeer=baar nie, omdat daar vir die studiegroep ŉ sekere be=staansgeborgenheid in die verwantskapsgroepe geleë is. In samehang daarmee word daar gestreef na geborgenheid in die meer Westerse tipe bestaansbedrywe, wat meer klem plaas op die vryheid van keuse van die individu. Dit veroorsaak dat daar eerder ŉ neiging bestaan om die gesagstruktuur van die Tswana etniese groep te ver=kies, omdat dit in werklikheid die aanpassing by ver=anderde omstandighede in die res van die kultuur ver=sinnebeeld.

## 2.2 Die invloed van die Westerse godsdiensvorm

Die godsdiensvorm wat in die studiegebied aangetref word, toon verskeie fasette, wat ter illustrasie van die gesindheid van die studiegroep teenoor die tradisionele godsdiensvorm soos volg opgesom kan word:-

- Daar is lede van die studiegroep wat aandui dat hulle godsdienste beoefen wat uitsluitlik tradisioneel van aard is. Die totale aantal respondente wat dié aanduiding maak is in die minderheid.

- Daar is diegene wat aandui dat tradisionele godsdiensvorme in ere gehou word in samehang met belydenis van die Christelike geloof. Die persentasie wat dié aanduiding maak, kan as verteenwoordigend beskryf word. ʼn Deel van diegene wat dié aanduiding maak, behoort aan kerke wat genootskappe verteenwoordig wat die Christelike leerstelling as Westerse godsdiensvorm verkondig, terwyl ʼn deel aan kerke behoort wat 'nativitiese' kerkgenootskappe verteenwoordig. Laasgenoemde kerkgenootskappe versinnebeeld ʼn leerstelling wat berus op ʼn sinkretisme (aanpassing) van die tradisionele godsdiensvorme en die Christelike leerstelling.

- Daar is diegene wat ʼn afwysende gesindheid inneem teenoor die tradisionele godsdiensvorme. Diegene dui aan dat hulle die Christelike leerstelling op ʼn Westerse wyse onderhou. Uit onderhoudvoering het geblyk dat diegene steeds tradisionele opvattings van sekere begrippe soos 'reg' en 'verkeerd' het. (Daar word egter nie hiermee beweer dat geen 'ware bekeerlinge' bestaan nie.)

Die gesindheid teenoor die tradisionele godsdiensvorm moet in samehang gesien word met die gesindheid teenoor die tra= disionele kultuur as geheel. Die tradisionele Tswana het geborgenheid gevind in 'n sosio-ekonomiese werklikheid waar= van die tradisionele godsdiensvorm 'n integrale deel gevorm het. Die huidige studiegroep wil veral die sosiale orga= nisasie as deel van die eie geborgenheid behou. Dit bring mee dat die tradisionele godsdiensvorm nie sonder meer ver= werp kan word nie. In die geval skyn aanpassing ook vir hulle die aangewese oplossing te wees. So is die besondere betekenis wat aan die bonatuurlike geheg word, 'n saambin= dende faktor vir die regulering van die gedrag van groep= lede. Die gesindheid teenoor die tradisionele voorouer= verering en magie toon dus 'n verband met die waarde wat geheg word aan die eie sosiale organisasie. In dié opsig is daar wel 'n kritiese evaluering. Tog is daar min aan= duiding van 'n totale intensionele afwysing.

## 2.3 Die betrekking van die Tswanas by Westerse bestaansbedrywe

Die moontlikhede waarop die studiegroep hul ekonomiese geborgenheid kan verseker, is as gevolg van die aanwesig= heid van Westerse kultuurdraers in die nabyheid op 'n vlak geplaas waar dit as kern dien vir die oorname van vele Westerse kultuurkomponente. Die volgende moontlikhede kan in dié verband aangedui word:

- Daar kan in die stamgebied gewoon word, terwyl daar bedags na 'n nabygeleë industriële sentrum beweeg word om aan Westerse bestaansbedrywe deel te neem.

- Die stamgebied kan verlaat word ten einde aan 'n bestaans= bedryf wat as Westers beskryf kan word deel te neem. In dié opsig het die geleidelike onttrekking van Blankes as

onderwysers, amptenare en predikers uit die teenswoor= dig onafhanklike Republiek van Bophuthatswana werks= geleenthede vir skoolverlaters geskep wat voorheen nie bestaan het nie. Dié poste kan in die eie stamgebied beklee word, maar tog is dit moontlik om sodanige pos te beklee in 'n gebied waar Tswanas woon wat géén ver= band met die skoolverlater se stamlede het nie.

- Daar is geleenthede beskikbaar vir diegene wat belang= stel om die grond wat op tradisionele wyse verdeel word, te bewerk op 'n wyse wat meer met Westerse boer= derymetodes ooreenkom. Dit is ook moontlik om op meer tradisionele wyse 'n klein area te bewerk of 'n beperkte aantal vee aan te hou, terwyl daar terselfdertyd aan 'n Westerse bestaansbedryf deelgeneem word. Laasgenoemde is 'n redelik algemene praktyk wat bykans deur alle stam= lede beoefen word indien diegene in berekening gebring word wat toegekende grond aan voltydse boere beskikbaar stel.

Die effek van voorgenoemde op die gesindheid van die studie= groep teenoor tradisionele bestaansvorme kan soos volg saam= gevat word:

- Bestaansgeborgenheid soos dit verteenwoordig word deur deelname aan Westerse bestaansbedrywe gaan vir die studie= groep om 'n magsinkleding van die enkeling. Uit hoofde hiervan word tradisionele bestaansbedrywe gekoppel aan 'n geborgenheid waar die enkeling nie sy status en mate= riële vermoë op kortermynbasis kan verbeter nie.

- Die deelname van die enkeling aan 'n bestaansbedryf waar 'n moontlike surpluskapitaal* bekom kan word, is dus be= langrik. Dié surpluskapitaal wat sodoende verdien kan

* 'n Verdienste wat meer as die nodige lewensmiddele dek.

word, kry ŉ funksionele waarde wat gefundeer word in die intensionele waarde wat aan die verwantskapsgroepe gekoppel word. Dit kom daarop neer dat die surplus=kapitaal aangewend word tot voordeel van die verwant=skapsgroep. Indien ŉ persoon dus in staat is om die medeverwantskapsgroeplid te help, styg die aansien wat hy in die groep het proporsioneel met sy finsnaiële vermoëns.

- Die aanduiding van ŉ individualiseringsneiging onder die studiegroep in ŉ soeke na bestaansgeborgenheid ver=eis dus kwalifikasie. Dit is uiteraard verkeerd om die term 'individualiseringsneiging' te gebruik. Dit is eerder die geval dat daar buiten die geborgenheid wat in die verwantskapsgroepe gevind word, ook na geborgen=heid gestreef word in ŉ sosiale milieu waarvan die Wes=terse arbeidsgroep ŉ deel vorm. So sal ŉ lid van die studiegroep teenswoordig streef na bereiking van sekere kwalifikasies wat aan hom ŉ sekere posisie binne die groep waarin die daaglikse arbeid verrig word, bied. Vir bestaansgeborgenheid word daar vervolgens nie meer sodanig op ŉ verwantskapsgroep as arbeidsgroep gesteun nie. Dit is dus eerder ŉ geval van ŉ aanpassing wat gemaak moet word by ŉ struktuur buite die verwantskaps=groepe, as wat dit gaan oor ŉ selfgesentreerde onafhank=like bestaan sonder die medemens.

Die jeug se gesindheid teenoor die tradisionele bestaans=bedrywe is negatief in dié sin wat dit die eie materiële vermoë tot ŉ sekere vlak beperk. Die positiewe gesindheid teenoor Westerse bestaansbedrywe beteken nie ŉ ooreenkom=stige afwysing van die tradisionele kultuur of in die be=sonder die verwantskapsgroepe nie. Daar word juis aan die bestaansbedrywe deelgeneem ten einde die medelede van die verwantskapsgroep in gevalle van nood te steun.

2.4 Die vestiging van 'n Westerse onderwysstelsel in die gebied

Die volgende hoofmomente in die huidige onderwysstelsel in die gebied kan ter illustrasie van die invloed op die gesindheid van die studiegroep teenoor die tradisionele kultuur aangestip word:

- Die onderwysstelsel onderneem 'n groot deel van die op=voedingstaak wat tradisioneel by die ouers en verwant=skapsgroepe berus het.

- Die onderwysstelsel is Westers-kultureel van aard, tog neem dit nie in die opvoedingstaak direk stelling in téén die opvoeding van die ouers nie.

- Skole word deur 'n onderwysdepartement wat die kulturele agtergrond van die kind in ag neem beheer. Die skool word ook beheer deur ouerkomitees, wat beteken dat die kultuuruitdrukking van die ouers nie deur die onderwys=personeel geïgnoreer kan word nie. Die onderwyserso=neel bestaan gewoonlik uit lede van die Tswana etniese groep en die gesindheid van onderwysers teenoor die tradisionele kultuur is oor die algemeen nie intensio=neel afwysend nie.

- Die onderwysers behoort egter nie noodwendig aan die stam waaraan die leerlinge behoort nie.

- Daar moet in gedagte gehou word dat die inhoud van leer=planne hoofsaaklik dieselfde leerstof bevat as dié wat in skole vir ander etniese groepe aangebied word. Dit het veral betrekking op die inhoudelike van leerplanne soos wat dit vir eksaminering deur Blanke (en dus Westerse) onderwysowerhede opgestel word. Dit beteken

nie dat daar kritiek uitgespreek word teen die feite= like korrektheid van die inhoud van dié leerplanne nie. Die benadering is dikwels tipies in die kultuur van die opstellers gefundeer, wat meebring dat geen aansluiting gevind word by die Tswana-leerling se eie kultuur nie.

- Die ouer generasie heg heelwat funksionele waarde aan die bywoning van skole, omdat hulle daarin die moont= likheid sien dat die kind toegerus word met dié kennis wat aan hom ŉ bestaansgeborgenheid in ŉ Westerse bedryfs= lewe sal verskaf.

- In aansluiting by voorgaande uiteensetting (2.3) oor die invloed van die betrokkenheid by Westerse bestaans= bedrywe, word daar ŉ teenprestasie verwag van die jonge= ling, wat deur skoolbywoning ŉ addisionele las op sy ouers en ander verwantskapsgroepe geplaas het. Die lede van die studiegroep is in dié opsig bewus van die by= draes van verwante ten einde hulle van die nodige te voorsien om hulle eie vermoëns te verhoog.

Die effek van die onderwysstelsel op die gesindheid teen= oor die tradisionele kultuur:

